



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TREITERING IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE SKOLE  
EN DIE REGS- EN ONDERWYSBESTUURSIMPLIKASIES  
DAARVAN VIR LEERDERVEILIGHEID**

deur

**Jan Andries Wentzel**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in

**BELEIDSTUDIES**

Departement Onderwysbestuur en Beleid

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria  
Suid-Afrika

Promotor: Dr H J Joubert  
Mede-Promotor: Professor W Bray

**Maart 2008**



## VERKLARING

“Ek verklaar dat die proefskrif wat ek indien vir die graad

### PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

### BELEIDSTUDIES

aan die Universiteit van Pretoria, my eie werk is  
en nie voorheen deur my ingedien is,  
vir ‘n graad aan hierdie of enige ander  
tersiêre instansie nie.”

---

**Jan Andries Wentzel**

Geteken op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2008

Pretoria, Suid-Afrika



## REDIGERING

Ek, die ondergetekende, verklaar dat ***Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuursimplikasies daarvan vir leerderveiligheid*** deur my geredigeer is.

---

Me Nicolette L Wentzel  
Vakadviseur: Afrikaans  
Gautengse Onderwysdepartement

29 Februarie 2008



## OPDRA VAN PROEFSKRIF AAN:

- My geliefde vrou, Nicolette, vir haar inspirasie, voortdurende motivering en eindelose geduld en hulpverlening.
- My ouers, wyle Hennie en Betty Wentzel vir die geleentheid wat hulle my gebied het om tersiêre opleiding te kon ondergaan.



## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan:

- My Hemelse Vader vir die vermoë aan my gegee om hierdie navorsing te kon doen.
- Dr Rika Joubert, professor Elmene Bray en professor Jonathan Jansen vir hulle bekwame leiding, begrip en motivering.
- Die respondente: advokaat Eben Boshoff, professor Trynie Davel, professor Rassie Malherbe, mnr Marius Smit, professor Callie Snyman, me Annette Venter en wyle professor Hans Visser.
- Professor Johan Potgieter vir sy waardevolle insette en motivering.
- Mevrou Marinda Kanis-Davidson wat al die tikwerk behartig het vir haar toewyding, professionaliteit, geduld en wonderlike samewerking oor 'n lang tydperk.
- Mnr. Sonty Monakhisi – Inligtingspesialis, Regsbiblioteek, Universiteit van Pretoria, vir sy hulp en ondersteuning.
- Nicolette – my vrou, vir haar liefde, geduld en ondersteuning.
- Ons kinders – Irene en Hennie vir hulle voortdurende aanmoediging en ondersteuning.



## INHOUD VAN PROEFSKRIF

Titelblad .....	i
Verklaring .....	ii
Etiese klaring.....	iii
Sertifikaat van taalredigering .....	iv
Opdra van proefskrif .....	v
Dankbetuigings .....	vi
Inhoud van proefskrif .....	vii
Samevatting .....	viii
Sleutelwoorde .....	x
Abstract .....	xi
Keywords .....	xiii
Lys van hoofstukke .....	xiv
- Hoofstuk 1 .....	01
- Hoofstuk 2 .....	31
- Hoofstuk 3 .....	104
- Hoofstuk 4 .....	159
- Hoofstuk 5 .....	201
Addenda	
- Addendum A .....	322
- Addendum B .....	323
Bibliografie.....	329



## SAMEVATTING

Navorsingsresultate toon dat treitering 'n ernstige probleem is wat wêreldwyd voorkom, ook in Suid-Afrika en dat die getal slagoffers wat daardeur geraak word skrikwekkend hoog is.

Die doel van hierdie studie is om die regsimplikasies van treitering van leerders deur mede-leerders in Suid-Afrikaanse openbare skole vir die onderwysbestuur en onderwysreg te ondersoek en te beskryf. Met die term “onderwysbestuur” word verwys na onderwys op nasionale vlak, provinsiale vlak en skolevlak. Die regsimplikasies vir die onderwysreg is hoofsaaklik daarin geleë dat daar nuwe kennis tot die onderwysreg toegevoeg word. Dit is aksiomaties dat regsimplikasies onlosmaaklik verbonde is aan regsreëls. Daar kan slegs sprake wees van regsimplikasies van 'n aangeleentheid as daar regsreëls is wat die aangeleentheid beheer en rig – in die geval van hierdie studie, die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig en beheer.

Die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig en beheer, is deel van die Handves, internasionale kinderregte-ooreenkomste, wetgewing, die gemeenereg, deliktereg, die strafreg en regspraak. Om die navorser in staat te stel om die regsreëls in genoemde regsbronne te identifiseer, is 'n deeglike kennis van die fenomeen “treitering” noodsaaklik. Om die regsimplikasies van hierdie regsreëls te bepaal, beteken dat hierdie regsreëls binne die konteks van “treitering” as fenomeen geïnterpreteer moet word. Daar moet dus beskryf word hoe hierdie regsreëls toepassing vind met betrekking tot treitering. Die interpretasie van hierdie regsreëls binne die konteks van treitering geskied deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met geïdentifiseerde respondente wat geïdentifiseer is op grond van hul kennis van spesifieke regsdissiplines en die praktyk soos byvoorbeeld menseregte en kinderregte, die gemeenereg, die deliktereg, die strafreg, die onderwysreg asook die regspraktyk en onderwysregspraktyk.

Die beskrywing van die regsimplikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg is hoofsaaklik gegrond op die response (bevindinge) van die respondente, maar die regsimplikasies word uitgebrei deur die response van die respondente te verbind aan veelvuldige bronne van informasie. Hierdie aanvullende informasie wat aangewend word vir ryker beskrywing (“thick description”) lei ook die navorser tot die identifisering of beskrywing van verdere implikasies wat nie noodwendig in die respondente se response na vore gekom het nie.



Die regsimplikasies van die treitering van leerders deur mede-leerders is omvattend en het implikasies vir die onderwysbestuur op nasionale vlak, provinsiale vlak, distriksvlak en skolevlak en wel ten opsigte van die volgende afdelings van die Suid-Afrikaanse reg: fundamentele regte, wetgewing, die deliktereg en strafreg.





## SLEUTELTERME

Treitering

Fundamentele regte

Boelie

Wetgewing

Slagoffer

Deliktereg

Regsimplikasies

Strafreg

Onderwys

Skade



## ABSTRACT

Research results indicate that bullying is a serious problem worldwide, South Africa included, and that the number of victims affected is alarmingly high.

The purpose of this study is to investigate and describe the legal implications that bullying of learners by fellow learners in South African public schools has for education management and education law. “Education management” refers to education at national, provincial and school levels. The legal implications for education law lie mainly in the fact that new information is being added to the body of education law. It is axiomatic that legal implications are inextricably bound to legal rules. One can only speak of legal implications if there are legal rules that control and direct them – in the case of this study it is the legal rules that control and direct the management and operation of bullying in South African public schools.

The legal rules that control and direct the management and operation of bullying in South African public schools are part of the Bill of Rights, international children’s rights conventions, legislation, common law, law of delict, case law and criminal law. A thorough knowledge of the phenomenon “bullying” was necessary to enable the researcher to identify the legal rules contained in the legal sources mentioned. In order to determine the legal implications of these legal rules, it was necessary to interpret these legal rules within the context of the phenomenon “bullying”. It was therefore necessary to describe how these legal rules are applied with regard to bullying. The interpretation of these legal rules within the context of bullying was done by means of semi-structured interviews with identified respondents who were identified on grounds of their knowledge of specific law disciplines and practice such as human rights and children’s rights, common law, the law of delict, criminal law, education law and legal practices and education law practices.

The description of the legal implications for education management and education law is based mainly on the responses (findings) of the respondents, but the legal implications are extended by linking the responses of the respondents with many other sources of information. This supplementary information, which is used to enrich the description (thick description), also led the researcher to identifying or describing additional implications that were not necessarily evident from the responses of the respondents.



The legal implications of the bullying of learners by fellow learners, are comprehensive and have implications for education management at national level, provincial level, district level and school level, especially in terms of the following sections of South African law: fundamental rights, legislation, the law of delict and criminal law.



## KEY WORDS

Bullying

Damage

Education

Fundamental rights

Bully

Legislation

Victim

Law of Delict

Legal implications

Criminal law



# LYS VAN HOOFSTUKKE

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING, STRUKTUUR, DOELWITTE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.1	<b>INLEIDING</b>	1
1.2	<b>LITERÊRE OORSIG AS AANVANG TOT DIE STUDIE</b>	2
1.3	<b>AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD</b>	5
1.3.1	<b>Die fenomeen “treitering” as komponent van die navorsingsveld</b>	5
1.3.2	<b>Onderwysreg as komponent van die navorsingsveld</b>	6
1.3.3	<b>Die onderwys as komponent van die navorsingsveld</b>	7
1.4	<b>OMSKRYWING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE</b>	9
1.5	<b>RASIONAAL VIR DIE STUDIE EN AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE</b>	10
1.6	<b>KONSEPTUELE RAAMWERK</b>	15
1.7	<b>NAVORSINGSONTWERP</b>	16
1.7.1	<b>Data-insamelingsmetodes</b>	17
1.7.1.1	Literatuurstudie	17
1.7.1.2	Die regshistoriese navorsingsmetode	19
1.7.1.3	Semi-gestruktureerde onderhoude	20
1.7.2	<b>Analisering van data</b>	23
1.7.3	<b>Geloofwaardigheid en betroubaarheid</b>	24
1.7.3.1	Die keuse van die respondente	25
1.7.3.2	Gebruik van veelvuldige data / informasiebronne	25
1.7.3.3	Verifiëring van rou data	26
1.7.3.4	Intensiewe (langdurige) onderhoudsvoering	27
1.7.3.5	Beperking van vooroordeel en partydigheid	27
1.7.3.6	Vermyding van veralgemening	27
1.7.4	<b>Program van studie</b>	27
1.7.5	<b>Handhawing van hoë etiese standaard</b>	29



## HOOFSTUK 2

### TREITERING AS FENOMEEN

2.1	<b>INLEIDING</b>	31
2.2	<b>OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP “TREITERING”</b>	33
2.3	<b>KENMERKE VAN TREITERINGGEDRAG</b>	40
2.3.1	<b>Opsetlike en skadelike gedrag</b>	40
2.3.2	<b>Herhalende treitering en misbruik</b>	42
2.3.3	<b>Misbruik van ongelykheid in mag</b>	43
2.4	<b>VORME VAN TREITERING</b>	45
2.4.1	<b>Fisiese treitering</b>	46
2.4.2	<b>Verbale treitering</b>	47
2.4.3	<b>Kubertreitering</b>	48
2.4.4	<b>Psigologiese (emosionele) treitering</b>	49
2.4.5	<b>Sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering</b>	50
2.4.6	<b>Seksuele treitering</b>	51
2.4.7	<b>Rasgedrewe treitering</b>	53
2.5	<b>BOELIES, SLAGOFFERS EN OMSTANDERS</b>	55
2.5.1	<b>Boelies</b>	55
2.5.1.1	Die aggressiewe boelie	55
2.5.1.2	Die angstige boelie	56
2.5.1.3	Die passiewe boelie	57
2.5.1.4	Aanvullende onderskeidende terme met betrekking tot soorte boelies	57
2.5.2	<b>Slagoffers</b>	60
2.5.2.1	Die passiewe slagoffer	60
2.5.2.2	Die provokatiewe slagoffer	61
2.5.2.3	Aanvullende onderskeidende terme ten opsigte van soorte slagoffers	61
2.5.3	<b>Omstanders</b>	62
2.6	<b>FAKTORE EN OMSTANDIGHEDE WAT DAARTOE AANLEIDING GEE DAT LEERDERS BOELIES WORD</b>	65



<b>2.6.1</b>	<b>Individuele eienskappe</b>	65
<b>2.6.2</b>	<b>Omgewingsfaktore</b>	68
2.6.2.1	Die ouerhuis	68
2.6.2.2	Die skool	70
2.6.2.3	Die gemeenskap	74
2.6.2.4	Kultuur	76
2.6.2.5	TV en rolprente	78
<b>2.7</b>	<b>DIE VOORKOMS (FREKWENSIE) VAN TREITERING</b>	80
2.7.1	Internasionale frekwensie	80
2.7.2	Redes vir onderrapportering van treitering	83
2.7.3	Frekwensie met betrekking tot ouderdom en grade	84
2.7.4	Frekwensie met betrekking tot geslag	85
2.7.5	Frekwensie met betrekking tot tipes treitering	87
2.7.6	Frekwensie en lokalisering	88
2.7.7	Toename in frekwensie van treitering	89
<b>2.8</b>	<b>DIE GEVOLGE VAN TREITERING</b>	90
2.8.1	Die gevolge van treitering vir die slagoffer	91
2.8.1.1	Fisiese gevolge	91
2.8.1.2	Psigologiese / emosionele gevolge	92
2.8.1.3	Sosiale gevolge	94
2.8.1.4	Opvoedkundige gevolge	95
2.8.2	Die gevolge van treitering vir die boelie, omstanders en die skoolgemeenskap	97
<b>2.9</b>	<b>TREITERING BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS</b>	99
<b>2.10</b>	<b>AFSLUITING</b>	103

### **HOOFSTUK 3**

#### **REGSREëLS WAT SKOLE BIND OM TREITERING TE HANTEER EN TE BESTUUR**

<b>3.1</b>	<b>INLEIDING</b>	104
<b>3.2</b>	<b>DIE GRONDWET AS REGSBRON</b>	106



3.2.1	<b>Reg op gelykheid</b>	109
3.2.2	<b>Reg op privaatheid</b>	110
3.2.3	<b>Reg op menswaardigheid</b>	111
3.2.4	<b>Reg op vryheid en sekerheid van die persoon</b>	112
3.2.5	<b>Reg op vryheid van uitdrukking</b>	115
3.2.6	<b>Bykomende kinderregte</b>	116
3.2.7	<b>Reg op onderwys</b>	118
3.2.8	<b>Reg op lewe</b>	118
3.2.9	<b>Reg op regverdige administratiewe optrede</b>	119
3.2.10	<b>Beperking van fundamentele regte</b>	122
3.3	<b>WETGEWING AS REGSBRON</b>	125
3.3.1	<b>Algemene nasionale wetgewing</b>	126
3.3.1.1	Wet op Kindersorg 74 van 1983	126
3.3.1.2	Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993	127
3.3.2	<b>Onderwysspesifieke wetgewing</b>	128
3.3.2.1	Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996	128
3.3.2.2	Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996	129
3.3.3	<b>Ondergeskikte wetgewing</b>	133
3.3.3.1	Ondergeskikte wetgewing in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996	133
3.3.3.2	Ondergeskikte wetgewing in terme van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000	136
3.3.4	<b>Beleidsdokumente</b>	136
3.3.4.1	Implementation plan for Tirisano	136
3.3.4.2	Signposts for safe schools	137
3.4	<b>GEMENEREG AS REGSBRON</b>	137
3.4.1	<b>Die <i>in loco parentis</i>-beginsel</b>	138
3.4.2	<b>Die sorgsaamheidsplig van die opvoeder</b>	139
3.4.3	<b>Toerekeningsvatbaarheid op grond van ouderdom</b>	142





<b>3.5</b>	<b>DIE DELIKTEREG AS REGSBRON</b>	<b>143</b>
3.5.1	Omskrywing van die begrip “delik”	143
3.5.2	<b>Vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid</b>	<b>144</b>
3.5.2.1	Handeling	144
3.5.2.2	Onregmatigheid	144
3.5.2.3	Skuld	146
3.5.2.4	Oorsaaklikheid	148
3.5.2.5	Skade	148
3.5.3	<b>Middellike aanspreeklikheid</b>	<b>149</b>
<b>3.6</b>	<b>DIE STRAFREG AS REGSBRON</b>	<b>151</b>
3.6.1	Omskrywing van die begrip “misdaad”	151
3.6.2	<b>Vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid</b>	<b>152</b>
3.6.2.1	Die legaliteitsbeginsel	152
3.6.2.2	Handeling of gedrag	152
3.6.2.3	Gedrag moet voldoen aan die omskrywingselemente van misdaad	153
3.6.2.4	Wederregtelikheid	153
3.6.2.5	Skuld	153
3.6.3	<b>Ooreenkomste en raakpunte tussen ‘n delik en ‘n misdaad</b>	<b>154</b>
<b>3.7</b>	<b>INTERNASIONALE REG AS REGSBRON</b>	<b>155</b>
3.7.1	<b>United Nations Convention on the Rights of the Child (Resolution 44 / 25 of November 1989)</b>	<b>155</b>
3.7.2	<b>The African Charter on the Rights and Welfare of the Child (OAU, 11 July 1990)</b>	<b>157</b>
<b>3.8</b>	<b>AFSLUITING</b>	<b>158</b>

## **HOOFSTUK 4**

### **GEANALISEERDE DATA: BEVINDINGE VAN RESPONDENTE NA GLOBALE ANALISERING VAN GETRANSKRIBEERDE, ONVERWERKTE DATA**

4.1	<b>INLEIDING</b>	<b>159</b>
4.2	<b>TREITERING EN WETGEWING</b>	<b>160</b>
4.3	<b>TREITERING EN FUNDAMENTELE REGTE</b>	<b>163</b>



4.4	<b>DIE VERBAND TUSSEN TREITERING EN DIE STRAFREG</b>	168
4.4.1	<b>Treitering as misdaad</b>	168
4.4.1.1	Inleiding	168
4.4.1.2	Aanranding	168
4.4.1.3	<i>Crimen injuria</i>	168
4.4.1.4	Onsedelike aanranding	169
4.4.1.5	Intimidasie	169
4.4.1.6	Misdade in terme van die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957	170
4.4.1.7	Verkragting	170
4.4.1.8	Sameswering	171
4.4.2	<b>Die rol wat strafreg in skole kan speel om treitering te hanteer en te bekamp</b>	172
4.4.3	<b>Die rol van die skool indien daar van die strafreg gebruik gemaak word</b>	175
4.4.4	<b>Ouerbetrokkenheid en die strafreg</b>	177
4.4.5	<b>Die verband tussen 'n dissiplinêre verhoor en die strafreg</b>	178
4.4.6	<b>Die skool en strafregtelike aanspreeklikheid</b>	179
4.4.7	<b>Die passiewe slagoffer en toestemming</b>	180
4.4.8	<b>Treitering en medepligtigheid tot 'n misdaad</b>	181
4.4.9	<b>Treitering en direkte opset en konstruktiewe opset</b>	182
4.5	<b>TREITERING EN DIE DELIKTEREG</b>	183
4.5.1	<b>Die verband tussen die deliktereg, fundamentele regte en die strafreg</b>	183
4.5.2	<b>Vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid</b>	184
4.5.3	<b>Die opvoeder en deliktuele aanspreeklikheid</b>	184
4.5.3.1	Die regsplig van die opvoeder	184
4.5.3.2	Die aanwesigheid van opset in die optrede van die opvoeder	186
4.5.3.3	Die standaard of vlak van die opvoeder se toesighouding	187
4.5.3.4	Die opvoeder en middellike aanspreeklikheid	189
4.5.4	<b>Die boelie en deliktuele aanspreeklikheid</b>	190
4.5.5	<b>Die provokatiewe slagoffer en onregmatigheid</b>	192
4.5.6	<b>Die deliktereg en die skade (nadeel) wat die gevolg is van treitering</b>	193
4.5.7	<b>Die passiewe slagoffer en toestemming</b>	194



4.5.8	<b>Die verband tussen treitering en die eierskedelreël (die <i>talem qualem</i>-reël)</b>	194
4.5.9	<b>Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat voor en na skoolure plaasvind</b>	195
4.5.10	<b>Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat buite die skoolterrein plaasvind</b>	196
4.5.11	<b>Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van kubertreitering</b>	196
4.5.12	<b>Die interdik as remedie vir treitering</b>	197
4.5.13	<b>Die wenslikheid van 'n voorgeskrewe prosedure waarvolgens die ouer van 'n slagoffer treitering aanmeld</b>	197
4.5.14	<b>Maatreëls deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van treitering te beperk</b>	198
4.6	<b>AFSLUITING</b>	200

## HOOFSTUK 5

### DIE REGSIMPLIKASIES VAN TREITERING VIR DIE ONDERWYSBESTUUR EN ONDERWYSREG

5.1	<b>INLEIDING</b>	201
5.2	<b>FUNDAMENTELE REGTE</b>	202
5.2.1	<b>Implikasies vir die onderwysbestuur</b>	202
5.2.1.1	Verantwoordelikheid van die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm	203
5.2.1.2	Spesifieke optrede deur die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm, te bevorder en te verwesenlik	204
5.2.1.3	Bydraes van kinderregte-ooreenkomste met betrekking tot die bestuur van treitering in skole	208
5.2.1.4	Die belangrikheid van 'n menseregte-kultuur met betrekking tot die bekamping van treitering	210
5.2.1.5	Die dissiplinêre verhoor en die reg op regverdige administratiewe optrede	212
5.2.1.6	Die beperking van die boelie se fundamentele regte	215
5.2.2	<b>Toevoeging van kennis tot die onderwysreg</b>	220
5.2.2.1	Wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word	220
5.2.2.2	Litigasie op grond van die skending van fundamentele regte	234
5.3	<b>WETGEWING</b>	238



<b>5.3.1</b>	<b>Implikasies vir die onderwysbestuur</b>	238
5.3.1.1	Nie-spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering	238
5.3.1.2	Spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering	242
<b>5.3.2</b>	<b>Toevoeging van kennis tot die onderwysreg</b>	247
5.3.2.1	Treitering en kriminalisering	247
5.3.2.2	Die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing wat beleid afdwing	249
<b>5.4</b>	<b>DIE DELIKTEREG</b>	255
<b>5.4.1</b>	<b>Implikasies vir die onderwysbestuur</b>	255
5.4.1.1	Optrede deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid te beperk	257
<b>5.4.2</b>	<b>Toevoeging van kennis tot die onderwysreg</b>	259
5.4.2.1	Eiesoortigheid van treitering in terme van die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid	260
5.4.2.2	Regspraak ten opsigte van fisiese en psigologiese skade	283
5.4.2.3	Die interdik as regsmiddel om treitering te hanteer	285
5.4.2.4	Middellike aanspreeklikheid	286
<b>5.5</b>	<b>DIE STRAFREG</b>	288
<b>5.5.1</b>	<b>Implikasies vir die onderwysbestuur</b>	288
5.5.1.1	Die rol van die strafregstelsel in die bestuur en hantering van treitering	289
<b>5.5.2</b>	<b>Toevoeging van kennis tot die onderwysreg</b>	302
5.5.2.1	Misdade wat die gevolg kan wees van treitering	303
5.5.2.2	Die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons	308
5.5.2.3	Strafregtelike aanspreeklikheid van deelnemers aan treitering	317
5.5.2.4	Strafregtelike aanspreeklikheid van die skool en opvoeder	319
<b>5.6</b>	<b>AFSLUITING</b>	307



## HOOFSTUK 1

### INLEIDING, STRUKTUUR, DOELWITTE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

#### 1.1 INLEIDING

“Leerderveiligheid” is die woord of begrip wat in die opvoedkunde-taal gebruik word om in ‘n algemene sin te verwys na die veiligheid van leerders. Dit verwys veral na ‘n veilige leeromgewing waar onderrig en leer optimaal kan geskied, verwys na buite-kurrikulêre aktiwiteite en byeenkomste wat by ‘n spesifieke skool plaasvind, maar ook na skool-gesanksioneerde byeenkomste en aktiwiteite buite ‘n spesifieke skool se terrein en verwys selfs na die vervoer van leerders na sulke byeenkomste. Leerderveiligheid is dus ‘n baie breë begrip. Dit blyk baie duidelik uit die groot omvang van faktore wat deel uitmaak van die oorkoepelende begrip “leerderveiligheid” en ‘n risiko is vir leerderveiligheid. Hierdie faktore sluit die volgende in: seksuele misbruik, verkragting, seksuele teistering, ontvoering, geslagsgebaseerde gewelddadigheid, fisiese geweld, aanranding, treitering (“bullying”), moord, manslag, mishandeling, wapens, roof, inbrake, brandstigting, vandalisme, lyfstraf, rassegeweld, alkohol, vigs, dwelms, gevaarlike speelterreine, verkoop van besmette kos, onverantwoordelike uitdeel van medisyne, fisiese fasiliteite wat ‘n risiko inhou, sportaktiwiteite, gevaarlike situasies in klaskamers, laboratoriums en tegniese sentrums en risiko’s verbonde aan die vervoer van leerders (De Wet 2003 : 113 - 121; Collings en Magojo 2003 : 125 - 132; Welsh 2001 : 1 - 7; Cunning 2003 : 9; Campbell 2002 : 38 - 44; Fineran et al. 2001 : 211 - 218; Leach 2002 : 99 - 112; Leteane 2003 : 17; Van der Bijl en Munsterhuis 2002 : 1 - 18; Kuhlase 2003 : 18; De Wet 2002 : 129 - 153; Rademeyer 2003 : 8; Benghiat 2003 : 38 - 44; Visser 2003 : 58 - 64; Mecoamere 2003 : 1; Asmal 2003 : 4; Maree 2000 : 1 - 13). Volgens Shoop en Dunklee (2002 : 30) wissel die vlak van leerderveiligheid, wat in ‘n skool kan bestaan, op ‘n kontinuum van onveilig tot veilig. Dit is hoogs onwaarskynlik dat daar ‘n skool kan bestaan waar leerders absoluut veilig is. Volgens Shoop is die beste scenario ‘n skool waar leerders relatief veilig is.



Hierdie studie fokus op “treitering” (“bullying”) – as een van die faktore (fasette van leerderveiligheid) wat die veiligheid van leerders negatief kan beïnvloed – en wel op die regsimplikasies van treitering van leerders deur ander leerders in Suid-Afrikaanse openbare skole. Alhoewel hierdie studie fokus op treitering as ‘n faset van of risiko vir leerderveiligheid, is treitering onlosmaaklik verbonde aan die holistiese begrip “leerderveiligheid” aangesien die hantering en bestuur van treitering (en so ook die hantering en bestuur van ander risikofaktore) essensieel leerderveiligheid ten doel het. Ongeag die feit dat daar wesenlike verskille tussen die optrede van die skool en die toepaslike regsreëls is - met betrekking tot leerderveiligheid in die algemeen, asook ten opsigte van elkeen van die individuele faktore wat leerderveiligheid negatief beïnvloed - is daar ook raakpunte. Weens die prominente en insluitende aard van die begrip “leerderveiligheid”, asook die feit dat die bestuur en hantering van treitering essensieel leerderveiligheid ten doel het, kom die begrip ook prominent voor in die titel van die proefskrif ongeag die feit dat die navorsing fokus op treitering. Die begrip “treitering” word volledig bespreek in hoofstuk 2, asook die keuse van die benaming “treitering” as die Afrikaanse benaming vir “bullying”.

## 1.2 LITERÊRE OORSIG AS AANVANG TOT DIE STUDIE

‘n Literêre oorsig is ‘n sistematiese en versigtige soektog om alle gepubliseerde en ongepubliseerde informasie ten opsigte van ‘n spesifieke onderwerp op te spoor in watter vorm dit ook al bestaan asook om bruikbare bronne te versamel. Die informasie wat deur middel van ‘n literêre oorsig ingesamel word, stel die navorser in staat om ‘n onderwerp te vernou tot ‘n navorsingsvraag en om te ondersoek wat die literatuur daaroor sê. Dit stel die navorser in staat om insig in die onderwerp te verkry en om kernaspekte wat ondersoek moet word te identifiseer. Die literêre oorsig speel ‘n beslissende rol om die uitvoerbaarheid en geloofwaardigheid van die navorsing te bepaal (Bartmann en Pretorius 1996 : 305; Neumann 1997 : 122).

Die navorser is ‘n onderwyskundige by die Gautengse Onderwysdepartement en is verantwoordelik vir leerderveiligheid en onderwysreg op distriksvlak. Uit die navorser se daaglikse omgang met genoemde aspekte op provinsiale vlak, distriksvlak en skolevlak is dit duidelik dat kennis met betrekking tot leerderveiligheid asook kennis van die regsimplikasies van leerderveiligheid uiters skraal is. Op grond van hierdie leemte het

navorser die “regsimplikasies van leerdereveiligheid” as navorsingsveld geïdentifiseer. Die vertrekpunt tot die navorsing was ‘n literêre oorsig van die navorsingsveld, spesifiek met die volgende doeleindes (Sien ook die beskrywing van die funksie van ‘n literatuurstudie hierbo):

- Om inligting (data) ten opsigte van genoemde navorsingsveld in te samel en om insig in die navorsingsveld te verkry.
- Om langs die pad waardevolle bronne op te spoor wat gedurende die studie gebruik kan word – hierdie bronne help die navorser ook om op die spoor te kom van addisionele bronne waarna in die aanvanklike bronne verwys is.
- Om die breë navorsingsveld te vernou tot ‘n spesifieke onderwerp en om die onderwerp te vernou tot ‘n navorsingsvraag (Sien die groot omvang van leerdereveiligheid as navorsingsveld onder afdeling 1.1 van hierdie hoofstuk).
- Om te bepaal of die spesifieke onderwerp al nagevors is, en indien wel watter aspekte van die onderwerp navorsing verg.
- Om inligting (data) ten opsigte van die spesifieke onderwerp in te samel en om insig in die spesifieke onderwerp en navorsingsvraag te verkry.
- Om die rasionaal (regverdiging vir) en die aktualiteit van die navorsing te bepaal.
- Om data in te samel wat aangewend kan word met betrekking tot die navorsingsprojek.

Die volgende tipes bronne is gebruik tydens die leeswerk vir die literêre oorsig as aanvang tot die studie: wetgewing, handboeke, artikels, regsartikels deur regsskrywers, beleidsdokumente, aanbiedings tydens konferensies, asook aanbiedings tydens regs-konferensies, handleidings, hofverslae, regulasies, regswoordeboeke, koerantberigte.

Hierdie aanvanklike literêre oorsig, as aanvang tot die studie, was onontbeerlik vir die verdere verloop van die studie en het die volgende onontbeerlike inligting verskaf:



- Kennis en insig ten opsigte van die breë navorsingsveld en die spesifieke vernoude (gefokusde) navorsingsveld.
- Insig in die omvangrykheid (breedheid) van die breë navorsingsveld naamlik die “regsimplikasies van leerderveiligheid” (Sien afdeling 1.1 van hierdie hoofstuk).
- Kennis en insig om die breë navorsingsveld te vernou tot “die regsimplikasies met betrekking tot treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole”.
- Kennis en insig om die onderwerp te rig op die treitering van leerders deur leerders as die mees kritiese aspek van treitering in skoolverband. Treitering vind ook plaas in die skool as werksplek waar opvoeders mekaar treiter, asook waar opvoeders leerders treiter en waar leerders opvoeders treiter.
- Insig in die feit dat die regsimplikasies met betrekking tot treitering alleenlik bepaal kan word indien die regsreëls wat die bestuur van treitering in skole rig, bekend is.
- Kennis dat hierdie regsreëls in die volgende regsbronne te vinde is: wetgewing, die Handves van Regte (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996) – hierna Handves genoem – die gemenerereg, delikterereg, strafreg, internasionale menseregte-ooreenkomste en regspraak.
- Kennis dat die fenomeen treitering al intensief nagevors is (nog nie in Suid-Afrika intensief nagevors is nie), maar dat die regsimplikasies van treitering nog eensins in Suid-Afrika nagevors is nie en ook nog nie in die buiteland intensief nagevors is nie.
- As gevolg van die feit dat daar nie regsnavorsing (onderwysregsnavorsing) ten opsigte van die regsimplikasies van treitering in Suid-Afrika gedoen is nie, met ander woorde, die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, nog nie in terme van die Suid-Afrikaanse reg geïnterpreteer is nie, sal dit wel as deel van hierdie navorsing moet geskied.





- 'n Deeglike kennis van en insig in die fenomeen “treitering” is onontbeerlik voordat daar met die onderwysregstudie ten opsigte van die regsimplikasies van treitering begin kan word.
- Kennis ten opsigte van die struktuur van die Suid-Afrikaanse regstelsel asook toepaslike kennis van die Suid-Afrikaanse reg.

### 1.3 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Die onderwerp wat nagevors word, is: ***Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuursimplikasies daarvan vir leerderveiligheid.*** Die studie fokus op die treitering van leerders deur leerders.

Die navorsingsveld sluit die volgende komponente in:

- 'n Deeglike kennis van die fenomeen (verskynsel) “treitering” is onontbeerlik. Kennis van die fenomeen is noodsaaklik ten opsigte van alle fases van die studie en vorm die kern van die navorsing.
- Die studie is 'n hibriede studie en behalwe die onderwyskomponent het dit ook 'n onderwysregkomponent.
- Die onderwyskomponent het hoofsaaklik te make met die bestuur en hantering van treitering op skolevlak, maar die regsimplikasies strek wyer as skolevlak en het ook implikasies vir die onderwysbestuur op nasionale vlak en provinsiale vlak.

#### 1.3.1 Die fenomeen “treitering” as komponent van die navorsingsveld

Alhoewel sekere vorme van treitering as misdade kan kwalifiseer is treitering nie 'n regsbegrip nie (Furniss 2000 : 18; Lawson 1994 : 187). “Treitering” is eerder 'n psigologiese begrip in die sin dat die faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word, dikwels psigologies gemotiveer word. Enkele voorbeelde is: die aggressiewe boelie se behoefte aan mag; die angstige boelie se negatiewe selfbeeld;

die passiewe boelie se onsekerheid; ouerhuise waar daar min liefde, simpatie en ondersteuning is. Barton (2003 : 21) stem saam met hierdie siening en sê dat, alhoewel die fenomeen “treitering” ‘n komplekse begrip is, die gedrag en optrede van die boelie, slagoffer en omstanders in ‘n groot mate in die sielkunde geanker is. Volgens Barton asook CELP (2002 : 21) speel familiegene, omgewingsfaktore asook ‘n interaksie van genetiese faktore en omgewingsfaktore ‘n groot rol in veral die optrede van die boelie, maar ook in die gedrag van die slagoffer en omstanders.

Die sielkunde (psigologie) is dus ‘n belangrike komponent van die navorsingsveld wanneer die fenomeen “treitering” nagevors word. Volgens Furniss (2000 : 2) is die meeste navorsing ten opsigte van treitering in onderwysverband gedoen. Die rede hiervoor kan gesoek word in die ernstige gevolge wat treitering vir veral die slagoffer, maar ook vir die boelie en omstanders in skoolverband inhou. Volgens Mawdsley (2005 : 1) is treitering ook een van die ernstigste probleme in skole wêreldwyd. Die opvoedkunde sal dus saam met die psigologie deel vorm van die navorsingsveld by die bestudering van die fenomeen. Ander dissiplines soos byvoorbeeld die kriminologie en die sosiologie kan ook bydraes maak tot die verstaan van die fenomeen. Wat die bestudering van die fenomeen “treitering” betref, word daar volstaan by die sielkunde en opvoedkunde as navorsingsvelde en wel om die volgende redes:

- Die navorsing is gerig op die treitering van leerders deur leerders. Opvoedkunde-navorsing ten opsigte van die fenomeen is dus direk toepaslik. Soos reeds hierbo vermeld, kan die gedrag van die boelie, slagoffer en omstanders in ‘n groot mate deur die sielkunde verklaar word.
- Dit blyk ook uit die literatuurstudie, as aanvang tot die studie, dat die grootste hoeveelheid navorsing ten opsigte van treitering in die opvoedkunde-navorsingsveld en die sielkunde-navorsingsveld gedoen is.

### 1.3.2 Onderwysreg as komponent van die navorsingsveld

Die volgende definisie beskryf die eie aard van onderwysreg:

Education law is a systematized collection of legal rules from various branches of law that find direct and indirect application in education and govern or regulate relationships and activities in education (Beckmann en Seoole 2004 : 18).

Onderwysreg is dus nie 'n aparte regsvelde nie, maar is 'n versameling van regsreëls afkomstig van verskillende dissiplines van die reg. Dit sluit veral die volgende dissiplines en vertakkinge in: privaatreë, publiekreg, internasionale reg, buitelandse reg, nasionale en provinsiale wetgewing, die Grondwet, die gemeenereg en regspraak.

In afdeling 1.4 (Omskrywing van die navorsingsprobleem) van hierdie hoofstuk word aangetoon dat regsimplikasies onlosmaaklik verbode is aan regsreëls. Die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, moet eers geïdentifiseer word voordat die regsimplikasies van hierdie regsreëls binne die konteks van "treitering" as fenomeen geïnterpreteer kan word. Daar moet dus beskryf word hoe hierdie regsreëls toepassing vind met betrekking tot treitering.

Uit die literatuurstudie, as aanvang tot die studie, het dit geblyk dat die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering rig, in verskeie regsbronne en regsdissiplines te vinde is. Soos ook in afdeling 1.4 aangetoon word, moet hierdie regsreëls binne die konteks van "treitering" as fenomeen geïnterpreteer word om die regsimplikasies van hierdie regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg te bepaal.

### 1.3.3 Die onderwys as komponent van die navorsingsveld

Die onderwerp wat hier ondersoek word is: ***Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuursimplikasies daarvan vir leerdereiligheid.***

In 'n skool kan daar hoofsaaklik vier kategorieë van treitering plaasvind, naamlik: die treitering van opvoeders deur ander opvoeders in die skool as werksomgewing; die treitering van opvoeders deur leerders; die treitering van leerders deur opvoeders en die treitering van leerders deur leerders. Hierdie navorsing handel uitsluitlik oor die treitering van leerders deur leerders. Laasgenoemde word hanteer in hierdie navorsing en wel as gevolg van die feit dat die treitering van leerders deur ander leerders wêreldwyd

as een van die ernstigste probleme in die onderwys en in skole beskou word (Furniss 2000 : 11; Mawdsley 2005 : 1).

Treitering word ondersoek in Suid-Afrikaanse openbare skole. Die meeste van die regsreëls wat die hantering en bestuur van treitering in openbare skole rig, is ook van toepassing op onafhanklike skole. Dit beteken dus ook dat die regsimplikasies met betrekking tot treitering, vir openbare skole en onafhanklike skole hoofsaaklik of grotendeels dieselfde sal wees. Tog is daar verskille as gevolg van die feit dat daar regsreëls is wat nie van toepassing is op onafhanklike skole nie. Op grond hiervan is daar besluit om die navorsing slegs op openbare skole, wat verreweg die oorgrote meerderheid van skole uitmaak, te rig. Enkele voorbeelde van regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in openbare skole rig, en wat nie van toepassing is op onafhanklike skole nie, is: artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 – hierna Skolewet genoem – wat die aanspreeklikheid van die staat ten opsigte van ‘n openbare skool uitspel; die gedragskode vir leerders wat in terme van die Skolewet (artikel 8) deur die skoolbeheerliggaam van ‘n openbare skool in plek gestel moet word; die skorsing en uitsetting van leerders volgens artikel 9 van die Skolewet; in terme van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998, artikel 11d, kan ‘n opvoeder in diens van die staat afgedank word indien hy nie sy pligte na behore uitvoer nie (byvoorbeeld die sorgsaamheidsplig).

Die navorsing fokus hoofsaaklik op die regsimplikasies met betrekking tot die bestuur en hantering van treitering op skolevlak. Skole is egter onlosmaaklik verbonde aan onderwys op nasionale vlak met betrekking tot wetgewing en beleid wat op nasionale vlak gemaak word. In terme van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996, artikel 3(4), moet die Nasionale Minister van Onderwys beleid uitvaardig ten opsigte van die veiligheid van leerders. In terme van die Handves (artikel 7(2)) moet die staat die regte in die Handves eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik wat beteken dat die staat so moet handel dat die regte van die slagoffer van treitering beskerm word. Dit kan gedoen word by wyse van onder andere beleid of wetgewing met betrekking tot treitering.

Skole in die provinsies staan ook onder beheer van die provinsiale onderwysdepartement via streekkantore en / of distrikskantore afhangende van die struktuur in die betrok-



ke provinsie. Streekkantore en distrikskantore moet toesien dat beleid en wetgewing met betrekking tot treitering op skolevlak geïmplementeer word en dat treitering op skolevlak effektief bestuur word.

In die lig van voorafgaande kan dus gesê word dat die regsimplikasies met betrekking tot treitering ook toepassing vind op nasionale vlak, provinsiale vlak en skolevlak.

#### 1.4 OMSKRYWING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die literêre oorsig – as aanvang tot die studie – wat in 1.2 bespreek is, het die nodige onontbeerlike kennis en insig verskaf wat die navorser in staat gestel het om die navorsingsveld te vernou tot 'n spesifieke onderwerp wat die doelstellings van die navorsing asook die navorsingsprobleem aandui, naamlik: ***Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuursimplikasies daarvan vir leerdereveiligheid.*** Dit het ook die navorser in staat gestel om drie kritiese vrae (navorsingsvrae) te identifiseer wat die studie kan rig en wat beantwoord moet word om die doelstellings van die studie te bereik, naamlik:

- Hoe manifesteer die onderskeie elemente van die fenomeen treitering?
- Watter regsreëls rig of beheer die bestuur en hantering van treitering as faset van leerdereveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole?
- Wat is die regsimplikasies van hierdie regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg?

Dit is aksiomaties dat regsimplikasies onlosmaaklik verbonde is aan regsreëls. Daar kan slegs sprake wees van regsimplikasies van 'n aangeleentheid as daar regsreëls is wat die aangeleentheid beheer en rig. Soos ook blyk uit die tweede en derde kritiese vrae moet die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering rig eers geïdentifiseer word voordat die regsimplikasies bepaal kan word.

Uit die literêre oorsig (1.2) blyk dit duidelik dat hierdie regsreëls in verskeie regsbronne te vinde is. Om in staat te wees om hierdie spesifieke regsreëls in hierdie regsbronne te identifiseer is 'n diepgaande kennis van die fenomeen “treitering” noodsaaklik (sien eerste kritiese vraag).

Om die regsimplikasies van hierdie regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg te bepaal, beteken dat hierdie regsreëls binne die konteks van “treitering” as fenomeen geïnterpreteer moet word. Daar moet dus beskryf word hoe hierdie regsreëls toepassing vind met betrekking tot treitering. Aangesien hierdie aspek nog nooit van te vore nagevors is nie, kan hierdie interpretasie in terme van die regsreëls alleenlik deur geskikte regsgeleerdes of regspraktisyne gedoen word.

Die studie bepaal en beskryf die regsimplikasies vir die onderwysbestuur asook vir die onderwysreg. Met die term “onderwysbestuur” word verwys na onderwysbestuur op nasionale vlak, provinsiale vlak en skolevlak. Die regsimplikasies vir die onderwysreg is hoofsaaklik daarin geleë dat daar nuwe kennis (die regsimplikasies met betrekking tot treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole) tot die onderwysreg deur middel van die navorsing toegevoeg word. Dit beteken dat die onderwysreg daarvan kennis neem en die kennis aangewend moet word waar die onderwysreg toepassing vind en waar hierdie nuwe regs kennis (onderwysregskennis) toepaslik is, byvoorbeeld tydens litigasie, tydens opleiding van studente en opvoeders, in skole waar 'n veilige leeromgewing vir leerders geskep moet word, tydens beleidmaking op nasionale, provinsiale en skolevlak, vir die maak van wetgewing en beleid op nasionale vlak en provinsiale vlak asook vir verdere navorsing ten opsigte van sleutelaspekte.

## **1.5 RASIONAAL VIR DIE STUDIE EN AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE**

Uit die literêre oorsig, as aanvang tot die studie, is dit duidelik dat daar in Suid-Afrika nog nie intensiewe navorsing gedoen is ten opsigte van die regsimplikasies van leerderveiligheid in die algemeen, en treitering van leerders deur leerders in die besonder nie. Daar is in Suid-Afrika ook nog relatief min navorsing gedoen ten opsigte van die fenomeen “treitering”. Kennis van die fenomeen is noodsaaklik voordat daar met 'n studie van die regsimplikasies met betrekking tot treitering begin kan word. Treitering van leerders deur leerders, as fenomeen, is reeds intensief in die buiteland nagevors,



maar wat die regsimplikasies van treitering vir die onderwysbestuur en onderwysreg betref (die doelstellings van hierdie studie), kon ook geen intensiewe studie (navorsing) in die buiteland opgespoor word nie.

Navorsingsresultate en statistiek van Noorweë, Swede, Finland, Engeland, VSA, Kanada, Nederland, Japan, Ierland, Spanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika dui daarop dat treitering van leerders deur leerders 'n probleem is wat wêreldwyd voorkom (Olweus 1994 : 14; Elliot 2002 : 2; Rassool 2002 : 1; Eslea en Smith 1994b : 2; Squelch 1998 : 4; Salmivalli et al. 1996 : 1 - 15; Boulton en Underwood 1992 : 73 - 87; Levin-Epstein 2003 : 1 - 5; De Wet 2005b : 2; Reddy 2003 : 31; Treml 2001 : 107 - 117). Statistiek en navorsingsresultate toon ook dat treitering wêreldwyd 'n ernstige probleem is en dat die getal slagoffers wat negatief daardeur geraak word skrikwekkend hoog is (Smith en Sharp 1994 : 15; Elliot 2002 : 2; Rassool 2002 : 1; Landman 2005 : 2; O'Moore et al. 1997 : 141 - 169; Nesor et al. 2005 : 61, 62; Reddy 2003 : 31; De Wet 2005a : 44 - 55; De Wet 2005b : 2; Gurian 2005 : 7 - 8; Squelch 1998 : 4; Salmivalli et al. 1996 : 1 - 15; Olweus 1994 : 13, 14). Volgens Mawdsley (2005 : 1) is treitering wêreldwyd een van die ernstigste probleme in skole. Daar is ook aanduidings in die literatuur dat treitering besig is om internasionaal toe te neem (Feder-Feitel 2004 : 21; Olweus 1994 : 17, 18; Lawson 1994 : 16; Rubin 2003 : 5; Stiehler 2002 : 13).

'n Studie deur die Instituut vir Kriminologie van die Universiteit van Kaapstad om die omvang van misdaad en geweld in die Suid-Afrikaanse onderwys te peil, het aangetoon dat treitering en intimidasie in 75% van die skole gerapporteer is (Eliasov en Frank 2000 : 5). 'n Suid-Afrikaanse skoolhoof druk hom as volg uit oor die omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole asook oor die onverskillige houding van sommige skoolhoofde oor die voorkoms van treitering:

Bullying is a reality and is a common feature of everyday life in schools today. If heads of schools claim to prospective parents that there is no bullying in their schools, they need a reality check and the parents need to find another school (Zeelie 2002 : 279).

Navorsing deur Nesor et al. (2005 : 61, 62) in Gauteng-skole en deur De Wet (2005a : 44 - 55) in Vrystaat-skole toon dat die voorkoms van treitering in hierdie skole baie hoog

is. Meer as 90% van die leerders aan 'n Katolieke skool in Johannesburg het in 2001 aangedui dat hulle al slagoffers van treitering was (Rassool 2002 : 1).

Die gevolge van treitering vir die slagoffer kan breedweg in die volgende kategorieë verdeel word: fisiese gevolge; emosionele (psigologiese) gevolge; sosiale gevolge en opvoedkundige gevolge (Krige et al. 2000 : 10; De Wet 2005a : 45) wat kan lei tot ernstige fisiese, psigologiese, sosiale en opvoedkundige skade aan die kant van die slagoffer. Treitering het nie slegs 'n negatiewe en skadelike uitwerking op die slagoffer nie, maar ook op die boelie en op hul vriende, familie, opvoeders en ander leerders (omstanders) wat die treitering aanskou. Treitering het ook 'n negatiewe uitwerking op die skoolklimaat in die sin dat dit kan lei tot angs en spanning asook remmend kan inwerk op die onderrig en leer in die skool (Krige et al. 2000 : 11; Lawson 1994 : 18; Mawdsley 2005 : 2; Hepburn en Roher 2004 : 455; Sharp en Smith 1994 : 2).

Volgens De Wet (2005a : 44) is daar 'n gebrek aan insig en / of empatie ten opsigte van treitering by Suid-Afrikaanse opvoeders. Sommige Suid-Afrikaanse opvoeders sien treitering ook nog steeds nie as 'n verskynsel wat veroordeel of afgekeur moet word nie. Volgens Naser et al. (2004a : 28) is weinig navorsing in Suid-Afrika oor die onderwerp gepubliseer. De Wet (2005a : 44) glo die houding van ongevoeligheid teenoor treitering onder Suid-Afrikaanse opvoeders, kan verbind word aan die feit dat onvoldoende navorsing in Suid-Afrika oor die onderwerp gedoen is, veral ook ten opsigte van opvoeders se persepsie met betrekking tot treitering en hul houding ten opsigte van treitering. Die volgende faktore in Suid-Afrikaanse skole kan ook daartoe bydra dat Suid-Afrikaanse skole 'n teelaarde vir treitering is:

- Vlakke van geweld in Suid-Afrika is baie hoog. Kinders wat grootword in 'n gemeenskap waar geweld algemeen voorkom, waar hulle blootgestel word aan aggressiewe gedrag en misbruik van mag, leer om geskille te besleg deur gebruik te maak van gewelddadige en aggressiewe metodes ( Krige et al. 2000 : 7; Varnava 2002 : 5 - 12).
- As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsverlede was en is rassisme ingebed in die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit het daartoe gelei dat rasgedrewe treitering



toegeneem het in die Suid-Afrikaanse skole nadat integrasie by skole plaasgevind het (Krige et al. 2000 : 3).

- Outoritêre skoolkulture is moontlik nog deel van Suid-Afrika se onderwysbestel. 'n Outoritêre skoolkultuur bevorder treitering en huisves nie waardes soos omgee, respek, samewerking, kollegialiteit, insluiting en deelneem nie (MacDonald en Swart 2004 : 1 - 22).

Sedert die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 – hierna Grondwet genoem – was daar 'n dramatiese toename in onderwysregaktiwiteite in die land. Navorsing het bevestig dat daar 'n skokkende onkunde onder Suid-Afrikaanse skooladministrateurs is rakende onderwyswetgewing en verwante kwessies wat 'n bydrae lewer tot hierdie toename (Oosthuizen 2004 : 9). Ook De Waal et al. (2001a : 151) beklemtoon die lae kennisvlak by opvoeders ten opsigte van regsbeginnels en die regte van die leerder. Van Staden en Alston (2000 : 300) verwys na die minimale rol wat onderwysdepartemente speel met betrekking tot die ontwikkeling van onderwyspersoneel se regskennis en hul kennis ten opsigte van fundamentele regte van individue.

Die oordra van kennis ten opsigte van die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in skole rig asook die oordra van kennis ten opsigte van die regsimplikasies van hierdie regsreëls aan opvoeders, is alleen moontlik indien hierdie kennis bestaan en dus deel uitmaak van die onderwysreg. Aangesien daar spesifiek in Suid-Afrika nog nie navorsing gedoen is ten opsigte van die regsimplikasies van leerderveiligheid met spesifieke verwysing na treitering nie, beskik die onderwysreg nie oor hierdie spesifieke kennis met betrekking tot treitering nie. Die enigste manier om hierdie kennis te verwerf, is deur middel van navorsing van die spesifieke onderwerp naamlik: ***Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuursimplikasies daarvan vir leerderveiligheid.*** Kennis ten opsigte van die regsreëls wat die bestuur van treitering in openbare skole rig en die meegaande regsimplikasies van hierdie regsreëls het 'n tweeledige doel indien skole en opvoeders oor die kennis beskik naamlik:

- Kennis van die regsreëls en die meegaande regsimplikasies verskaf die nodige riglyne aan skole en opvoeders met betrekking tot die hantering en bestuur van



treitering sodat aanspreeklikheid en litigasie beperk kan word. Dit is noodsaaklik, want volgens Beckmann (2004 : 9) word 'n ongelooflike hoeveelheid geld op hofsake wat die onderwysdepartement verloor, verkwis. Volgens Beckmann is onkunde ten opsigte van regsbeginsels en moontlik ook die feit dat amptenare nie in staat is om die regsbeginsels toe te pas nie, belangrike bydraende faktore ten opsigte van bogenoemde situasie.

- Volgens Bray en Coetzee (2001 : 8) het onderwysreg onder andere die volgende twee belangrike funksies: dit verskaf die struktuur en riglyne vir onderwysbestuur; dit is noodsaaklik om 'n veilige leeromgewing te skep waar leerders kan leer en ontwikkel. Bogenoemde twee funksies van onderwysreg is ook van toepassing op die bestuur en hantering van treitering. Kennis van die onderwysreg met betrekking tot treitering (regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering rig en meegaande regsimplikasies) verskaf aan die onderwys die nodige struktuur en riglyne om treitering so te bestuur dat die regte van die slagoffer van treitering beskerm word en 'n veiliger leeromgewing geskep kan word waarbinne leerders kan leer en ontwikkel.

Die rasionaal vir die studie en aktualiteit van die studie is ingebed in, en word gemotiveer deur voorafgaande wat kripties as volg saamgevat kan word: Die studie word geregverdig en is teenswoordig van groot belang aangesien treitering van leerders deur leerders wêreldwyd en ook in Suid-Afrika van die ernstigste probleme is. Die getal leerders wat skade deur treitering toegevoeg word, is skrikwekkend hoog. As gevolg van die gebrek aan kennis het opvoeders nie insig in en simpatie vir die probleem nie. Daar is verskeie faktore wat treitering in Suid-Afrika kan aanmoedig. Kennis van regs-beginsels by skole en opvoeders is gering. Regskennis (onderwysregskennis) met betrekking tot die bestuur en hantering van treitering is noodsaaklik om regs-aanspreeklikheid in skole te beperk. Belangrik is ook die feit dat hierdie regskennis ook aan die onderwys die struktuur en riglyne asook vaardighede verskaf om treitering so te bestuur en so op te tree dat die regte van die slagoffer beskerm word. Aangesien daar nog geen navorsing oor die onderwerp gedoen is nie bestaan hierdie spesifieke kennis nie. Die doel van hierdie navorsing is juis om hierdie regskennis – wat ook spesifieke implikasies vir die onderwys het – toe te voeg tot die onderwysreg deur middel van 'n onderwysregstudie.



## 1.6 KONSEPTUELE RAAMWERK

Die belangrikste funksies van 'n konseptuele raamwerk kan as volg saamgevat word (Henning et al. 2004 : 25 – 27 en Vithal en Jansen 2004 : 19):

- Die konseptuele raamwerk verbind kernkonsepte.
- Dit plaas die navorsing binne 'n raam (“frames the work”) – die navorsing bly gewoonlik binne die raam.
- Dit posisioneer die navorsing binne die vakgebied waarin navorsing gedoen word.

Die kernkonsepte wat die konseptuele raamwerk van hierdie studie vorm, is vervat in die drie kritiese vrae en is die volgende:

- Die fenomeen **treitering**.
- Die **regsreëls** wat die bestuur van treitering rig.
- Die **regsimplikasies** vir die onderwysbestuur en onderwysreg.

Bogenoemde drie kernkonsepte vorm die hoekstene van die navorsing, plaas die navorsing binne 'n raam en posisioneer die navorsing binne die spesifieke vakgebiede. Die drie kernkonsepte is ook onlosmaaklik verbonde aan mekaar en het op sigself 'n prominente rol te speel in die navorsing. Hierdie interafhanklikheid van die drie konsepte asook die prominente rol kan kortliks as volg verduidelik word:

- Die fenomeen **treitering** (hoofstuk 2):

'n Diepgaande kennis van die fenomeen “treitering” is noodsaaklik vir alle fases van die studie en vorm die kern van die navorsing. Die kennis is ook onontbeerlik vir die identifisering van die regsreëls wat skole bind om treitering te hanteer en te bestuur.



- Die **regsreëls** wat skole bind om treitering te hanteer en te bestuur:

Die regsreëls word in hoofstuk drie aangebied in die vorm van 'n regsraamwerk en vorm die tweede hoeksteen van die konseptuele raamwerk. Soos hierbo vermeld, stel die kennis van die fenomeen "treitering" die navorser in staat om die toepaslike regsreëls in 'n breë regsveld te identifiseer. Net soos die kennis van die fenomeen "treitering", is die regsraamwerk ook onontbeerlik, want dit vorm die basis (tesame met die kennis van die fenomeen) vir die samestelling van die onderhoudsvrae. Die response van die respondente vorm weer die basis vir die beskrywing van die regsimplikasies.

- Die **regsimplikasies** vir die onderwysbestuur en onderwysreg:

Hierdie derde konsep van die konseptuele raamwerk verteenwoordig die doelstelling van die navorsing en is interafhanklik van die vorige twee konsepte wat die basis vorm vir die navorsing en waarsonder die doelstelling van die navorsing nie bereik kan word nie.

Uit bogenoemde behoort dit duidelik te blyk dat die konseptuele raamwerk 'n onontbeerlike werktuig in die hande van die navorser is waarsonder die navorsing andersins struktuurloos en rigtingloos sou geskied.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP

Die volgende navorsingsparadigma maak deel uit van die navorsingsontwerp en word hierna bespreek:

- Data-insamelingsmetodes naamlik literatuurstudie, die regshistoriese navorsingsmetode en semi-gestruktureerde onderhoude. Alhoewel literatuurstudie en die regshistoriese navorsingsmetode nie as kwalitatief of kwantitatief geklassifiseer kan word nie, is semi-gestruktureerde onderhoude 'n kwalitatiewe navorsingsmetode. Die keuse van respondente vorm ook deel van die bespreking van die semi-gestruktureerde onderhoude.
- Analisering van data.

- Geloofwaardigheid en betroubaarheid van die navorsing.
- Program van die studie.
- Handhawing van hoë etiese standaarde.

### 1.7.1 Data-insamelingsmetodes

#### 1.7.1.1 Literatuurstudie

##### (a) Literêre oorsig as aanvang tot die studie

Die doel met en die funksie van die literêre oorsig as aanvang tot die studie is volledig beskryf in afdeling 1.2. Daar is ook vermeld dat die volgende tipes bronne gebruik is tydens die leeswerk vir die literêre oorsig: wetgewing, hofverslae, regulasies, regshandboeke, handboeke, artikels, regsartikels deur regs skrywers, beleidsdokumente, aanbiedings tydens konferensies, aanbiedings tydens regs konferensies, handleidings, regswoordeboeke, koerantberigte. Indien die tipes bronne rigied beoordeel word, blyk dit dat daar tydens die leeswerk ook na die reg self gegaan is om te bepaal wat die reg ten opsigte van die onderwerp wat nagevors is, bepaal, in die sin dat wetgewing, hofverslae, regshandboeke, regsartikels en regswoordeboeke deel van die leeswerk was. Streng gesproke is die regshistoriese navorsingsmetode (wat in die afdeling hierna bespreek word) dus ook reeds as deel van die literêre oorsig aangewend vir data-insameling.

Behalwe vir die feit dat die informasie wat ingesamel is tydens die literêre oorsig 'n primêre rol speel met betrekking tot die konseptualisering van die studie en die bepaling van die rasionaliteit en aktualiteit van die navorsing, word toepaslike informasie ook gedurende die verloop van die studie aangewend:

- Tydens die beskrywing van treitering as fenomeen.
- Tydens die beskrywing van die regsreëls (regsraamwerk) wat die bestuur van treitering rig.

- Tydens die samestelling van die vraelys vir semi-gestruktureerde onderhoude.
- Tydens die beskrywing en bespreking van die regsimplikasies, met betrekking tot treitering, waar die empiriese data wat versamel is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude in samehang met hierdie toepaslike informasie geïnterpreteer en beskryf word wat 'n ryker beskrywing ("thick description") tot gevolg het. Sien die rol van 'n aanvullende literatuurstudie hierna (1.7.1.1(b)) in hierdie opsig.

(b) Aanvullende literatuurstudie

Volgens Bless en Higson-Smith (2004 : 20) is die versameling van data deur middel van 'n literatuurstudie 'n aaneenlopende proses tydens die navorsingsproses aangesien nuwe aspekte en nuwe probleme wat opduik, nuwe informasie benodig. 'n Aanvullende literatuurstudie betreffende hierdie studie is noodsaaklik wat betref die volgende aspekte:

- Die beskrywing van treitering as fenomeen: 'n Diepgaande kennis van die fenomeen "treitering" is noodsaaklik vir die identifisering van die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig. Dié kennis stel die navorser in staat om die spesifieke regsreëls in die regsbronne te identifiseer en word hierna bespreek in afdeling 1.7.1.2. Die insameling van die informasie om die fenomeen te beskryf (hoofstuk 2), geskied deur middel van 'n gerigte en gefokusde literatuurstudie. Die bronne is hoofsaaklik te vinde in die sielkunde en opvoedkunde as navorsingsvelde en bestaan hoofsaaklik uit handboeke en artikels wat handel oor treitering wat beskryf word uit onderskeidelik 'n sielkunde-perspektief en 'n opvoedkunde-perspektief.
- Die beskrywing en bespreking van die regsimplikasies van treitering in hoofstuk 5: Hoofstuk 5 is 'n kulminasie van treitering as fenomeen (hoofstuk 2), die regsraamwerk (hoofstuk 3) en die empiriese data, wat verkry is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude (hoofstuk 4), maar die beskrywing en bespreking word verryk ("thick description") deur die empiriese data te verbind met en te bespreek in samehang met aanvullende informasie wat verkry word uit nie-



regsbronne (handboeke, artikels, koerantberigte, aanbiedings tydens konferensies) asook aanvullende informasie wat verkry word uit regsbronne deur gebruik te maak van aanvullende regsnavorsing deur middel van die regshistoriese navorsingsmetode. Laasgenoemde navorsingsmetode word hierna bespreek. Die aanvullende informasie word ook gebruik om addisionele fasette ten opsigte van die regsimplikasies van treitering te bespreek en te beskryf wat nie tydens die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het nie.

#### 1.7.1.2 Die regshistoriese navorsingsmetode

Uit die bespreking van die navorsingsvrae wat die studie rig (afdeling 1.4), was dit duidelik dat die regsreëls wat die hantering en bestuur van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig eers geïdentifiseer moet word voordat die regsimplikasies met betrekking tot treitering vir die onderwysbestuur en onderwysreg bepaal kan word, want die regsimplikasies is onlosmaaklik verbonde aan die regsreëls wat die aangeleentheid rig.

Uit die literêre oorsig – as aanvang tot die studie – was dit duidelik dat die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig in die volgende bronne van die Suid-Afrikaanse reg te vinde is: Die Handves, internasionale kinderregte-ooreenkomste, wetgewing, die gemenerereg, die strafreg, die delikterereg en regspraak. Die regsreëls moet dus deur die navorser in genoemde regsbronne geïdentifiseer word. Die identifisering van die regsreëls geskied deur gebruik te maak van die regshistoriese navorsingsmetode. Lee en Adler (2006 : 31) omskryf die regshistoriese navorsingsmetode as volg: “Traditional legal research focuses on a particular topic and asks, What is the law?” Daar moet met ander woorde bepaal word wat die reg is wat in ‘n spesifieke situasie van toepassing is. Wat hierdie navorsing betref, moet daar dus bepaal word wat die regsreëls (reg) is, wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig. Daar word dus na die regsbronne gegaan en gevra watter regsreëls die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig. Die regsreëls word in hoofstuk 3 in die vorm van ‘n regsraamwerk aangebied en vorm die basis vir die vraagstelling tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. Hierdie aangeleentheid word hierna in afdeling 1.7.1.3 bespreek.

Soos ook reeds gemeld in afdeling 1.7.1.1(b) word daar ook van die regshistoriese navorsingsmetode gebruik gemaak om aanvullende regsinformasie in te samel vir gebruik in hoofstuk 5 vir die beskrywing en bespreking van die regsimplikasies met betrekking tot treitering. Die bespreking en beskrywing word verryk (“thick description”) deur die empiriese data te verbind met en in samehang met hierdie aanvullende regsinformasie te bespreek en te beskryf. Die aanvullende informasie word ook aangewend tydens die beskrywing en bespreking van addisionele regsimplikasies wat nie uit die semi-gestruktureerde onderhoude (empiriese data en response) voortspruit nie.

### 1.7.1.3 Semi-gestruktureerde onderhoude

Volgens Lee se omskrywing van die regshistoriese navorsingsmetode (afdeling 1.7.1.2) is dit duidelik dat die metode geskik is om te bepaal wat die reg is wat in ‘n spesifieke situasie van toepassing is. Volgens Lee en Adler (2006 : 31) is dit belangrik om te weet wat die regsreëls is wat in ‘n sekere situasie van toepassing is, maar dit is soms ook noodsaaklik om te bepaal “waarom” en “hoe” die howe en wetgewers sekere regsreëls geskep het asook om die implikasies (gevolge) van regsreëls te bepaal. Laasgenoemde is veral van toepassing op hierdie studie waar die regsimplikasies van die regsreëls wat die bestuur van treitering rig, bepaal moet word. Beide Schimmel (1996 : 1) en Lee en Adler (2006 : 26, 31) wys op die beperkinge van die regshistoriese navorsingsmetode in die sin dat dit fokus op die regsreëls wat in ‘n spesifieke situasie van toepassing is en nie geskik is om antwoorde op die “waarom” en “hoe” en die “regsimplikasies” te verskaf nie. Onderwysregnavorsers maak nie normaalweg van aanvullende navorsingsmetodes tot die regshistoriese navorsingsmetode gebruik om verklarende insig (“interpretive insight”) te verkry nie, soos byvoorbeeld met betrekking tot die “waarom”, die “hoe” en die “regsimplikasies” waarna hierbo verwys is. Die gevolg is dat onderwysregnavorsing volgens Schimmel asook volgens Lee en Adler, in die meeste gevalle slegs simplistiese opsommings van regspraak is ten opsigte van ‘n onderwerp.

Volgens Lee en Adler (2006 : 26, 31) is kwalitatiewe navorsing, as aanvullende navorsingsmetode, uiters geskik om perspektiewe ten opsigte van regsreëls met betrekking tot onderwysaangeleenthede te verhelder, te interpreteer, aan te vul en te bekragtig asook om die regsimplikasies van die regsreëls te bepaal en te takseer. Die



navorser het besluit om in die lig van bogenoemde van semi-gestruktureerde onderhoude as kwalitatiewe data-insamelingsmetode gebruik te maak om data in te samel om die regsimplikasies van die regsreëls wat die bestuur van treitering rig te bepaal. Daar is op semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode besluit aangesien daar geen navorsing bestaan oor die regsimplikasies met betrekking tot treitering nie. Die respondente moet die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, binne die konteks van treitering as fenomeen, in terme van die Suid-Afrikaanse reg interpreteer met die doel om die regsimplikasies te bepaal. Die respondente tree dus in werklikheid op as “bronne” wat die data verskaf.

Greeff en Bryman som die aard, wese en voordele van semi-gestruktureerde onderhoude onderskeidelik as volg op:

In general researchers use semi-structured interviews to gain a detailed picture of a participant's belief about, or perceptions or accounts of, a particular topic. This method gives the researcher and participant much more flexibility. The researcher is able to follow up particular interesting avenues that emerge in the interview, and the participant is able to give a fuller picture (Greeff 2005b : 296).

The researcher has a list of questions or fairly specific topics to be covered, often referred to as an interview guide, but the interviewee has a great deal of leeway in how to reply. Questions may not follow on exactly in the way outlined in the schedule. Questions that are not included in the guide may be asked as the interviewer picks up on things, said by the interviewees. But, by and large, all the questions will be asked and a similar wording will be used from interviewee to interviewee (Bryman 2001 : 314).

Navorser het in die lig van bogenoemde hoofsaaklik om die volgende rede besluit om spesifiek semi-gestruktureerde onderhoude te gebruik as data-insamelingsmetode ten opsigte van die regsimplikasies met betrekking tot treitering:

Aangesien dit hier handel oor die interpretasie van regsreëls om die regsimplikasies te bepaal, moet die respondente 'n mate van vryheid hê om reg te laat geskied aan hul

interpretasie. Aan die anderkant moet die navorser (onderhoudsvoerder) dus ook oor die vryheid beskik om aanvullende vrae te vra, gebaseer op die verloop van die respondent se interpretasie, om sodoende volledigheid te verseker.

Die respondente vir die semi-gestruktureerde onderhoude is ses regsgeleerdes of regspraktisyns asook 'n proefbeampte wat verantwoordelik is om jeugdiges wat strafregtelik aangekla is te assesser en dan aanbevelings te maak aangaande watter proses gevolg moet word deur die hof. Volledige besonderhede oor die respondente word in addendum A gegee. Soos reeds vorentoe vermeld, is die bronne van die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, die volgende: Handves, internasionale kinderregte-ooreenkomste, die gemenereg, wetgewing, die deliktereg en die strafreg. Die respondente word geïdentifiseer op grond van hul kennis van menseregte en kinderregte, die gemenereg, die deliktereg, die strafreg, wetgewing, onderwysreg, regspraktyk en onderwysregspraktyk. Onderhoude van ongeveer twee uur lank word met elke respondent gevoer op grond van elkeen se spesifieke terrein van deskundigheid. Twee afsonderlike vraelyste word gebruik. Die vrae wat gevra word, word hoofsaaklik gebaseer op die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering rig. Intensiewe kennis van die fenomeen "treitering" is ook onontbeerlik by die samestelling van die vrae en vorm saam met die regsreëls die basis vir die samestelling van die vrae. Een vraelys fokus spesifiek op die deliktereg en bevat ook vrae oor fundamentele regte. Die ander vraelys is gerig op die strafreg en wetgewing. Sien addendum B vir vraelyste. Die onderhoude word op band opgeneem met die toestemming van die respondente. Elke respondent ontvang twee weke voor die onderhoud 'n dokument met die volgende inligting: 'n beskrywing en definisie van die fenomeen "treitering"; 'n beskrywing van al die vorme van treitering en die gevolge (nadeel, skade) van treitering wat in hierdie studie geïdentifiseer is asook die vraelys met die vrae wat aan hulle gevra sal word.

Alle onderhoude word na voltooiing getranskribeer en daarna deur middel van globale analise geanaliseer. Die proses van analise word hierna volledig beskryf. Elke respondent word na globale analise voorsien van die teks. Respondente word gevra om die teks intensief te bestudeer en wysigings aan te bring waar die inhoud van die teks nie ooreenkom met die respondent se respons of sienswyse nie. Die wysigings (indien enige) word aangebring in die teks en so toegepas in die studie. Hierdie faset word

verder bespreek onder afdeling 1.7.3. Die getranskribeerde onderhoudsdata word behou en vir 15 jaar in geliassende vorm deur die Universiteit van Pretoria bewaar.

### 1.7.2 **Analisering van data**

Die getranskribeerde “rou” data wat ingesamel is, deur middel van die semi-gestruktureerde onderhoude, word geanaliseer deur gebruik te maak van die globale analiseringsmetode. Volgens Henning *et al.* (2004 : 109 -111) behels die globale analiseringsmetode dat die getranskribeerde data holisties en intensief gelees word en daar gesoek word na betekenisvolle temas. Die data word dan georganiseer volgens die betekenisvolle temas. Die globale analise (intensiewe lees, integrasie en reorganisasie van die rou data volgens temas) gee ‘n nuwe struktuur en patroon aan die data wat nog nie in die “rou” stadium teenwoordig was nie. Henning *et al.* (2004 : 114) beklemtoon die feit dat die aanbieding van die geanaliseerde data na globale analise eg en betroubaar moet wees en nie die betekenis van die oorspronklike “rou” data moet verdraai nie en stel dit as volg:

The researcher should try to be economical with words and to paint lightly (and not brush in broad strokes) over the data without distorting or redefining them, but to present them as authentically as possible.

Die geanaliseerde data word saamgevat en geïnterpreteer en in hoofstuk 4 aangebied as bevindinge.

In hoofstuk 5 word die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg beskryf. Die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg word hoofsaaklik gegrond op die respondente se response naamlik die geanaliseerde data wat in hoofstuk 4 aangebied word, in korrelasie met hoofstuk 2 (die fenomeen “treitering”) en hoofstuk 3 (die regsraamwerk). Hoofstuk 5 is dus ‘n kulminasie van die totale navorsing en moet dus in samehang met die voorafgaande hoofstukke gelees en verstaan word.

Die aanbieding van die beskrywing van die regsimplikasies (in hoofstuk 5) word verryk en meer substansie word daaraan toegevoeg deur die response van die respondente (soos weergegee in hoofstuk 4) te verbind aan die volgende bronne van informasie:



- Informasie wat reeds ingesamel is tydens die literêre oorsig, as aanvang tot die studie.
- Die beskrywing van die fenomeen “treitering” in hoofstuk 2.
- Die regsraamwerk (regsreëls) in hoofstuk 3.
- Spesifieke aanvullende informasie wat ingesamel word tydens die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk 5, hoofsaaklik deur middel van die regshistoriese navorsingsmetode.

Hierdie aanvullende informasie wat aangewend word vir ryker beskrywing, lei ook die navorser tot die identifisering of beskrywing van verdere implikasies wat nie noodwendig pertinent in die respondente se response na vore gekom het nie.

### 1.7.3 **Geloofwaardigheid en betroubaarheid**

Nieuwenhuis (2007a : 80) sê die volgende ten opsigte van die geloofwaardigheid en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing:

Reliability and validity, specifically as far as the research instruments are concerned, are crucial aspects in quantitative research. In qualitative research, the researcher is the data gathering instrument. Thus it seems when qualitative researchers speak of research “validity and reliability” they are usually referring to research that is credible and trustworthy.

Die interpretasie van die regsreëls deur geselekteerde respondente geskied deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude wat ‘n kwalitatiewe data-insamelingsmetode is. Die beskrywing van die regsimplikasies met betrekking tot treitering is hoofsaaklik gegrond op die response van die respondente. Navorser verkies om (sien ook Nieuwenhuis se siening hierbo) die begrippe “geloofwaardigheid” en “betroubaarheid” te gebruik in plaas van “reliability” en “validity”, want geloofwaardigheid en betroubaarheid hoort eerder tuis by kwalitatiewe navorsing.

Ander data-insamelingsmetodes wat in hierdie studie gebruik is, is “literatuurstudie” en die “regshistoriese navorsingsmetode” (sien afdeling 1.7.1). Alhoewel “literatuurstudie” en die “regshistoriese navorsingsmetode” nie as kwalitatief of kwantitatief geklassifiseer kan word nie, word die begrippe “geloofwaardigheid” en “betroubaarheid” (“credibility and trustworthiness”) ook gebruik om na die standaard van hierdie twee data-insamelings-metodes te verwys.

Die volgende strategieë word deur navorser gebruik om die geloofwaardigheid en betroubaarheid van hierdie studie te verhoog:

#### 1.7.3.1 Die keuse van die respondente

Die bronne van die regsreëls wat die hantering en bestuur van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, is fundamentele regte (die Handves en internasionale kinderregte-ooreenkomste), die gemenereg, deliktereg, wetgewing, die strafreg en regspraak. Die respondente word geïdentifiseer op grond van hul kennis van mense-regte, kinderregte, die gemenereg, deliktereg, wetgewing, die strafreg, onderwysreg, regspraktyk en onderwysregspraktyk. Die respondente is toonaangewende kenners en spesialiste op genoemde gebiede in Suid-Afrika.

#### 1.7.3.2 Gebruik van veelvuldige data en informasiebronne

Volgens Nieuwenhuis (2007b : 113) bied die gebruik van veelvuldige bronne die navorser die geleentheid om bevindinge te kontroleer en te verifieer. Indien die data en informasie van die verskillende bronne ooreenkom of tot dieselfde gevolgtrekking kom, word die vertrouwe in die data (informasie) en gevolgtrekking verhoog.

’n Diepgaande kennis van die fenomeen “treitering” as vertrekpunt tot die studie, is onontbeerlik. Kennis van die fenomeen is noodsaaklik tydens alle fases van die studie en is noodsaaklik aangesien die studie handel oor die regsimplikasies van die bestuur van die fenomeen in Suid-Afrikaanse openbare skole. Alle toepaslike fasette van die fenomeen word intensief bestudeer. Dit kan alleenlik geskied deur gebruik te maak van veelvuldige bronne en word in hoofstuk 2 van die navorsing aangebied.

Soos reeds aangedui in afdeling 1.7.1.3 word daar gebruik gemaak van twee verskillende vraelyste tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. 'n Spesifieke vraelys word volledig aan drie respondente aangebied. In een geval word beide vraelyste aan dieselfde respondent aangebied. 'n Gedeelte van die een vraelys word aan 'n vierde respondent aangebied en 'n gedeelte van die ander vraelys word ook aan die vierde respondent aangebied.

Die regsimplikasies wat in hoofstuk 5 beskryf word, word hoofsaaklik gebaseer op die response van die respondente en is dus 'n kulminasie van die fenomeen "treitering" (hoofstuk 2), die regsraamwerk (hoofstuk 3) en die response van die respondente (hoofstuk 4). Die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk 5 word ook verder verryk deur gebruik te maak van veelvuldige bronne. Die gebruik van veelvuldige bronne, om die beskrywing te verryk, bied ook aan navorser 'n dieper insig en begrip ten opsigte van die probleem en stel die navorser in staat om addisionele fasette ten opsigte van die regsimplikasies van treitering te bespreek en te beskryf wat nie tydens die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het nie.

Soos deur Nieuwenhuis hierbo aangetoon, bied die gebruik van veelvuldige bronne die navorser die geleentheid om bevindinge te kontroleer en te verifieer. Die gebruik van veelvuldige bronne, soos hierbo aangetoon, verhoog ook die vertroue in die navorsing. Waar die data of informasie van verskillende bronne nie ooreenkom nie, word die verskille aangetoon en binne die spesifieke konteks bespreek en verduidelik.

#### 1.7.3.3 Verifiëring van rou data

Nadat die onderhoude afgehandel is, word die onderhoude soos op band opgeneem, getranskribeer en daarna deur middel van globale analise geanaliseer. Die teks van die geanaliseerde data word aan elke respondent voorsien. Die respondente word gevra om die gedeeltes wat op hom of haar van toepassing is intensief te lees en wysigings aan te bring indien die teks verskil van die response en menings van die respondente. Indien daar enige wysigings ter sprake is, word die wysigings aangebring en so in die navorsing geïmplementeer.

#### 1.7.3.4 Intensiewe (langdurige) onderhoudsvoering

Die onderhoudsvoering is intensief en genoegsame tyd (elke onderhoud duur ongeveer twee uur) word met elke respondent spandeer. Dit, tesame met die feit dat elke onderhoudsvraelys deur ten minste drie respondente voltooi word, dra daartoe by dat data ten opsigte van spesifieke fasette van die onderwerp oor 'n breë spektrum ingesamel word en die navorser nie net 'n oorsigtelike blik "snapshot view" op die probleem werp nie. Die onderhoudsvraelyste (sien addendum B vir vraelyste) word ook so saamgestel dat alle toepaslike fasette van die probleem gedek word.

#### 1.7.3.5 Beperking van vooroordeel en partydigheid

Volgens Nieuwenhuis (2007b : 114, 115) kan intensiewe bemoeienis met die respondente daartoe aanleiding gee dat die risiko ten opsigte van vooroordeel en partydigheid aan die kant van die navorser verhoog word. Die gebruikmaking van strategieë soos verifiëring van data, die gebruikmaking van veelvuldige bronne en die feit dat 'n spesifieke vraelys aan ten minste drie respondente aangebied word, beperk die moontlikheid van vooroordeel en partydigheid.

#### 1.7.3.6 Vermyding van veralgemening

Daar moet gewaak word teen die moontlikheid om die bevindinge van hierdie navorsing te veralgemeen met betrekking tot ander faktore wat leerderveiligheid negatief beïnvloed of wat 'n risiko is vir die veiligheid van leerders in 'n skool. Navorser fokus in hierdie navorsing spesifiek op die regsimplikasies van treitering met betrekking tot die onderwysbestuur en die onderwysreg. Alhoewel daar baie raakpunte is ten opsigte van die ander faktore wat leerderveiligheid negatief beïnvloed, word die uniekheid van die regsimplikasies met betrekking tot treitering erken en word veralgemenings vermy.

#### 1.7.4 Program van studie

**Hoofstuk een** is 'n oriëntering en handel oor die literêre oorsig, as aanvang tot die studie; die navorsingsveld; die navorsingsprobleem en die doelstellings van die studie;

die rasionaal vir en die aktualiteit van die studie; die konseptuele raamwerk en die navorsingsontwerp.

In **hoofstuk twee** word die aard en omvang van die fenomeen “treitering” beskryf en bespreek. ‘n Deeglike kennis van en insig in die fenomeen “treitering” is onontbeerlik voordat daar met die onderwysregstudie ten opsigte van die regsimplikasies van treitering begin kan word. Kennis van die fenomeen is noodsaaklik ten opsigte van alle fases van die studie en vorm die kern van die navorsing. Hierdie hoofstuk bied dus die antwoord op die eerste kritiese vraag naamlik: “Hoe manifesteer die onderskeie elemente van die fenomeen treitering?” Die hoofstuk vorm deel van die konseptuele raamwerk wat die kernkonsepte van die navorsing verbind – sien 1.6.

In **hoofstuk drie** word die regsreëls, wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig en beheer, beskryf en aangebied in die vorm van ‘n regsraamwerk. Daar kan slegs sprake wees van regsimplikasies van ‘n aangeleentheid as daar regsreëls is wat die aangeleentheid beheer en rig. Hoofstuk drie bied dus die antwoord op die tweede kritiese vraag of navorsingsvraag naamlik: Watter regsreëls rig en beheer die bestuur en hantering van treitering as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole? Die regsraamwerk is deel van die konseptuele raamwerk wat die konsepte “treitering”, “regsraamwerk” en “regsimplikasies” verbind – sien 1.6 – en vorm saam met hoofstuk twee die basis vir die navorsing.

**Hoofstuk vier:** Om die regsimplikasies van genoemde regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg te bepaal, beteken dat die regsreëls binne die konteks van “treitering” as fenomeen geïnterpreteer moet word deur respondente tydens semi-gestruktureerde onderhoude. Die getranskribeerde “rou” data wat ingesamel word deur middel van die onderhoudsvoering word deur middel van globale analise geanaliseer. Die geanaliseerde data word in hoofstuk vier aangebied.

In **hoofstuk vyf** word die regsimplikasies van treitering vir die onderwysbestuur en onderwysreg beskryf. Hierdie hoofstuk bied dus die antwoord op die derde navorsingsvraag naamlik: Wat is die regsimplikasies van hierdie regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg? (Die regsimplikasies vir die onderwysbestuur sal hoofsaaklik fokus op optrede en maatreëls wat in plek gestel moet word om treitering doeltreffend te hanteer



en te bestuur. Implikasies vir die onderwysreg fokus op die toevoeging van nuwe juridiese kennis). Hierdie beskrywing word hoofsaaklik gegrond op die respondente se response, maar is 'n kulminasie van die totale navorsing. Die beskrywing word verryk deur die response te verbind aan veelvuldige bronne van informasie. Die gebruik van veelvuldige bronne bied ook aan die navorser die insig en begrip om verdere implikasies te identifiseer en te bespreek wat nie noodwendig deur die respondente aangetoon is nie. Hoofstuk vyf (die regsimplikasies) is die derde kernkonsep van die konseptuele raamwerk – sien 1.6.

**Hoofstuk 5 is die finale hoofstuk in hierdie studie. Aangesien die regsimplikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg ook aanbevelings vir die onderwysbestuur en onderwysreg insluit, bevat hierdie studie nie 'n aparte hoofstuk of afdeling met betrekking tot aanbevelings nie. Leemtes wat verdere navorsing verg word ook in afdeling 5.6 (Afsluiting) van hierdie hoofstuk geïdentifiseer.**

#### 1.7.5 Handhawing van hoë etiese standaard

Volgens Rossman en Rallis (2003 : 63) doen swak etiese standaarde afbreuk aan die integriteit van 'n studie en dus ook afbreuk aan die betroubaarheid (“trustworthiness”) van die studie. In hierdie studie word gebruik gemaak van sewe volwasse respondente tydens die semi-gestruktureerde onderhoud. Deelname is vrywillig. Elke respondent sal twee weke voor die onderhoud 'n dokument ontvang met die volgende inligting: die beskrywing en definisie van die fenomeen “treitering”; beskrywings van die verskillende vorme, gevolge en skade van treitering (wat in hierdie studie geïdentifiseer is) asook die vraelys met die vrae wat aan respondente gevra word. Die respondente weet dus presies wat van hulle verlang word en het die reg om aan te dui of hulle wil voortgaan met die proses of nie. Na globale analise van die getranskribeerde onderhoudsdata, word die teks aan elke respondent voorsien vir wysigings waar die teks nie ooreenstem met hul response nie. Die wysigings, indien enige, word aangebring in die teks en so toegepas in die studie. Die respondente is nie anoniem nie. Hulle is ingelig daarvoor en hulle name asook besonderhede word verstrek aan die einde van die proefskrif waarvoor hulle toestemming gee – hulle name word egter nie gekoppel aan spesifieke response nie. Alhoewel die risiko minimaal is, word die nodige stappe dus geneem om 'n



hoë etiese standaard ten opsigte van die respondente te handhaaf, hulle word volledig ingelig en die proses geskied met hul toestemming.

Soos reeds vermeld, is 'n deeglike kennis van die fenomeen “treitering” onontbeerlik vir hierdie studie en vorm die kern van die navorsing. Treitering, as fenomeen, word hierna in hoofstuk 2 aangebied.



## HOOFSTUK 2

### TREITERING AS FENOMEEN

#### 2.1 INLEIDING

Die *Oxford Dictionary of Law* (2002 : 280) omskryf die begrip “reg” as ‘n “enforceable body of rules that govern any society”. Volgens Bray en Coetzee (2001 : 8) is een van die hoof funksies van onderwysreg om ‘n veilige leeromgewing te verskaf waarbinne leerders kan leer en ontwikkel.

In die lig van bogenoemde kan gesê word dat bepaalde regsreëls ‘n raamwerk bied waarbinne ‘n skool bestuur behoort te word en meer spesifiek met betrekking tot hierdie studie ‘n regsraamwerk verskaf waarbinne leerderveiligheid bestuur behoort te word.

Die opvoeder speel ‘n prominente rol met betrekking tot leerderveiligheid aangesien opvoeders in gevolg hul sorgsaamheidsplig verantwoordelik is vir die fisiese en psigiese veiligheid van leerders wat aan hul sorg toevertrou is. Die sorgsaamheidsplig van die opvoeder word gerig deur die *in loco parentis*-beginsel (Harris *et al.* 1992 : 142; Bray en Coetzee 2001 : 228). (Die konsepte “*in loco parentis*” en “sorgsaamheidsplig” as regsreëls, word volledig bespreek in hoofstuk 3).

Volgens Potgieter (2004 : 1 - 6); Beyer (1997 : 1, 2) asook Beckmann en Russo (2003 : 8) het die situasie, dat die sorgsaamheidsplig van die opvoeder slegs gerig word deur die *in loco parentis*-beginsel, verander. Regsreëls wat deel is van die Handves van Regte, wetgewing en internasionale reg, speel huidig ‘n groot rol om skole (opvoeders) te verplig en te bind om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul sorgsaamheidsplig en om leerderveiligheid doeltreffend te bestuur. Die regsreëls wat openbare skole bind en rig om treitering as faset van leerderveiligheid te hanteer en te bestuur, word in hoofstuk 3 aangebied.

Kennis van die fenomeen “treitering” is onontbeerlik vir die identifisering van die toepaslike regsreëls gedurende die proses van dataversameling asook vir die



beskrywing van die toepaslike regsreëls binne 'n regsraamwerk. Kennis van die fenomeen, tesame met die regsreëls soos vervat in die regsraamwerk, vorm ook die basis vir die samestelling van die vrae tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. Kennis van die fenomeen is ook onontbeerlik ten opsigte van die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk 5. Hierdie noodsaaklike kennis van die fenomeen word in hierdie hoofstuk verskaf en die informasie word ingesamel deur middel van 'n intensiewe literatuurstudie van die betrokke fenomeen.

Treitering onder leerders is nie 'n nuwe verskynsel nie – dit is moontlik dat treitering plaasgevind het in skole sedert die eerste skole gestig is. Navorsing ten opsigte van treitering is so onlangs soos 1978 begin en wel deur Dan Olweus in Noorweë. Aanvanklik het slegs 'n paar navorsers hul navorsing met erns bejeën. Die keerpunt het gekom in 1982 toe drie seuns tussen 11 en 14 jaar selfmoord gepleeg het nadat hulle deur mede-leerders getreiter is. Belangstelling in die fenomeen, asook belangstelling in navorsing van die fenomeen, het hierna uitgebrei na lande soos Europa, Ierland, die Britse Eilande, Japan, Australië, Nieu-Seeland, Kanada en die VSA (Olweus 1994 : 1 – 2; Kaiser en Rasminsky 2003 : 231).

Volgens De Wet (2005a : 44) is daar 'n gebrek aan insig en empatie ten opsigte van die onderwerp by Suid-Afrikaanse opvoeders. Sommige Suid-Afrikaanse opvoeders sien treitering ook nog steeds nie as 'n verskynsel wat veroordeel en afgekeur moet word nie. Volgens Naser et al. (2004a : 28) is weinig navorsing in Suid-Afrika oor die onderwerp gepubliseer. De Wet (2005a : 44) glo die houding van ongevoeligheid teenoor treitering onder Suid-Afrikaanse opvoeders, kan verbind word aan die feit dat onvoldoende navorsing in Suid-Afrika oor die onderwerp gedoen is, veral ook ten opsigte van opvoeders se persepsie met betrekking tot treitering en hul houding ten opsigte van treitering.

**Let wel: die voornaamwoorde “hy”, “sy” en “hom” verwys in hierdie studie terselfdertyd na die manlike geslag sowel as die vroulike geslag in gevalle waar die boelie, die slagoffer en die opvoeder ter sprake is.**



## 2.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP “TREITERING”

Voordat daar in hierdie afdeling gefokus word op die omskrywing van die begrip “treitering”, is dit belangrik om aan te dui waarom “treitering” gebruik word as die Afrikaanse benaming vir die Engelse woord “bullying”. Alhoewel “boeliery” soms in die omgangstaal gebruik word as die Afrikaans vir “bullying”, word die woord “boeliery” nie in Afrikaans erken nie. Ander terme vir “bullying” wat wel in Afrikaans erken word, naamlik “afknouery” en “bullebakkerij”, se betekeniswaarde fokus op die fisiese. Daar is dus besluit op die term “treitering” wat nie slegs fokus op die fisiese aspek nie, maar meer soepel en omvattend is en ook ander vorme van treitering soos byvoorbeeld psigologiese treitering, verbale treitering, sosiale treitering, verhoudingsgerigte treitering en kubertreitering (wat nie fisies van aard is nie) beter kan akkommodeer. Die feit dat treitering eintlik herhalende teistering en misbruik is (sien afdeling 2.3.2), kom ook baie goed na vore in die betekeniswaarde van “treitering”. Die term “viktimisering” is ook nie geskik vir gebruik as die Afrikaanse term vir “bullying” nie. University of Oxford (2004 : 2) omskryf “viktimisering” as volg:

Victimization occurs specifically when a person is treated less favourably because he/she has asserted his/her rights under this guidance, either in making a complaint or in assisting a complainant in an investigation.

In die lig van University of Oxford se omskrywing van “viktimisering”, die verskillende vorme van treitering wat voorkom, asook die feit dat treitering gewoonlik gemotiveer word deur ‘n ongelykheid in mag wat gebaseer kan wees op ‘n verskeidenheid van eienskappe aan die kant van die slagoffer, is viktimisering met sy beperkte betekeniswaarde nie oorweeg as die Afrikaanse ekwivalent vir “bullying” nie.

In die volgende aanhaling uit Smith en Sharp (1994 : 1) is ‘n 28-jarige vrou aan die woord. Sy vertel hoe sy op skool getreiter is. Hierdie vertelling is ‘n baie goeie voorbeeld van hoe die fenomeen “treitering” in die praktyk (skoolsituasie en daarna) kan figureer:

They were older than me, they took a dislike to me ... various things happened .... they would take my cardigan and kick it around as a football, and they would kick me out of the way and carry on ... one boy pulled my hair so hard that some

came out, he dropped it in front of me ... I was pushed off the climbing frame, I didn't realize I had concussion but that's what it was ... I remember feeling very alone – no-one would help me ... I dreaded going to school. I'm quite insecure, even now .... I won't believe that people like me.

Alhoewel die intensiteit van die treitering nie in alle gevalle so intens is as wat die jong vrou in haar kinderjare ervaar het nie, kan die treitering ook veel ernstiger afmetings aanneem soos blyk uit die volgende aangepaste koerantberig (Olweus 1994 : 8):

Schoolboy Philip C was driven to his death by playground bullying. He hanged himself after being constantly threatened, pushed around and humiliated by three of his classmates. Finally, when the shy 16-year old's examination notes were stolen days before he was due to sit an important exam, he could take no more. Frightened to tell his parents, Philip chose to die. When he came home from school, he hanged himself by a rope from his bedroom door.

Daar bestaan geen standaarddefinisie of eenvormige definisie ten opsigte van die fenomeen "treitering" nie. Die literatuur met betrekking tot treitering bevat verskillende definisies van verskillende navorsers en verskillende skrywers. Die definisies kom grootliks met mekaar ooreen – die verskille het grotendeels te doen met die stelwyses, volledigheid, omvattendheid en die doel met die definisie. Daar sal volstaan word met die volgende drie definisies as 'n vertrekpunt vir die omskrywing en bespreking van die begrip "treitering":

Dan Olweus, baanbreker met betrekking tot navorsing oor treitering, definieer die fenomeen as volg (Olweus 1994 : 9):

A student is being bullied or victimized when he or she is exposed, repeatedly and over time, to negative actions on the part of one or more other students.

Die volgende funksionele en verduidelikende definisie is voorgelees aan deelnemers wat 'n vraelys oor treitering moes voltooi (Eslea en Smith 1994a : 2):

We say that a child (young person) is being bullied or picked on, when another child or a group of children say nasty things or unpleasant things to him or her. It is also bullying when a child is hit, kicked, threatened, locked inside a room, sent nasty notes, or when no-one ever talks to them and things like that. These things can happen frequently and it is difficult for the child being bullied to defend himself or herself. It is also bullying when a child is teased repeatedly in a nasty way. But it is not bullying when two children of about the same strength have the odd fight or quarrel.

Die volgende is 'n regsdefinisie van treitering van die staat Connecticut in die VSA (Ferrell-Smith : 2004 : 10):

Bullying: overt acts by a student or group of students directed against another student with the intent to ridicule, humiliate or intimidate the other student while on school grounds or at a school sponsored activity, repeated against the same student over time.

Olweus (1994 : 9) verduidelik die term “negatiewe optrede” in sy definisie as volg: Negatiewe optrede is aanwesig wanneer iemand deur 'n ander persoon se optrede beseer word of ongemak verduur. Negatiewe optrede is ook aanwesig wanneer daar 'n poging aangewend word om iemand te beseer of ongemak aan te doen. Negatiewe optrede kan ook, behalwe dat dit fisies of verbaal uitgevoer word, die vorm aanneem van byvoorbeeld gesigtrek, onweloweglike gebare, en om iemand opsetlik uit te sluit van 'n groep.

Olweus (1994 : 9) lig sy definisie verder toe deur klem te lê op die volgende belangrike aspekte: Die negatiewe optrede geskied herhaaldelik oor 'n tydperk; treitering (negatiewe optrede) kan uitgevoer word deur 'n individu of deur 'n groep; die teiken van treitering kan of 'n individu of 'n groep wees; om negatiewe optrede as treitering te beskryf, moet daar 'n ongelykheid in mag wees – die leerder wat blootgestel word aan die negatiewe optrede het probleme om homself te verdedig en kan hulpeloos wees as gevolg van die negatiewe optrede; daar kan ook onderskei word tussen direkte treitering (byvoorbeeld deur die slagoffer te skop) en indirekte treitering wat relatief onopsigtelik is (byvoorbeeld doelbewuste uitsluiting of ignorering ). Alhoewel in hierdie



studie gefokus word op die treitering deur 'n boelie ( enkelvoud ), kan boelies ook soms in 'n groep opereer. In die literatuur word die term “mobbing” gebruik vir boelies wat in 'n groep opereer ( Hazler 1996 : 6 ). “Mobbing” moet weer onderskei word van treitering as groepsproses waar die boelie bygestaan kan word deur assistente, aanhitters en buitestaanders – sien bespreking van treitering as groepsproses op bladsy 36.

Die tweede definisie bevat ook al die elemente wat voorkom in Olweus se definisie en die toeligting met betrekking tot sy definisie naamlik: die negatiewe optredes in die tweede definisie word spesifiek vermeld weens die aard van en doel met die definisie, sommige is direk van aard en ander indirek – sommige van die negatiewe optredes wat vermeld word, word verbaal uitgevoer en ander nie-verbaal; daar word ook melding gemaak dat die negatiewe optrede uitgevoer kan word deur 'n individu of groep; die belangrikheid van die ongelykheid in mag asook die feit dat die negatiewe optrede herhaaldelik en oor 'n tydperk geskied, word ook beklemtoon.

Regsdefinisies van treitering is noodsaaklik. Voordat wetgewers wette met betrekking tot treitering kan opstel en goedkeur, is dit noodsaaklik om eerstens die gedrag wat verbied moet word te definieer. Die belangrikste faset van 'n regsdefinisie is om te besluit oor die vlak van, en tipe skade of nadeel wat die gedrag moet veroorsaak om geklassifiseer te word as treiteringgedrag of treitering. Dit is 'n moeilike taak wat veral deur die volgende faktore bemoeilik word:

- Verskillende omstandighede met betrekking tot elke verskillende insident.
- Skole verskil ten opsigte van hul verwagtinge met betrekking tot leerdergedrag.
- Die oogmerk met en die motivering agter die treiteringgedrag.
- Die graad van treitering wat moeiliker is om te meet as fisiese besering nie teenwoordig is nie.
- Die hulpbronne beskikbaar om die probleem te hanteer (Ferrell-Smith 2004 : 4).



In die voorbeeld van die regsdefinisie van die staat Connecticut moet die treiteringgedrag die slagoffer bespotlik maak, verneder of intimideer om aan die regskriteria van treitering te voldoen. Wetgewing behoort ook spesifiek te wees ten opsigte van die plekke waar treitering plaasvind wat deur die wetgewing gedek word. Die regsdefinisie van Connecticut, en so ook die meeste ander regsdefinisies, meld die skoolterrein en aktiwiteite wat deur die skool gereël word as plekke wat deur wetgewing gedek word. Enkele ander regsdefinisies meld ook skoolbusse, busstoppe en aktiwiteite wat deur die skool gesanksioneer is (Ferrell-Smith 2004 : 4, 5; Oklahoma Statutes 2002 : 3).

Limber en Small (2003 : 446 - 448) spreek die volgende kritiek uit ten opsigte van regsdefinisies van treitering:

- Die groot verskille tussen regsdefinisies veral met betrekking tot die tipe gedragswyses wat as treitering geklassifiseer word (die tipe skade of nadeel wat die gedrag moet veroorsaak om geklassifiseer te word as treitering).
- Sommige wetgewing definieer nie die begrip “treitering” nie en laat dit aan onderwysdepartemente of skole oor om self te bepaal wat “treitering” in ‘n regskonteks beteken.
- Die geneigdheid om “treitering”, “intimidasie” en “teistering” as sinoniem te beskou – wetgewing oor “intimidasie” en “teistering” bepaal in baie gevalle dat die “intimidasie” en “teistering” gemotiveer moet word deur ras, kleur, nasionale herkoms, geslag en gestremdheid. Alhoewel treitering (“bullying”) volgens die University of Oxford ( 2004 : 1) as ‘n vorm van teistering beskou kan word, kan treitering nie gebaseer word op slegs spesifieke faktore soos ras, kleur, nasionaliteit, geslag en gestremdheid nie. Deur die term “treitering” bloot deel te maak van ‘n definisie / wetgewing oor “intimidasie” en “teistering” beteken dat die eie aard van “treitering” aangetas word, want die boelie word nie slegs (en eintlik selde) deur bogenoemde, spesifieke eienskappe van die slagoffer gemotiveer nie. Hierdie beperkinge kan dus nie vir treitering geld nie. Treitering word gewoonlik gemotiveer deur ‘n ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer wat gebaseer kan wees op ‘n verskeidenheid van eienskappe aan die kant van die slagoffer wat die slagoffer hulpeloos en kwesbaar maak. Hierdie

aspek word volledig bespreek in afdeling 2.3.3. Sien ook die verskillende vorme van treitering wat bespreek word in afdeling 2.4.

- Regsdefinisies verskil soms ook grootliks van die algemeen aanvaarde definisies wat gebruik word deur die navorsingsgemeenskap met betrekking tot treitering.

Alhoewel die samestelling van 'n regsdefinisie vir onderwyswetgewing 'n moeilike taak is wat deur verskeie faktore bemoeilik word, sal dit wetgewers wat regsdefinisies saamstel, baat om die definisie te baseer op die navorsing met betrekking tot treitering wat hoofsaaklik deur die sielkunde-navorsingsgemeenskap en die opvoedkunde-navorsingsgemeenskap gedoen is. Die motivering vir hierdie aanbeveling het hoofsaaklik te doen met die volgende aspekte:

- Die definisie sal hoofsaaklik geïmplementeer word deur skole (opvoeders) en deur houe indien sodanige saak die hof bereik. Indien die definisie op opvoedkunde-navorsing (en ook sielkunde-navorsing) gebaseer is, sal die definisie duideliker spreek tot die skool en opvoeders en die skoolsituasie (skoolkonteks) in ag neem. Die houe wat ook hierdie definisie in geval van litigasie moet implementeer, sal die omringende omstandighede van die insident beter kan implementeer (in ag neem), want die definisie op sigself is nie verwyderd van die skoolkonteks nie.
- Die regsdefinisie sal kennis neem van die belangrike elemente van treiteringgedrag en sal sodoende ook die uniekheid van treiteringgedrag in ag neem en dit nie skaad nie.

Gegrand op die twee voorafgaande aspekte, behoort 'n regsdefinisie aan die volgende vereistes te voldoen:

- Sekere kernelemente van treiteringgedrag moet in die definisie duidelik na vore kom naamlik: opsetlike en skadelike gedrag; herhalende treitering en misbruik; misbruik van ongelykheid in mag.



- Tipes gedragswyses wat as treitering kan kwalifiseer, moet vermeld word. Hierdie navorsing kan in die verband 'n belangrike bydrae lewer. Dit is egter onmoontlik om al die moontlike gedragswyses te dek. So 'n uitgebreide lys van gedragswyses kan die taak van die opvoeder en die howe baie vergemaklik. Gebrek aan genoegsame inligting ten opsigte van gedragswyses wat as treitering kwalifiseer, is juis een van die grootste punte van kritiek teen regsdefinisies. So 'n lys van gedragswyses sal ook lei tot groter eenvormigheid.
- 'n Regsdefinisie van treiteringgedrag mag nooit deel vorm van 'n definisie van intimidasie en teistering nie. Definisies ten opsigte van intimidasie en teistering koppel intimidasie en teistering gewoonlik aan faktore soos ras, kleur, nasionaliteit, geslag en gestremdheid. Die uniekheid van treitering daarenteen sal geskaad word indien treitering slegs aan hierdie eienskappe gekoppel word. Sien Limber en Small (2003 : 446 - 448 ) se siening hieromtrent hierbo.
- Alle plekke waar die treiteringwetgewing geld, moet pertinent in die regsdefinisie vermeld word soos byvoorbeeld die skoolterrein, skoolgesanksioneerde byeenkomste wat ook buite die skoolterrein plaasvind, busstoppe, skolierpatrolliepunte asook skoolbusse. Wat die skoolterrein betref, behoort die regsdefinisie ook te verwys na die tye van die skooldag (begin en einde van die skooldag) wat deur die skool vasgestel moet word en duidelik aan ouers en leerders gekommunikeer moet word.

Weens die uniekheid van treitering is dit nie moontlik om 'n volmaakte definisie saam te stel nie. 'n Definisie wat aan bogenoemde eienskappe voldoen en meer spesifiek en eenvormig is, sal die taak van skole en die howe baie vergemaklik. Howe sal egter nog steeds die feite van individuele sake in ag moet neem om tot 'n beslissing te kom.

Die belangrikste (kritieke) fasette van klassieke treiteringgedrag is: die gedrag is daarop ingestel om skade of nadeel te veroorsaak; die gedrag is herhalend; die ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer. Dit is veral die kombinasie van hierdie drie fasette wat treitering onderskei van ander verwante gewelddadige gedrag en wat soms lei tot baie ernstige nagevolge (De Wet 2005a : 45; Olweus 1994 : 9; Gootman 2001 : 180).



Neser et al. (2003 : 129) sluit aan by bogenoemde navorsers en meld die volgende faktore as tipies van 'n treiteringsituasie: die ingesteldheid om skade te veroorsaak; die intensiteit van die optrede en die herhaling van die optrede oor 'n tydperk; die ongelykheid in mag; die kwesbaarheid van die slagoffer; die gebrek aan ondersteuning vir die slagoffer; die ernstige nagevolge.

Navorsers soos Sutton en Smith (1999 : 97 - 111) en Salmivalli et al. (1996 : 1 - 15) sê dit is belangrik om treitering te bestudeer as 'n groepsproses. Hulle beweeg weg van die benadering waar gefokus word op slegs twee partye (die boelie en die slagoffer) na 'n benadering waar treitering bestudeer word as 'n groepsproses. Hulle identifiseer ook ander deelnemers, wat behalwe die boelie en die slagoffer, ook deel is van die treiteringsproses naamlik: assistente wat die boelie help; aanhitters wat die treitering versterk deur toe te kyk, te lag en aan te moedig; die buitestaanders wat nie betrokke is nie, maar wie se stilswye vertolk kan word as goedkeuring en die beskermers wat die slagoffer help, hulp ontbied, die boelie vra om op te hou en die slagoffer selfs troos. Hulle gaan van die standpunt uit dat gemelde deelnemers aanwesig is tydens die meeste insidente van treitering in die skoolopset en hulle rolle moet dus ook in aanmerking geneem word.

In die gedeelte hierna (2.3) word die belangrikste fasette in die omskrywing of definiëring van die fenomeen treitering vermeld, bespreek en beskryf.

## 2.3 KENMERKE VAN TREITERINGGEDRAG

### 2.3.1 Opsetlike en skadelike gedrag

Die negatiewe optrede (handeling) van die boelie kan beskryf word as 'n handeling waar die boelie 'n slagoffer doelbewus (opsetlik) skade (nadeel) toedien of 'n poging daartoe aanwend (Oosthuizen en De Wet 2004 : 74; Olweus 1994 : 9; Kaiser en Rasminsky 2003 : 231 - 232; De Wet 2005a : 45; Gootman 2001 : 180). Die feit dat die boelie daarop ingestel is om doelbewus (opsetlik) skade of nadeel te veroorsaak, word ook deur die meeste navorsers as een van die belangrikste (kritieke) elemente van treitering beskou (sien 2.2). Verskeie regsdefinisies meld ook pertinent dat die skade opsetlik veroorsaak moet word voordat die optrede of handeling as treitering kan kwalifiseer

(Ferrell-Smith 2004 : 4 - 5). Vergelyk ook die regsdefinisie van die staat Connecticut soos bespreek onder 2.2.

Lawson (1994 : 9) beskou ook treiteringgedrag as opsetlike gedrag, maar sê dat daar uitsonderings is, spesifiek waar jong kinders betrokke is, waar die “boelie” se gedrag nie doelbewus (opsetlik) gerig is om die slagoffer skade aan te doen nie. Hierdie jong kinders het dikwels geen begrip dat hul tergerey of koggeling ernstige skade met betrekking tot die slagoffer kan veroorsaak nie. Alhoewel hierdie handeling van die “boelie” dus nie as opsetlik beskryf kan word nie en dus nie treitering in die ware gedaante is nie, word dit wel deur die slagoffer as treitering ervaar.

Daar word in hierdie studie onderskei tussen die faktore wat die verskillende tipes boelies motiveer (“factors that make bullies tick”) om daartoe oor te gaan om ‘n slagoffer opsetlik te treiter en die faktore, omstandighede en milieu wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word dit wil sê faktore, omstandighede en milieu wat boelies kweek. Eersgenoemde word bespreek as deel van die afdeling wat handel oor boelies (2.5.1) en laasgenoemde onder afdeling 2.6 alhoewel daar ten opsigte van die individuele eienskappe van die boelie soms oorvleueling kan wees.

Treiteringgedrag is skadelike of nadelige gedrag. Die volgende is enkele voorbeelde van hoe navorsers oor treitering, die skadelike of nadelige uitwerking van treitering op die slagoffers kripties beskryf:

- Bullying will never go away completely, but by condemning bullying behaviour and acting to stop it, we can prevent thousands of children suffering (Elliot 2002 : 10).
- Helen Krige, ‘n opvoedkundige sielkundige, stel dit as volg: “die motief van ‘n boelie is om sy slagoffer soveel pyn en emosionele leed as moontlik aan te doen (Greeff 2005a : 1).
- It is clear that bullying can blight the life of many pupils who experience it, while those pupils who get away with bullying others, are learning values at odds with any proper preparation for citizenship (Smith en Sharp 1994 : xi).

Die belangrikste vorme (wyses) waarop die boelie die opsetlike skadelike en nadelige gedrag op die slagoffer uitoefen is: fisiese treitering; verbale treitering; sosiale treitering; emosionele (psigologiese) treitering; seksuele treitering; rasgedrewe treitering en kuber-treitering. (Hierdie vorme van treitering word volledig bespreek onder afdeling 2.4).

Daar kan onderskei word tussen die nadelige en skadelike uitwerking van treitering op die slagoffer, gedurende en onmiddellik na die insident, asook die langtermyngevolge waarvan sommige vir die res van 'n persoon se lewe 'n nadelige uitwerking kan hê (Kaiser en Rasminsky 2003 : 236). Laasgenoemde word bespreek onder afdeling 2.8 wat handel oor die gevolge van treitering.

Die uitwerking of gevolge van treitering op die slagoffer, gedurende en onmiddellik na die treiteringinsident, kan die volgende insluit: fisiese beserings en gevoelens soos vrees, onderdrukking, intimidasie, onderworpenheid, vernedering, hulpeloosheid, verwerping, ongelukkigheid, angstigheid, bedreig voel, kwaad wees, hartseer, ellendig voel, voel nie goed oor hulself nie, wraaksugtigheid, gespanne en bang (Neser *et al.* 2004b : 5; Roland 2002 : 56; CSAP 2004 : 2; Smith en Sharp 1994 : 7; Krige *et al.* 2000 : 1; Kaiser en Rasminsky 2003 : 236). Volgens PDK (2000 : 1) kan bogenoemde gevoelens en reaksies ernstige langtermyngevolge hê indien dit nie behandel word nie (sien 2.8).

### 2.3.2 Herhalende treitering en misbruik

Verreweg die meeste definisies wat in die literatuur oor treitering voorkom, meld dat treiteringgedrag herhalend van aard is en ook oor 'n tydperk geskied (Olweus 1994 : 9; Eslea en Smith 1994a : 2; Ferrell-Smith 2004 : 10; Anti-Bullying Policy 2002 : 1; Smith en Sharp 1994 : 2; Boulton en Underwood 1992 : 73; Sampson 2003 : 2; Neser *et al.* 2004a : 28; Bully B'ware – more information about bullying 2005 : 2; Hazler 1996 : 6; Hepburn en Roher 2004 : 447; Krige *et al.* 2000 : 2; Kaiser en Rasminsky 2003 : 231 - 232; De Wet 2005a : 45; Squelch 1998 : 4).

Verskeie navorsers meld ook die herhalende aard van treitering as een van die kenmerkende eienskappe (sleutelkomponente) van treiteringgedrag. Die ander sleutelkomponente wat uitgesonder word, is: die boelie is daarop ingestel om opsetlike skade te veroorsaak; die ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer; die slagoffer

verwek nie die boelie willekeurig tot negatiewe optrede nie (Smith en Sharp 1994 : 2; Boulton en Underwood 1992 : 73; Ferrell-Smith 2004 : 1; Kaiser en Rasminsky 2003 : 231 - 232; De Wet 2005a : 45; Squelch 1998 : 4).

Hepburn en Roher (2004 : 447) beskou juis die herhalende en sistematiese aard van die treiteringgedrag as die faktor wat die dominansie van die boelie in die verhouding tussen die boelie en die slagoffer vestig en wat daartoe lei dat die slagoffer geleidelik al hoe meer gevoelens van ongelukkigheid, angs, vrees en magteloosheid ervaar. Hazler (1996 : 7) deel Hepburn en Roher se siening en sê dat een of twee insidente nie dieselfde negatiewe impak het as herhalende treitering nie. Hazler meld dan ook pertinent in sy definisie dat die treitering herhalend en oor 'n tydperk moet geskied om as treitering te kwalifiseer.

Die herhalende treitering oor 'n tydperk, die doel van die boelie om opsetlik skade te veroorsaak asook die ongelykheid in mag, tussen die boelie en die slagoffer, is die sleutelkomponente van treitering wat treitering uniek maak en treitering onderskei van normale kindertergery en minder ernstige negatiewe gedrag wat nou en dan voorkom en wat gemik is teen 'n leerder per geleentheid en teen 'n ander leerder tydens 'n ander geleentheid (Gootman 2001 : 180; Olweus 1994 : 9).

Olweus (1994 : 9); What is bullying? (2004 : 1, 2); Bully B'ware – more information about bullying (2005 : 2) bied 'n oplossing vir die probleem of treitering herhalend van aard moet wees om as treitering te kwalifiseer. Treitering in sy ware vorm (tipiese treitering) is herhalend van aard en die negatiewe optrede van die boelie geskied oor 'n tydperk teenoor dieselfde slagoffer. In uitsonderlike gevalle kan een of twee insidente van ernstige teistering ook as treitering kwalifiseer waar die ander tipiese elemente (eenskappe) van treiteringgedrag en die treiteringsituasie ook aanwesig is. Treitering wat dus nie herhalend oor 'n tydperk voorkom nie is dus nie tipiese, klassieke treitering of treitering in die ware vorm nie, maar kan as gevolg van die situasie wel as treitering beskou word.

### **2.3.3 Misbruik van die ongelykheid in mag**

Soos reeds gemeld in afdeling 2.2 en afdeling 2.3.2 is die ongelykheid in mag tussen die



boelie en die slagoffer een van die kritieke fasette (sleutelkomponente of tipiese eienskappe) van treiteringgedrag. Beide Smit (2003 : 81) en Olweus (1994 : 10) beskou hierdie element van treiteringgedrag as onontbeerlik en sê dat daar nie sprake van treiteringgedrag kan wees indien daar nie 'n ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer bestaan nie. Smith en Sharp (1994 : 2) en Landman (2005 : 1) beskryf treitering as 'n sistematiese misbruik van mag en Hepburn en Roher (2004 : 447) as 'n handhawing van mag deur middel van aggressie.

Die ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer word geskep, of is die gevolg van eienskappe aan die kant van die boelie asook aan die kant van die slagoffer. Voorbeelde van eienskappe aan die kant van die boelie wat kan lei tot die ongelykheid in mag is: die boelie is sterker (fisies en psigologies); is ouer; is groter; het 'n sterker persoonlikheid; is manipulerend, dominerend en intimiderend; is deel van 'n groep; beskik oor baie selfvertroue; het nie simpatie vir ander se gevoelens nie; beskik oor goeie verbale vaardighede (McCarthy en Carr 2002 : 207; Hazler 1996 : 10; Nesor et al. 2003 : 129; Krige et al. 2000 : 9; Lawson 1994 : 10, 19; CELP 2002 : 2; Kaiser en Rasminsky 2003 : 232). Die volgende is voorbeelde van persoonlike eienskappe, aan die kant van die slagoffer, wat kan lei tot hierdie ongelykheid in mag: fisies swakker en kleiner; lae selfbeeld en min selfvertroue; gebrekkige sosiale vaardighede; gebrekkige selfhandhawing; alleen en uitgesluit van die portuurgroep; sensitief; angstig; skaam; onseker; bang om seer te kry; sukkel om aggressiewe gedrag teenoor hom te hanteer (CELP 2002 : 2, 4; Krige et al. 2000 : 9; Nesor et al. 2003 : 129; McCarthy en Carr 2002 : 207; Smith en Sharp 1994 : 5).

Bogenoemde eienskappe aan die kant van die boelie en aan die kant van die slagoffer skep 'n verhouding van ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer waar die boelie in beheer is en oor die mag beskik. Die slagoffer is kwesbaar en hulpeloos en kan homself nie verdedig nie (Nesor et al. 2003 : 127). Die boelie misbruik dus die mag waaroor hy beskik in die ongelyke situasie asook die kwesbaarheid en hulpeloosheid aan die kant van die slagoffer, om sy treitering en misbruik van die slagoffer van stapel te stuur.

Dit is nie slegs wetgewers wat by die samestelling van regsdefinisies kennis moet neem van bogenoemde drie kenmerkende eienskappe van treiteringgedrag nie, maar ook



opvoeders en onderwysbestuurders, want dit is juis in hierdie drie sleutelkomponente van treiteringgedrag waar die skade (veral psigologiese skade) opgesluit is en wat die uniekheid van treitering daarstel. Psigologiese skade word in die navorsing geïdentifiseer as die ernstigste vorm van skade wat deur treitering veroorsaak word. Psigologiese skade word op verskillende wyses veroorsaak (sien 2.4 hierna), maar navorsers glo dat die herhalende misbruik van ongelykheid in mag om opsetlike skade te veroorsaak die aftakelende faktor is wat lei tot psigologiese skade. Wat die drie sleutelkomponente betref, behoort daar tydens onderwysersopleiding – ten opsigte van treitering – baie aandag daaraan bestee te word, spesifiek wat die identifisering en herkenning van treiteringgedrag betref.

## 2.4 VORME VAN TREITERING

Die verskillende vorme (wyses) waarvolgens die boelie die skadelike (nadelige) gedrag op die slagoffer uitoefen, is reeds vermeld onder afdeling 2.3.1 waar treitering beskryf word as “opsetlike skadelike gedrag”. Hierdie vorme behels fisiese treitering, verbale treitering, sosiale treitering, emosionele of psigologiese treitering, seksuele treitering, rasgedrewe treitering, kubertreitering, verhoudingsgerigte treitering. Hierdie verskillende wyses (metodes) wat die boelie kan gebruik om sy slagoffer te teister, word hierna kortliks bespreek.

As vertrekpunt vir die bespreking is dit belangrik om te onderskei tussen direkte treitering en indirekte treitering. Die vorme (wyses, metodes) waarvolgens treitering geskied, kan eerstens in twee hoofkategorieë verdeel word naamlik direkte treitering en indirekte treitering. Direkte treitering kan omskryf word as treitering wat openlik geskied – die boelie is dus aan die slagoffer bekend. Hierteenoor is indirekte treitering ‘n vorm van treitering wat meer subtiel geskied. Verbale, sosiale en psigologiese treitering kan direk of indirek uitgeoefen word. Voorbeelde van direkte treitering is: fisieke aggressie, kwetsende woorde en vernederende kyke en tekens. Voorbeelde van indirekte treitering is: ignorering, isolasie, verspreiding van skinderstories en weiering van iemand se versoeke (Olweus 1994 : 10; Kaiser en Rasminsky 2003 : 232; Lawson 1994 : 13). Alhoewel dit nie altyd die geval is nie, is seuns meer ingestel op direkte treitering en dogters op indirekte treitering (Lawson 1994 : 13, 14; CELP 2002 : 2; Kidshealth 2004 : 2). Studies wat in Brittanje, Kanada, Amerika en Australië gedoen is, toon dat direkte

treitering meer dikwels op die speelterrein of skoolterrein voorkom en indirekte treitering meer dikwels in die klaskamer (Rassool 2002 : 2).

#### 2.4.1 Fisiese treitering

Fisiese treitering kan onder andere die volgende insluit: skop; stamp; wurg; klap; slaan met die vuus; knyp; byt; krap; hare trek; oormatig kielie; die slagoffer te pootjie; die slagoffer se eiendom af te vat of te beskadig; die slagoffer se broek af te trek; spoeg; op iemand urineer; die slagoffer se kop in die toilet druk; iemand teen sy sin soen; die slagoffer te dreig met fisiese leed; afdreiging met 'n wapen; die slagoffer aan te rand asook manslag (Krige et al. 2000 : 2; Naser et al. 2004a : 28; Squelch 1998 : 4; Rassool 2002 : 2; Elliot 2002 : 2; Kidshealth 2004 : 2; Sharp en Smith 1994 : 1; O'Moore et al. 1997 : 152). Uit bogenoemde voorbeelde van fisiese treitering kan gesien word dat fisiese treitering soms minder ernstig van aard kan wees, maar ook soms ernstig van aard kan wees en in sommige gevalle selfs kan lei tot die dood van die slagoffer.

Die tradisionele treiteringmodel was gesentreer om die manlike boelie en treitering is gesien as tipiese manlike gedrag. Verdere navorsing het egter getoon dat dogters net so venynig kan treiter as seuns, soms selfs meer venynig (Ferrell-Smith 2004 : 1). Sommige navorsing toon wel dat seuns meer geneig is tot fisiese treitering en dat dogters meer gebruik maak van subtieler metodes – indirekte metodes soos byvoorbeeld uitsluiting, SMS-boodskappe en skinderveldtogte (Lawson 1994 : 13, 14; CELP 2002 : 2; Kidshealth 2004 : 2; Stiehler 2002 : 7). Stiehler (2002 : 7) toon aan dat fisiese treitering deesdae aan die toeneem is by dogters. Dogters raak deesdae al hoe meer aggressief en behalwe dat hulle mekaar in erge vloektaal uitskel en mekaar lelik beswadder, trek dogterboelies hul slagoffers se hare en slaan hulle mekaar met die plathand deur die gesig. Hierdie siening van Stiehler word bevestig deur navorsing van Eslea en Smith (1994b : 112) wat toon dat daar nie 'n beduidende verskil is tussen die frekwensie van fisiese treitering by seuns en dogters nie.

Volgens Elliot (2002 : 3) is die toeneem van fisiese treitering by meisies te wyte aan faktore soos:

- Onverantwoordelike ouerskap.

- Meer gewelddadige vroulike rolmodelle in die media.
- Dogters glo aggressie verhoog hulle status.
- Dogters glo hulle moet aggressief wees om hulle self te laat geld (“assertiveness”).

Navorsing wat aan die Universiteit van Sheffield gedoen is, toon ook dat dogters net so geneig is tot fisiese treitering as seuns, maar dat hulle skamer is as seuns om dit te erken (Elliot 2002 : 3).

Alhoewel fisiese treitering soms ernstig van aard kan wees (manslag en selfs moord) is dit ongesofistikeerd en makliker om waar te neem. Hierteenoor is indirekte treitering meer subtiel, en verborge en dus moeilik om waar te neem en is die ernstige gevolge (sien afdeling 2.8) daarvan in die verlede gruwelik onderskat (Smith en Sharp 1994 : 6).

#### 2.4.2 **Verbale treitering**

Verbale treitering beteken dat boelies woorde gebruik om slagoffers te verneder en skade aan te doen. Verbale treitering is die vorm van treitering wat die maklikste is om toe te dien, dit kan vinnig geskied en die boelie kan deur middel van die korrekte woordkeuse baie spesifiek wees (Bully B'ware – more information about bullying 2005 : 2).

Verbale treitering kan ook beskou word as ‘n vorm van psigologiese treitering teenoor suiwer psigologiese treitering wat geskied sonder om gebruik te maak van fisiese kontak of woorde (CELP 2002 : 2).

Voorbeelde van verbale treitering is: skadelike of nadelige byname gee; verkleinerings; smerige en gemene gerugte te begin en te versprei; aanhoudende en volhoudende tergering; sarkasme; laster; skinder; afdreiging; afpersing; geld en eiendom opeis; verbale dreigemente; iemand aanhoudend spot; koggel; haatspraak; skimp en verwyf; verspreiding van leuens; iemand beledig; iemand koggel; afbrekende en lastige telefoonoproep; belediging van familieledes, geslagte en godsdienste; ‘n sondebok van iemand



maak; smerige briewe ten opsigte van iemand skryf; beledigende opmerkings ten opsigte van iemand se voorkoms; graffiti in toilette en op banke; vernederende notas; iemand vloek; om te lag ten koste van die slagoffer (CELP 2002 : 2; MacIntyre 2002 : 89; Elliot 2002 : 2, 3; Stiehler 2002 : 7; Bully B'ware – more information about bullying 2005 : 2; Krige et al. 2000 : 2; Kidshealth 2004 : 2; O'Moore et al. 1997 : 141; Nesor et al. 2004a : 28; Sofweb 2003 : 1; Stop Bullying Now – Identifying Bullying 2002 : 1; Ferrell-Smith 2004 : 2; Sharp en Smith 1994 : 1; Olweus 1994 : 9; Kaiser en Rasminsky 2003 : 232; Zeelie 2002 : 22, 23).

Woorde kan baie skade doen en vir sommige leerders is dit die ergste vorm van treitering. Verbale treitering soos byname gee en terg, is die algemeenste vorm van treitering en kan selfs meer skadelik wees as fisiese treitering. Wanneer die intensiteit van verbale treitering toeneem, kan dit lei tot fisiese treitering (Krige et al. 2000 : 2; Lawson 1994 : 14). Volgens Lawson (1994 : 11) en Gootman (2001 : 55) kom verbale treitering as vorm van treitering, meer voor by dogters as by seuns. Stiehler (2002 : 7) stem saam en sê dogters treiter meer met hul tonge (sien ook kubertreitering as vorm van treitering hierna).

### 2.4.3 Kubertreitering

Kubertreitering is ook 'n vorm van verbale treitering en is 'n relatief nuwe verskynsel wat saam met die ontwikkeling van die moderne kommunikasietegnologie ontstaan het. Boelies gebruik die e-pos, SMS'e, internetgeselskamers en selfoonkameras om skadelike en nadelige voorstellings en boodskappe ten opsigte van hul slagoffers te versprei en aan hul slagoffers oor te dra. Op dié manier kan boelies hul slagoffers baie wyd, te enige tyd en oombliklik treiter (Kidshealth 2004 : 2). 'n Studie wat in Brisbane (Australië) gedoen is, toon dat 14% van eerstejaar hoërskoolleerlinge deur middel van SMS'e getreiter word. Leerders wat op hierdie manier treiter, glo dat hulle anoniem sal bly en nooit uitgevang sal word nie. Volgens die Australian Mobile Communication Association kan hulle wel opgespoor word. In Australië is dit 'n strafregtelike oortreding om deur middel van 'n selfoon 'n persoon te teister, te dreig of te beledig (Martin 2005 : 29).

Kuberboelies kom hoofsaaklik voor in die ouderdomsgroep vanaf nege jaar tot veertien jaar. Dit is ook die tyd in kinders se lewe wanneer hulle die meeste kwesbaar is met

betrekking tot beledigings. Kubertreitering kan 'n groot rol speel ten opsigte van die verspreiding van angs onder adolessente weens die groot trefwydte en spoed van die internet. Die boelie kan selfs die slagoffer se huis "betree" om sy treiteringgedrag uit te oefen. Kubertreitering en selfoontreitering kom veral voor in vooraanstaande woongebiede weens die groter beskikbaarheid van hierdie tegnologie in veral hierdie woongebiede. Slagoffers vertel dikwels nie hul ouers dat hulle deur middel van die internet getreiter word nie, uit vrees dat hulle ouers hulle sal verbied om die internet te gebruik (Martin 2005 : 29).

Volgens Stiehler (2002 : 7) maak veral dogters gebruik van treitering deur middel van selfone en e-posse. Hulle het meer moed as hulle die selfoon of e-pos gebruik en sê misliker goed. Dit is ook 'n ideale medium om kennis te versprei, te skinder of te dreig.

#### 2.4.4 Psigologiese (emosionele) treitering

Volgens CELP (2002 : 2) (sien ook hierbo die bespreking van verbale treitering) kan verbale treitering beskou word as 'n vorm van psigologiese treitering teenoor suiwer psigologiese treitering waar daar nie gebruik gemaak word van fisiese kontak of woorde nie. Suiwer psigologiese treitering is meer subtiel as fisiese of verbale treitering, maar kan 'n vernietigende uitwerking hê op die slagoffer se selfvertroue, selfrespek en menswaardigheid. Psigologiese treitering geskied gewoonlik deur middel van isolering en uitsluiting van die slagoffer. Slagoffers word met opset uitgesluit van speletjies en sosiale aktiwiteite. Die slagoffer word byvoorbeeld nie na 'n verjaardagpartytjie genooi nie of wanneer groepleiers die slagoffer uitsluit by die kies van spanne vir 'n aktiwiteit. Ander voorbeelde van psigologiese treitering is: om iemand te agtervolg; om iemand 'n vuil kyk te gee; negatiewe gesigsuitdrukkings; weier om gehoor te gee ten opsigte van iemand se redelike versoeke; negatiewe gebare; terrorisering; verwerping; vernedering; taksering van 'n persoon op grond van persoonlike karaktereenskappe soos ras, gestremdheid en etnisiteit; besittings wegsteek of beskadig; 'n gek van iemand maak; intimidering deur na iemand te staar; iemand te domineer; so op te tree dat iemand bang of beangs voel; manipulering van vriendskappe; groepsdruk (Krige et al. 2000 : 2; CELP 2002 : 2; Gootman 2001 : 180, 181; Smit 2003 : 81; Olweus 1994 : 9; Levin-Epstein 2003 : 2; Neser et al. 2004a : 28; Zeelie 2002 : 281; Stewart en Knott 1999 : 116).



#### 2.4.5 Sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering

In die literatuur word sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering ook soms op sigself onderskei as vorme van treitering. Sosiale treitering beskadig of breek die slagoffer se selfbeeld en sosiale status af binne 'n groep, deur middel van die verspreiding van gerugte, vervreemding, ignorering, die slagoffer te verstoot asook sosiale uitsluiting (Sofweb 2003 : 1; Ferrell-Smith 2004 : 1, 2). Ferrell-Smith (2004 : 1, 2) onderskei tussen sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering. Waar sosiale treitering spesifiek gerig is op die beskadiging van die slagoffer se selfbeeld en sosiale status binne die (portuur) groep, is verhoudingsgerigte treitering ("relational bullying") spesifiek gerig op die beskadiging van 'n verhouding, vriendskap of 'n persoon se lidmaatskap van 'n groep. Hierdie fyn onderskeid van Ferrell-Smith word nie altyd in die literatuur oor treitering gemaak nie. Sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering word soms ook in die literatuur as sinonieme hanteer (Neser et al. 2004a : 28; Bully B'Ware – more information about bullying 2005 : 2; Espelage en Swearer 2003 : 371).

Die meeste navorsers en skrywers hanteer sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering meestal as deel van psigologiese treitering en soms ook as deel van verbale treitering. Sien besprekings van psigologiese treitering en verbale treitering hierbo waar verwys word na die wyses waarop psigologiese treitering en verbale treitering plaasvind en wat die volgende insluit: isolering van die slagoffer; uitsluiting van die slagoffer; verwerping van die slagoffer; groepsdruk asook manipulering van vriendskappe en uitsluiting van die slagoffer deur middel van die verspreiding van smerige of negatiewe gerugte ten opsigte van die slagoffer. Kaiser en Rasminsky gebruik weer die terme psigologiese treitering en verhoudingsgerigte treitering as sinonieme in haar kategorisering van die verskillende vorme van treitering (Kaiser en Rasminsky 2003 : 232).

Dogters is meer geneig om gebruik te maak van psigologiese vorme van treitering soos byvoorbeeld om die slagoffer te ignoreer op die speelgrond, die slagoffer uit te sluit wanneer uitnodigings vir oorslaappartytjies uitgedeel word asook die slagoffer uit te sluit van 'n sitplek in die eetsaal. Hierteenoor is seuns nie so subtiel nie en meer geneig tot fisiese vorme van treitering in plaas van psigologiese vorme (Kidshealth 2004 : 2). Volgens CELP (2002 : 2) en Sharp en Smith (1994 : 3, 4) is die feit dat dogters gebruik maak van psigologiese treitering ook die rede waarom dit soms so moeilik is om

treitering by dogters te bespeur, want die psigologiese vorme van treitering is gewoonlik meer indirek van aard. Dit is ook die rede waarom die frekwensie van treitering by dogters in die verlede onderskat is (Smith en Sharp 1994 : 6).

#### 2.4.6 Seksuele treitering

Baie min bronne onderskei seksuele treitering as 'n aparte vorm van treitering. Treitering kan ook manifesteer as seksuele teistering. Volgens Ishmael en Alemoru (2001 : 179) word die definisie van The European Commission's Code of Practice ten opsigte van seksuele teistering baie wyd aanvaar. Seksuele teistering word deur die kommissie beskryf as "unwanted conduct of a sexual nature or other conduct based on sex affecting the dignity of women and men". Wanneer treitering manifesteer as seksuele teistering het die treitering 'n seksuele konnotasie of sluit seksuele aksies in soos: verbale seksuele teistering (byvoorbeeld om die slagoffer 'n "hoer" te noem en seksuele voorstelle te maak); fisiese seksuele teistering (byvoorbeeld om 'n seun se broek af te trek; om 'n seun se onderbroek styf op te trek sodat dit ongemak en pyn veroorsaak; om 'n dogter se borste aan te raak; om 'n dogter se bra-bandjie te laat skiet; teen 'n dogter te skuur; asook seksuele aanranding); visuele seksuele teistering (byvoorbeeld die slagoffer te terg en in die verleentheid te bring deur pornografie te vertoon); seksuele uitstalling en seksuele posisionering (Levin-Epstein 2003 : 2; Nesor et al. 2004a : 28; Krige et al. 2000 : 3; Ferrell-Smith 2004 : 2). Seksuele teistering is vernederend en degraderend vir die slagoffer – dit is 'n verleentheid vir die slagoffer en tas die slagoffer se menswaardigheid ernstig aan (Krige et al. 2000 : 3).

'n Ander faset van seksuele teistering waar die boelie die "andersheid" van die slagoffer uitbuit, is homofobiese treitering. Information for schools about homophobic bullying (2004 : 1 - 2), beskryf homofobiese treitering as volg:

Homophobic bullying can involve physical or mental violence by a group or individual. It is often aimed at someone who has poor defences and who as a result, may be significantly upset. Victims may be male or female. What distinguishes it from other forms of bullying is the language that is used. Words like "queer" and "poof" and "lezzie" have been used abusively for many years.

They have now been joined by words such as “gay” and “lesbian” which were formerly descriptive but which now may be used as general insults.

Homofobiese treitering is gebaseer op die werklike seksuele oriëntasie van die slagoffer of op 'n persepsie van die slagoffer se seksuele oriëntasie. Homofobiese treitering is dus nie slegs gemik op slagoffers wat lesbies, homoseksueel, biseksueel of transvestiete is nie, maar ook op enige seun of dogter wat nie handel of optree in ooreenstemming met dit wat tradisioneel as manlik of vroulik beskou word nie, byvoorbeeld 'n seun wat kunssinnig is of 'n dogter wat nie grimering dra nie. Rigiede “geslagsrolle” is veral tipies van die skoolomgewing. Die treitering geskied gewoonlik verbaal of fisies wat gepaard gaan met vernederende en beledigende beswadding gebaseer op die werklike seksuele oriëntasie van die slagoffer of op 'n persepsie van die seksuele oriëntasie. Seuns en dogters word onderwerp aan homofobiese treitering, maar navorsing toon dat dit meer dikwels onder seuns voorkom veral die wat hul seksualiteit openbaar (Warwick en Douglas 2001 : 3, 7, 10; Ishmael en Alemoru 2001 : 188; Stop Homophobic Bullying in Schools 2004 : 1, 2; Birmingham City Council 2005 : Section 1 : 1).

Die belangrikste aanleidende oorsaak van homofobiese treitering mag vooroordeel teenoor homoseksuele en lesbiese leerders wees, maar soos in ander vorme van treitering speel die boelie se behoefte aan mag of erkenning 'n groot rol. Vrees vir iemand wat anders is of die onsekerheid van die boelie oor sy eie ontwikkelende seksualiteit kan ook tot homofobiese treitering aanleiding gee.

Volgens Birmingham City Council (2005 : Section 1 : 2) word homoseksuele en lesbiese leerders baie geteiken deur boelies. Dit is moontlik die vorm van treitering wat die meeste voorkom. In 'n studie onder homoseksuele en lesbiese leerders het 82% aangedui dat boelies kwetsende en vernederende taalgebruik teenoor hulle gebruik het; 60% het fisiese aggressie ervaar; 40% van hulle het aangedui dat treitering veroorsaak het dat hulle selfmoord oorweeg het gedurende hulle hoërskoolloopbaan. (Sien ook afdeling 2.8.1.2 waar selfmoord en selfmoordgedagtes as gevolg van treitering beskryf word).





#### 2.4.7 Rasgedrewe treitering

Die verband tussen ras en etnisiteit en treitering is kompleks en navorsing oor die onderwerp is uiters karig (Espelage en Swearer 2003 : 372). Slegs enkele bronne in die literatuur verwys na rasgedrewe treitering as 'n vorm van treitering.

Ras is 'n bepalende faktor wat daartoe kan lei dat 'n leerder uitgesonder word en aan treitering onderwerp word. Kleur, nasionaliteit, etniese oorsprong asook godsdienstige oorsprong word soms gelyk gestel aan ras. Die slagoffer kan deur die boelie uitgesonder word weens rassevooroordeel aan die kant van die boelie. In die meeste gevalle is dit nie rassevooroordeel by die boelie wat daartoe lei dat dié spesifieke leerder uitgesonder word nie, maar wel die "andersheid" van die leerder of die feit dat ras slegs 'n gerieflike rede is om die spesifieke leerder te treiter. Dit is gewoonlik 'n leerder van die rassegroep wat in die minderheid is, wat 'n teiken word van rasgedrewe treitering (Lawson 1994 : 26; Birmingham City Council 2005 : Section 5 : 3).

Sedert integrasie by skole in Suid-Afrika plaasgevind het, het rasgedrewe treitering toegeneem in Suid-Afrikaanse skole. Die toename is ook beïnvloed deur die feit dat Suid-Afrikaanse kinders in die algemeen grootgeword het in 'n rasverdeelde samelewing waar mense van verskillende rasse groepe mekaar nie vertrou nie en nie van mekaar hou nie. Stereotipe persepsies ten opsigte van 'n rassegroep, moedig leerders aan om leerders van ander rasse te sien as persone met ongewenste eienskappe en gedrag. Dit lei daartoe dat hierdie leerders uitgesonder word en 'n teiken vir rasgedrewe treitering word (Krige et al. 2000 : 3).

Die wyses waarop rasgedrewe treitering geskied (Krige et al. 2000 : 3; Birmingham City Council 2005 : Section 5 : 3) is die volgende:

- **Fisiese aanranding:** Stampery; fisiese intimidasie; slaan met die vuig; skop en selfs deur gebruik te maak van 'n wapen.
- **Verbale misbruik:** Beledigende taalgebruik; rassistiese grappe; rassistiese aanmerkings en stellings.



- **Uittartende / uitlokkende gedrag:** Ander leerders aanhits om rassisties op te tree, die misbruik van persoonlike eiendom; rassistiese propaganda; rassistiese literatuur skool toe bring; rassistiese graffiti en rassistiese onderskeidingstekens dra.
- **Vervreemding:** Weier om saam te werk met 'n leerder van 'n ander etniese groep; uitsluiting uit die portuurgroep; weier om langs 'n leerder van 'n ander etniese groep te sit, te praat, saam te werk, of hom behulpsaam te wees.

Daar is nie statistiek beskikbaar oor die omvang van rasgedrewe treitering in Suid-Afrika nie, maar volgens Krige et al. (2000 : 3) is dit aksiomaties dat die voorkoms daarvan hoog is as gevolg van Suid-Afrika se unieke verlede en die rasse-integrasie by skole sedert 1994. Soos reeds gemeld, is navorsing ten opsigte van die verband tussen ras en etnisiteit en treitering gebrekkig (Espelage en Swearer 2003 : 372). Enkele studies wat in die VSA en Brittanje gedoen is, toon dat die voorkoms van rasgedrewe treitering in dié lande hoog is (Birmingham City Council 2005 : Section 1 : 2; Lawson 1994 : 26).

In hierdie afdeling het navorser onderskei tussen verskeie vorme van treitering. Oor die algemeen word daar nie in die treiteringliteratuur onderskei tussen soveel vorme van treitering nie. In aansluiting by die vorige afdeling waar daar na psigologiese skade verwys word, is dit belangrik om te meld dat alle vorme van treitering wat hierbo geïdentifiseer is psigologiese skade tot gevolg kan hê, afhangende van die spesifieke optrede van die boelie asook die ernstigheid van sy optrede. Dit is dus nie slegs psigologiese treitering *per se* (sien 2.4.4) en sekere vorme van verbale treitering wat ook as psigologiese treitering beskou kan word (sien 2.4.2) wat tot psigologiese skade kan lei nie. Die emosionele skok en sensuskok wat by alle vorme van treitering teenwoordig kan wees, kan lei tot psigologiese skade. Tweedens is dit belangrik om die verband te sien tussen die verskillende vorme van treitering en die vier tipes skade wat in die navorsing geïdentifiseer word, naamlik: fisiese skade, psigologiese skade, sosiale skade en opvoedkundige skade. Soos reeds gemeld kan alle vorme van treitering lei tot psigologiese skade. So ook kan opvoedkundige skade deur alle vorme van treitering veroorsaak word afhangende van die spesifieke treiteringgedrag en die ernstigheid daarvan. Aan die ander kant weer kan al die vorme van treitering nie lei tot fisiese en sosiale skade nie.

## 2.5 BOELIES, SLAGOFFERS EN OMSTANDERS

'n Stereotipe, rigiede profiel ten opsigte van die boelie en die slagoffer is te simplisties en ooreenvoudig die konsepte "boelie" en "slagoffer" aangesien daar onderskei kan word tussen die profiele van verskillende tipes boelies en slagoffers. Hierdie onderskeiding tussen verskillende tipes boelies en slagoffers het 'n belangrike invloed wanneer 'n skool moet besluit oor 'n intervensiemetode met betrekking tot 'n boelie of 'n slagoffer (Furniss 2000 : 12; Lawson 1994 : 19 - 21).

### 2.5.1 Boelies

In die literatuur word daar onderskei tussen drie tipes (hoofkategorieë) boelies waarvan die profiele radikaal verskil, naamlik die aggressiewe boelie, die angstige boelie en die passiewe boelie. Ander onderskeidings wat getref word ten opsigte van soorte boelies is: die reeksboelie, die kroniese boelie, die tydelike boelie, die boelie-slagoffer, die suiwer boelie, die voorloper ("ring leader"), navolgers, aanhitters, buitestaanders en beskermers (Salmivalli *et al.* 1996 : 1 - 15; Bully B' Ware – more information about bullying 2005 : 3; Lawson 1994 : 19 - 21; Gootman 2001 : 181 - 182; Martin 2005 : 28 - 29; The Serial Bully 2005 : 1 - 26; CELP 2002 : 4; Elliot 2002 : 5 - 6).

#### 2.5.1.1 Die aggressiewe boelie

Die aggressiewe boelie is iemand met selfvertroue, is parmantig en is onsensitief vir die gevoelens van ander persone. Hy het waarskynlik baie vriende en is gewild in sy portuurgroep. Hy hou daarvan om homself te laat geld en om te kry wat hy wil hê. Hy hou nie daarvan om onderhorig te wees aan gesag nie en opvoeders vind dit moeilik om hom te hanteer. Die aggressiewe boelie mag betrokke raak by ander vorme van anti-sosiale gesag soos byvoorbeeld diefstal of vandalisme (Lawson 1994 : 19 -20).

Die gewilde mening dat boelies 'n swak selfbeeld (selfrespek) het en onderliggend onseker van hulself is, geld nie vir die meerderheid van aggressiewe boelies nie. Studies wat deur Olweus gedoen is, toon eerder dat hulle uitermate min of normale angs en onsekerheid ervaar. Dit beteken nie dat daar nie individuele aggressiewe boelies is wat nie ook angstig en onseker kan wees nie (Olweus 1994 : 34).



Volgens Gootman (2001 : 181) word die aggressiewe boelie aangespoor deur die behoefte aan mag. Hy kry bevrediging wanneer hy mag oor ander persone uitoefen. Navorsing toon dat hierdie versugting na mag sy oorsprong kan hê in ouers se hantering (opvoeding) van hul kinders. Leerders wat grootword in huise waar dissipline aggressief toegepas word (fisies en verbaal), het 'n behoefte aan mag aangesien hulle by hul huise oor geen mag beskik nie. Hierdie leerders ontvang ook nie genoeg liefde en sorg van hul ouers nie – dit lei daartoe dat hulle min empatie het vir ander mense. Die teendeel is ook van toepassing – leerders wat uit huise kom waar hulle te veel vryheid het, ken geen perke nie en aangesien hulle tuis oor baie mag beskik, wil hulle by die skool ook 'n magsposisie handhaaf.

Olweus (1994 : 34) verwys na die aggressiewe boelie as die tipiese boelie, wat soos reeds genoem, 'n behoefte het om ander te domineer en min empatie het vir hul slagoffers. Hulle optrede is ook dikwels baie impulsief. Olweus (1994 : 35) sluit aan by Gootman (2001 : 181) (sien hierbo) en meld ook die boelie se behoefte aan mag en dominerings as 'n moontlike psigologiese oorsaak vir sy treiteringgedrag. Dit wil voorkom of die boelie dit geniet om in beheer te wees en die behoefte het om ander te onderdruk. Olweus noem ook soos Gootman die negatiewe situasie by die boelie se huis as 'n oorsaak vir treiteringgedrag wat daartoe aanleiding gee dat die boelie 'n mate van weersin in sy omgewing ontwikkel. Die negatiewe gevoelens jeens sy omgewing, het tot gevolg dat die boelie bevredigende kompensasie put uit die slagoffer se lyding. Olweus noem ook dat dit soms voordelig is vir die boelie om die slagoffer te treiter, want op die manier dreig hulle hul slagoffers af om hulle van geld, sigarette, bier of ander waardevolle artikels te voorsien. (Die oorsake van treiteringgedrag word bespreek onder afdeling 2.6).

#### 2.5.1.2 Die angstige boelie

Die angstige boelie kan soms 'n dubbele rol vertolk, naamlik die rol van 'n boelie of die rol van 'n slagoffer. Die angstige boelie is gewoonlik onpopulêr by ander kinders en die kans is goed dat hulle nie skolasties goed vaar op skool nie. Die angstige boelie voel 'n mislukking. Deur ander te treiter, voel hy in beheer en ervaar 'n gevoel van sukses of mag wat hy nie op 'n ander manier kan ervaar nie. Deur ander leerders te treiter, kry die angstige boelie ook die aandag waarna hy smag al is dit selfs negatiewe aandag in die

vorm van 'n bestraffing of teregwyding deur 'n kwaai opvoeder. Treiteringgedrag aan die kant van die angstige boelie kan ook 'n manier wees om 'n negatiewe selfbeeld uit te leef: die angstige boelie is teleurgesteld in homself of voel soos 'n slegte persoon en tree dus ook dienooreenkomstig op (Lawson 1994 : 20).

Soos reeds hierbo gemeld, kan die angstige boelie soms ook die rol van die slagoffer aanneem. Die profiel van die angstige boelie (onpopulêr by portuurgroep; angstigheid; swak skolastiese prestasie; voel 'n mislukking; lae selfbeeld en swak selfvertroue) het tot gevolg dat hy kwesbaar is en oor 'n "andersheid" beskik. Hierdie eienskappe aan die kant van die angstige boelie as slagoffer, lei tot 'n ongelykheid van mag tussen die boelie en die slagoffer, wat die boelie misbruik om sy treitering en misbruik van die slagoffer van stapel te stuur (Sien afdeling 2.3.3 asook Nesar et al. 2003 : 127; Smit 2003 : 8; Olweus 1994 : 10).

#### 2.5.1.3 Die passiewe boelie

Olweus (1994 : 34); Lawson (1994 : 21) en Gootman (2001 : 182) identifiseer die passiewe boelie as 'n derde hoofkategorie van boelies. Passiewe boelies kan beskryf word as boelies wat deelneem aan treitering, maar wat gewoonlik nie die inisiatief neem nie. Hulle kan ook beskryf word as volgelinge of handlangers van ander boelies (Olweus 1994 : 34). Die passiewe boelie wil nie werklik ander leerders treiter nie. Hy wil egter deel wees van 'n groep. Hy sal selfs dinge doen wat hy weet wat nie reg is nie om aanvaarding te kry of omdat hy nie individueel verantwoordelik voel vir sy daade nie. Die passiewe boelie mag ook voel dat dit veiliger is om deel van 'n groep te wees as om een van die slagoffers te wees. Hy verstaan waarskynlik die skade wat aangerig word deur die slagoffer te misbruik en voel skuldig daarvoor. Die passiewe boelie het nie werklik 'n behoefte om te treiter nie en sal sy treiteringgedrag staak as dit nie meer voordeel vir hom inhou nie (Lawson 1994 : 21). Passiewe boelies is ook onseker van hulself en afhanklik van ander. Hulle word psigologies deur die groep ingetrek en word dan navolgers van die groep boelies (Gootman 2001 : 182).

#### 2.5.1.4 Aanvullende onderskeidende terme met betrekking tot boelies

Ter afsluiting van en aanvullend tot die bespreking ten opsigte van verskillende tipes

boelies, is dit belangrik om slegs kortliks te verwys na die volgende onderskeidende terme ten opsigte van tipes boelies wat ook in die literatuur vermeld word:

- **Tydlike boelies:** Nie alle boelies se treiteringgedrag is die gevolg van dieperliggende, psigologiese probleme en of die gevolg van hul opvoeding of gesinslewe nie. 'n Gebeurtenis wat 'n kind ontstel soos byvoorbeeld om na 'n ander dorp toe te trek, die siekte van 'n ouer of die geboorte van 'n baba, kan tydelik aanleiding gee tot aggressiewe gedrag wat kan manifesteer in treiteringgedrag. Dit kan soms gebeur dat 'n tydelike boelie sy treiteringgedrag voortsit, selfs nadat die oorsaak daarvan nie meer aanwesig is nie, indien dit vir die boelie voordeel inhou (Lawson 1994 : 21).
- **Chroniese boelies en reeksboelies:** Die terme “chroniese boelies” en “reeksboelies” verwys na boelies wat nie slegs af en toe of per geleentheid ander leerders treiter nie. Die treitering word deel van hul lewenswyse en verskeie slagoffers word deel van hul treiteringgedrag. Indien hierdie boelie nie hulp kry nie, kan hul chroniese treiteringgedrag voortgesit word as hulle volwassenes is deur hul kinders, gades of kollegas te treiter. Chroniese boelies is baie bedrewe, is meesters ten opsigte van manipulasie, en draai opvoeders baie maklik 'n rat voor die oë. Intervensie ten opsigte van chroniese boelies is dus baie moeilik, want die chroniese boelie is 'n meester op sy gebied. Die term “reeksboelie” word veral vir die volwasse boelie in die werkplek gebruik, wat verskeie slagoffers soms met baie ernstige nagevolge nalaat. Die reeksboelie in die werkplek beskik oor 'n eie unieke profiel – raakpunte met betrekking tot die skoolboelie is wel aanwesig soos byvoorbeeld die behoefte aan mag, beheer, dominerend en onderwerping (Elliot 2002 : 5, 6; The Serial Bully 2005 : 1 - 26).
- **Die boelie-slagoffer:** Behalwe die tradisionele rolle van boelie (suiwer boelie), slagoffer (suiwer slagoffer) en leerders wat nie by treitering betrokke is nie (neutrale leerders), is dit ook moontlik dat dieselfde leerder beide 'n slagoffer en 'n boelie kan wees (Martin 2005 : 28). Navorsing wat in Dublin gedoen is, toon dat slegs 'n derde van boelies nog nooit die slagoffer van treitering was nie, en minder as die helfte van slagoffers het nog nooit ander leerders getreiter nie (Lawson 1994 : 19). Martin (2005 : 28) verwys veral na die provokatiewe (uitda-

gende) slagoffer (word bespreek onder afdeling 2.5.2.2). Weens die provokatiewe slagoffer se spesifieke profiel is die risiko groot dat hulle self ook boelies kan word, veral ook wanneer hulle die boelie wil terugbetaal (vergelding) vir die negatiewe optrede teenoor hulle (Bully B' Ware – more information about bullying 2005; Beane 1999 : 6; Martin 2005 : 28). Die angstige boelie – wat bespreek is onder afdeling 2.5.1.2 – kan soms ook 'n dubbele rol vertolk, naamlik die rol van boelie of slagoffer. Die angstige boelie voel 'n mislukking. Deur ander te treiter kan hy 'n gevoel van sukses ervaar. Deur te treiter, kry hy ook die aandag waarna hy smag. Dit kan ook 'n manier wees om sy negatiewe selfbeeld uit te leef; die angstige boelie voel soos 'n slegte persoon en tree dus so op (Lawson 1994 : 20). Volgens Lawson (1994 : 19) is die faktore wat daartoe lei dat 'n kind 'n boelie word of 'n slagoffer van treitering word, in baie gevalle dieselfde. Dieselfde kind kan gelyktydig die rol van boelie en slagoffer vertolk of beweeg van een rol na 'n ander op verskillende tye gedurende hul kinderjare of skoolloopbaan.

- **Suiwer boelies:** Die term “suiwer boelies” verwys na boelies wat nog nooit in die rol van slagoffer was nie. 'n Studie wat in Dublin gedoen is (sien bespreking van boelie-slagoffer hierbo), toon dat slegs 30% van boelies as suiwer boelies beskou kan word, met ander woorde boelies wat nog nie self slagoffers van treitering was nie. Dit impliseer dat 'n groot persentasie boelies wel ook in 'n minder of meerdere mate slagoffers van treitering kon wees in 'n sekere stadium of vir 'n sekere tydperk van hul kinderlewe of skoollewe.
- **Rolspelers:** Salmivalli et al. (1996 : 1 - 15) maak in hul studie van treitering, as 'n groepsproses, die volgende fyner onderskeidings ten opsigte van die verskillende rolspelers in treitering: die voorlopers (“ringleaders”) – organiseer 'n groep boelies en inisieer die treitering; navolgers of assistente (“assistants”) – word deel van die treitering nadat dit reeds begin het; aanhitters (“reinforcers”) – hulle neem nie aktief deel nie, maar versterk die treitering deur toe te kyk, te lag en aan te moedig; die buitestaanders (“outsiders”) – hulle is glad nie betrokke nie; die beskermers (“defenders”) – hulle help die slagoffer; kry soms hulp of vra die boelie om die treitering te staak.



## 2.5.2 Slagoffers

Baie minder navorsing is gedoen oor die slagoffer as oor die boelie (Beane 1999 : 6). Leerders wat gereeld getreiter word, is meer geneig om boelies fisies en emosioneel te “beloon” deur byvoorbeeld hul kosgeld af te gee of in trane uit te bars. Die kans is ook skraal dat hulle teenstand sal bied. Slagoffers mag op die korttermyn bang en alleen voel en sal situasies waar hulle getreiter kan word vermy. Op die langtermyn kan hulle hulself as onwaardig en minderwaardig sien en kan ‘n slagoffermentaliteit ontwikkel wat ‘n permanente deel van hul psige word (Beane 1999 : 6, 7). Navorsers onderskei hoofsaaklik tussen twee soorte slagoffers – die passiewe of onderdanige slagoffer en die provokatiewe of uitdagende slagoffer. Die passiewe slagoffers is verreweg die grootste groep en word ook as die tipiese slagoffer beskou (Olweus 1994 : 31, 32; Gootman 2001 : 182, 183; Beane 1999 : 6; Lawson 1994 : 22, 23; Bully B’ Ware – more information about bullying 2005 : 3).

### 2.5.2.1 Die passiewe slagoffer (tipiese slagoffer)

Die tipiese slagoffer kan beskryf word as stil, skaam en bang – ‘n kind wat as gevolg van sy voorkoms en optrede ‘n uitnodigende prooi word vir die boelie. Hy is angstig, het min selfvertroue, kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die boelie se negatiewe optrede (Lawson 1994 : 22). (Sien ook afdeling 2.3.3 vir voorbeelde van persoonlike eienskappe, aan die kant van die slagoffer, wat lei tot die ongelykheid in mag tussen die boelie en die slagoffer en wat uitnodigend vir die boelie is om die spesifieke slagoffer te teiken). Olweus (1994 : 32, 33) beskryf die tipiese slagoffer as passief, onderdanig en meer angstig en onseker as leerders in die algemeen. Hulle is ook versigtig, sensitief en stil. Wanneer hulle geteiken word deur boelies, begin hulle gewoonlik te huil (veral in die laer grade) en onttrek hulle hulself. Hulle het ‘n swak selfbeeld en het ‘n negatiewe beeld van hulself en hul situasie. Hulle sien hulself as mislukkings, voel skaam, dink hulle is onnosel en voel onaantreklik. Hulle is eensaam en word uitgesluit van hul portuurgroep. Hulle het gewoonlik nie ‘n enkele goeie vriend in hul klas nie. Hulle is nie aggressief of uitdagend, soos in die geval van die provokatiewe slagoffer nie, en tart nie die boelie nie of lok nie die boelie uit tot negatiewe optrede nie. Passiewe slagoffers het ook dikwels ‘n negatiewe houding ten opsigte van geweld en gewelddadige optrede. Die persepsie wat



die boelie van die passiewe slagoffer het, is dat hy 'n onseker en nikswerd individu is wat nie vergelding sal soek as hy aangeval of beledig word nie.

#### 2.5.2.2 Die provokatiewe (uitdagende) slagoffer

Ander terme wat gebruik word vir die provokatiewe (uitdagende) slagoffer is: reaktiewe slagoffer en aggressiewe slagoffer (Bully B' Ware – more information about bullying 2005 : 3; Martin 2005 : 28). Kenmerkend van die provokatiewe slagoffer is angstige en aggressiewe reaksie-patrone. Hulle het dikwels probleme met konsentrasie en hul optrede is irriterend en skep spanning. Hulle is kort van humeur, rusteloos en in sommige gevalle ook hiperaktief. Tipies van die provokatiewe slagoffer is dat hulle fisies sterker is, meer selfgeldend is en meer selfvertroue het. Die provokatiewe slagoffer se persoonlikheidseienskappe en optrede lok die boelie uit en hits die boelie aan (Olweus 1994 : 33; Gootman 2001 : 183; Beane 1999 : 6; Lawson 1994 : 22, 23; Bully B' Ware – more information about bullying 2005 : 3).

In teenstelling met die passiewe slagoffer, hits die provokatiewe slagoffer dus treitering aan deur sy optrede en bied teenstand wanneer hy geterg word of getreiter word (Lawson 1994 : 23).

Weens die provokatiewe slagoffer se spesifieke profiel (sien hierbo) is die risiko groot dat hulle self ook boelies kan word, veral ook wanneer hulle die boelie wil terugbetaal (vergelding) vir die negatiewe optrede teenoor hulle. Hulle treiteringgedrag is gewoonlik fisies van aard (Bully B' Ware – more information about bullying 2005; Beane 1999 : 6; Martin 2005 : 28).

Die gewilde siening dat slagoffers noodwendig boelies uitlok of aanspoor tot negatiewe gedrag is dus van toepassing op die provokatiewe slagoffer, maar nie ten opsigte van die tipiese slagoffer of passiewe slagoffer nie.

#### 2.5.2.3 Aanvullende onderskeidende terme ten opsigte van verskillende soorte slagoffers

Ander onderskeidende terme ten opsigte van soorte slagoffers is (Martin 2005 : 28;

Elliot 2002 : 6, 7; CELP 2002 : 4, 5; Beane 1999 : 6):

- **Suiwer slagoffers:** Suiwer slagoffers is slagoffers wat nog nooit self boelies was nie in teenstelling teenoor die boelie-slagoffer waar dié slagoffer ook terselfdertyd 'n boelie is (Die boelie-slagoffer is bespreek onder afdeling 2.5.1.4).
- **Gewillige slagoffers:** Gewillige slagoffers is leerders wat gewillig is om slagoffers te wees en tree op volgens die verwagtinge van die portuurgroep om deur die portuurgroep aanvaar te word. Hulle sal byvoorbeeld opsetlik akademies onderpresteer om populêr by die portuurgroep te wees of om nie getreiter te word nie en is dus in werklikheid gewillige slagoffers.
- **Vals slagoffers:** Leerders kan ook onnodig by opvoeders kla dat hulle getreiter word bloot om aandag te kry. Opvoeders moet baie seker wees van hulle saak voordat hulle 'n leerder as 'n vals slagoffer kategoriseer, want dit kan wees dat die leerder wel 'n slagoffer is.
- **Toppresteerders en gewilde leerders as slagoffers:** Talentvolle en populêre leerders word ook soms uitgesonder deur die boelie. Boelies sien toppresterders soms as leerders wat guns soek by opvoeders en treiter hulle met die doel om hulle gedrag te verander. Hierdie treitering is gewoonlik gebaseer op jaloesie.
- **Kroniese slagoffers:** Die term “kroniese slagoffer” word gebruik vir die slagoffer wat spesifiek uitgesonder word vir treitering waar hy hom ookal bevind – die treitering kan soms voortduur tot in die volwasse lewe. Hierteenoor word die eenmalige slagoffer geteiken slegs omdat hy op die verkeerde tyd op die verkeerde plek is en nie omdat daar 'n spesifieke rede is om uitgesonder te word nie.

### 2.5.3 Omstanders

In die meeste treiteringinsidente is daar drie partye betrokke: die boelie, die slagoffer en die omstanders. Die omstanders is 'n belangrike groep, maar die belangrike rol wat die omstanders speel tydens die treitering, en ook kan speel ten opsigte van die bekamping

van treitering, word dikwels onderskat. Treitering vind ook dikwels plaas in die teenwoordigheid van omstanders. Omstanders is ook geneig om die persepsie te hê dat slagoffers minstens gedeeltelik self verantwoordelik is dat hulle getreiter word (Mestry et al. 2005 : 2, 7).

Navorsing gedoen deur Salmivalli et al. (1996 : 1 - 15) in hul studie van treitering, as 'n groepsproses, werp meer lig op die verskillende rolle wat die omstanders kan speel en maak die volgende verfynde verdeling:

- **Assistente** – hulle help die boelie en sluit aan by die treitering nadat dit reeds begin het.
- **Aanhitters** – hulle neem nie aktief deel aan die treitering soos die assistente of die navolgers nie, maar versterk die treitering deur toe te kyk, te lag en aan te moedig.
- **Buitestaanders** – hulle is glad nie betrokke nie, kies ook nie kant nie, maar hulle stilsywe kan verkeerdelik vertolk word as goedkeuring of aanmoediging.
- **Beskermers** – hulle probeer die slagoffer help, kry hulp, vra die boelie om op te hou en troos die slagoffer.

Soos gemeld, speel die omstanders 'n belangrike rol met betrekking tot die treitering. Alhoewel omstanders soms die slagoffer help en die treitering probeer ontmoedig (sien die omstander as beskermer hierbo) is die mees algemene reaksie om die treitering te ignoreer (sien die omstander as buitestaander hierbo) (Mestry et al. 2005 : 2).

Omstanders wat die boelie aanmoedig (aanhitters) of wat die boelie help (assistente), verhoog die nood en die ellende van die slagoffer. Hul inmenging verhoog ook die kans dat ander omstanders ongevoelig raak ten opsigte van die onmenslikheid. Dit kan ook die beeld van die boelie as 'n populêre, sterk en onverskrokke rolmodel, wat nagevolg behoort te word, versterk. Selfs omstanders wat nie betrokke raak nie (buitestaanders) of nie kant kies nie, se swygsame “ondersteuning” bied ondersteuning vir die boelie in die sin dat hy nie alleen is terwyl hy die slagoffer treiter nie. Ignorering mag ook deur die



boelie geïnterpreteer word as goedkeuring. Die algemeenste reaksie van omstanders is om die boelie te ignoreer. Die rede hiervoor is dat leerders huiwerig is om treitering te rapporteer aangesien hulle as klikbekke geëtiketteer kan word of self deur die boelies geteiken kan word as nuwe slagoffers. Deur die treitering te ignoreer, word direkte konfrontasie met die boelie vermy asook moontlike mislukking in geval van positiewe inmenging (die omstander as beskermer) wat nie slaag nie. Ignorering van die treitering deur die omstander, het 'n negatiewe impak op homself, hy voel magteloos en verloor selfs sy selfrespek. Dit kan ook lei tot stres by die omstander en selfs ook tot afwesigheid, stokkiesdraai en skoolverlaat in 'n poging om die gadeslaan van die treitering te vermy (Hazler 1996 : 11, 12; Mestry et al. 2005 : 2, 7, 8; Beane 1999 : 7; Salmivalli et al. 1996 : 1 - 15).

Omstanders kan ook 'n belangrike rol speel in die hantering en bekamping van treitering. Omstanders se houding en gedrag, met betrekking tot treitering, behoort baie meer positief te wees – meer omstanders moet bereid wees om die slagoffer te ondersteun, verkieslik deur 'n opvoeder te vra om tussenbeide te tree. Skole behoort meer te fokus op die rol wat die omstander kan speel in die bekamping van treitering deur omstanders (die assistente, die buitestaanders en die aanhitters) leiding te gee en op te voed om meer positief op te tree tydens treiteringinsidente.

Die rol van die omstander moet ook spesifiek uitgespel word in die skool se treitering-beleid. Indien omstanders weet dat hulle kan betrokke raak en dat die beleid hulle ondersteun, behoort hulle 'n meer positiewe bydrae te kan maak. Navorsing toon dat die boelie meer gewillig is om sy gedrag te verander as hy nie meer die steun van ander het nie of as sy eer en snaaksigheid ingekort word weens die feit dat daar nie meer toeskouers (omstanders) of aanmoedigende applous is nie (Mestry et al. 2005 : 2, 18, 19; Elliot 2002 : 4).

Indien die onderskeie profiele van die boelies en slagoffers teen mekaar opgeweeg word, is dit vir navorser duidelik dat een van die drie sleutelkomponente van treitering-gedrag, naamlik “misbruik van ongelykheid en mag”, nie in alle gevalle teenwoordig is nie. In die geval van die aggressiewe boelie (tipiese of klassieke boelie) teenoor die passiewe slagoffer (tipiese of klassieke slagoffer), is die misbruik van ongelykheid in mag wel 'n kernelement. Hierdie boelie-slagoffer-verhouding kom verreweg die meeste

voor. In die geval van die provokatiewe slagoffer bestaan daar uit die aard van sy tradisionele profiel, nie 'n verhouding van ongelykheid in mag nie. In die geval van die verhouding van die angstige boelie teenoor die passiewe slagoffer kan ongelykheid en mag wel 'n rol speel. In die geval van die passiewe boelie teenoor die passiewe slagoffer leen die profiel van die passiewe boelie hom nie tot die gebruikmaking van ongelykheid in mag nie, maar daar kan grensgevalle wees waar ongelykheid in mag in 'n mindere mate teenwoordig is.

## **2.6 FAKTORE EN OMSTANDIGHEDE WAT DAARTOE AANLEIDING GEE DAT LEERDERS BOELIES WORD**

Individuele eienskappe en psigologiese eienskappe van die boelie asook eksterne faktore en omgewingsfaktore is bepalende faktore vir leerders om boelies te word. Hulle mag genot daaruit put om te treiter of dit mag hulle 'n gevoel van mag gee. 'n Swak selfbeeld of onsekerheid is nie noodwendig eienskappe van 'n boelie wat lei tot treiteringgedrag nie, want baie boelies het 'n gemiddelde of selfs 'n gemiddelde selfbeeld. Die tipiese boelie het gewoonlik 'n meer aggressiewe temperament en min empatie. Die temperament waarmee 'n kind gebore word, kan 'n belangrike bydraende rol speel in die ontwikkeling van treiteringgedrag. Boelies "leer" om boelies te wees deur die invloede van die omgewing – die ouerhuis, die skool en die gemeenskap. Kultuur, TV en rolprente speel ook 'n rol (Coloroso 2004 : 18; Blackline Master 2003 : 12 - 19). Volgens CELP (2002 : 21) vind die aggressiewe gedrag van die boelie sy oorsprong in die familiegene asook in die omgewingsfaktore, maar kan ook die gevolg wees van die interaksie van omgewingsfaktore en genetiese faktore. Die oorsake van treitering word vervolgens bespreek onder die volgende hoofde: individuele eienskappe; die ouerhuis; die skool; gemeenskap, kultuur, TV en rolprente.

### **2.6.1 Individuele eienskappe**

Daar is verskeie individuele eienskappe, insluitend psigologiese faktore, wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n boelie-temperament. Die volgende is voorbeelde van sodanige eienskappe (Gootman 2001 : 181; Olweus 1994 : 34; Information on bullying for parents and teachers 1996 : 7; Why do people bully? 2004 : 2; Elliot 1989 : 107 - 108;

O'Moore 2000 : 99 - 111; O'Moore en Kirkham 2001 : 269 - 283; Rigby 2003 : 3; Beane 1999 : 11 - 13; CELP 2002 : 20; Kidshealth 2004 : 3; Smith en Sharp 1994 : 8, 9):

- Die aggresiewe boelie of tipiese boelie word aangespoor deur 'n behoefte aan mag. Hy kry bevrediging wanneer hy mag kan uitoefen oor ander persone en glo ook dat ander hom sien as iemand met mag wanneer hy ander leerders treiter.
- Temperament het te make met die basiese geneigdheid by kinders om sekere persoonlikheidsstyle en interpersoonlike gedragstipes te ontwikkel. Kinders wat 'n aktiewe en impulsiewe temperament het, is dikwels meer geneig om in boelies te ontwikkel. Die tipiese boelie het 'n aggressiewe temperament en is gewoonlik 'n persoon met min empatie, in hierdie geval, min empatie vir die slagoffer. Weens die feit dat hulle min empatie het vir ander persone, put hulle kompensasie uit die slagoffer se lyding. Sien besprekings van die aggresiewe boelie (2.5.1.1) asook die rol wat die ouerhuis speel (2.6.2.1) vir die moontlike oorsprong van die behoefte aan mag en die gebrek aan simpatie.
- Dit kan ook voordelig wees vir die boelie om die slagoffer te treiter, want op dié spesifieke manier dreig hulle hul slagoffers af om hulle van geld, sigarette, bier of ander waardevolle artikels te voorsien. Hierdie tipe treitering is veral algemeen in skole waar die ouer boelie sy dominansie ten opsigte van die jonger leerder uitoefen en besittings van die jonger leerder eis.
- Fisiese krag, veral by seuns (seuns wat fisies sterker is as ander seuns in die portuurgroep), kan ook 'n bydraende faktor wees wat lei tot treitering alhoewel daar ook seuns is wat fisies baie sterk is, maar nie noodwendig boelies is nie.
- Die boelie word self getreiter of is in die verlede getreiter en wil hul woede en frustasie op iemand anders uithaal. Dikwels het die verantwoordelike volwasse nes soos ouers en opvoeders self gefaal in hul sorgsaamheidsplig en die kind se enigste uitweg is dan om self te treiter (Sien ook die bespreking van die boelie-slagoffer onder 2.5.1.4).



- Frustrasie by die kind as gevolg van die feit dat hy 'n gestremdheid het wat nie geïdentifiseer en hanteer is nie, byvoorbeeld doofheid, disleksie, outisme, 'n allergie, linkshandigheid of 'n leerprobleem. Daar word dikwels van leerders verwag om op dieselfde vlak as ander leerders te presteer.
- Treitering kan ook 'n komponent wees van 'n gedragsversteuringspatroon. Leerders met hierdie gedragsafwyking loop dikwels die risiko om ook later betrokke te raak in alcoholmisbruik en kriminele aktiwiteite.
- Die boelie is reeds geëtiketteer as 'n boelie en glo dus dat dit die tipe optrede is wat ander van hom verwag.
- Boelies treiter ander leerders om aanvaar te word, om belangrik te voel, om populêr te wees, om in beheer te voel en vir die prestige daarvan.
- Die gebruik van alkohol en dwelms beperk selfbeheersing wat leerders weer meer blootstel aan geweld, aggressiewe gedrag en treitering.
- Gevoelens van isolasie asook ernstige verwerping word geassosieer met aggressiewe gedrag en treitering, veral as hierdie negatiewe gevoelens nie suksesvol hanteer word nie en die kind nie hulp en ondersteuning kry nie.
- Leerders wat blootgestel word aan fisiese geweld asook seksuele misbruik, is ook risiko-gevalle vir aggressiewe gedrag en treitering.
- Gevoelens by leerders dat hulle uitgesonder word om die skuld te kry, geterg en getreiter word en uitgesonder word vir bespotting en vernedering kan daartoe lei dat hierdie leerders hulself wend tot aggressiewe gedrag en treitering.
- Die voorkoms van onbeheersde en intensiewe woede as reaksie op minder ernstige gebeurlikhede, kan ook 'n aanleidende oorsaak van treitering wees.
- 'n Intense vooroordeel by die boelie ten opsigte van ras, etnisiteit, godsdienste, taal, geslag, seksuele oriëntasie, fisiese voorkoms en bekwaamheid by 'n leerder

kan daartoe lei dat hierdie spesifieke leerder uitgesonder word om getreiter te word as gevolg van sy andersheid.

- 'n Swak selfbeeld word nie noodwendig met treitering geassosieer nie alhoewel daar 'n persepsie bestaan dat boelies treiter as gevolg van 'n swak selfbeeld. Sien die bespreking van die aggressiewe (tipiese) boelie (2.5.1.1), die angstige boelie (2.5.1.2) en die passiewe boelie (2.5.1.3) waar reeds aangetoon is dat die tipiese boelie (aggressiewe boelie) normaalweg iemand is met selfvertroue wat nie oor 'n swak selfbeeld beskik nie. Hierteenoor het die angstige boelie 'n negatiewe selfbeeld en die passiewe boelie is ook onseker van homself. O'Moore en Kirkham (2001 : 269 - 283) het intensiewe navorsing gedoen oor treitering en selfbeeld. Volgens O'Moore en Kirkham, is daar 'n sterk korrelasie tussen die slagoffer (om getreiter te word) en 'n swak selfbeeld. Die literatuur ten opsigte van die verhouding tussen boelies (om ander leerders te treiter) en selfbeeld is debatteerbaar. 'n Interessante bevinding deur O'Moore en Kirkham is dat leerders wat betrokke is by treitering as die slagoffer, die boelie of die boelie-slagoffer, 'n betekenisvolle laer globale selfbeeld het as leerders wat nie slagoffers, boelies of boelie-slagoffers is nie.

Daar is dus individuele eienskappe asook psigologiese faktore wat eie is aan die boelie en wat in 'n mindere of meerdere mate daartoe aanleiding kan gee dat hy ander leerders treiter. Die slagoffer beskik ook oor individuele eienskappe wat juis daartoe aanleiding gee dat hy geteiken en uitgesonder word deur die boelie. Die tipiese slagoffer word deur Lawson (1994 : 22) beskryf as stil, skaam en bang – 'n kind wat as gevolg van sy voorkoms en optrede 'n uitnodigende prooi word vir die boelie. Hy is gewoonlik angstig, het min selfvertroue, kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die boelie se negatiewe optrede.

## 2.6.2 Omgewingsfaktore

### 2.6.2.1 Die ouerhuis

Die tipe blootstelling wat die kind in sy ouerhuis kry, dra ook by tot die feit dat 'n kind in 'n boelie kan ontwikkel. Boelies is dikwels leerders vanuit 'n disfunksionele ouerhuis.





Leerders wat hoë vlakke van geweld in hul ouerhuis ervaar, wat uit huise kom waar daar nie duidelike reëls bestaan nie, waar die dissipline swak of inkonsekwent is, waar die toesig swak is of waar die ouers nie belangstel in hul kinders nie, het 'n beter kans om in boelies te ontwikkel as leerders wat uit bestendige huise kom. Kinders wat in ouerhuise grootword waar daar min liefde, empatie en ondersteuning is, het dikwels ook min empatie, verdraagsaamheid en respek vir ander (Krige et al. 2000 : 6).

Espelage en Swearer (2003 : 377) sonder weer aggressie uit en sê dat leerders wat uit 'n ouerhuis kom waar aggressie gebruik word om 'n sekere doel te bereik, sit hierdie patroon voort by die skool waar hulle aangeleerde aggressiewe gedrag uiting vind in treitering. Volgens Gootman (2001 : 181) het die aggressiewe boelie se versugting na mag (hy word aangespoor deur die behoefte aan mag) moontlik sy oorsprong in liefdelose ouerhuise waar dissipline aggressief toegepas word. Hulle beskik by hul ouerhuise oor geen mag nie en wend hulle by die skool tot treitering waar hulle mag oor ander persone kan uitoefen. Volgens Olweus (1994 : 35) ontwikkel die aggressiewe boelie ook 'n weersin in die negatiewe omgewing van sy ouerhuis. Die negatiewe gevoelens jeens sy omgewing het tot gevolg dat die boelie bevredigende kompensasie daarvoor put uit die slagoffer se lyding.

Child bullying, school bullying, bullycide: Bullying in schools (2005 : 1) sonder die volgende huislike omstandighede uit as bevorderlik vir die ontwikkeling van treitering-gedrag en 'n toevlug tot treitering:

- 'n Swak rolmodel of geen rolmodel – die kind het glad nie 'n rolmodel by die huis nie of een of albei ouers is swak rolmodelle en die kind het dus nie die geleentheid om gedragsvaardighede aan te leer nie.
- Die kind word misbruik by sy ouerhuis en as gevolg van die feit dat hy misbruik word, kom sy woede tot uiting in treitering.
- Verwaarlosing by die ouerhuis – as gevolg van verwaarlosing word die kind se emosionele ontwikkeling en gedragsontwikkeling erg gestrem.

Volgens Why do people bully? (2004 : 2) kan dit ook gebeur dat mense wat deur kinders gerespekteer word (byvoorbeeld ouers, oppassers, broers, susters, neef en niggie en grootouers) treiteringgedrag gebruik om hulle wil op die kind af te dwing en hulle sin te kry – hierdie gedrag word dan ook later deur die kind nagevolg. Daar is verskillende redes hoekom ouers soms treiteringgedrag toelaat en nie hulle kinders tereg wys nie.

‘n Gebeurtenis by die huis wat ‘n kind ontstel, soos egskeiding, die siekte van ‘n ouer of die geboorte van ‘n baba, kan tydelik aanleiding gee tot aggressiewe gedrag wat kan manifesteer in treiteringgedrag. Dit kan soms gebeur dat ‘n tydelike boelie sy treiteringgedrag voortsit, selfs nadat die oorsaak daarvan nie meer aanwesig is nie, indien dit vir die boelie voordeel inhou (Lawson 1994 : 21; Kidshealth 2004 : 2, 3).

#### 2.6.2.2 Die skool

Die skoolomgewing het ook ‘n invloed op die voorkoms van treitering. Skole wat treitering ligtelik opneem en dit selfs aanmoedig, deur byvoorbeeld inisiasiepraktyke toe te laat waar leerders gedwing word om handeling uit te voer wat onmenslik en vernederend is, dra daartoe by dat treitering by skole ernstige afmetings aanneem. Daarenteen sal skole wat ‘n bekampingsstrategie implementeer en personeel toerus om treitering te identifiseer en aan te spreek, die voorkoms van treitering beperk om sodoende ‘n veiliger leeromgewing te skep (Krige et al. 2000 : 6; Why do people bully? 2004 : 2; O’Moore et al. 1997 : 157 - 160; Information on bullying for parents and teachers 1996 : 7, 8; Stewart 2004 : 323, 324; Espelage en Swearer 2003 : 377 - 378; Rigby 2003 : 4, 5; Beane 1999 : 11 - 13; MacDonald en Swart 2004 : 1 - 26; Child bullying, school bullying, bullycide: Bullying in schools 2005 : 1; CELP 2002 : 25, 26). O’Moore et al. 1997 : 157 - 160 en Lawson 1994 : 15, 16 sonder die volgende skoolverwante faktore uit wat daartoe bydra dat leerders ander leerders treiter:

- Negatiewe skool-etos of skoolkultuur – ‘n negatiewe skool-etos of skoolkultuur wat gerig word deur byvoorbeeld rassisme, onverdraagsaamheid, disrespek vir ander en aggressie, sal anti-sosiale gedrag asook treitering bevorder. ‘n Studie deur MacDonald en Swart (2004 : 1 - 26) ten opsigte van die invloed van skoolkultuur op treitering, het getoon dat ‘n outoritêre skoolkultuur treitering bevorder. MacDonald en Swart het bevind dat ‘n outoritêre skoolkultuur die



implementering van demokratiese prosedures en deelnemende bestuur feitlik onmoontlik maak. Ouers, leerders en opvoeders is dus verdeeld met betrekking tot wat treitering behels, watter strategie gevolg moet word om treitering te bekamp en watter prosedures gevolg moet word in geval van treiteringinsidente. 'n Outoritêre kultuur huisves ook nie humanistiese waardes soos omgee, respek, samewerking, kollegialiteit, insluiting, deelname en ondersoek nie. Volgens MacDonald en Swart maak genoemde negatiewe fasette van 'n outoritêre skoolkultuur dit onmoontlik om treitering suksesvol te bestuur en te bekamp. Die sosiale klimaat in die skool behoort een te wees waar daar warmte en aanvaarding van alle leerders is asook waar daar hoë standaarde gehandhaaf word ten opsigte van leerders en opvoeders se optrede en gedrag teenoor mekaar.

- Die versugting na outoriteit, status en mag by senior leerders kan aanleiding gee tot die treitering van leerders in die laer grade van primêre skole en sekondêre skole.
- Die houding van opvoeders – opvoeders wat treitering as deel van die grootwordproses beskou, of wat ontken dat treitering plaasvind, en nie daarteen optree nie, moedig treitering aan. Hul houding teenoor aggressiewe gedrag en hul bekwaamheid met betrekking tot toesig en intervensie, bepaal in 'n groot mate hoe hulle sal optree wanneer treiteringinsidente plaasvind. Toesig is van groot belang en swak toesig, spesifiek op die speelgrond en in die gange en badkamers, moedig treitering aan. Opvoeders wat swak rolmodelle is en wie se gedrag, gesindhede en taalgebruik ooreenstem met die van boelies moedig ook treitering aan. Opvoeders wat lyfstraf toepas (klap, slaan, hare trek, stamp, skop) se gedrag kan die voorkoms van fisiese treitering vergroot. Navorsing deur Stephenson en Smith (2002 : 15, 16) het getoon dat in skole waar die frekwensie van treitering laag is, skoolhoofde en opvoeders treitering as 'n ernstige probleem erken het en kennis geneem het van verskillende standpunte en benaderings ten opsigte van treitering. Skoolhoofde en opvoeders het ook ernstig opgetree met betrekking tot die bestuur en bekamping van treitering.



- Fisiese ontwerp van die skool – die fisiese ontwerp van 'n skool kan 'n invloed hê op die frekwensie van treiteringaktiwiteite soos byvoorbeeld: nou gange, gange en trappe wat swak verlig is, geboue of klaskamers wat verwyderd is van die res van die skool, ongebruikte skoolgeboue of lokale waar daar geen toesig is nie. Buite die skoolgronde kan 'n geïsoleerde paadjie of 'n nou of afgeleë stegie op die roete na of van die skool, 'n ideale plek wees vir die boelie om toe te slaan.
- Die grootte van die skool en klasgroep – daar bestaan 'n persepsie dat treitering meer voorkom in groot skole en groot klasgroepe. Volgens Olweus (1994 : 25) is dit slegs 'n persepsie, die grootte van die skool of die klasgroep is onbeduidend ten opsigte van die frekwensie van treitering in 'n skool. Ook Stephenson en Smith (2002 : 15) het bevind dat die verwantskap tussen die voorkoms van treitering, en die skool se grootte en die klasgroep se grootte onbeduidend is. Navorsing in Ierland (O'Moore et al. 1997 : 157) verwerp ook die siening dat boelies meer bedrywig is in groot skole – intendeel, O'Moore et al. het bevind dat treitering meer voorkom in mediumgrootte skole en kleiner skole. Klasgrootte was ook onbeduidend ten opsigte van treitering van leerders in O'Moore et al. se ondersoek.

Bogenoemde bevindinge strook met navorsers se eie ervaring ten opsigte van groot skole. Navorsers kon gedurende 'n tydperk van baie jare ook nie waarneem dat treitering meer voorkom in groot skole nie. O' Moore et al. het intendeel, bevind dat die voorkoms van treitering hoër is in mediumgrootte skole en kleiner skole. Navorsers se siening is dat dié bevinding moontlik die gevolg is van die feit dat skoolbesture van kleiner tipe skole meer bewus is van die meeste treitering-insidente in hul skole, in teenstelling met groter skole waar dit nie die geval is nie. Hierdie siening van navorsers is slegs geldig indien O' Moore et al. hulle bevindinge ook baseer het op die insette van skoolpersoneel.

- Groepering op grond van vermoë – navorsing in Ierland het getoon dat treitering meer voorkom in klasse waar leerders saamgegroepeer is op grond van hul vermoë in vergelyking met klasse waar leerders nie gegroepeer is op grond van vermoë nie.



- Seunskole, meisieskole en gemengde skole – baie min navorsing is gedoen oor die voorkoms van treitering in seunskole en meisieskole in verhouding tot gemengde skole. Beperkte navorsing wat wel gedoen is, dui daarop dat ‘n gemengde skool veiliger vir beide seuns en dogters is, met betrekking tot die voorkoms van treitering. Leerders wat deel was van hierdie navorsing het aangedui dat die teenoorgestelde geslag in gemengde skole ‘n matigende invloed het op beide seuns en dogters se optrede. Daar is egter ook navorsing gedoen wat die teenoorgestelde bevind het: seuns treiter meer in gemengde skole as in seunskole alhoewel die verskille nie statisties beduidend was nie; ten opsigte van dogters was die verskille beduidend – dogters treiter meer in gemengde skole as in meisieskole.
- Skole in minderbevoorregte areas – navorsing in Engeland en Ierland dui daarop dat boelies ‘n beduidend groter persentasie leerders treiter in skole met die status van “minderbevoorreg” as in skole met die status van “bevoorreg”. ‘n Belangrike bevinding deur Stephenson en Smith (2002 : 15) ten opsigte van skole met die status van “minderbevoorreg”, is dat waar daar ‘n etos van omgewir-mekaar bestaan die voorkoms van treitering ook dáár laag is (O’Moore et al. 1997 : 158 en Stevenson en Smith 2002 : 15).
- Sosio-ekonomiese status – beduidende verskille is aangeteken met betrekking tot skole met laer sosio-ekonomiese status en skole met hoër sosio-ekonomiese status. In skole met laer sosio-ekonomiese status het boelies beduidend meer leerders getreiter as in skole met hoër sosio-ekonomiese status (O’ Moore et al. 1997 : 159).

Navorser is van mening dat die groter voorkoms van treitering in skole in minderbevoorregte areas asook in skole met ‘n laer sosio-ekonomiese status moontlik die gevolg kan wees van die situasie en omgewing waaraan hierdie leerders daaglik blootgestel word. Die armoede, moedeloosheid, houding van sekere opvoeders teenoor hierdie leerders en algemene verwaarlosing (fisies en psigologies) wat hierdie leerders daaglik moet hanteer, kan maklik uiting vind in aggressiewe treiteringgedrag teenoor mede-leerders.

- Stedelike skole en landelike skole – daar is aanduidings dat boelies meer bedrywig is in stedelike laerskole. In die geval van post-primêre skole is die situasie weer andersom en treiter leerders weer meer in landelike skole. Die verskille is in beide gevalle nie statisties beduidend nie.
- Swak akademiese prestasie – wanneer leerders akademies swak presteer, en as gevolg daarvan voel of hulle onwaardig is, gestraf word en die swartskepe is, kan dit lei tot frustrasie wat uiting vind in aggressiewe gedrag en treitering.

### 2.6.2.3 Die gemeenskap

Houdings, benaderings en toestande in 'n gemeenskap kan die voorkoms van treitering aanmoedig. Kinders wat grootword in 'n gemeenskap waar geweld algemeen voorkom, waar hulle blootgestel word aan aggressiewe gedrag en misbruik van mag, leer om geskille en verskille te besleg deur gebruik te maak van gewelddadige en aggressiewe metodes. Hierdie kinders het, as gevolg van die manier hoe hulle grootword, 'n goeie kans om treiteringgedrag aan te leer wat hulle dan later in die skool openbaar (Krige et al. 2000 : 7).

Volgens Hazler (1996 : 13 - 15) reflekteer die hoë voorkoms van treitering in skole, die groterwordende voorkoms van geweld in die gemeenskap en hy stel dit as volg:

The problem of bullying in schools is extensive and one that follows other trends in our modern society. There is more abuse of people in general and clearly much more abuse among youth in our society than there ever has been. How these various problems are related is still open to scientific questioning.

Hazler (1996 : 38); Varnava (2002 : 5 - 12); Jordaan (2005 : 1) en Stewart (2004 : 223 - 224) meld die volgende spesifieke eienskappe van die moderne gemeenskap wat die voorkoms van treitering aanmoedig:

- Boelies word gekweek in samelewings waar aggressiewe en wesenlik liefdelose ouerlike opvoedingstyle die septer swaai.



- Swak voorbeelde word gestel deur gemeenskapsleiers soos byvoorbeeld sporthelde, politieke leiers en kerkleiers wat swak rolmodelle is – kinders sien hulle as die norm en tree dienooreenkomstig op.
- Daar is 'n toenemende voorkoms van geweld in die gemeenskap wat oorspoel na die skole in die gemeenskap.
- Veelvuldige ernstige voorvalle van geweld lei wel tot kommer by die gemeenskap, maar die lae-vlak, roetine-geweld, word feitlik nie erken of aangespreek nie – kinders word dus gekondisioneer om te glo dat geweld aanvaarbaar is en geweld word sodoende 'n effektiewe metode om jou sin te kry of om jou doel te bereik.
- Mededinging en wedywering wat tiperend is van die moderne gemeenskap en wat daartoe lei dat bedrog, kullery, bedrieg en verneuk aan die orde van die dag is.
- Menslike waardes soos byvoorbeeld mensliewendheid, goeiehartigheid, menslikheid of humanisme is nie meer 'n groot prioriteit nie.
- Die tradisionele familie-eenheid en gesinseenheid is besig om te verbrokkel en dit het weer 'n negatiewe uitwerking op die opvoeding en ontwikkeling van die kind.
- Kinders word ook blootgestel aan taalgebruik wat aggressie oordra en woorde wat op sigself geweld simboliseer.
- Kinders word verwaarloos of vryhede gegun wat hulle nie in staat is, of gereed is, om te hanteer nie. Baie min ouers weet waar hulle kinders hulle daaglik bevind, met wie hulle kinders verkeer, hoeveel geld hulle beskikbaar het of wat hulle doen – die gebrek aan beheer en toesig maak kinders 'n maklike prooi vir negatiewe invloede van die omgewing.



#### 2.6.2.4 Kultuur

Die verband tussen skoolkultuur en treitering is reeds bespreek onder 2.6.2.2. Volgens Krige et al. (2000 : 7) is die groter kulturele konteks ook 'n belangrike faktor wat 'n groot invloed kan hê op die voorkoms van treitering. Krige et al. sonder veral kulturele houdings en gesindhede – wat onverskillig staan teenoor geweld, rassisme en seksisme – uit, as bepalend vir die kind se gedrag en houding teenoor ander.

Die verband tussen geweld en treitering is reeds bespreek onder 2.6.2.3 en word ook bespreek in afdeling 2.6.2.5. Die volgende kulturele houdings en gesindhede wat onverskillig staan teenoor geweld, verdien egter hier beklemtoning (Krige et al. 2000 : 7; Varnava 2002 : 5 - 12 ):

- Kinders wat grootword in 'n kultuur waar hulle blootgestel word aan geweld en aggressiewe gedrag, leer om geskille en verskille te besleg deur gebruik te maak van gewelddadige en aggressiewe metodes.
- Geweld het al so 'n deel van die mens se daaglikse lewe geword dat slegs uiterste voorvalle van geweld tot kommer lei. 'n Kultuur van onverskilligheid teenoor lae-vlak roetine-geweld is aan die orde van die dag, wat daartoe lei dat geweld feitlik nie erken of aangespreek word nie. Kinders word dus gekondisioneer dat gewelddadigheid en aggressie aanvaarbaar is.
- Ouers is onverantwoordelik en onverskillig teenoor gewelddadige TV-programme en rolprente wat hul kinders kyk. Ouers het ook dikwels geen beheer oor wat hul kinders kyk nie of ouers ignoreer doelbewus klassifikasie-sisteme en tye waartydens programme, wat nie geskik is vir kinders nie, uitgesaai word – kinders het selfs TV-stelle in hul kamers.

Rasgedrewe treitering is reeds bespreek onder 2.4.7. Die konsep “rassisme” strek baie verder as treiteringaktiwiteite, maar kan manifesteer as psigologiese en fisiese treitering. As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsverlede, was en is rassisme ingebed in die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit het daartoe gelei dat rasgedrewe treitering toegeneem het in Suid-Afrikaanse skole sedert integrasie by skole plaasgevind het. Stereotipe persepsies





ten opsigte van 'n rassegroep, moedig leerders aan om leerders van ander rasse te sien as persone wat ongewenste eienskappe en gedrag openbaar. Dit lei daartoe dat hierdie leerders uitgesonder word en dikwels 'n teiken word vir rasgedrewe treitering (Krige et al. 2000 : 3; CELP 2002 : 23).

Dit blyk ook uit 'n verkennende studie van die gedrukte media deur De Wet dat rassisme redelik algemeen in Suid-Afrikaanse skole voorkom. Skole versuim om pro-aktief op te tree, deur geskikte maatreëls in te stel wat rasseharmonie sal bevorder en rasgedrewe treitering sal bekamp (De Wet et al. 2001 : 10 - 16; CELP 2002 : 24). Dit blyk ook dat veral in voormalige blanke skole (waar die meeste integrasie plaasgevind het) opvoeders (wat moontlik ook produkte van Suid-Afrika se kultuur van apartheid en rassisme is) steeds vasgevang is in 'n kultuur van rassevooroordel, wat gekenmerk word deur stereotipe persepsies en wantroue ten opsigte van ander rassegroepe. Voorbeelde van hierdie rassevooroordel by opvoeders is: swak verhoudings met leerders van ander rasse-groepe; rassistiese bevooroordeeldheid (bias) in hul optrede en houding teenoor leerders; strenger optrede teenoor leerders van 'n spesifieke bevolkingsgroep (De Wet et al. 2001 : 10 -16; De Wet 2002 : 129 -153; Modjadji 2002 : 4). Opvoeders dra dus by tot 'n skoolkultuur waar rassevooroordel hoogty vier wat 'n teelaarde is vir rasgedrewe treitering.

Geslagsgeweld is 'n vorm van seksisme wat wêreldwyd voorkom en wat treitering en seksuele misbruik insluit. Die groter kulturele konteks asook 'n skoolkultuur waar stereotipe manlike en vroulike gedrag asook sterk groepsdruk aanwesig is, bevorder geslagsgeweld as vorm van seksisme (Leach 2002 : 99 - 111).

Geslagsgeweld floreer in 'n outoritêre kultuur waar die man (seun) domineer en daar 'n wanbalans in mag is tussen die man (seun) en die vrou (dogter). Manlike identiteit word geassosieer met aggressiewe, dominante gedrag en vroulike identiteit met onderdanigheid en afhanklikheid. Groepsdruk vereis ook dat 'n seun aggressief moet wees in sy benadering om die guns van 'n dogter te wen. In 'n kultuur waar vroueregte misken word, en waar manlike dominansie hoogty vier, is dit veral die vroue (dogters) wat uitgelewer word aan geslagsgeweld, seksuele misbruik en treitering (wat ook kan manifesteer as seksuele misbruik) hoofsaaklik as gevolg van die ongelykheid in mag tussen die seun en die dogter. Seksuele misbruik en treitering, kan baie ernstig of minder ernstig van

aard wees, byvoorbeeld: aanranding, gedwonge seks, verkragting, betasting, onwelvoeglike taal, vernedering en die aanbied van geskenke in ruil vir seks. Skole waar geslagsgeweld toegelaat word, misken nie slegs die kind se reg op onderwys nie, maar verhoog ook die risiko van veral dogters om geslagsiektes op te doen (Leach 2002 : 99 - 111; Fineran et al. 2001 : 211 - 218).

#### 2.6.2.5 TV en rolprente

Die gewelddadige kykmateriaal wat op TV en in rolprente aangebied word, kan lei tot die aanleer van aggressiewe gedrag wat weer manifesteer in treitering. Navorsers wat 1 266 vierjarige kinders bestudeer het, het bevind dat kinders wat as boelies beskou word, gemiddeld vyf uur per dag na televisieprogramme kyk. Kinders wat minder TV kyk, word volwassenes wat minder aggressief van aard is (Price 2005: 11).

Varnava (2002 : 8, 9) en Hazler (1996 : 27) sonder die volgende faktore uit wat daartoe lei dat kinders blootgestel word aan geweld op TV en in rolprente wat manifesteer in aggressiewe gedrag en negatiewe sosiale gedrag:

- Die houding van uitsaaikorporasies ten opsigte van die vertoon van programme word baie goed saamgevat in die volgende verklaring van die British Broadcasting Corporation:

Violence is a fact of life. So long as it exists in society and the world, television programmes should reflect and report it, both in fact and fiction. To do otherwise would be a substantial disservice to society.

- Pogings van televisiemaatskappye om programme wat geskik is vir kinders in 'n spesifieke tydgleuf uit te saai, of om kykers te waarsku teen programme wat nie geskik is vir kinders nie deur middel van klassifikasie-sisteme, misluk groten-deels omdat ouers dit ignoreer of omdat kinders televisiestelle in hul kamers het.
- Die gevolge van gewelddadige optredes of aksies, in rolprente en in televisieprogramme, word in die meeste gevalle nie in die film of program aangespreek of hanteer nie.



- Rolprente wat spesifiek geselekteer en gebeeldsend word vir kinders, ook gedurende skoolvakansies, bevat soms baie geweld.
- Die beeldsending van gewelddadige programme, sensasionele nuusprogramme, polisie-aksieprogramme en selfs ook tekenprente wat geweld bevat, is besig om toe te neem.

Die debat rakende die feit of die geweld op TV en in rolprente sosiale gedrag beïnvloed, duur steeds voort. Navorser stem saam met Price, Varnava en Hazler dat geweld op TV en in rolprente kan aanleiding gee tot aggressiewe gedrag. Hierdie aggressiewe gedrag kan ook manifesteer as treitering, met ander woorde die geweld kan dus ook die treiteringgedrag van die boelie beïnvloed. Navorser sonder veral die volgende drie wyses uit waarop die geweld, waaraan die boelie blootgestel word, die boelie se treiteringgedrag negatief kan beïnvloed:

- Die boelie leer nuwe metodes van treiteringgedrag aan wat hy dan toepas gedurende treitering. Dit geld nie slegs net vir metodes wat hy kan toepas tydens fisiese treitering nie (soos om die slagoffer op 'n spesifieke manier te skop), maar ook vir metodes wat tuis behoort by psigologiese treitering soos om herhaaldelik eksplisiete foto's van verminkte liggeme per e-pos aan die slagoffer te stuur met die doel om vrees te wek en die slagoffer emosioneel af te takel.
- Die tipiese boelie openbaar geen empatie of simpatie jeens sy slagoffer nie. Blootstelling aan geweld kan daartoe lei dat die boelie so gekondisioneer raak ten opsigte van geweld, dat sy gewete afgestomp raak en simpatie en empatie nie meer 'n rol speel in sy handelwyse nie. Die boelie se treiteringgedrag raak dus al meer en meer genadeloos.
- Die kondisionering van die boelie weens die volgehoue blootstelling aan geweld, asook die negatiewe brutaliteit wat daarmee saamgaan, veroorsaak dat die boelie sy optrede teenoor die slagoffer as die norm ervaar. Dit lei daartoe dat hy die intensiteit van sy negatiewe optrede verhoog.

## 2.7 DIE VOORKOMS (FREKWENSIE) VAN TREITERING

Volgens Zin Ma et al. (2001 : 247) en Furniss (2000 : 9) is treitering 'n verskynsel wat wêreldwyd voorkom. Banks (1997 : 1) stel dit as volg:

Bullying is a worldwide problem ... The problems associated with bullying have been noted and discussed wherever formal schooling environments exist.

'n Studie deur die Instituut vir Kriminologie van die Universiteit van Kaapstad, om die omvang van misdaad en geweld in die Suid-Afrikaanse onderwys te peil, het aangetoon dat treitering en intimidasie in 75% van die skole gerapporteer is (Eliasov en Frank 2000 : 5). 'n Suid-Afrikaanse skoolhoof druk hom as volg uit oor die omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole asook oor die onverskillige houding van sommige skoolhoofde ten opsigte van die voorkoms van treitering:

Bullying is a reality and is a common feature of everyday life in schools today. If heads of schools claim to prospective parents that there is no bullying in their schools, they need a reality check and the parents need to find another school (Zeelie 2002 : 279).

### 2.7.1 Internasionale frekwensie

Navorsingsresultate en statistiek van Noorweë, Swede, Finland, Engeland, VSA, Kanada, Nederland, Japan, Ierland, Spanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika dui daarop dat die probleem van treitering wêreldwyd voorkom (Olweus 1994 : 14; Elliot 2002 : 2; Rassool 2002 : 1; Eslea en Smith 1994b : 2; Squelch 1998 : 4; Salmivalli et al. 1996 : 1 - 15; Boulton en Underwood 1992 : 73 - 87; Levin-Epstein 2003 : 1 - 5; De Wet 2005b : 2; Reddy 2003 : 31; Trembl 2001 : 107 - 117).

Dit is belangrik om in ag te neem dat statistiek asook navorsingsresultate ten opsigte van treitering slegs hoofteendse verteenwoordig en dat daar verskille kan wees ten opsigte van skole, gemeenskappe en lande (Olweus 1994 : 18). Die volgende kriptiese samevatting, wat statistiek en navorsingsresultate uit verskillende lande wêreldwyd ver-

teenwoordig, toon dat treitering wêreldwyd 'n ernstige probleem is en dat die getal slagoffers wat negatief daardeur geraak word skrikwekkend hoog is:

- Die Sheffield Bullying-projek het getoon dat 27% van die junior- en middelskoolleerders soms of meer dikwels getreiter word. Die 27% sluit ook die 10% in wat een keer per week of meer dikwels per week getreiter word. Vir hoërskole was die persentasie slagoffers 10% en 4% vir bogenoemde twee kategorieë respektiewelik (Smith en Sharp 1994 : 15).
- Childline, die nasionale telefoonhulplyn vir kinders in die Verenigde Koninkryk, het in 2001, 20 000 oproepe ontvang van kinders en jong mense wat aangedui het dat hulle bekommerd is oor treitering. Kidscape ontvang elke jaar telefoonoproepe van meer as 16 000 ouers wat aandui dat hul kinders getreiter word (Elliot 2002 : 2).
- 'n Studie in Britse skole in 2000 het aangetoon dat 'n gemiddelde van 16 leerders elke jaar selfmoord pleeg weens die feit dat hulle getreiter word (Rassool 2002 : 1).
- Nieu-Seeland se selfmoordsyfer onder die jeug is die hoogste ter wêreld. Navorsing het getoon dat treitering een van die groot bydraende faktore is (Landman 2005 : 2).
- 'n Nasionale studie in Ierland toon dat 1 uit elke 20 leerders in primêre skole en 1 uit elke 50 leerders in post-primêre skole, onderworpe is aan ernstige treitering. Dit beteken dat ongeveer 20 000 leerders aan primêre skole en ongeveer 7 400 leerders aan post-primêre skole, slagoffers is van ernstige treitering (O'Moore et al. 1997 : 141 - 169).
- Navorsing deur Neser et al. (2005 : 61, 62) in 19 skole in Gauteng in 2003 toon dat 41% van die respondente glo dat leerders elke dag getreiter word. 'n Geringe persentasie van 8,7% van respondente glo dat treitering nie in hulle skole plaasvind nie terwyl 29,5% van mening is dat leerders een of twee keer per week getreiter word.



- Volgens die eerste South African Youth Risk Behaviour Survey van 2002, was 41% van die leerders in Suid-Afrika die slagoffers van treitering gedurende die 30 dae wat die opname voorafgegaan het. Die hoogste frekwensie van treitering het in die Noord-Kaap (56,7%) voorgekom en die laagste (36,5%) in KwaZulu-Natal (Reddy 2003 : 31).
- Navorsing deur De Wet (2005a : 44 - 55) in Vrystaatse skole, dui aan dat slegs 4,91% van die opvoeders en 16,22% van die leerders glo dat treitering nie 'n probleem in hulle skole is nie. Meer as 40% van die opvoeders het aangedui dat hulle treitering op 'n daaglikse basis waarneem.
- Meer as 90% van die leerders aan 'n Katolieke skool in Johannesburg het in 2001 aangedui dat hulle al slagoffers van treitering was (Rassool 2002 : 1).
- Leerders wat in die Vrystaat aan 'n navorsingsprojek deelgeneem het, het aangetoon dat slegs 29,2% van hulle nog nooit aan direkte verbale treitering, en 32,15% nog nooit aan indirekte verbale treitering, blootgestel was nie (De Wet 2005b : 2).
- Die American Academy of Child and Adolescent Psychiatry het in hul navorsing bevind dat 50% van die leerders getreiter word, 10% van hierdie leerders word op 'n gereelde basis getreiter (Gurian 2005 : 7 - 8).
- 'n Studie wat in laerskole in Suid-Carolina gedoen is, het getoon dat twee derdes van die 2 289 leerders al getreiter is. Meer as 64% van die leerders het aangedui dat treitering 'n probleem is en meer as 83% het aangedui dat die skool 'n gelukkiger plek sal wees as treitering aangespreek word (Squelch 1998 : 4).
- Navorsing deur Salmivalli et al. (1996 :1 - 15) in Finland, ten opsigte van graad 6-leerders, het getoon dat 10,5% van die seuns boelies was en 5,9% van die dogters boelies was. Van hierdie graad 6-leerders was 11,8% van die seuns en 11,5% van die dogters al slagoffers van ernstige treitering.



- 'n Nasionale studie deur Olweus in Noorweë in primêre skole en junior hoërskole, het getoon dat 9% (52 000) van die totale aantal leerders (568 000), slagoffers was en 7% (41 000) boelies was. Van die totale aantal leerders (568 000) was 1,6% beide boelies en ook slagoffers terwyl 5% (27 000) van die leerders al by ernstiger treiteringinsidente betrokke was, as boelies óf slagoffers (Olweus 1994 : 13, 14).

Indien die persentasie leerders (soos vermeld in die voorafgaande samevatting) wat betrokke is as boelies of slagoffers, verwerk word na aantal leerders, is die resultaat skrikwekkend. Olweus (1995 : 197) het die Skandinawiese persentasies toegepas op die leerdertotaal in die VSA en bevind dat ongeveer 5 miljoen leerders binne een jaar betrokke is as boelies of slagoffers. Sien ook die getalle hierbo vermeld: 20 000 slagoffers in primêre skole en 7 400 slagoffers in post-primêre skole binne 'n jaar in Ierland; 52 000 slagoffers en 41 000 boelies in Noorweë; 27 000 leerders was by ernstige treiteringinsidente as boelies of slagoffers in Noorweë betrokke. Tog skets bogenoemde onrusbarende resultate nog steeds nie die ware realiteit nie, want die voorkoms van treitering word in 'n groot mate onderrapporteer.

### 2.7.2 Redes vir onderrapportering van treitering

Volgens Squelch (1998 : 4) is treitering een van die mees onderskatte probleme in skole. De Wet (2005b : 2) beklemtoon die feit dat die getal treiteringinsidente, wat gerapporteer word, baie laer as die werklike voorkoms (frekwensie) daarvan is. Weens die onderskatting en onderrapportering van die voorkoms van treitering, is baie ouers en opvoeders asook onderwysdepartemente onbewus van die vlak en omvang van treitering waaraan hulle kinders en die leerders blootgestel word. De Wet (2005b : 2) meld die volgende faktore wat lei tot hierdie onderskatting en onderrapportering van die voorkoms van treitering:

- Die persepsie dat treitering deel van die grootwordproses is, lei daartoe dat slagoffers onwillig is om hul ouers en opvoeders te vertel dat hulle wel getreiter word.



- Slagoffers vrees weerwraak van die boelie en rapporteer dus nie die treitering nie.
- Indien die graad van treitering ernstig is of oor 'n lang tydperk plaasvind, versuim leerders dikwels om hul ouers daaromtrent in te lig, want hulle is bang dit sal hul ouers ontstel of dat hul ouers nie die situasie sal kan verander nie.
- Kinders is ook soms onwillig om te erken dat hulle sekere items of geld aan boelies gegee het.
- Ouers stel soms hoë akademiese en sosiale verwagtinge aan hul kinders – dus is kinders wat getreiter word, wat uitgesluit en ongewild voel, dikwels onwillig om te erken dat hulle getreiter word.
- Adollesente, wat graag onafhanklik wil wees, glo dat hulle in staat behoort te wees om die probleem self te hanteer.
- Die kind-ouer-verhouding en leerder-opvoeder-verhouding is dikwels gespanne gedurende die adollesente jare en die kommunikasiekanale is nie na wense nie.
- Treitering is dikwels so subtiel dat dit moeilik waarneembaar is.
- Leerders glo dat opvoeders nie betrokke wil raak by treitering nie en rapporteer nie die treitering nie.

### 2.7.3 Frekwensie met betrekking tot ouderdomme en grade

Olweus het bevind dat die meeste leerders wat getreiter word (slagoffers) in grade 2 - 6 is. Die ouderdomme van hierdie leerders is ongeveer vanaf 8 jaar tot 13 jaar. Die persentasie leerders wat getreiter word, neem ook af soos die ouderdomme hoër word en die treitering raak ook minder fisies van aard. In grade 7 - 9 (ouderdomsgroep 13 - 16 jaar) is die aantal slagoffers ongeveer die helfte minder. Meer as 50% van die slagoffers het aangedui dat hulle deur leerders wat ouer as hulle self is, getreiter word. Hierdie bevindinge deur Olweus, geld vir beide seuns en dogters (Olweus 1994 : 14, 15).



Soortgelyke navorsing in Ierland, asook navorsing deur die National Institute of Child Health and Human Development en resultate van die Sheffield Bullying Project, korreleer met en bevestig bogenoemde tendens soos bevind deur Olweus (O'Moore et al. 1997 : 141 - 169; Eslea en Smith 1994a : 1 - 6; Levin-Epstein 2003 : 1 - 6). Navorsingsresultate van die National Institute of Child Health and Human Development, toon dat treitering ook baie algemeen is by leerders in pre-primêre skole (Levin-Epstein 2003 : 4).

'n Tendens ten opsigte van die voorkoms van boelies in die verskillende grade, is dat daar nie so 'n beduidende afname is vanaf primêre skool na post-primêre skool soos dit in die geval van slagoffers was nie (Olweus 1994 : 15 - 16; O'Moore et al. 1997 : 161; Eslea en Smith 1994a : 1 - 6). Eslea en Smith (1994b : 3) verklaar die stelling deur te sê dat boelies neig om voort te gaan met hul negatiewe optrede soos hul ouer word, maar hulle teiken minder slagoffers.

#### **2.7.4 Frekwensie met betrekking tot geslag**

In 'n nasionale studie deur O'Moore et al. (1997 : 145 - 150) is bevind dat seuns meer geneig is om te treiter as dogters en dat meer seuns dus slagoffers van treitering is as dogters. Navorsing in Gauteng deur Naser et al. (2005 : 35 - 37) korreleer met die bevindinge van O'Moore et al.. In die deelnemende Gautengskole het 60.1% van die leerders aangedui dat seuns die hoofrolspelers is in die treitering van ander leerders. Seuns wat in groepe opereer, treiter die meeste volgens 60.2% van die respondente. Gemengde groepe is deur 37,6% respondente aangedui as boelies terwyl dogters daarenteen deur 27,4% aangedui is as boelies. Navorsing deur die National Institute of Child Health and Human Development, wat die frekwensie van treitering in die skool en buite die skool ondersoek het, toon dat seuns meer treiter as dogters en ook meer getreiter word. Daar is deur 16% van die seuns en 11% van die dogters aangedui dat hulle soms, of weekliks by die skool getreiter word, terwyl 23% van die seuns en 11% van die dogters aangedui het dat hulle ander leerders by die skool treiter (Levin-Epstein 2003 : 5). Volgens Eslea en Smith (1994a : 4) is dogters oor die algemeen meer simpatiek teenoor die slagoffers van treitering en minder geneig as seuns om by treitering betrokke te raak.

Die tendense wat deur bogenoemde navorsingsresultate aangedui word, moet met omsigtigheid hanteer word, want daar is wel faktore wat mag lei tot 'n laer rapportering ten opsigte van die voorkoms van treiteringaktiwiteite by dogters soos (Olweus 1994 : 18 - 20; Naser et al. 2005 : 62; Eslea en Smith 1994a : 1 - 9; Elliot 2002 : 3; Lawson 1994 : 15, 16; Birkenshaw en Eslea 1998 : 1):

- Die subtieler metodes van treitering deur dogters, mag moeiliker wees om waar te neem en te identifiseer.
- Statistieke reflekteer hoftendense en daar mag afwykings wees ten opsigte van verskillende skole en klasse.
- Die groter, gepaardgaande bravade tydens treitering, wat meer tipies is van seuns, kan daartoe lei dat seuns meer dikwels waargeneem word as die boelies, deur die respondente.
- Seuns is meer geneig as dogters om te vertel dat hulle ander leerders getreiter het.
- Dogters is dikwels skaam of onwillig om te erken dat hulle ander leerders getreiter het.
- Opvoeders is meer geneig om negatiewe fisiese optrede (wat meer by seuns voorkom) as treitering te beskou.
- Negatiewe optrede van 'n seun teenoor 'n dogter, word deur opvoeders meer dikwels as treitering beskou as negatiewe optrede van dogters teenoor seuns.
- Die stereotipering van treitering as manlike gedrag – die tradisionele treiteringmodel is gesentreer om die manlike boelie en treitering word gesien as tipiese manlike gedrag.

Alhoewel dit reeds volledig bespreek is onder 2.4.1 (fisiese treitering), is dit belangrik om hier te vermeld dat fisiese treitering wel meer by seuns voorkom, maar dat dit ook besig is om toe te neem by dogters. Behalwe dat dogters mekaar in erge vloektaal uitskel en

mekaar lelik beswadder, trek dogter-boelies hul slagoffers se hare en slaan mekaar met die plathand deur die gesig. Navorsing deur Eslea en Smith (1994a : 2) en Eslea en Smith (1994b : 2) toon selfs dat dogters dieselfde kans het as seuns om geslaan, geskop en gedreig te word en dieselfde kans het as seuns om getreiter te word. Volgens McCarthy en Carr (2002 : 206) word seuns hoofsaaklik deur seuns getreiter, maar dogters word deur beide geslagte getreiter.

### 2.7.5 Frekwensie met betrekking tot tipes treitering

'n Studie in 2003 in Gauteng en 'n nasionale studie in 1993 – 1994 in Ierland, verskaf 'n goeie riglyn ten opsigte van die voorkoms en tendense van verskillende tipes treitering (Neser et al. 2005 : 16; O'Moore et al. 1997 : 151). Neser et al. se frekwensies dui die voorkoms per dag aan en die van O'Moore et al., die gemiddelde voorkoms per jaar. Beide het bevind dat die vorm van treitering wat die meeste voorkom, is om die slagoffer te verneder deur middel van woorde en taalgebruik ("hurtful name calling") (Neser 45,1% en O'Moore 55%). Om die slagoffer op 'n onaangename manier te terg kom ook baie voor (Neser 38,2%). Beide navorsers dui op die kommerwekkende hoë voorkoms van fisiese treitering (Neser 26,1% en O'Moore 25%). Neser et al. se studie dui sosiale uitsluiting (22,6%) aan as die treiteringstipe met die volgende hoogste voorkoms gevolg deur dreigemente om die slagoffer skade of nadeel te berokken (17,7%). O'Moore et al. se studie het bevind dat die frekwensie vir dreigemente 19,5% is en vir sosiale uitsluiting 12% is. Die frekwensie van die volgende tipes treitering word ook in O'Moore et al. se studie aangespreek: rassistiese treitering deur middel van vernederende taalgebruik en woordgebruik ("hurtful namecalling") - 7,2%; verspreiding van gerugte oor die slagoffer - 24,5%; die afneem van die slagoffer se besittings - 11,1%. Van die slagoffers is 12%, op ander maniere getreiter byvoorbeeld: grillerige telefoonoproep; onbeskofte notas; graffiti op banke en in toilette; die slagoffer word verbied om te praat of te beweeg; die slagoffer word gespoeg; daar word op die slagoffer geurineer; sy kop word in die toiletbak gedruk; hy word met vrugte gegooi; word gesoen onder dwang; klere word afgeskeur. Van die leerders in 'n post-primêre skool het 30 leerders (1,6%) aangedui dat hulle seksueel gesteier word (sien 2.4.6 – treitering kan ook manifesteer as seksuele teistering). Vergelyk ook die hoë voorkoms van slagoffers onder homoseksuele en lesbiese leerders – afdeling 2.4.6.



### 2.7.6 Frekwensie en lokalisering

Daar bestaan 'n persepsie dat die meeste treitering op pad na en vanaf die skool plaasvind. Olweus (1994 : 21) verwerp hierdie siening en sê dat die skool self, sonder twyfel, die plek is waar die meeste treitering plaasvind. Inteendeel, die leerders wat op pad na en van die skool getreiter word, word gewoonlik ook by die skool getreiter. Volgens Olweus word twee tot drie keer meer leerders by die skool getreiter as op pad na en van die skool.

In Nesor et al. se studie (in Gauteng) is daar spesifiek gefokus op die lokalisering van treitering (op watter plekke treitering die meeste plaasvind). Volgens Nesor et al. se bevinding, in volgorde van frekwensie per dag, vind treitering as volg plaas: op die speelgrond 29,8%; in die klaskamer 20,2%; op pad na en van die skool 18,5%; in die badkamer 14,9%; tydens georganiseerde sport 11,9%; op die bus 11,6%; by die bus-stop 9,4%; in die saal 9,2% (Nesor et al. 2005 : 19). De Wet (2005a : 2) het in haar studie in Vrystaatse skole bevind dat die plek waar die leerders besonder weerloos teenoor boelies staan, in taxi's is. Hoewel slegs 31,86% van die respondente aangetoon het dat hulle met 'n taxi skool toe gaan, beleef 29,64% van hierdie leerders taxi's as óf baie onveilig óf redelik onveilig met betrekking tot treitering.

Beide McCarthy en Carr (2002 : 206) en O'Moore et al. (1997 : 153) stem saam met Nesor et al. dat die meeste treitering op die speelgrond voorkom met betrekking tot leerders in die primêre skool. Wat hoërskoolleerders betref (hoofsaaklik post-primêre leerders) vind die meeste treitering volgens McCarthy en Carr asook O'Moore et al. in die klaskamer (47%) en die gange (37%) plaas. (Nesor et al. het nie onderskei tussen laerskoolleerders en post-primêre leerders nie.) Die speelgrond (27%) is die plek waar die derde meeste treitering onder hoërskoolleerders plaasvind terwyl 15% van leerders aangedui het dat hulle op ander plekke soos toilette, aantrekkamers, by toesluitkaste en slaapsale getreiter word (O'Moore et al. 1997 : 15). Volgens Kaiser en Rasminsky (2003 : 233) kies die boelie plekke waar volwassenes en opvoeders skaars is soos speelgronde, gange, badkamers en by toesluitkaste. De Wet (2005a : 2) se studie onder Vrystaatse leerders het getoon dat die meeste leerders in badkamers en toilette getreiter word. In die geval van Nesor et al., O'Moore et al. asook McCarthy en Carr (hoërskoolleerders hierbo), was treitering in die badkamers en toilette die plek met die

vierde hoogste frekwensie. De Wet het ook bevind dat die meeste Vrystaatse leerders voel dat klaskamers die veiligste plek is in teenstelling met O'Moore et al., McCarthy en Carr asook Naser et al., wat bevind het dat die frekwensie van treitering in die klaskamer hoog is.

### 2.7.7 Toename in frekwensie van treitering

Daar is aanduidings in die literatuur dat treitering besig is om internasionaal toe te neem (Feder-Feitel 2004 : 21; Olweus 1994 : 17, 18; Lawson 1994 : 16; Rubin 2003 : 5; Stiehler 2002 : 13). Volgens Hazler (1996 : 12 - 14) kan die feit dat geweld en misbruik in gemeenskappe en skole toeneem moontlik 'n bydraende faktor wees ten opsigte van 'n toename van treitering alhoewel dit nog nie wetenskaplik bewys is nie.

Die probleem met bogenoemde sienings dat treitering besig is om toe te neem is dat daar nie goeie navorsing en data bestaan om direk te kan bepaal of dit die geval is nie. Olweus het alreeds in 1994 gemeld dat daar indirekte aanduidings is dat treitering toeneem, maar dat daar nie data beskikbaar is om dit te bevestig nie. Hy het ook die gehalte van die vroeë navorsing oor die frekwensie van treitering bevraagteken wat op 'n laer voorkoms van treitering gedui het.

Sommige van die aannames dat treitering besig is om toe te neem, is gegrond op observasie van opvoeders, sosiale werkers en sielkundiges asook op die aantal leerders of ouers wat van inbelhulplyne gebruik maak (Lawson 1994 : 16; Furniss 2000 : 11). Die observasies van persone wat elke dag met leerders werk, kan moontlik juis wees en so ook die aannames gegrond om die verhoogde aantal oproepe en hulplyne alhoewel daar nie data beskikbaar is om dit wetenskaplik te bewys nie.

Child bullying, school bullying, bullycide: Bullying in schools (2005 : 1) betwyfel die siening dat treitering toegeneem het en sê dat daar 'n groterwordende bewustheid is ten opsigte van die voorkoms van treitering asook ten opsigte van die ernstige gevolge vir die slagoffer. Die groter bewustheid van die fenomeen treitering wat ook gepaardgaan met meer kennis, lei daartoe dat rolspelers meer daarop ingestel is om treitering waar te neem, te identifiseer, te rapporteer en makliker stappe neem om dit te hanteer en te bestuur.



Uit bogenoemde blyk dit daar nie geskikte data bestaan om te bepaal of daar 'n toename in treitering is nie. Skole kan hier 'n groot rol speel indien hulle geskikte data oor 'n tydperk kan insamel. In Suid-Afrikaanse skole bestaan daar tans nie 'n nasionale of provinsiale rapporteringsbeleid wat so gestruktureerd is dat dit ook hierdie nodige data kan voorsien nie. Die instelling van 'n gestruktureerde rapporteringsbeleid is natuurlik ook belangrik om slagoffers en ander leerders aan te moedig om treitering te rapporteer en kan ook die vrees vir intimidasie by diegene wat treitering rapporteer, in 'n groot mate beperk.

## 2.8 DIE GEVOLGE VAN TREITERING

Soos aangedui in afdeling 2.3.1 kan daar onderskei word tussen die uitwerking van treitering op die slagoffer gedurende die insident asook onmiddellik na die insident en die langtermyngevolge van treitering waarvan sommige gevolge vir die res van 'n persoon of slagoffer se lewe 'n nadelige uitwerking kan hê.

Dit is nie slegs net die slagoffer van treitering wat ernstige langtermyngevolge kan ervaar of oorhou nie, maar ook die boelie self en die omstanders wat die treitering-insident waargeneem het sowel as die skoolgemeenskap as geheel (Whitted en Dupper 2005 : 168; Lawson 1994 : 17; De Wet 2005a : 45).

Hierdie studie fokus primêr op die gevolge van treitering vir die slagoffer aangesien die slagoffer die party is wat die meeste skade of nadeel toegevoeg word wanneer treitering plaasvind. Die gevolge van treitering vir die boelie, die omstanders en die skoolgemeenskap word slegs kortliks bespreek. Die gevolge van treitering vir die slagoffer kan breedweg in die volgende kategorieë verdeel word: fisiese gevolge; emosionele gevolge; sosiale gevolge en opvoedkundige gevolge (Krige *et al.* 2000 : 10; De Wet 2005a : 45). Volgens De Wet en Van Huysteen (2005 : 17) het die verskillende vorme van geweld (wat ook treitering insluit) 'n vernietigende uitwerking op die sosiale, emosionele, fisiese en intellektuele ontwikkeling van die leerder. Die belangrikste doelstelling van onderwys is die optimale ontwikkeling van die leerder op sosiale, fisiese, intellektuele en emosionele vlak.

## 2.8.1 Die gevolge van treitering vir die slagoffer

### 2.8.1.1 Fisiese gevolge

Die fisiese gevolge van treitering sluit die volgende in: fisiese beserings; simptomatiese simptome; negatiewe lyftaal en liggaamshouding; leerders kom honger tuis aangesien hulle kos of kosgeld gesteel is; slagoffers hou op met eet of word obsessief netjies aangesien hy as “vet” of “vuil” geëtiketteer word; geskeurde klere; senuagtige gewoontes soos byvoorbeeld om naels te kou (Krige et al. 2000 : 10; Elliot 2002 : 4, 5; Lawson 1994 : 31).

Fisiese beserings kan minder ernstig wees, byvoorbeeld snye, kneusplekke en skrape, maar kan ook soms ernstig van aard wees en in uitsonderlike gevalle selfs die slagoffer se lewe bedreig en lei tot die dood van die slagoffer (Sharp en Smith 1994 : 2; Lawson 1994 : 14; Elliot 2002 : 4, 5).

Behalwe fisiese beserings is bevind dat negatiewe stres, wat die gevolg is van treitering, kan lei tot 'n reeks fisiese simptome en ook psigosomatiese simptome soos byvoorbeeld: slapeloosheid; lae immuniteit ten opsigte van siektetoestande (byvoorbeeld griep, klierkoors, kanker); pyne en skete waarvoor daar nie 'n spesifieke oorsaak is nie; verlies van eetlus (of soms ooreet); hoofpyne; rugpyne; nagmerries; bednatmaak; maagpyne; maagsere; uitputting (Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 2; Maree 2005 : 28; Sharp en Smith 1994 : 2). Langtermynreitering, wat negatief inwerk op die liggaam se immuniteitsstelsel en die liggaam se energiereserwes tap, kan ook 'n oorsaak wees van Kroniese Vermoeidheidsindroom (“Chronic Fatigue Syndrome”).

Volgens Rigby (2003 : 1) het verskeie langtermynstudies aangetoon dat treitering 'n oorsaaklike faktor is ten opsigte van die ontwikkeling van siektetoestande by leerders. Rigby sê die verklaring hiervoor kan moontlik gesoek word in die feit dat langdurige negatiewe stres (wat die gevolg is van treitering) daartoe kan lei dat die liggaam se immuniteitsstelsel benadeel word. Lae immuniteit veroorsaak dat die slagoffer meer vatbaar is vir infeksie (sien gevolge van stres hierbo). Daar is egter nie duidelikheid oor watter vorme van treitering meer geneig is om te lei tot die ondermyning van die gesondheid van slagoffers nie.

### 2.8.1.2 Psigologiese / Emosionele gevolge

Rigby (2003 : 2, 3) onderskei tussen die volgende twee fasette van psigologiese gevolge van treitering: lae psigologiese welstand en psigologiese nood (“distress”). Lae psigologiese welstand sluit die volgende in: algemene ongelukkigheid; lae selfbeeld; gevoelens van woede en gevoelens van hartseer. Psigologiese nood is meer ernstig van aard en behels die volgende: hoë vlakke van angs asook depressie en selfmoordgedagtes. Verskeie ander navorsers lê klem op die psigologiese gevolge van treitering soos: depressie; selfmoord; lae selfbeeld; verlies aan selfvertroue; ‘n groter risiko om aan stres en stresverwante simptome te ly; groter angstigheid, paniek en vrees; gevoelens van skuld, skaamte, haat, selfhaat, hulpeloosheid, magteloosheid, verlorenheid en vernedering; benadeling van die ego-funksionering; Post Traumatiese Stressteuring (“Post Traumatic Stress Disorder”). Alhoewel laasgenoemde nog nie deur navorsing bewys kon word nie, stem sekere simptome van treitering baie ooreen met die van Post Traumatiese Stressteuring (Roland 2002 : 55 - 65; Maree 2005 : 22 - 31; Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 1 - 9; Strauss 1994 : 77; Strauss *et al.* 1997 : 761 - 767; O’Moore en Kirkham 2001 : 269 - 283; Landman 2005 : 1 - 4; Ferrell-Smith 2004 : 3, 4).

Negatiewe stres, wat die gevolg is van treitering, kan ook lei tot ‘n reeks psigologiese simptome, byvoorbeeld angsaanvalle, depressie, selfmoordgedagtes, swak geheue, onsekerheid asook totale ineenstorting as gevolg van stres. Laasgenoemde word geklassifiseer as ‘n psigiatriese besering en nie as ‘n geestesversteuring nie (Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 2).

Die ernstigste gevolge van treitering vir die slagoffer, is selfmoord deur die slagoffer en moord waar die slagoffer die boelie of boelies vermoor.

Navorsing in Britse skole toon dat gemiddeld 16 leerders per jaar selfmoord pleeg as gevolg van die feit dat hulle getreiter is. Nieu-Seeland se jeugselfmoordsyfer is die hoogste ter wêreld. ‘n Studie wat in Nieu-Seeland gedoen is, toon dat treitering ‘n bydraende faktor is tot hierdie hoë selfmoordsyfer (Rassool 2002 : 1; Landman 2005 : 2).

Volgens Roland (2002 : 64) en Kapp (2001 : 118) bestaan daar ‘n hoë korrelasie tussen depressie en selfmoordgedagtes asook pogings tot selfmoord. Salmivalli (2004 : 1) dui





aan dat die korrelasie tussen treitering en depressie, as 'n psigologiese gevolg van treitering, baie hoog is. Die hoë korrelasie tussen treitering en depressie en selfmoordgedagtes of selfmoord, bied 'n verklaring vir navorsing wat aantoon dat leerders selfmoord pleeg as gevolg van treitering (sien Rassool 2002 : 1 en Landman 2005 : 2 hierbo).

Volgens *Effects of Bullying and Effects of Stress* (2005 : 7) kan die toorn en woede wat die slagoffer ervaar weens treitering, daartoe lei dat hy homself skade aandoen deur dwelmmisbruik, pogings tot selfmoord, of selfmoord. Ferrell-Smith (2004 : 4) waarsku egter dat 'n begeerte om selfmoord te pleeg of 'n poging tot selfmoord gewoonlik afhang van verskillende bydraende faktore. Wanneer treitering as die hooforsaak geïdentifiseer word, moet dit gegrond wees op onomstootlike, beskikbare getuïenis, byvoorbeeld 'n selfmoordnota of die uitslag van 'n ondersoek of 'n onderhoud na 'n selfmoord of 'n poging tot selfmoord.

Dit is ook belangrik om te onderskei tussen endogene depressie en reaktiewe depressie. Endogene depressie word geassosieer met geestesversteuring of sielsiekte, terwyl reaktiewe depressie 'n reaksie is op 'n eksterne gebeurtenis. Depressie wat die gevolg is van treitering, word geklassifiseer as reaktiewe depressie (*Effects of Bullying and Effects of Stress* 2005 : 5).

In 1997 het die sestienjarige Evan Ramsey van Alaska, 'n klasmaat en die skoolhoof doodgeskiet nadat hy herhaardelik gespot en geterg is deur ander leerders. Treitering is ook geïdentifiseer as die hooforsaak of beweegrede waarom Eric Harris en Dylan Klebold, wat slagoffers van langdurige treitering was, twaalf leerders en 'n opvoeder in 1999 by Colombine High School in Colorado doodgeskiet het. Gedurende 'n tydperk van agtien maande het twaalf skietvoorvalle by skole in die VSA voorgekom. In 75% van hierdie gevalle is treitering as die oorsaak geïdentifiseer. Die grootste bloedbad, na die Colombine-insident, het plaasgevind by die Red Lake High School in Minnesota. Die vyftienjarige Jeff Weise het tien persone doodgeskiet en daarna selfmoord gepleeg. Hy is beskryf as 'n alleenloper en is herhaardelik deur ander leerders geterg (Landman 2005 : 2, 3; Sheehan 2002 : 3). Op 29 Junie 1984 het 'n 16-jarige Bloemfonteinse skoolseun 'n 18-jarige seun doodgeskiet. Daar was 'n lang aanloop tot die skietvoorval aangesien daar geruime tyd voor die voorval 'n gespanne verhouding tussen die twee seuns was –

die oorledene het die jonger, kleiner en sensitiewe seun oor 'n lang tydperk herhaaldelik verneder en geïntimideer (S v T 1986 (2) SA 112 (0)).

'n Studie deur Linda Richter het bevind dat kinders wat getreiter word, die begeerte het om skade aan te doen of beheer uit te oefen, uit weerwraak vir die feit dat hulle getreiter is (Richter et al. 2000 : 1 - 3). Slagoffers van treitering tree dikwels self op indien opvoeders en skoolbestuurders nie ingryp nie. Onderdrukte toorn en woede teenoor die boelie kan lei tot uitbarstings van geweld, waarvan bogenoemde gevalle voorbeelde is (Landman 2005 : 2; Elliot 2002 : 4; Maree 2005 : 29; Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 7).

#### 2.8.1.3 Sosiale gevolge

Volgens Hazler (1996 : 15) is emosionele en sosiale probleme as gevolg van treitering, probleme wat die meeste voorkom by slagoffers van treitering. Sosiale probleme as gevolg van treitering behels onder andere: onttrekking; teruggetrokkenheid; verlies van vriendskappe; sosiale isolasie en uitsluiting; gebrek aan sosiale vaardighede; die slagoffer voel verstote en verwerp; vervreemding van die slagoffer; slagoffers ontwikkel 'n weersin in hulle sosiale omgewing. (Hazler 1996 : 15; Banks 1997 : 2, 3; Squelch 1998 : 4; Beane 1999 : 11 - 13; Rigby 2003 : 3).

Wanneer 'n leerder of slagoffer homself onttrek, is hy onwillig om betrokke te raak in sosiale verhoudings veral ten opsigte van sy portuurgroep. Hulle raak so in hulle eie gedagtes versonke dat hulle belangstelling verloor in enige sake wat hulle nie persoonlik raak nie (Kapp 2001 : 118). Lawson (1994 : 29, 30) dui aan dat hierdie leerder kan ontwikkel in 'n nors ongesellige en stuurs persoon. Dit kan daartoe lei dat hy naderhand niks meer positiefs kan doen nie en die meeste van die tyd by die huis bly en niks doen nie. Dit kan egter ook gebeur dat hy na 'n fantasiewêreld ontvlug deur voortdurend televisie te kyk of rekenaarspeletjies te speel. Op dié manier is hy tydelik iemand anders en kan hy die swak selfbeeld 'n ruk opsy skuif. Familie-uitstappies, naskoolse aktiwiteite en besoeke by vriende wat eens vir hom lekker was, is nou 'n beproewing en hy verkies om tuis te bly. Volgens Beane (1999 : 11) is sosiale onttrekking dikwels die gevolg van gevoelens van: depressie; angstigheids; verwerping; swak selfvertroue; vervolgingswaan en onwaardigheid.

Die weersin wat die leerder ontwikkel jeens die sosiale omgewing, kan veroorsaak dat die leerder ook 'n teensin ontwikkel in die skoolopset en dus baie afwesig gaan wees en nog meer gaan vereensaam en homself sodoende isoleer (Rigby 2003 : 3).

Wanneer 'n slagoffer sosiaal uitgesluit word, is die doel van die boelie om die slagoffer te beperk en sosiaal geïsoleerd en minderwaardig te laat voel (Rassool 2002 : 1). Volgens Banks (1997 : 3) word die slagoffer se sosiale isolasie vergroot deurdat ander leerders van die portuurgroep nie met die slagoffer geassosieer wil word nie aangesien dit afbreuk sal doen aan die ander leerders se status – hulle wil ook nie die risiko loop om self getreiter te word nie.

Dogters maak meer gebruik van sosiale uitsluiting as seuns. Dogters sal byvoorbeeld die slagoffer op 'n subtiele manier uitsluit van spesifieke sitplekke in die eetsaal, hulle sal die slagoffer ignoreer op die speelgrond en die slagoffer uitsluit wanneer uitnodigings vir oorslaappartyjies gerig word. Daarteenoor is seuns se benadering nie so subtiel nie. Seuns toon 'n geneigdheid om die slagoffer openlik te beledig in plaas daarvan om die slagoffer te ignoreer (Kidshealth 2004 : 2).

#### 2.8.1.4 Opvoedkundige gevolge

Navorsing toon dat leerders wat getreiter word, bang is of selfs weier om skool toe te gaan. Hierdie leerders vind dit ook baie moeilik om in die klas te konsentreer. Die rede hiervoor is dat die slagoffer alleen voel, depressief is en bang en desperaat is. Geen navorsing bestaan egter wat 'n antwoord verskaf op die vraag waarom sekere slagoffers akademies sukkel terwyl ander slagoffers goed presteer nie (Ferrell-Smith 2004 : 4).

Krige et al. (2000 : 10) sonder die volgende negatiewe, opvoedkundige gevolge van treitering uit: onttrekking van skoolaktiwiteite; vrees om vrae in die klas te vra; onvermoë om op werk te konsentreer; maak nie die onderwyser daarop attent as hulle nie verstaan nie omdat hulle bang is om geterg te word; onderprestasie – dit kom soms voor of hulle “onnosel” is.

Slagoffers van treitering kan ernstige skoolfobie ontwikkel. Die vooruitsig van skool toe gaan is vir hulle so vreesaanjaend dat hulle smeek of dreig om nie te gaan nie. Hulle kan



selfs fisies siek word wanneer die ouers daarop aandrings dat hulle moet skool toe gaan. Ongeveer 7% van die graad 8-leerders in die Verenigde State van Amerika is ten minste een dag per maand afwesig as gevolg van treitering. Navorsing wat in Australië gedoen is, het getoon dat leerders wat getreiter word meer afwesig is as leerders wat nie aan treitering onderworpe is nie. Daar is ook 'n hoë korrelasie tussen die vlak van afwesigheid en die intensiteit van die treitering. In die geval van leerders wat weekliks getreiter word, was 19% van die seuns en 25% van die dogters afwesig weens die treitering. In die geval van leerders wat minder dikwels getreiter is, was 4% van die seuns en 12% van die dogters afwesig weens treitering. Slagoffers van treitering by die skool, vra dikwels om siekekamer toe te gaan as gevolg van maagongesteldheid of hoofpyn of versoek selfs om huis toe te gaan. Hierdie veelvuldige afwesigheid van klasse, het weer 'n negatiewe uitwerking op skoolwerk en skoolprestasie (Lawson 1994 : 30; Rigby 2003 : 5; Kidshealth 2004 : 1; Sharp en Smith 1994 : 2).

Leerders wat by die skool getreiter word, verkeer soms voortdurend in 'n toestand van vrees, bevind hulle in 'n negatiewe omgewing en dink gedurig aan die volgende aanval deur die boelie. Dit is nie moontlik om te konsentreer en effektief te leer in hierdie omstandighede nie en hul skoolwerk gaan agteruit. Hulle kan soms nie tuiswerk ingee nie aangesien hul boeke deur die boelie afgevat is. Uit vrees dra hulle liewers self die blaam daarvoor en rapporteer nie die boelie nie. Nagmerries en slapeloosheid as gevolg van treitering, veroorsaak dat hulle uitgeput skool toe gaan wat ook negatief inwerk op hulle skoolwerk. Dit kan soms so ernstig wees dat 'n leerder 'n graad druipe. Die emosionele en fisiese uitwerking van die treitering veroorsaak dat die leerder nie die geestelike krag het om op sy studies te fokus nie en ook nie meer omgee of hy gaan slaag of nie. Slagoffers van treitering in sekondêre skole kan selfs hulle vakke sodanig kies dat hulle op die manier sekere individue sal vermy. (Lawson 1994 : 31; Banks 1997 : 5; Gurian 2005 : 7 - 8; Sharp en Smith 1994 : 2).

Volgens Hazler (1996 : 16) kan treitering daartoe lei dat die slagoffer kies om die skool te verlaat om sodoende uit die situasie te ontsnap. Alhoewel sommige leerders of slagoffers in die skool bly, verloor hulle totaal belangstelling in die skool en die skoolwerk.

Negatiewe stres, wat die gevolg is van treitering, kan ook simptome negatief inwerk op akademiese prestasie byvoorbeeld: vergeetagtigheid; swak konsentrasie; 'n geheue wat afwisselend funksioneer (Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 2).

Verskeie faktore kan akademiese agteruitgang en swak skoolprestasie tot gevolg hê. Treitering kan dus een van baie oorsake van akademiese agteruitgang wees. Dit is dus belangrik om eers die emosionele en kognitiewe redes vir die akademiese agteruitgang te bepaal om seker te kan wees wat die hooforsaak van die probleem is (Beane 1999 : 12).

By die fisiese en psigologiese gevolge van treitering, is die rol van negatiewe stres as gevolg van treitering aangetoon. Negatiewe stres as gevolg van treitering het ook 'n invloed op die leerder se gedrag en lei dikwels tot huilerigheid, geïrriteerdheid, hipersensitiwiteit en groter afhanklikheid van dwelms. Negatiewe stres werk ook negatief in op die leerders se persoonlikheid, hierdie leerders openbaar min selfvertroue, 'n lae selfbeeld asook 'n verlies van selfagting en selfliefde (Effects of Bullying and Effects of Stress 2005 : 2). Hierdie gevolge het 'n nadelige uitwerking op die leerder se skoolbywoning, skoolprestasie en sy algemene geluk.

Alhoewel die uitwerking van treitering op die slagoffer se gedrag ook deel gevorm het van die bespreking van die fisiese, psigologiese, sosiale en opvoedkundige gevolge, meld Lawson (1994 : 30 – 32) ook nog die volgende gedragsprobleme wat die gevolg kan wees van treitering, naamlik aggressiewe gedrag – die slagoffer word fyngemoed en strykerig; asook diefstal – die slagoffer sal selfs steel om te voldoen aan die boelie se versoeke om byvoorbeeld geld van die slagoffer te ontvang in ruil daarvoor om nie getreiter te word nie; en regressie – die slagoffer beweeg terug ten opsigte van sy ontwikkeling deur byvoorbeeld weer meer afhanklik te word of selfs weer te begin duimsuig. Hierdie gedragsprobleme is nadelig vir die leerder se welsyn op skool en werk stremmend in op sy ontwikkeling.

### **2.8.2 Die gevolge van treitering vir die boelie, omstanders en die skoolgemeenskap**

Soos gemeld, is dit nie slegs vir die slagoffer(s) wat treitering ernstige langtermyngevol-



ge kan hê nie, maar ook vir die boelie, die omstanders en vir die skoolgemeenskap as geheel.

Navorsing toon dat leerders wat volhardende boelies was op die ouderdom van twaalf jaar, 'n tweekeer groter kans het om op ouderdom 24 reeds aan 'n strafregtelike oortreding skuldig te wees as leerders wat nie boelies was nie. Hulle het ook 'n vier keer groter kans om gewoonte-oortreders te word. Indien hulle nie hulp kry nie, kan hierdie negatiewe gesindhede en houdings steeds deel van hulle karakter wees wanneer hulle die volwasse lewe en die huwelik betree of wanneer hulle self ouers word – gevolglik vind dit uiting in die treitering van hulle huweliksmaats en hulle kinders. Hulle kan selfs hierdie treiteringgedrag voortsit in hul werksituasie. In die boelie se geval is die kans ook groter om die volgende te ervaar: huweliksprobleme; egskeiding; probleme met kindersorg; drankmisbruik; werksprobleme; psigiatriese disorganisasie; aggressiewe gedrag asook anti-sosiale gedrag (Lawson 1994 : 18; Hepburn en Roher 2004 : 455; Sharp en Smith 1994 : 2; Bully B'ware – more information about bullying 2005 : 4). Volgens Beane (1999 : 5) het 25% van die volwassenes wat as kinders boelies was, 'n kriminele rekord wanneer hulle dertig jaar oud is. Hierteenoor het 5% van die volwassenes wat nie boelies was nie, 'n kriminele rekord.

Behalwe dat leerders wat treiter, geneig is om meer by negatiewe aktiwiteite betrokke te raak (sien hierbo) toon navorsing ook dat boelies meer geneig is om te druipe of om die skool voortydig te verlaat (Ferrell-Smith 2004 : 4).

Treitering het nie slegs 'n negatiewe en skadelike uitwerking op boelies en die slagoffers van treitering nie, maar ook op hul vriende, familie, onderwysers en ander leerders (omstanders) wat die treitering aanskou. Ouers is dikwels kwaad en gefrustreerd, want hulle verstaan nie waarom hulle kind getreiter word nie. Dit is ook baie moeilik vir ouers om die situasie te verwerk en te ervaar. Hulle voel ook hulpeloos omdat hulle nie weet hoe om hulle kind by te staan en te help nie, veral as die skool nie die slagoffer en die ouer ondersteun nie. Omstanders wat die treitering aanskou, voel dikwels skaam en skuldig omdat hulle nie die treitering probeer stop nie. Dit lei tot ontsteltenis en angs by die omstanders. Omstanders is soms bang om tussenbeide te tree uit vrees dat hulle die volgende slagoffer kan word. Die uitwerking van die treitering op die omstanders se gemoed kan 'n blywende en permanente negatiewe indruk (letsel) laat wat hulle hul



hele lewe bybly (Krige et al. 2000 : 11; Lawson 1994 : 18; Bully B'ware – more information about bullying 2005 : 2).

Treitering het ook 'n negatiewe uitwerking op die skoolklimaat. Volgens Mawdsley (2005 : 2) skep treitering 'n algemene negatiewe skoolklimaat (wat die sosiale klimaat insluit) van spanning en intimidasie waar angs en spanning hoogty vier. Dit werk ook remmend in op onderrig en leer in die skool en skep 'n leeromgewing wat negatief inwerk op onderrig en leer. Die korrelasie tussen treitering en die skoolklimaat blyk ook duidelik uit navorsing wat gedoen is in New Jersey. In 'n skool wat 'n voorkomende treiteringbeleid geïmplementeer het, het treitering met sewe persent afgeneem. Honderd persent van die opvoeders het aangetoon dat daar ook 'n verbetering in die algemene skoolklimaat was (Sheehan 2002 : 1, 2).

Die identifisering van die vier kategorieë van gevolge van treitering is van groot belang vir hierdie studie aangesien hierdie vier kategorieë gevolge, terselfdertyd ook vier vorme van skade aandui wat die gevolg kan wees van treitering. In die deliktereg veral, speel skade 'n groot rol. Soos reeds gemeld is die deliktereg een van die regsbronne waar die regsreëls wat die bestuur van treitering rig, geïdentifiseer moet word. Daar sal dus vorentoe ondersoek moet word of die deliktereg remedies bied vir al vier hierdie tipes skade. Saakskade word in die treiteringliteratuur as deel van fisiese skade gekategoriseer.

## **2.9 TREITERING BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS**

Daar is reeds gemeld dat die fenomeen “treitering” nog nie intensief in Suid-Afrika nagevors is nie. Tog is dit belangrik om die fenomeen wel in Suid-Afrikaanse konteks te plaas, gegrond op navorsing wat wel in Suid-Afrika gedoen is, asook op internasionale navorsing van die fenomeen en op kennis van faktore wat aanleiding gee tot treitering. Navorsers aanvaar dat internasionale navorsing ten opsigte van die elemente van treitering, soos die omskrywing van die begrip “treitering”, kenmerke van treiteringgedrag, vorme van treitering, profiele van boelies, slagoffers en omstanders en die gevolge van treitering ook op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing is. Daar kan wel van land tot land beduidende verskille voorkom ten opsigte van die faktore wat treitering veroorsaak alhoewel daar ook baie ooreenkomste is. Dieselfde geld ook vir die

houding van opvoeders jeens treitering. Die verskillende fasette van die frekwensie van treitering kan ook verskil van land tot land alhoewel daar 'n hoë korrelasie bestaan tussen die frekwensie in verskillende lande. Navorser fokus in hierdie afdeling op die frekwensie van treitering in Suid-Afrika asook op faktore wat treitering spesifiek in Suid-Afrikaanse skole kan aanwakker of kan aanleiding gee tot treitering:

- As die navorsing ten opsigte van die frekwensie (omvang) van treitering in Suid-Afrika met die internasionale frekwensie vergelyk word, kan die afleiding gemaak word dat die voorkoms daarvan in Suid-Afrika ook hoog is (sien 2.7). Die inligting ten opsigte van die frekwensie in Suid-Afrikaanse skole is hoofsaaklik verkry van leerders en opvoeders. Gesien teen die agtergrond van die moontlike lae kennisvlak en ongeërgde houding van sommige opvoeders, kan die inligting wat van opvoeders ingewin is moontlik onakkuraat wees – die voorkoms van treitering kan moontlik hoër wees as wat aangedui is. Weens die moontlike lae kennisvlakke aangaande treitering in skole word leerders ook nie voldoende ingelig daaromtrent nie. Inligting wat van leerders verkry word, kan dus moontlik ook onakkuraat wees – die voorkoms van treitering kan moontlik hoër wees as wat deur leerders aangedui word, want die boelie se optrede word dalk nie deur die leerders as treiteringgedrag herken nie. Gepaardgaande hiermee is die internasionale siening dat voorvalle van treitering onderrapporteer word, moontlik weens vrees vir intimidasie.
- Daar bestaan 'n houding van ongevoeligheid by Suid-Afrikaanse opvoeders teenoor treitering. Sommige van hulle sien nog nie treitering as 'n verskynsel wat veroordeel of afgekeur moet word nie (De Wet 2004a : 44). Aangesien min navorsing oor die verskynsel in Suid-Afrika gedoen is en opvoeders nog nie op groot skaal intensief opgelei is ten opsigte van die fenomeen nie, beskik opvoeders ook moontlik oor min kennis van die fenomeen “treitering”. Die negatiewe houding van sommige opvoeders het implikasies vir die hantering en bekamping van treitering in Suid-Afrikaanse skole. Dit kan die benadering ten opsigte van toesighouding (sorgsaamheidsplig) negatief beïnvloed. As gevolg van sommige opvoeders se ongeërgde houding ten opsigte van treitering, sal hulle byvoorbeeld nie ingryp wanneer treitering plaasvind nie. Weens die moontlike min kennis ten opsigte van die fenomeen kan 'n opvoeder byvoorbeeld nie 'n sekere vorm van treiteringgedrag herken nie. Opvoeders met 'n negatiewe benadering of houding jeens treitering, kan



ook nie geskikte rolmodelle vir leerders wees nie, want hulle dra nie die boodskap uit dat treitering afkeurenswaardig is nie. Die negatiewe houding en moontlike gebrek aan kennis kan dus daartoe bydra dat die probleem van treitering vererger.

- Volgens Stephenson en Smith (2002 : 15) en O' Moore et al. (1997 : 158) kom treitering beduidend meer voor in skole wat geleë is in minderbevoorregte areas as in skole in bevoorregte areas. Volgens O' Moore et al. (1997 : 159) is die frekwensie ook beduidend hoër in skole met lae sosio-ekonomiese status. Hierdie navorsingsresultate is ook van toepassing in Suid-Afrika. Baie Suid-Afrikaanse skole is geleë in minderbevoorregte areas en is ook skole met 'n lae sosio-ekonomiese status. Collings en Magojo (2003 : 125 - 126) wys ook op die verband tussen lae sosio-ekonomiese status en die voorkoms van gewelddadigheid soos byvoorbeeld in minderbevoorregte areas in Suid-Afrika waar hoë vlakke van armoede en werkloosheid heers en waar daar 'n aftakeling voorkom van tradisionele stamverwantskap en gesinsstrukture. Gewelddadigheid en aggressie kan – soos reeds aangedui – ook manifesteer as treitering. Die hoë voorkoms van minderbevoorregte areas en areas met lae sosio-ekonomiese status, kan dus wel 'n invloed hê op die frekwensie van treitering in Suid-Afrika.
- As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsverlede is rassisme ingebed in die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit het daartoe gelei dat rasgedrewe treitering toegeneem het in Suid-Afrikaanse skole nadat integrasie by skole plaasgevind het. (Krige et al. 2000 : 3). Dit blyk ook uit 'n verkennende studie deur De Wet, van die gedrukte media, dat rassisme feitlik algemeen voorkom in Suid-Afrikaanse skole (De Wet 2001 : 15). Volgens Rademeyer is daar geen statistiek in Suid-Afrika beskikbaar wat die aantal rasgedrewe voorvalle in skole weergee nie. Rasgedrewe voorvalle in Suid-Afrikaanse skole word volgens Rademeyer moontlik opgeblaas en kom moontlik nie op so 'n groot skaal voor as wat voorgegee word nie (Rademeyer 2003 : 8). Navorsing in die VSA en Brittanje toon dat die voorkoms van rasgedrewe treitering daar baie hoog is (Birmingham City Council 2005 Section 1 : 2). Gebaseer op hierdie navorsing en gesien teen die Suid-Afrikaanse apartheidsverlede, stem navorser saam met De Wet en Krige et al. en glo ook dat die voorkoms van rasgedrewe treitering in Suid-Afrikaanse skole wel hoog kan wees.



- Hoë vlakke van geweld kom veral voor onder Suid-Afrikaanse hoërskoolseuns. Daar is ook verskeie studies wat dui op hoë vlakke van geweld onder hoërskooldogters (Collings en Magojo 2003 : 125 - 131). 'n Studie deur Fineran (2001 : 216) korreleer met bogenoemde. Laasgenoemde studie dui aan dat 36% van die leerders slagoffers was van geweld deur mede-leerders en dat 28% self geweld toegedien het. 'n Studie deur Collings en Magojo (2003 : 129) onder hoofsaaklik swart hoërskoolseuns in die Durban-omgewing, het getoon dat 78,8% van die seuns 'n geskiedenis van gewelddadige gedrag het en dat 8,2% van hulle al moord gepleeg het. Volgens Krige et al. (2000 : 7) en Varnava (2002 : 5 - 12) is kinders – wat opgroei in 'n gemeenskap waar geweld algemeen voorkom asook waar hulle daaglikse blootstelling aan aggressiewe gedrag en magsmisbruik ervaar – daartoe geneig om hulle geskille te besleg deur gebruik te maak van aggressiewe metodes soos treitering.
- Daar is 'n sterk moontlikheid dat outoritêre skoolkulture wel nog bestaan in sommige skole in Suid-Afrika. Navorsing deur Mac Donald en Swart (2004 : 1 - 26) asook navorsing deur Leach (2002 : 108), Kamupingene (2002 : 9) en Tafa (2002 : 24) in swart skole, bevestig hierdie siening van navorser. Volgens Mac Donald en Swart se navorsing – wat in 'n voormalige Model C-skool in Gauteng gedoen is – maak die eienskappe van 'n outoritêre skoolkultuur dit onmoontlik om treitering suksesvol te beheer en te bekamp aangesien sodanige skoolkultuur nie 'n hoë prioriteit plaas op waardes soos omgee, respek, kollegialiteit en samewerking nie. 'n Outoritêre skoolkultuur sal dus die voorkoms van treiteringgedrag aanhelp (Mac Donald en Swart 2004 : 1 – 26). Volgens Leach (2002 : 108) is 'n outoritêre skoolkultuur nog 'n nalatenskap van die Engelse Viktoriaanse skool en floreer geslagsgeweld in 'n outoritêre skoolkultuur. Hierdie faset is volledig bespreek onder 2.6.2.4. Dit is ook belangrik om te meld dat treitering kan manifesteer as seksuele misbruik wat deel vorm van geslagsgeweld. Outoritêre skoolkulture kan dus 'n teelaarde skep vir seksuele treitering. Aangesien daar 'n sterk vermoede is dat outoritêre skoolkulture nog in sommige Suid-Afrikaanse skole bestaan, en geslagsgeweld volgens Leach in outoritêre skoolkulture floreer, kan daar wel gesê word dat geslagsgeweld moontlik ook nog deel uitmaak van Suid-Afrikaanse skoolkulture.

Op grond van bogenoemde kan gesê word dat navorsing wel daarop dui dat die voorkoms van treitering ook hoog is in Suid-Afrika en dat daar spesifieke faktore is wat treiteringgedrag in Suid-Afrika kan aanmoedig en meehelp om die frekwensie (voorkoms) daarvan in Suid-Afrika te verhoog.

## 2.10 AFSLUITING

Die kennis van die fenomeen “treitering” wat in hierdie hoofstuk saamgevat is, is soos reeds gemeld onontbeerlik vir die identifisering van die regsreëls en die samestelling van die onderhoudsvrae asook vir die beskrywing van die daaropvolgende regsimplikasies. Die geïdentifiseerde regsreëls word hierna (hoofstuk 3) in die vorm van ‘n regsraamwerk aangebied.



## HOOFSTUK 3

### REGSREËLS WAT SKOLE BIND OM TREITERING TE HANTEER EN TE BESTUUR

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n antwoord verskaf op die tweede kritiese vraag, naamlik: **“Watter regsreëls rig of beheer die bestuur en hantering van treitering as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole?”** Data wat verkry is deur middel van die regshistoriese navorsingsmetode word in hierdie hoofstuk gebruik om 'n regsraamwerk te verskaf van die regsreëls wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig en beheer. Die regsraamwerk is onontbeerlik vir die studie, want dit vorm saam met die aanvanklike literatuurstudie en kennis van die fenomeen “treitering”, die basis vir die samestelling van die onderhoudsvrae. Informasie (kennis) wat deel is van hierdie hoofstuk, is ook belangrik by die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk vyf. Die hoofstuk vorm ook saam met hoofstuk 2 en hoofstuk 5 die konseptuele raamwerk (sien 1.6) van die studie wat struktuur aan die navorsing verskaf.

Die vindplekke vir hierdie regsreëls is verskeie regsbronne naamlik: die Handves, wetgewing, internasionale kinderregte-ooreenkomste, die deliktereg, die gemenereg, strafreg en regspraak. Regspraak op sigself vorm nie 'n aparte deel van die regsraamwerk nie, maar daar word in die regsraamwerk na toepaslike regspraak verwys waar die betrokke regspraak van toepassing is.

Elkeen van die genoemde regsbronne sal afsonderlik hanteer word en die regsreëls wat hul oorsprong in 'n spesifieke regsbron het, word onder dié regsbron (afdeling) bespreek. In die praktyk funksioneer die onderskeie regsbronne nie in waterdigte kompartemente nie – gemenereg word byvoorbeeld geïnkorporeer in wetgewing en regspraak en daar is wetteregtelike misdade sowel as gemeenregtelike misdade. Die doel met die rigiede afbakening is slegs om die bespreking te vergemaklik. Aangesien die doel van hierdie hoofstuk is om 'n regsraamwerk te verskaf, sal slegs die grondslag



(basis, kern) van die regsreëls aangebied word. Slegs daardie regsreëls wat direkte impak het op treitering word in die regsraamwerk verskaf. Die regsreëls wat hier geïdentifiseer word, was geldig tydens die onderhoudsvoering wat gedurende Junie en Julie 2006 gevoer is. Aanvullende regsreëls (regsaspekte) is van toepassing in hoofstuk 5 waar die regsimplikasies van die regsreëls vir die onderwysbestuur en onderwysreg bespreek en beskryf word. Hierdie aanvullende regsreëls wat in hoofstuk 5 van toepassing is, is die resultaat van die ontwikkeling van die navorsing na die onderhoudsvoering.

**Dit is belangrik dat daar kennis geneem word van moontlike wetswysigings ten opsigte van hierdie hoofstuk en dus ook van die regsreëls wat ter sake was tydens die onderhoudsvoering gedurende die tydperk Junie en Julie 2006 – sien hoofstuk 4. Hierdie wysigings word hierna kortliks bespreek om enige onduidelikheid en verwarring uit te skakel. Die invloed van hierdie wysigings op die navorsing word ook waar toepaslik, aangedui:**

- Wet op Kindersorg 74 van 1983: Die Wet op Kindersorg was nog geldig tydens die samestelling van hierdie regsraamwerk (hoofstuk 3), tydens die onderhoudsvoering (hoofstuk 4) asook met die afsluiting van die navorsing gedurende September 2007. Item 4 (skedule 4) van die Children's Act 38 of 2005, herroep wel die Wet op Kindersorg, maar was nie een van die artikels wat op 1 Julie 2007 in werking getree het nie. Die oorblywende deel van die Children's Act wat item 4 (skedule 4) bevat, was nog nie in werking by die afsluiting van die studie einde September 2007 nie. Die Wet op Kindersorg was dus nog geldig tydens die duur van die studie en word dienooreenkomstig hanteer.
- Children's Act 38 of 2005: Slegs sekere artikels van die Children's Act het eers op 1 Julie 2007 in werking getree. Hierdie artikels is dus nie in aanmerking geneem gedurende Junie en Julie 2006, tydens die samestelling van die regsraamwerk (hoofstuk 3) en die onderhoudsvoering (sien hoofstuk 4) nie. Hierdie studie is gedurende September 2007 voltooi. Toepaslike artikels van die Children's Act wat op 1 Julie 2007 in werking getree het, is dus wel in aanmerking geneem sedert 1 Julie 2007 en word in hoofstuk 5 aangedui. Die oorblywende deel van die Children's Act was nog nie in werking met die

voltooiing van die studie in September 2007 nie en is daarom nie vir hierdie studie in aanmerking geneem nie.

- Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957: Die wysigingswetsontwerp op seksuele oortredings [Criminal Law (sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007] was ten tyde van die afsluiting van die studie in September 2007, nog nie as 'n wet onderteken nie. Hierdie wysigingswetsontwerp was dus glad nie ter sake vir hierdie navorsing nie.
- Regulations for Safety Measures at Public Schools, GN 1040 of 12 October 2001: Die wysiging – Amendment: Regulations for Safety Measures at Public Schools, Government Gazette, no. 29376 (GNR 1128) – ten opsigte van bogenoemde regulasie, het op 10 November 2006 van krag geword en word daarom wel in hoofstuk 5, waar toepaslik, aangetoon.

### 3.2 DIE GRONDWET AS REGSBRON

Die tussentydse Grondwet wat in 1993 in werking getree het, is gevolg deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Dié Grondwet het op 4 Februarie 1997 in werking getree. Volgens Maree (1995 : i) is 'n grondwet 'n regsinstrument wat die hoogste regsbron binne enige staat beslaan. Dit bepaal die ewewig tussen die mag van die staat aan die een kant en die regte van die individu en die kollektiewe belange van al die burgers van die land aan die ander. 'n Grondwet reguleer ook die verdeling en uitoefening van wetgewende, uitvoerende en geregtelike bevoegdhede.

Bogenoemde siening van Maree van wat 'n grondwet is, bring die volgende eienskappe van die Grondwet wat van groot belang is vir hierdie studie na vore:

- Die Grondwet is oppermagtig en is die hoogste reg van die Republiek van Suid-Afrika – dit beteken dat geen ander wetgewing of regsbron dieselfde regstatus as die Grondwet het nie. Alle ander wetgewing, regulasies en regsreëls is byvoorbeeld ongeldig as dit teenstrydig is met die Grondwet.



- Die Grondwet bevat 'n Handves van Regte wat die regte van elke persoon teen skending beskerm. Die Grondwet het vertikale toepassing (byvoorbeeld staat en individue) en horisontale toepassing (byvoorbeeld individue ten opsigte van mekaar). Die Handves beskerm dus eerstens die fundamentele regte van elke individu teen die staat, maar ook die regte van individue met betrekking tot mekaar - 'n individu mag nie so optree dat die regte van ander individue vir wie die Handves ook beskerming bied, geskend word nie.
- Artikel 8(1) van die Grondwet bevestig die oppermagtigheid van die Handves ten opsigte van die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag en alle staatsorgane en bepaal ook dat die Handves van toepassing is op die totale reg. Die soewereiniteit van die parlement van die vorige bedeling (soos voor 1994) bestaan nie meer nie en is vervang deur die oppermagtige Grondwet. Alle wetgewende instansies (die parlement, provinsiale wetgewers en plaaslike regerings) is onderhewig aan die bepalings van die Handves. Die ondergeskiktheid van die uitvoerende gesag aan die Grondwet beteken dat alle staatsorgane wat die reg toepas en afdwing (byvoorbeeld openbare skole) dit moet doen in ooreenstemming met die Handves. Ook die regsprekende gesag wat moet waak oor die toepassing van die Handves word ook gebind om op te tree volgens die bepalings van die Handves.
- Artikel 7(2) van die Grondwet bepaal dat die staat die regte in die Handves moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.
- Artikel 195 wat verwys na die basiese waardes en beginsels wat publieke administrasie rig, is van toepassing op openbare skole (as staatsorgane) en bepaal dus dat alle openbare skole die demokratiese en grondwetlike waardes en beginsels moet nakom in die bestuur van die skool, byvoorbeeld deursigtige deelnemende en verantwoordbare beheer en bestuur.

Die Handves het belangrike implikasies vir die Suid-Afrikaanse onderwys. Die verhouding tussen die onderwys en die Handves is tweërlei van aard, eerstens in die sin dat artikel 8(1) en 8(2) van die Grondwet bepaal dat die onderwys bedryf moet word in

ooreenstemming met die Handves en tweedens dat die onderwys 'n verantwoordelikheid het tot die uitbouing en ontwikkeling van 'n menseregtekultuur (Bray 2000b : 1).

Soos reeds genoem, bepaal artikel 8(1) van die Grondwet dat alle staatsorgane wat die reg toepas en afdwing dit moet doen in ooreenstemming met die Handves. Die Departement van Onderwys is op al sy vlakke 'n administratiewe staatsorgaan wat gebind word deur die bepalings van die Handves. Artikel 8(2) van die Grondwet bepaal dat 'n natuurlike persoon asook 'n regs persoon, moet optree in ooreenstemming met die Handves. Volgens die Skolewet word 'n skool in terme van artikel 15 as 'n regs persoon beskou. Die skool asook die skoolgemeenskap moet dus alle fundamentele regte asook ander regte in die Grondwet eerbiedig (Shaba et al. 2003 : 12).

Suid-Afrika se verlede wat gekenmerk was deur diskriminasie en skending van menseregte, plaas 'n groot verantwoordelikheid op die onderwys om 'n menseregtekultuur te vestig. Dit beteken dat leerders en opvoeders respek moet hê vir mekaar en ander persone; dat die inherente waardigheid en vryheid van elke leerder ontwikkel moet word en dat leerders se regte eerbiedig moet word (Bray 2000 b : 1).

Die feit dat die onderwys bedryf moet word in ooreenstemming met die Handves, asook die feit dat die onderwys 'n verantwoordelikheid het om 'n menseregtekultuur in skole te skep, verplig onderwysdepartemente, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame om hul bestuursbenaderings te wysig en so te rig dat hul handelinge in ooreenstemming is met wat die Handves bepaal. Dit beteken dat die fundamentele regte van leerders eerbiedig moet word binne 'n menseregtekultuur. Van Staden en Alston (2000 : 298 - 302) sê dus met reg: "The Constitution has gone to school."

Die volgende fundamentele regte in die Handves bind skole om treitering te hanteer en te bestuur omdat treiteringgedrag in stryd is met hierdie regte: gelykheid; menswaardigheid; vryheid en sekerheid van die persoon; privaatheid; vryheid van uitdrukking; lewe; onderwys; bykomende kinderregte.

Onderwysdepartemente, skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne moet dus ten opsigte van die bestuur van treitering meer spesifiek op sekere regte fokus. Dié regte van die slagoffer van treitering moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik word.



Hierdie regte soos vervat in die Grondwet is terselfdertyd ook regsreëls wat skole bind en verplig om treitering te hanteer en te bestuur. Slegs die kern van die fundamentele regte wat moontlik deur treitering geskend word, word hierna aangebied:

### 3.2.1 Reg op gelykheid (artikel 9)

De Waal et al. (2001b : 206 - 220) onderskei drie wyses waarop daar teenoor mense opgetree kan word met betrekking tot die reg op gelykheid naamlik: differensiasie, (“mere discrimination”); onbillike diskriminasie; billike diskriminasie.

Persone word elke dag in die samelewing verskillend gehanteer sonder dat daar enige sprake is van diskriminasie of onbillike optrede teenoor hulle. Byvoorbeeld, slegs persone bo ‘n sekere ouderdom kan aansoek doen vir staatspensioen. Hierdie aanvaarbare, algemene vorm van differensiasie word blote differensiasie (“mere differentiation”) genoem.

Volgens Davis et al. (1997 : 56) het die begrip en woord “diskriminasie” ‘n negatiewe en positiewe betekenis. Dit het gelei tot die byvoeging van “onbillike” wanneer daar gepraat word van onbillike diskriminasie (“unfair discrimination”) om te benadruk dat daar na ontoelaatbare diskriminasie verwys word. Hierteenoor verwys billike diskriminasie (positiewe betekenis) na toelaatbare diskriminasie. Binne hierdie konteks neem die woord “diskriminasie” ‘n neutrale betekenis aan soos die woorde “differensiasie” en “klassifikasie”.

Wanneer regstellende aksie toegepas word om persone wat voorheen benadeel is weens onbillike diskriminasie te bevoordeel, sal die diskriminasie billik wees. Die feit dat persone wat benadeel is deur onbillike diskriminasie bevoordeel mag word, word in artikel 9(3) van die Grondwet hanteer.

Daar sal vorentoe in hierdie studie veral op onbillike diskriminasie gefokus word. Onbillike diskriminasie kan ook beskryf word as differensiasie gebaseer op ongeoorloofde gronde. Hierdie gronde word gelys in artikel 9(3) van die Grondwet en word daarom ook gelyste gronde genoem. Hierdie gronde is: ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerd-

heid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte. Diskriminasie op grond van die gelyste gronde word *prima facie* as onbillike diskriminasie beskou totdat die teendeel bewys is.

Diskriminasie kan ook op grond van ongelyste gronde onbillik wees. In so 'n geval moet bewys word dat die ongelyste gronde gelyksoortig is of analoog is aan die gelyste gronde. Soos in die geval van die gelyste gronde sal die betrokke ongelyste gronde, ook verband moet hou met die skending van menswaardigheid (De Waal et al. 2001b : 217).

Beide regstreekse en onregstreekse onbillike diskriminasie is ongeoorloof. Onregstreekse onbillike diskriminasie mag oppervlakkig onskuldig voorkom, maar die gevolg kan onbillik wees – byvoorbeeld 'n skool kan volstaan met 'n spesifieke taal van onder-rig net om 'n sekere groep leerders uit die skool te hou. Diskriminasie hoef ook nie opsetlik uitgevoer te word om onbillik te wees nie. 'n Persoon wat voel dat daar onbillik teen hom of haar gediskrimineer is, hoef dus slegs te toon dat daar onbillik teen hom of haar gediskrimineer is en nie dat dit opsetlik was nie.

### 3.2.2 Reg op privaatheid (artikel 14)

Die reg op privaatheid word in artikel 14 van die Grondwet as volg bewoord:

Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat:

- (a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
- (b) hul eiendom nie deursoek word nie;
- (c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of
- (d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasie inbreuk gemaak word nie.

Indien bogenoemde formulering van nader beskou word, is dit duidelik dat dit uit twee dele bestaan. Die eerste deel verwys na 'n algemene reg op privaatheid en die tweede

bied beskerming teen deursoeking, beslaglegging op jou besittings en dat daar nie op jou private kommunikasie inbreuk gemaak mag word nie.

Volgens De Waal et al. (2001b : 270 - 271) spreek die reg tot privaatheid drie verwante fasette van privaatheid aan naamlik: Eerstens, die persoon se liggaam, sekere plekke (soos die persoon se huis) en sekere verhoudings (huwelik, seksuele en ander intieme verhoudings). Tweedens, die beskerming van die geleenthede wat die persoon het om sy persoonlikheid te ontwikkel. Derdens, die beskerming van persone se reg om beheer te hê oor vertroulike inligting oor hulleself.

Privaatheid is meer indringend hoe nader dit is aan die intieme persoonlike ruimte van die persoon beweeg en word minder indringend hoe verder dit daarvandaan weg-beweeg. Privaatheid funksioneer dus op 'n kontinuum vanaf indringend tot minder indringend (Davis en Steenkamp 2002 : 184 - 186).

### 3.2.3 Reg op menswaardigheid (artikel 10)

'n Persoon se menswaardigheid word geskend wanneer hy of sy vernederend behandel word of wanneer daar teenoor 'n persoon opgetree word asof hy of sy "minder as menslik" ("sub-human") is (Davis et al. 1997 : 73).

Bogenoemde siening onderskei die mens van 'n objek. Hierdie onderskeid tussen mens en objek kom ook duidelik na vore in artikel 10 van die Grondwet waar verwys word na die "ingebore waardigheid wat gerespekteer moet word". Die feit dat die waardigheid ingebore is, beteken dat dit tot die wese van die mens behoort en onlosmaaklik deel van die bestaan van die mens is.

Rautenbach en Malherbe (1998 : 16) beskou die reg op menswaardigheid as die grondslag van alle ander regte in die Grondwet. Hierdie prominensie van die reg blyk ook uit artikel 1 van die Grondwet waar menswaardigheid gelys word as een van die grondliggende waardes van die Grondwet.

Die feit dat menswaardigheid die grondslag van ander regte vorm asook dat daar 'n verbintenis is tussen ander regte en die reg op menswaardigheid blyk ook duidelik uit die

hofspraak *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (4) SA 757 (KH). In die uitspraak word vermeld dat wanneer regte na aanleiding van die beperkingsklousule (artikel 36 van die Grondwet) gebalanseer word daar gevra moet word hoe die reg op menswaardigheid geaffekteer word.

Haysom (2002 : 125) sonder die volgende fundamentele regte uit en sê dat hulle so nou verwant is aan menswaardigheid dat hulle nie eintlik afsonderlik hanteer kan word nie: die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie (is deel van die reg op vryheid en sekerheid van die persoon); die reg op privaatheid en die reg op gelyke behandeling.

#### 3.2.4 Reg op vryheid en sekerheid van die persoon (artikel 12)

Die volgende fasette van die reg op vryheid en sekerheid van die persoon is van toepassing op treitering en word bespreek:

12(1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon waarby inbegrepe is die reg om:

- (a) nie arbitrêr of sonder rede vryheid ontnem te word nie;
- (b) . . . . .
- (c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong;
- (d) op geen wyse gemartel te word nie;
- (e) nie op 'n wrede onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

12(2) Elkeen het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, waarby inbegrepe is die reg:



(a) .....

(b) op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam.

Volgens De Waal et al. (2001b : 248 - 257) is die primêre doel van artikel 12(1) om die fisiese vryheid van die persoon te beskerm – spesifiek (nie noodwendig die enigste nie) teen geweld, marteling asook wrede behandeling of straf. Artikel 12(1)(a) waarborg substantiewe beskerming asook prosedurele beskerming. Dit beteken dat daar ‘n aanvaarbare rede moet wees waarom die persoon van sy vryheid ontnem kan word (substantiewe beskerming). Die maniere waarop die persoon van sy vryheid ontnem word, moet prosedureel billik wees (prosedurele beskerming). Tronkstraf en inhegtenisneming is die klaarblyklikste maniere waarop ‘n persoon se fisiese vryheid ontnem kan word. Die deursoeking van ‘n persoon kan beskou word as die tydelike ontneming van die persoon se vryheid. Daar moet dus ‘n goeie rede wees waarom die persoon deursoek moet word (substantiewe beskerming), en die manier waarop die deursoeking geskied, moet aan sekere vereistes voldoen (prosedurele beskerming).

Volgens De Waal et al. (2001b : 261) stel artikel 12(2) dit onomwonde dat die reg op sekerheid van die persoon fisiese integriteit sowel as psigologiese integriteit insluit.

Om die betekenis van die reg op vryheid en sekerheid van die persoon nog verder te verhelder, word die volgende begrippe kortliks bespreek: vryheid van geweld; om op geen wyse gemartel te word nie; nie op ‘n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie; sekerheid van en beheer oor die eie liggaam.

Die reg om vry te wees van alle vorme van geweld vanaf openbare of private oorsprong het vertikale en horisontale toepassing. Wanneer die polisie byvoorbeeld geweld gebruik om ‘n betoging te beëindig, kan die betogers se reg op vryheid van geweld in gedrang kom (vertikaal). Die regering het ‘n verpligting om toe te sien dat individue nie gewelddadig teenoor mekaar optree nie (horisontaal) (Currie en De Waal 2001 : 366).

Volgens die Oxford Dictionary of Law (2002 : 500) beteken die begrip “martel” om opsetlik ernstige (felle) fisiese of geestelike lyding toe te dien. Devenish (1999 : 126 - 127) beskou marteling as fisiese, emosionele of geestelike lyding of ‘n kombinasie van al

drie. Marteling geskied gewoonlik vanuit 'n gesagsposisie. Dit word gewoonlik om die volgende redes toegedien: om 'n persoon te dwing om inligting bekend te maak of te bely; om 'n persoon te straf vir 'n daad wat hy of sy gedoen het; om iemand of 'n groep te intimideer.

Die reg om “nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie” sal ter wille van die bespreking as volg verdeel word: wrede behandeling of straf; onmenslike behandeling of straf en vernederende behandeling of straf. Volgens Devenish (1999 : 124) kan al die genoemde elemente soms aanwesig wees in die optrede teenoor 'n persoon, maar nie noodwendig nie – byvoorbeeld die optrede teenoor 'n persoon mag vernederend wees, maar nie onmenslik of wreed nie of die optrede mag al die elemente insluit.

Wrede behandeling of straf met betrekking tot kinders word deur The New Encyclopedia Britannica (1996 : 210) beskryf as 'n onregverdigbare opsetlike toediening van pyn en lyding en kan ook die volgende insluit: om te versuim om skuling, voeding en mediese behandeling te verskaf; fisiese en geestelike foltering. Wreedheid teenoor kinders kan dus as 'n sinoniem vir kindermisbruik beskou word.

Die Oxford Dictionary of Law (2002 : 252) beskryf onmenslike behandeling of straf as volg: Dit is optrede wat intense fisiese en geestelike lyding veroorsaak. Die Collins Concise Dictionary (2001 : 749) beskryf onmenslike optrede as optrede waar daar 'n gebrek is aan menslike gevoelens soos simpatie en begrip. Onmenslike optrede kan ook wreed en brutaal (byvoorbeeld onbeskof, astant, parmantig, vermetel) van aard wees.

Vnederende behandeling of straf word deur die Oxford Dictionary of Law (2002 : 142) beskryf as optrede wat in die persoon 'n gevoel van vrees, angs en minderwaardigheid verwek. Dit kan lei tot die vernedering en verlaging van die persoon in so 'n mate dat sy fisiese en geestelike weerstand aangetas of gebreek word.

Die “reg op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam” bestaan uit twee fasette, want “sekerheid van” en “beheer oor” jou liggaam is nie sinoniem nie. “Sekerheid van” die liggaam is 'n komponent van die reg om alleen gelaat te word, om nie met geweld lastig geval te word nie (deur die staat of ander persone). “Beheer oor” jou liggaam is 'n kom-

ponent van die reg om alleen gelaat te word in die sin van toegelaat te word om die lewe te lei wat jy verkies. “Die reg op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam” word bedreig deur geweld. Artikel 12(1)(c) en 12(2)(b) moet dus saamgelees word (De Waal et al. 2001b : 261 – 262).

### 3.2.5 Reg op vryheid van uitdrukking ( artikel 16)

Artikel 16(1) van die Grondwet beskerm vryheid van uitdrukking in die algemeen, maar sluit ook spesifiek die volgende in: vryheid van die pers en media; die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra; die vryheid van artistieke kreatiwiteit; akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing. Artikel 16 is van toepassing op elke persoon – ook op kinders.

Volgens Devenish (1999 : 191, 192) beskerm artikel 16 beide vryheid van spraak en vryheid van uitdrukking. Vryheid van uitdrukking is ‘n wyer begrip as vryheid van spraak en kan geskied deur middel van verskeie uitwaartse vorme van uitdrukking. In die skoolsituasie beteken vryheid van spraak dat leerlinge vry is om reguit te praat (“to speak out”) asook om geraadpleeg te word ten opsigte van sake wat hulle raak. Daar is verskeie voorbeelde van uitwaartse vorme van uitdrukking waarvan leerlinge gebruik maak in die skoolsituasie: haarstyl; die dra van sekere onderskeidingstekens (insignia) en kledingstukke; vertoning van plakkaat; bydraes tot die skoolkoerant; standpunte (skriftelik) op die kennisgewingbord.

Artikel 16(2) van die Grondwet bepaal dat die reg op vrye uitdrukking in sekere gevalle nie beskerm word nie. De Waal et al. (2001b : 144) sê die volgende ten opsigte van die beperking van fundamentele regte: “Generally, it is recognized that order, safety, health and democratic values justify the imposition of restrictions on the exercise of fundamental rights.”

In die lig van bogenoemde en as gevolg van die uniekheid van die skoolsituasie (byvoorbeeld leerders is onvolwasse en het gebrek aan oordeel) kan algehele vryheid van uitdrukking nie toegelaat word nie. Waar vryheid van spraak die fisiese en psigologiese veiligheid van ander leerders benadeel asook die fundamentele regte van

leerders skend, moet die reg op vryheid van spraak opgeweeg word teenoor die negatiewe gevolge daarvan.

### 3.2.6 Bykomende kinderregte (artikel 28)

Artikel 28 van die Grondwet beskerm kinderregte. Sub-artikel (1) bepaal onder andere dat:

- (a) Elke kind het die reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word.

Sub-artikel (2) bepaal dat:

- (a) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

Behalwe vir enkele uitsonderings, is elke kind geregtig op dieselfde fundamentele regte as waarop volwassenes geregtig is. Aangesien kinders minderjarig is (jonger as 18 jaar), is daar sekere regte (byvoorbeeld stemreg) wat nie op hulle van toepassing is nie. Kinders is egter geregtig op bykomende regte (artikel 28 van die Grondwet) as gevolg van hul kwesbaarheid ten opsigte van die skending van hulle menseregte.

Die begrippe “kindermisbruik” en “kinderverwaarlosing” word deur De Wet en Oosthuizen (2001 : 164) as volg beskryf:

Child abuse is regarded as any intentional injury or harm (whether physical or non-physical) inflicted on a child by a person who is responsible for the welfare of that child under specific circumstances.

Child neglect is regarded as the injury or harm (whether physical or non-physical) sustained by a child resulting from the carelessness or neglect of a person who is responsible for that child's wellbeing.

Vernedering (afbrekende behandeling) is reeds bespreek onder 3.2.4 (Reg op vryheid en sekerheid van die persoon). Mishandeling word deur die Concise English Dictionary



(2001 : 874) as volg beskryf: Om iemand of iets sleg of wreed te behandel, gewoonlik deur middel van verwaarlosing of misbruik (vry vertaal).

Beide Bray (2000b : 65) en Bekink en Brand (2000 : 194, 195) is van mening dat die begrip “die beste belang van die kind” praktiese probleme skep. Die begrip is te wyd en te vaag om ‘n betroubare en vasgestelde standaard te stel waarteen beslissings getoets kan word. Artikel 3 van die United Nations Convention on the Rights of the Child, Resolution 44/25 of 20 November 1989 - hierna Konvensie genoem - bevat die volgende waardevolle riglyne ten opsigte van wat die “beste belang van die kind” behels:

- In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration.
- States Parties undertake to ensure the child such protection and care as is necessary for his or her well being, taking into account the rights and duties of his or her parents, legal guardians, or other individuals legally responsible for him or her, and to this end shall take all appropriate legislative and administrative measures.
- States Parties shall ensure that the institutions, services and facilities responsible for the care or protection of children shall conform with the standards established by competent authority, particularly in the areas of safety, health, in the number and suitability of their staff, as well as competent supervision.

Bogenoemde riglyne ten opsigte van wat die “beste belang van die kind” behels, het direkte impak op die sorgsaamheidsplig van die opvoeder. Dit beklemtoon die regsverpligting van skole (opvoeders) om toesig te hou oor die veiligheid van leerders; dat leerderveiligheid bestuur moet word op grond van sekere regsreëls; dat die owerhede (onderwysdepartemente) moet toesien dat skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne en opvoeders oor die nodige kennis en vaardighede beskik vir die daarstelling van doeltreffende skoolveiligheidsbeleid asook doeltreffende bestuur van leerderveiligheid.

### 3.2.7 Reg op onderwys (artikel 29)

Artikel 29(1)(a) van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het op basiese onderwys. Volgens Squelch (2001 : 137) is 'n veilige skoolomgewing 'n *sine qua non* vir effektiewe onderrig en leer. 'n Veilige skool is dus onontbeerlik vir doeltreffende onderrig en leer wat alleenlik kan geskied in 'n omgewing wat bevorderlik is vir onderrig en vir leer. Leerders het dus ook 'n grondwetlike reg om onderwys te ontvang in 'n veilige skoolomgewing.

Die leerder se reg op onderwys hou ook verband met die dissiplinêre maatreëls "skorsing" en "uitsetting". 'n Leerder mag geskors of uit die skool gesit word as sy of haar gedrag die skoolveiligheid bedreig. Skorsing en uitsetting kan beskou word as onderskeidelik die tydelike en permanente ontneming van die leerder se reg tot onderwys. Aan die ander kant het die skool en die onderwysdepartement ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die regte en die veiligheid van die hele skoolgemeenskap en kan uitsetting in sommige gevalle moontlik die enigste uitweg wees. Die Skolewet bepaal in artikel 9(5) dat indien 'n leerder, wat ingevolge artikel 3(1) aan verpligte skoolbywoning onderhewig is, uit 'n openbare skool gesit word, die departementshoof 'n alternatiewe reëling moet tref vir sy of haar plasing by 'n ander openbare skool.

### 3.2.8 Reg op lewe (artikel 11)

Die Konstitusionele Hof het in die hofsaak *S v Makwanyane and Another* 1995 (3) SA 391 (KH) die belangrikheid van die reg op lewe beklemtoon en dit as volg gestel:

The Court held that the rights to life and dignity were the most important of all human rights and the source of all other personal rights in the Bill of Rights. By committing themselves to a society founded on the recognition of human rights South Africans were required to value the two rights above all others.

Die reg op lewe word nie in die Grondwet gespesifiseer nie. Beide Currie en De Waal (2001 : 362 - 363) en Davis et al. (1997 : 67) is van mening dat die feit dat die reg op lewe nie in die Grondwet gespesifiseer word nie, juis groter beskerming bied aan dié reg. Juis as gevolg van hierdie ongespesifiseerdheid sal dit moeilik wees om die

doodstraf in Suid-Afrika in te stel in teenstelling met die bepaling van die Hongaarse Grondwet (gespesifiseerd) wat slegs arbitrêre ontneming van 'n persoon se lewe verbied. Volgens Currie en De Waal (2001 : 363) kan die reg op lewe ook beperk word in terme van artikel 36 van die Grondwet in 'n geval van selfverdediging en gedurende die arrestasie van 'n verdagte.

Die reg op lewe is gesetel in alle persone ongeag hul optredes. Hierdie faset van die reg op lewe word ook baie duidelik verklaar in *S v Makwanyane* (hierbo):

The protection afforded by the Constitution was applicable to every person, including the weak, the poor and the vulnerable. It included others as well who might appear not to need special protection; it included criminals and all those who had placed themselves on the wrong side of law.

Beide De Waal et al. (2001b : 241 - 242) en Currie en De Waal (2001 : 363) is van mening dat die regering 'n verpligting (verantwoordelikheid) het om die lewens van landburgers te beskerm. Hierdie mening van De Waal et al. en Currie en De Waal word ook bevestig deur artikel 7(2) van die Grondwet: "Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig; beskerm, bevorder en verwesenlik".

### 3.2.9 Reg op regverdigde administratiewe optrede (artikel 33)

Die reg op regverdigde administratiewe optrede word hier bespreek aangesien hierdie reg van toepassing is tydens die bestuur en hantering van treitering.

Artikel 33 van die Grondwet bepaal die volgende:

- (1) Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.
- (2) Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes.

- (3) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee en moet:
- (a) Voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur 'n hof, of waar dit gepas is, 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal;
  - (b) Die staat verplig om aan regte in subartikels (1) en (2) gevolg te gee; en
  - (c) 'n doeltreffende administrasie bevorder.

Administratiewe optrede is 'n komplekse begrip en word in die Promotion of Administrative Justice Act 3 of 2000 noukeurig gespesifiseer. Vir die doel van hierdie studie word volstaan by die volgende simplistiese omskrywing (Beukes 2001 : 45):

Administratiewe optrede is:

- Enige beslissing van 'n staatsorgaan van 'n administratiewe aard wat geneem word ingevolge die voorskrifte van magtigende wette.

Sowel as

- Enige beslissing van privaat persone wanneer hulle ingevolge magtigende wette openbare gesag uitoefen of openbare funksies uitoefen.

Uit bogenoemde breë definisie van administratiewe optrede is dit wel baie duidelik dat onderwysdepartemente, skole, skoolbeheerliggame, skoolhoofde, skoolbestuurspanne en opvoeders gebind word deur die reg op regverdigde administratiewe optrede en moet dus binne die skool en leeromgewing regmatig, redelik en prosedureel billik optree.

Vir administratiewe optrede om "regmatig" te wees, moet dit voldoen aan al die regsvereistes soos gevind in die Grondwet, relevante wetgewing, gemenerereg, inheemse reg en hofbeslissings, dus die regsbronne. Om "redelik" te wees, moet dit 'n redelike uitwerking of gevolg hê. Dit beteken dat die diskresie uitgeoefen deur die persoon beklee met gesag en die besluit wat geneem word, korrek moet wees omdat dit gegrond is op

objektiewe feite en omstandighede. Om “prosedureel billik” te wees moet die korrekte prosedure gebruik word om ‘n beslissing te neem. Op sy beurt beteken dit dat die ondergeskikte party of leerder teen wie daar opgetree word, die geleentheid gegee moet word om sy of haar posisie te verdedig of om sy of haar kant van die saak te stel voordat enige beslissing geneem word, en dat die gesaghebbende persoon by die uitoefening van sy of haar bevoegdheid onpartydig moet optree (Die reëls van natuurlike geregtigheid soos vervat in die gemeenregtelike beginsels van *audi alteram partem* en *nemo iudex in sua causa*) (Beukes 2001 : 5).

Volgens De Waal et al. (2001b : 497) is bogenoemde gemeenregtelike beginsels (*audi alteram partem* en *nemo iudex in sua causa*) nou opgeneem in die reg op regverdige administratiewe optrede soos vervat in die Handves asook in die Promotion of Administrative Justice Act. Genoemde wet het uitvoering gegee aan artikel 33(3) van die Grondwet waar bepaal word dat wetgewing verorden moet word om aan die reg op regverdige administratiewe optrede gevolg te gee.

‘n Persoon wie se regte geraak word deur administratiewe optrede het die reg om voorsien te word van skriftelike redes vir die optrede teen hom of haar. Die doel met die verskaffing van redes is om te verseker dat toepaslike, rasionele en regverdigbare besluite geneem word. Die skool moet dus byvoorbeeld in staat wees om sy besluit te verduidelik en te regverdig deur middel van die redes wat verskaf word (Bray 2000b : 85, 86; Beukes 2001 : 88).

Voor die totstandkoming van die Grondwet het geregtelike hersiening ‘n gemeenregtelike basis gehad, na die instelling van die Grondwet – ‘n grondwetlike basis, en sedert die instelling van die Promotion of Administrative Justice Act – ‘n wetgewende basis. Dit beteken dat geregtelike hersiening gebaseer is op die regte, pligte en remedies soos in laasgenoemde wet beliggaam is. Tog bestaan die reg op regverdige administratiewe optrede in die Handves steeds onafhanklik van genoemde wet – dit is nie moontlik dat ‘n fundamentele reg deur wetgewing gewysig kan word nie – daar kan eerder gesê word dat die geldigheid van die bepalings van die Promotion of Administrative Justice Act in alle gevalle berus op die reg op regverdige administratiewe optrede soos vervat in die Handves (De Waal et al. 2001b : 493 - 497).

### 3.2.10 Beperking van fundamentele regte (artikel 36)

Die beperking van fundamentele regte word ook hier bespreek aangesien die beperking van leerders se regte (veral die boelie) ter sprake kom tydens die bestuur van treitering in 'n skool.

Die beperkingsklousule in die Grondwet lui as volg:

- (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van:
  - (a) Die aard van die reg;
  - (a) Die belangrikheid van die doel van die beperking;
  - (b) Die aard en omvang van die beperking;
  - (c) Die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
  - (d) 'n Minder beperkende wyse om die doel te bereik.
- (2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves verskans is, beperk nie.

Fundamentele regte en vryhede is nie absoluut nie. In die Grondwet word spesifieke kriteria vir die beperking van fundamentele regte in die algemene beperkingsklousule (artikel 36) uiteengesit. Ten spyte van hierdie algemene beperkingsklousule moet daar uitsonderlike goeie redes wees vir die beperking van 'n fundamentele reg. Verder moet daar ook sekerheid wees dat die beperking die doel daarmee bereik en dat daar geen ander manier is (behalwe beperking) om die doel te bereik nie. Wanneer 'n beperking

gemotiveer kan word in terme van die beperkingsklousule sal die beperking grondwetlik geldig wees (De Waal et al. 2001b : 144, 145).

Volgens Devenish (1999 : 541) is daar baie min fundamentele regte, indien enige, wat op absoluutheid kan aanspraak maak. Hy sonder die volgende regte uit as regte wat op absoluutheid kan aanspraak maak: marteling, misbruik van kinders, uitbuiting van kinders.

Die beperkingsklousule meld twee vereistes waaraan 'n beperking van 'n fundamentele reg moet voldoen om grondwetlik geldig te wees:

- Die vereiste dat die regte “slegs kragtens algemeen geldende reg” beperk mag word.
- Die vereiste dat beperkings redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid moet wees.

Volgens Bray (2000b : 31, 32) impliseer die vereiste dat regte “slegs kragtens algemeen geldende reg” beperk mag word dat daar 'n regsreël moet wees wat voorsiening maak dat 'n reg beperk mag word. Wanneer die beheerliggaam byvoorbeeld 'n leerder skors omdat hy in besit was van 'n mes moet daar 'n regsreël wees wat voorsiening maak vir die beperking van die reg wat ter sake is – in hierdie geval die leerder se reg op onderwys wat beperk word deur die skorsing. In hierdie geval maak die Skolewet voorsiening vir skorsing van leerders in spesifieke situasies. Die Skolewet is “algemeen geldende reg”, want dit is nie net van toepassing op hierdie spesifieke geval nie, maar is van toepassing op alle openbare skole in Suid-Afrika.

Volgens Rautenbach en Malherbe (2004 : 322) beteken die vereiste dat beperkings redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid moet wees, dat daar 'n balans tussen die beperking en die doel met die beperking moet wees. Dit moet 'n balans wees wat in 'n bepaalde soort gemeenskap bestaan, naamlik in “'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid”.

Artikel 36 (1) (a - e) van die Grondwet noem vyf faktore wat in aanmerking geneem moet word om die toets toe te pas om te bepaal of daar 'n balans is tussen die beperking en die doel met die beperking.

Die vyf faktore word deur Bray (2000b : 32 - 34) en Rautenbach en Malherbe (2004 : 324 - 329) as volg verduidelik:

- **Die aard van die reg:** Die vraag wat hier ter sake is, is: Wat word beskerm deur die reg en hoe belangrik is die reg en die manier waarop dit uitgeoefen word in 'n oop en demokratiese samelewing? Indien die voorbeeld van die leerder wat deur die beheerliggaam geskors is weens die dra van 'n mes ter illustrasie gebruik word, kan sonder twyfel gesê word dat die reg wat hier ter sake is 'n baie belangrike reg is. Die skorsing beperk die leerder se reg op onderwys. Onderwys is 'n onontbeerlike faset van 'n demokratiese samelewing. Onderwys bevorder ook menswaardigheid, vryheid en gelykheid.
- **Die belangrikheid van die doel met die beperking:** Hier moet gefokus word op die doel met die beperking en die belangrikheid van die doel in 'n oop en demokratiese samelewing. Daar moet dus bepaal word hoe belangrik die doel is wanneer dit opgeweeg word teenoor die aard van die fundamentele reg en die aard en die omvang van die beperking. Indien bepaal word dat die beperking nie 'n belangrike doel dien nie of geen doel bereik nie, is die beperking ongeldig. Die oorblywende drie faktore hoef dus nie dan verder in aanmerking geneem te word om te bepaal of daar 'n balans is tussen die beperking en die doel met die beperking nie. In die geval van die leerder wat geskors is, dien die beperking 'n belangrike doel, want die ander leerders se reg om in 'n veilige leeromgewing wat bevorderlik is vir leer skool te gaan, word beskerm.
- **Die aard en omvang van die beperking:** Daar moet duidelikheid bestaan oor die metode wat gebruik word om die regte te beperk en wat die uitwerking van die beperking op die beskermde gedrag en belange is. Hierdie kennis is belangrik om die verband tussen die beperking en die doel daarmee te bepaal asook om vas te stel of daar minder ingrypende alternatiewe is om die doel te bereik.





- **Die verband tussen die beperking en die doel daarvan:** Dit is noodsaaklik dat die beperking die doel moet beskerm of bevorder. Die mate waarin die doel beskerm of bevorder word, moet ook in ag geneem word. Met inagneming van die besonderhede en kennis ten opsigte van die metode wat gebruik is om die regte te beperk asook die uitwerking van die beperking moet vasgestel word of die beperking die doel bevorder. Indien die beperking nie 'n bydrae kan lewer ter bereiking van die doel nie, is daar geen verband tussen die beperking en die doel nie en mag die beperking nie ingestel word nie. In die geval van die skorsing van die leerder het skorsing 'n positiewe doel, naamlik: dis 'n vorm van straf vir die oortreder, dit het remediërende waarde vir die oortreder, dit beskerm die regte van ander leerders en dit kan lei tot beter samewerking vanaf die ouers.
- **Minder beperkende maniere om die doel te bereik:** Om alternatiewe maniere van beperking te oorweeg, beteken nie dat enige ander metode wat die reg minder sal beperk, gevolg moet word nie. Die alternatiewe metode moet min of meer ewe effektief wees. In die geval van die leerder wat geskors is, is skorsing 'n toepaslike straf. Uitsetting, veral as dit 'n eerste oortreding is, is te kras. Aan die ander kant sou slegs beslaglegging op die mes nie die gewenste uitwerking gehad het nie, want dit is 'n te "ligte" straf. Skorsing blyk dus in hierdie geval die beste alternatief te wees.

### 3.3 WETGEWING AS REGSBRON

Wetgewing is regsreëls wat neergelê word deur 'n orgaan van die staat wat die bevoegdheid het om dit te doen. Hierdie reëls word skriftelik neergelê in wat bekend staan as "wette" (statute). Die parlement is die wetgewende gesag in die nasionale regeringsfeer en maak wette op nasionale vlak. Daar bestaan ook wetgewende liggame wat wetgewing uitvaardig vir die ander regeringsfere soos: die provinsiale wetgewers wat provinsiale wette uitvaardig, munisipale rade wat munisipale wetgewing uitvaardig (Kleyn en Viljoen 2002 : 45). Hierdie wetgewing wat deur die parlement, provinsiale wetgewers en munisipale rade uitgevaardig word, staan bekend as oorspronklike wetgewing. Hierteenoor word ondergeskikte wetgewing in al drie regeringsfere uitgevaardig kragtens en op gesag van oorspronklike wetgewing (Bray 2000a : 58).

Voorbeelde van ondergeskikte wetgewing is: regulasies, proklamasies, omsendbriewe en handleidings.

In hierdie studie sal, wat oorspronklike wetgewing betref, slegs gefokus word op nasionale wetgewing. Nasionale wetgewing is geldig (bindend) vir die hele land. Vir die doel van hierdie studie word nasionale wetgewing as volg verdeel:

- Algemene wetgewing – wetgewing wat nie onderwysgerig is nie, maar wat gedeeltelik van toepassing is op die onderwys.
- Onderwyswetgewing – onderwysspesifieke wetgewing wat spesifiek onderwysgerig is.

Slegs daardie nasionale wetgewing (regsreëls) wat direk van toepassing is en wat die skole spesifiek bind om treitering te hanteer en te bestuur word in die regsraamwerk bespreek. Aanvullende toepaslike wetgewing vorm deel van die bespreking in hoofstuk 5 waar die regsimplikasies van die regsreëls vir die onderwys en onderwysreg bespreek word. Die twee beleidsdokumente wat onder afdeling 3.3.4 bespreek word, kan nie werklik as wetgewing beskou word nie, maar word slegs gerieflikheidshalwe hier bespreek.

### 3.3.1 Algemene nasionale wetgewing

#### 3.3.1.1 Wet op Kindersorg 74 van 1983

Die regering is onder 'n grondwetlike verpligting om wetgewing in te stel wat kinders beskerm teen misbruik, mishandeling, verwaarlosing en vernedering (Bekink en Brand 2000 : 189). Die Wet op Kindersorg is spesifiek ingestel op die beskerming van kinders.

Volgens hierdie wet is dit 'n misdryf om 'n kind te mishandel of om toe te laat dat 'n kind mishandel word. Artikel 50(1) lui as volg:

50(1) 'n Ouer of voog van 'n kind of iemand in wie se bewaring 'n kind is wat:

- (a) die kind mishandel of toelaat dat hy mishandel word;
- (b) die kind verlaat;

of enige ander persoon wat 'n kind mishandel, is aan 'n misdryf skuldig.

Volgens Swanepoel en Wessels (1992 : 83) is die gedeelte “of enige ander persoon wat 'n kind mishandel”, juis bygevoeg deur middel van die Wysigingswet op Kindersorg 86 van 1991 met die doel om die misdaad na meer persone uit te brei. Die Wet op Kindersorg beskerm dus leerders teen misbruik en mishandeling by die skool.

Oorspronklik het artikel 42 van die Wet op Kindersorg (wat handel oor die rapportering van misbruik of mishandeling) nie 'n verpligting op 'n opvoeder geplaas om kindermisbruik of kindermishandeling te rapporteer nie. Die Wysigingswet op Kindersorg 96 van 1996 het hierdie situasie verander en plaas 'n onus op tandartse, geneeshere, verpleegkundiges, maatskaplike werkers asook opvoeders, om indien daar 'n vermoede van kindermisbruik of kindermishandeling bestaan, dit aan die betrokke direkteur-generaal of sy gedelegeerde te rapporteer. Volgens artikel 42(5) is 'n opvoeder aan 'n misdryf skuldig indien hy nie misbruik of mishandeling rapporteer nie. (Dit is belangrik om daarop te let dat skedule vier van die Children's Act 38 of 2005, die Wet op Kindersorg 74 van 1983 ophef. Die Children's Act is einde November 2007 deur die Nasionale Vergadering aanvaar).

### 3.3.1.2 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993, maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk; vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoeusting en masjinerie asook vir die beskerming van ander persone (byvoorbeeld nie-werknemers) teen bedreigings vir gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit of in verband met die bedrywighede van persone by die werk.

Volgens artikel 8(1) moet elke werkgewer vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, 'n werksomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is, tot stand bring en onderhou.



Oosthuizen (1998 : 27) is van mening dat die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid slegs van toepassing is op skole met tegniese sentrums. Darlow en Louw (2004 : 12) is egter van mening dat die wet voorsiening maak vir 'n breë gesondheids- en veiligheidsbeleid. Behalwe vir die feit dat die wet voorsiening maak vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoeusting en masjinerie maak dit ook pertinent in die algemeen voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk – in die geval van skole die gesondheid en veiligheid van opvoeders en nie-opvoeders (byvoorbeeld klerke, terreinwerkers, skoonmakers, ensovoorts). In die lig hiervan kan geredeneer word dat die wet van toepassing is op alle skole.

Op grond van die leerder se posisie by die skool en die leerder se ouderdom kan die leerder nie as 'n werknemer gesien word nie. Artikel 8(2)(g) vereis dat persone anders as werknemers van daardie werkgewer (onderwysdepartement) wat hulle op die perseel bevind, ook aan die tersaaklike bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid moet voldoen. Die leerder kan as 'n "ander" persoon beskou word (Darlow en Louw 2004 : 14). Nog 'n artikel van die wet wat daarop dui dat die wet van toepassing is op die leerders is artikel 9(1) wat as volg lui: "Elke werkgewer moet vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat persone wat nie in sy diens is nie en wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie". Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid is dus ook van toepassing op die veiligheid van leerders by alle skole.

### **3.3.2 Onderwysspesifieke Wetgewing**

#### **3.3.2.1 Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996**

Volgens Oosthuizen (1998 : 27) is twee van die vernaamste doelwitte met die uitvaardiging van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid die volgende:

- Om die nasionale minister van onderwys te bemagtig om aan die hand van sekere beginsels die nasionale onderwysbeleid te bepaal.



- Om die afkondiging en implementering van die nasionale onderwysbeleid moontlik te maak.

Die beginsels wat rigting moet gee aan en as basis moet dien vir die nasionale onderwysbeleid word in artikel 4 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid uitgespel. Die beginsel wat van groot belang is vir hierdie studie is artikel 4(a) wat as volg lui: “Die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon gewaarborg ingevolge Hoofstuk 2 van die Grondwet en ingevolge internasionale konvensies deur die Parlement bekragtig” (sien die Grondwet as regsbron (afdeling 3.2) en Internasionale reg as regsbron (afdeling 3.7)).

Die aangeleentheid waarvoor die nasionale onderwysminister onderwysbeleid mag uitvaardig, word in artikel 3 gespesifiseer. Artikel 3(4)(n) dui aan dat die minister onderwysbeleid ten opsigte van die veiligheid van leerders moet uitvaardig en lui as volg: “Die beheer en tug van studente by onderwysinrigtings: met dien verstande dat niemand lyfstraf mag toedien nie, of ‘n student by enige onderwysinrigting aan sielkundige of liggaamlike mishandeling mag onderwerp nie.”

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die nasionale onderwysminister ook beleid ten opsigte van leerderveiligheid moet uitvaardig. Onderwysbeleid moet onder andere gerig word en gebaseer word op die Handves en internasionale konvensies ten opsigte van die regte van die kind wat deur die Republiek van Suid-Afrika onderteken is. Dit geld ook vir beleid met betrekking tot leerderveiligheid.

#### 3.3.2.2 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

Die Skolewet bevat belangrike bepalings met betrekking tot die vestiging van ‘n veilige leeromgewing. Wat betref die bestuur van treitering is die volgende belangrik:

Dit blyk duidelik uit afdeling 3.2 dat die beskerming van die fundamentele regte van die leerder ‘n belangrike rol speel in die bestuur van leerderveiligheid en spesifiek ook in die bestuur van treitering. Hierdie fundamentele regte van die leerder is terselfdertyd ook regsreëls wat skole bind om treitering te bestuur. Beide die Wet op Nasionale Onder-

wysbeleid (sien afdeling 3.3.2.1) en die Skolewet beklemtoon die beskerming van fundamentele regte van die leerder.

Volgens CEPD (2002 : 20) en Squelch (2001 : 141 -142) is 'n gedragskode vir leerders onontbeerlik vir die daarstelling van standarde vir die gedrag van leerders wat ook standarde vir leerderveiligheid insluit. In artikel 8(1) en artikel 20(1)(d) van die Skolewet word bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool 'n gedragskode vir leerders moet aanvaar. Die gedragskode moet saamgestel word in oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. Artikel 8(3) bepaal dat die nasionale onderwysminister riglyne kan bepaal vir oorweging deur skoolbeheerliggame in die aanvaarding van 'n gedragskode vir leerders. Hierdie riglyne (Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners, GN 776 of 15 May 1998) is deur die nasionale onderwysminister ontwikkel en in die Staatskoerant gepubliseer. Die riglyne voorsien 'n raamwerk waarvolgens skoolbeheerliggame hul eie gedragskode kan ontwikkel en word bespreek onder afdeling 3.3.3 – Ondergeskikte wetgewing.

Die prosedure vir skorsing en uitsetting wat in die gedragskode vir leerders ingesluit behoort te word (Van der Bank 2000 : 312 - 315; Squelch 2001 : 141) en wat 'n belangrike rol speel in die bestuur van leerderveiligheid word in artikel 9 van die Skolewet as volg uiteengesit soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette 48 van 1999 en die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005:

(1) Die *beheerliggaam* kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n *leerder* wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, skors van bywoning van die *skool*, maar mag sodanige skorsing opdwing slegs nadat die *leerder* 'n redelike geleentheid gebied is om verhoë in verband met sodanige skorsing aan hom te rig.

(1A) 'n *Beheerliggaam* moet binne sewe skooldae na die skorsing van 'n *leerder* dissiplinêre verrigtinge teen sodanige *leerder* hou op die wyse in artikel 8 beoog.

(1B) Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe skooldae na die skorsing van 'n *leerder* gehou word nie, moet die *beheerliggaam* die goedkeuring van die *Departementshoof* verkry vir die voortsetting van die skorsing van sodanige *leerder*.

(1C) 'n *Beheerliggaam* kan, nadat 'n *leerder* gedurende die dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 beoog, skuldig bevind is aan wangedrag –

- (a) skorsing van sodanige *leerder* vir 'n tydperk van hoogstens sewe skool-dae oplê, of enige ander sanksie in die gedragskode van die *openbare skool* beoog; of
- (b) 'n aanbeveling aan die *Departementshoof* doen om sodanige *leerder* uit die *openbare skool* te sit.

(1D) 'n *Departementshoof* moet die aanbeveling van die *beheerliggaam* in sub-artikel (1C) (b) bedoel, oorweeg en moet besluit om die *leerder* uit die skool te sit al dan nie, binne 14 dae na die ontvangs van sodanige aanbeveling.

(1E) 'n *Beheerliggaam* kan die skorsing van 'n *leerder* oplê, of verleng vir 'n tydperk van hoogstens 14 dae, hangende die besluit deur die *Departementshoof*, of sodanige *leerder* uit die *openbare skool* gesit moet word al dan nie.

(2) 'n *Leerder* by 'n *openbare skool* mag uit die skool gesit word slegs:

- (a) deur die *Departementshoof*, en
- (b) indien hy of sy ná dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 beoog, skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

(3) Die *Lid van die Uitvoerende Raad* bepaal, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant –

- (a) die gedrag van 'n *leerder* by 'n *openbare skool* wat as ernstige wangedrag beskou word;
- (b) dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;
- (c) bepalinge van 'n behoorlike regsproses om die belange van die *leerder*

en enige ander party wat by dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

(4) 'n *Leerder* of die *ouer* van 'n *leerder* wat uit 'n *openbare skool* gesit is, kan binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van uitsetting teen die beslissing van die *Departementshoof* appèl aanteken by die *Lid van die Uitvoerende Raad*.

(5) Indien 'n *leerder* wat ingevolge artikel 3 (1) aan verpligte bywoning onderhewig is, uit 'n *openbare skool* gesit word, moet die *Departementshoof* 'n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by 'n *openbare skool*.

(6) 'n *Leerder* wat appèl aangeteken het op die wyse in subartikel (4) bedoel, moet toegang tot onderwys verleen word op die wyse deur die *Departementshoof* bepaal, hangende die uitkoms van die appèl.

(7) Die *Departementshoof*, by die bepaling van die wyse van bywoning in subartikel (6) beoog:

- (a) moet redelike maatreëls tref om die regte van ander *leerders* by die openbare skool te beskerm; en
- (b) kan 'n alternatiewe metode oorweeg om onderwys te verskaf aan die *leerder* in subartikel (6) beoog.

(8) Indien die *Departementshoof* besluit om nie 'n *leerder* uit die skool te sit soos in subartikel (2) beoog nie, kan die *Departementshoof*, na oorleg met die *beheerliggaam*, 'n gepaste straf aan die *leerder* oplê.

(9) Indien die *Departementshoof* besluit om nie 'n straf aan die *leerder* op te lê nie, moet die *Departementshoof* die aangeleentheid na die *beheerliggaam* terugverwys vir 'n alternatiewe straf ingevolge die gedragskode in artikel 8 beoog, uitsetting uitgesluit.

(10) Die *beheerliggaam* moet die straf in subartikel (8) beoog, implementeer.



Volgens die Skolewet – artikel 10A(1) – mag ‘n persoon nie inisiasiepraktyke teen ‘n leerder by ‘n skool of in ‘n koshuis bedryf of daaraan deelneem nie. Die verbod op inisiasiepraktyke word ook verder bespreek onder ondergeskikte wetgewing (3.3.3).

Artikel 60 van die Skolewet wat handel oor die aanspreeklikheid van die staat, is van toepassing op die bestuur van treitering in die sin dat die werkgewer (onderwysdepartement) middellik aanspreeklik gehou kan word in geval van nalatigheid deur ‘n opvoeder wat lei tot ‘n onregmatige daad – artikel 60 word as deel van middellike aanspreeklikheid bespreek. Die begrippe “deliktuele aanspreeklikheid” en “middellike aanspreeklikheid” word bespreek in afdeling 3.5 (Deliktereg as regsbron) van hierdie hoofstuk.

Artikel 61 van die Skolewet bepaal die volgende: “Die Minister kan regulasies uitvaardig ten opsigte van enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet deur regulasie voorgeskryf kan of moet word en enige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik”. Regulasies (ondergeskikte wetgewing) wat van toepassing is op die bestuur van treitering word vervolgens hierna bespreek.

### **3.3.3 Ondergeskikte Wetgewing**

#### 3.3.3.1 Ondergeskikte Wetgewing in terme van die Skolewet

Volgens CELP (2002 : 14 – 16) bied die volgende regulasies wat kragtens die Skolewet uitgevaardig is, belangrike riglyne (regsreëls) met betrekking tot die bestuur van treitering: (Slegs daardie regsreëls wat skole direk bind om treitering te hanteer, word bespreek).

- Regulations for Safety Measures at Public Schools, GN 1040 of 12 October 2001

Die volgende bepalings van die “Regulations for Safety Measures at Public Schools” is van toepassing op die bestuur van treitering en kan as volg opgesom word:

- Geen persoon mag ‘n gevaarlike voorwerp op die skoolterrein toelaat nie.



- Geen persoon mag 'n gevaarlike voorwerp op die skoolterrein dra nie.
  - 'n Gevaarlike voorwerp mag slegs gestoor word in 'n amptelike stoorplek soos geïdentifiseer deur die skoolhoof.
  - Geen persoon mag enige vorm van geweld beoefen of versteuring veroorsaak wat negatief inwerk op 'n openbare skool se aktiwiteite nie.
  - Dit word verwag van enige persoon om gevaarlike voorwerpe wat waargeneem word onmiddellik te rapporteer.
  - 'n Polisiebeampte – en in sy afwesigheid, die skoolhoof of sy gedelegeerde – kan die skoolterrein asook enige persoon deursoek indien 'n redelike vermoede bestaan dat 'n gevaarlike voorwerp aanwesig is en dit in stryd is met die regulasies. Daar kan ook beslag gelê word op die gevaarlike voorwerp.
- Regulations to prohibit Initiation Practices in Schools, GN 1589 of 13 December 2002

Treitering kan ook voorkom tydens inisiasiepraktyke. Die volgende bepalings van die “Regulations to prohibit Initiation Practices in Schools” is belangrik vir die studie en is van toepassing op openbare skole en onafhanklike skole:

- Leerders moet beskerm word teen die misbruik deur volwassenes of ander leerders. Gewelddadige gedrag deur leerders is onaanvaarbaar. Leerdergedrag moet gebaseer wees op die demokratiese waardes soos menswaardigheid, gelykheid en vryheid.
- Die prinsipaal het 'n primêre verantwoordelikheid om te verseker dat leerders nie onderworpe is aan *crimen injuria*, aanranding, teistering, mishandeling, vernedering en intimidasie vanaf opvoeders en leerlinge nie. Leerders moet beskerm word teen hierdie praktyke. Die prinsipaal moet redelike stappe doen om te verseker dat genoemde praktyke nie deur groepsdruk veroorsaak word nie.



- Elke opvoeder het 'n plig om beheer uit te oefen oor leerders wanneer hulle optrede nadele vir ander persone of leerders tot gevolg het of die regte van ander leerders of opvoeders skend. Opvoeders moet redelike stappe doen wanneer nodig om 'n leerder te verhoed om homself of ander te benadeel.

Daar is met die bespreking van die Skolewet in afdeling 3.3.2.2 aangedui dat artikel 10 A (1) van die Skolewet bepaal dat 'n persoon nie inisiasiepraktyke teen 'n leerder by 'n skool of koshuis mag bedryf of daaraan deelneem nie. Artikel 10 A (2a) dui aan dat 'n persoon wat 10 A (1) oortree, skuldig is aan wangedrag. In die geval van 'n leerder of boelie sal die normale dissiplinêre prosedures in terme van die Skolewet van toepassing wees. Artikel 10 A (2b) noem spesifiek dat die leerder (slagoffer) siviele aksie kan instel teen 'n persoon of groep wat hom gemanipuleer of gedwing het om inisiasiepraktyke uit te voer of om aan inisiasiepraktyke deel te neem. Volgens Visser (2004 : 99) kan die klaer eerstens iemand wees wat direkte nadeel gelei het as die slagoffer van onwettige inisiasie of tweedens iemand wat gedwing is om inisiasiepraktyke uit te voer en wat skadevergoeding aan die slagoffer moet betaal. Dit sal veral die eerste geval wees wat van toepassing is waar treiteringgedrag voorkom as deel van die inisiasiepraktyke en die boelie deliktueel aanspreeklik kan wees. Deliktuele aanspreeklikheid van die boelie word ook in hierdie navorsing ondersoek. Die tweede geval kan ook in uitsonderlike gevalle van toepassing wees waar die slagoffer gedwing word om inisiasiepraktyke uit te voer en hyself deliktueel aanspreeklik is.

In terme van artikel 60 van die Skolewet sal, volgens Visser (2004 : 101), die onderwysdepartement nie middellik aanspreeklik wees waar die onwettige inisiasiepraktyke nie verbind kan word (of onbevredigend verbind word) aan 'n opvoedkundige aktiwiteit nie. Die onderwysdepartement sal ook nie aanspreeklik wees waar die opvoeder as toesighouer nie betrokke is binne die omvang van sy werksverpligtinge nie. In so 'n geval sal slegs die oortreders direk aanspreeklik wees soos reeds hierbo verduidelik.

- Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners, GN 776 of 15 May 1998

Die volgende riglyne wat deel behoort te wees van 'n skool se gedragskode vir leerders is baie belangrik ten opsigte van die bestuur van treitering:



- Die gedragskode moet leerders rigting gee ten opsigte van hul gedrag by die skool. Op dié wyse moet hulle voorberei word sodat hul gedrag as volwassenes aanvaarbaar sal wees in 'n beskaafde samelewing. Hulle eie veiligheid as volwassenes sal ook afhang van hul gedrag of die tipe lewe wat hulle lei.
- Die gedragskode moet gedrag voorskryf wat die regte van ander leerders eerbiedig.
- Daar moet 'n verhouding van wedersydse respek wees tussen leerders asook tussen leerders en opvoeders – wedersydse viktimisasie is onaanvaarbaar.
- Redelike optrede deur opvoeders is noodsaaklik wanneer 'n leerder se gedrag tot nadeel is vir ander of inbreuk maak op die regte van ander persone.
- Viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders kan lei tot skorsing en selfs uitsetting van leerders na skuldigebevinding.

### 3.3.3.2 Ondergeskikte Wetgewing in terme van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000.

Alle opvoeders in openbare en onafhanklike skole moet geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders en word gebind deur die professionele gedragskode van die Raad. In terme van die gedragskode moet 'n opvoeder die menswaardigheid, oortuigings en grondwetlike regte van leerders wat die reg tot privaatheid en vertroulikheid insluit, respekteer.

### 3.3.4 **Beleidsdokumente**

#### 3.3.4.1 Implementation plan for Tirisano

Die "Implementation plan for Tirisano" is 'n beleidsdokument van die Minister van Onderwys wat daarop gemik is om deur middel van vyf programme die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verbeter. Veiligheid in skole word as deel van program 2 (School Effectiveness and Educator Professionalism) hanteer as 'n afsonderlike

projek. Een van die doelstellings van die projek is om spesiale programme in te stel vir leerders met probleme wat kan lei tot anti-sosiale gedrag. Anti-sosiale gedrag sluit treitering in. (Department of Education 2000 : 17).

#### 3.3.4.2 Signposts for safe schools

“Sign posts for safe schools” is ‘n brondokument vir die bestuur van leerdereveiligheid en is die resultaat van samewerking tussen die Nasionale Onderwysdepartement en die Suid-Afrikaanse Polisie. Treitering word as deel van geweld in skole hanteer. ‘n Kort intervensieprogram om die bekamping van treitering te bestuur, word aangebied (CSVR 2002 : 13 - 18).

### 3.4 GEMENEREG AS REGSBRON

Gemenereg is daardie deel van die reg wat nie deur die parlement of provinsiale wetgewers uitgevaardig is nie – dit is dus nie-statutêre reg. Baie van die algemene regsbeginsels waarvolgens ons leef, kom uit die gemenereg. Gemenereg kan beskryf word as ‘n akkumulasie van regsvoorskrifte wat deur die jare ontwikkel het en word gevind in die werke van geleerde skrywers asook regspraak. Suid-Afrikaanse gemenereg het ontwikkel uit Romeins-Hollandse reg en Engelse reg. Wanneer ‘n aangeleentheid nie deur wetgewing gereël kan word nie, geld die gemenereg gewoonlik. Heelparty gemeenregtelike beginsels is van toepassing op die onderwys (Bray en Coetzee 2001 : 15; Kleyn en Viljoen 2002 : 82 - 85; Squelch 1997 : 9). Die volgende gemeenregtelike beginsels word as deel van die regsraamwerk bespreek: die *in loco parentis*-beginsel, die sorgsaamheidsplig van die opvoeder en toerekeningsvatbaarheid op grond van ouderdom. Die reëls van natuurlike geregtigheid soos vervat in die gemeenregtelike beginsels van *audi alteram partem* en *nemo iudex in sua causa* is reeds bespreek onder afdeling 3.2.9 van hierdie hoofstuk en word nie weer bespreek nie. Soos gemeld onder afdeling 3.2.9 is genoemde gemeenregtelike beginsels nou vervat in die reg op regverdige administratiewe optrede (artikel 33) in die Handves asook in die Promotion of Administrative Justice Act.

### 3.4.1 Die *in loco parentis*-beginsel

Die belangrikste fasette van die *in loco parentis*-beginsel kan as volg saamgevat word. (Harris et al. 1992 : 142; Beckmann en Russo 2003 : 7; Botha 1990 : 19; Bray en Coetzee 2001 : 228; Squelch 2001 : 137 - 149; Cantor et al. 2002 : 17 - 18; Boshoff 2000 : 2)

- Die Latynse uitdrukking *in loco parentis* beteken letterlik vertaal, “in die plek van die ouer”.
- Die drie verpligtinge wat die *in loco parentis*-beginsel op die skool (opvoeders) plaas is: die verpligting om gesag en dissipline uit te oefen; die verpligting om sorgsame toesig uit te oefen; die verpligting om op te voed en te onderrig – veral as professionele opvoeder.
- Bogenoemde verpligtinge word deur die ouer aan die skool (opvoeders) gedelegeer. Die delegering van die verpligtinge vanaf die ouer na die opvoeder is ingebed in of begrepe onder die *in loco parentis*-konsep. Die opvoeder beskik nie slegs oor gedelegeerde gesag (verpligtinge) vanaf die ouer nie, maar ook oor oorspronklike gesag (verpligtinge) gegrond op die opvoeder se posisie en sy professionele status.
- Die verpligting om dissipline uit te oefen en die sorgsaamheidsplig is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. ‘n Ordelyke en gedissiplineerde skoolomgewing is onontbeerlik vir die skepping van ‘n veilige leeromgewing.
- Die *in loco parentis*-beginsel plaas nie slegs ‘n verantwoordelikheid op die opvoeder om te waak oor die fisiese en psigiese veiligheid van die leerders wat aan sy sorg toevertrou is nie – opvoeders kan ook aanspreeklik gehou word vir skade wat ‘n leerder ly as gevolg van nalatige optrede deur ‘n opvoeder.

Potgieter (2004 : 1 - 6); en Beyer (1997 : 1, 2) bevraagteken die huidige status van *in loco parentis* in die opvoeder-leerder-verhouding. Hierdie verhouding asook die opvoe-

der se pligte en verantwoordelikhede, word huidig in 'n groot mate deur wetgewing bepaal en word volgens Potgieter nie vanaf die ouer na die opvoeder gedelegeer nie. Die erkenning van die publiekregtelike status van die leerder, die Handves, die Skolewet, die ratifikasie van kinderregte-dokumente deur Suid-Afrika asook die status van die kind as draer van fundamentele regte as deel van Suid-Afrika se nuwe regsorde, het grootliks daartoe bygedra dat die status van die *in loco parentis*-beginsel in gedrang kom. Beckmann en Russo (2003 : 8) sê dus tereg:

It could be argued that certain statutory developments since 1994 have been eroding the force of the common law principles (*in loco parentis* en *diligens paterfamilias*) and have replaced them with statutory requirements.

In die praktyk beteken dit dat indien die *in loco parentis*-beginsel nie meer bestaan nie, daar as deel van die huidige Suid-Afrikaanse regsorde ander regsreëls in plek is wat die regte van die leerder beskerm ook ten opsigte van sorgsame toesig by die skool. [Vergelyk ook regsreëls wat skole bind om treitering te bestuur wat onder 3.2 (Grondwet), 3.3 (Wetgewing) en 3.7 (Internasionale Reg) van hierdie hoofstuk bespreek is.]

#### 3.4.2 Die sorgsaamheidsplig van die opvoeder

Uit die bespreking van die *in loco parentis*-beginsel is dit duidelik dat die opvoeder se verpligting om sorgsame toesig uit te oefen ingebed is in die *in loco parentis*-beginsel, maar dat wetgewing (veral wetgewing wat deel is van Suid-Afrika se nuwe regsorde sedert 1994) tans 'n groot rol speel om skole (opvoeders) te verplig om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul sorgsaamheidsplig. Skole (opvoeders) moet ingevolge die sorgsaamheidsplig sorg vir die fisiese en psigiese veiligheid van leerders wat aan hul sorg toevertrou is. Opvoeders kan persoonlik en middellik aanspreeklik gehou word vir skade wat 'n leerder ly as gevolg van nalatige optrede deur 'n opvoeder. Volgens Beckmann en Russo (2003 : 30) het die feit dat die sorgsaamheidsplig nie slegs gerig word deur gemeenregtelike beginsels (*in loco parentis* en *diligens paterfamilias*) nie, maar ook deur grondwetlike beginsels en wetgewing (sien 3.4.1) die risiko van regs aanspreeklikheid vergroot.

Hierdie standaard van sorg wat van skole en opvoeders verwag word ten opsigte van leerders in hul sorg, is die standaard van die *bonus paterfamilias*. *Bonus paterfamilias*, letterlik vertaal, beteken: die goeie (sorgsame) vader van die gesin. Die standaard van sorg wat van opvoeders verwag word, is dus soos die sorg van 'n vader vir wie die belange en veiligheid van sy gesin baie belangrik is (Beckmann en Russo 2003 : 8).

Die standaard (vlak) van sorgsame toesig wat van opvoeders verlang word, word deur die hof bepaal. Die uitspraak van regter Beck in 1970 in *Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 (4) SA 537 (R) dien as waardevolle riglyn om die standaard van toesig wat van opvoeders verlang word te bepaal.

In sy uitspraak waarsku regter Beck teen 'n te hoë vlak van sorgsame toesig wat van die *bonus paterfamilias* verwag word. Hy sê dat dit onmoontlik is om te verwag dat leerders in gewone omstandighede gedurig opgepas moet word. Indien 'n opvoeder 'n groep leerders byvoorbeeld na die see vergesel, sal hy nalatig wees indien hy nie voortdurend streng toesig oor hulle hou nie. Laasgenoemde voorbeeld is buitengewone omstandighede en die risiko is groter as wat normaalweg deel is van die daaglikse roetine. Die beginsel dat leerders nie voortdurend opgepas kan word nie, behalwe as daar 'n risiko teenwoordig is, word ook bevestig in die uitspraak ten gunste van die appellant in *Minister of Education and Another v Wynkwart NO* 2004 (3) SA 577 (K).

In beide die vorige vermelde hofsake word ouderdom ook vermeld as 'n belangrike faktor wat die graad van toesig rig. Bray en Coetzee (2001 : 230) verduidelik hierdie aangeleentheid as volg:

Six year olds in general require far higher standard of care and supervision than would a comparable number of 16 year olds. In other words, a preschool educator or junior primary educator has to bear a much heavier load of responsibility to take care and precautions than an educator of a high school class.

Daar kan ook van ouer leerders verwag word om hulself te beskerm teen gevare waarteen hulle gewaarsku is, maar in die geval van jonger leerders kan dit as gevolg van hul ontwikkelingsvlak nie verwag word nie (Harris et al. 1992 : 153).



Alhoewel “nalatigheid” hierna in die afdeling oor deliktuele aanspreeklikheid bespreek word, is dit belangrik dat die verband tussen die standaard van toesig wat van die opvoeder verwag word en nalatigheid hier kortliks toegelig word. Volgens Neethling et al. (2006 : 128, 129) is die maatstaf wat ons aanvaar om te bepaal of ‘n persoon nalatig opgetree het, die objektiewe standaard van die redelike persoon, die *bonus paterfamilias*. Wanneer nalatigheid dus aan die kant van die skool of opvoeder ter sprake is in die uitvoering van sy sorgsaamheidspelig sal die standaard van die redelike persoon aangewend word om te bepaal of nalatigheid wel ter sprake was. Die standaard van sorgsaamheid wat van die skool (opvoeder) verlang word kan dus omskryf word as die standaard wat van die redelike persoon, die *bonus paterfamilias*, verwag word.

‘n Vraag wat onwillekeurig uit voorafgaande na vore kom is of die opvoeder se standaard van sorg aan ‘n “redelike ouer”-nalatigheidskriterium of ‘n “redelike opvoeder”-nalatigheidskriterium gemeet moet word? Beide Harris et al. (1992 : 162) en Potgieter (2004 : 1 - 6) kritiseer die “redelike ouer”-nalatigheidskriterium waaraan die opvoeder se standaard van sorg gemeet word en meld die volgende redes om hul standpunt te motiveer: Dit sou onredelik wees om dieselfde standaard van sorg van opvoeders te verwag as wat van ouers verlang word. Ouers se sorg vir hul kinders geskied in ‘n afgeslote beperkte ruimte van die ouerhuis. Hierteenoor het opvoeders toesig oor honderde leerders van verskillende ouderdomme, in enorme skoolgeboue, op uitgebreide speelterreine en sportvelde. Hul toesig geskied onder andere, behalwe in die klaskamer en op die skoolterrein, ook gedurende sportaktiwiteite, op voertuie en tydens die gebruik van gevaarlike toerusting. Die korrekte standaard van sorg wat van opvoeders verlang word, is dus die van ‘n redelike opvoeder.

Die “redelike opvoeder”-konsep bring ‘n ander dimensie van die standaard van die opvoeder se sorgsaamheidspelig na vore, naamlik, dat die opvoeder ‘n professionele persoon is en die vraag ontstaan of die opvoeder se standaard van sorg nie op ‘n hoër standaard behoort te wees as die gewone redelike persoon nie. Neethling et al. (2006 : 132) meld dat in die geval van deskundiges, soos ‘n tandarts, chirurg en elektrisiën die toets vir nalatigheid ten aansien van die beoefening van die deskundige aktiwiteit dié van die sogenaamde redelike deskundige, dit wil sê die redelike tandarts, redelike chirurg, redelike elektrisiën moet wees. Verskeie skrywers naamlik Davel (2003 : 12); Botha (1990 : 33); Adams (1984 : 107); Joubert en Prinsloo (2001 : 102, 103) is dit eens

dat die opvoeder in die kategorie van 'n redelike deskundige val van wie die reg 'n hoër mate van sorgsaamheid kan verwag.

Die volgende aanhalings uit die Suid-Afrikaanse regspraak bevestig die opvoeder as 'n redelike deskundige:

*Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (K):

Teachers are trained on child development and psychology so that they understand the behaviour of children.

*Knouwds v Administrateur, Kaap* 1981 (1) SA 544 (K):

Dit is welbekend dat die gedrag van kinders dikwels impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik kan wees. Ook is dit welbekend dat kinders so verdiep raak in die aktiwiteite waarmee hulle besig is dat hulle onbewus is van enigiets anders. Hierdie eienskappe van kinders moes aan die hoof van 'n primêre skool, wat bemoeid is met die opvoeding van jong kinders, insluitende die in sub A, en wat daaglik met hulle in aanraking kom, bekend gewees het.

### 3.4.3. Toerekeningsvatbaarheid op grond van ouderdom

Ouderdom speel volgens die Suid-Afrikaanse gemenerereg 'n belangrike rol ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid van die leerder, met ander woorde, of 'n leerder strafregtelik of deliktueel aanspreeklik gehou kan word.

Die volgende ouderdomsgroepe word in die Suid-Afrikaanse reg onderskei: persone vanaf geboorte tot sewe jaar (*infans*); persone vanaf sewe jaar tot een en twintig jaar of minderjariges; persone vanaf een en twintig jaar en ouer of meerderjariges (Cronje en Heaton 1999 : 87). Sien wysiging ten opsigte van meerderjarigheid soos hierna aangedui.

Sloth-Nielsen (2000 : 33, 394); Van Oosten en Louw (1997 : 123 - 128) en Neethling et al. (2006 : 118, 119) beklemtoon die onweerlegbaarheid van die feit dat die *infans* nie



toerekeningsvatbaar kan wees nie, niteenstaande sy werklike ontwikkelingsvlak, intellektuele vermoë of sy vermoë om opsetlik of voorbedag op te tree. Daarteenoor bestaan daar 'n weerlegbare vermoede ('n vermoede wat deur bewyslewing weerlê kan word), dat die minderjarige tussen sewe en veertien jaar nie toerekeningsvatbaar is nie. Wanneer die ouderdom van veertien jaar bereik word, is die minderjarige toerekeningsvatbaar soos die volwasse (meerderjarige) alhoewel sy jeug (jonger as een en twintig jaar) as versagtende omstandighede mag dien. Dit is belangrik om te meld dat versagtende omstandighede net betrekking het op die strafreg en nie op die deliktereg nie. Vanaf 1 Julie 2007 is die nuwe meerderjarigheidsoouderdom 18 jaar. Die verandering van meerderjarigheidsoouderdom was een van die artikels van die Children's Act 38 of 2005 wat op 1 Julie 2007 in werking getree het.

### 3.5 DIE DELIKTEREG AS REGSBRON

Die doel van die reg – in besonder die deliktereg – is om die betrekkinge tussen individue onderling in die samelewing te reël. Die deliktereg vorm deel van die privaatreg. Die rol van die deliktereg is om aan te dui watter belange regtens erkenning geniet, in welke omstandighede regserkende belange teen aantasting beskerm word en op watter wyse 'n versteuring van die harmonieuse ewewig van belange weer herstel moet word (Neethling *et al.* 2006 : 3). Die uiteensetting van die delikteregbeginsels hierna is belangrik. Dit het uit die aanvanklike literatuurstudie baie duidelik geblyk dat die boelie, sy ouers asook die opvoeder deliktueel aanspreeklik kan wees as gevolg van skade wat voortspruit uit treitering. Hierdie aanspreeklikheid word ondersoek tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. Kennis van die regsreëls ten opsigte van deliktuele aanspreeklikheid, wat hierna oorsigtelik bespreek word, is onontbeerlik vir die samestelling van die onderhoudsvrae asook vir die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk vyf.

#### 3.5.1 Omskrywing van die begrip “delik”

Die basiese uitgangspunt in die reg is dat skade (nadeel) rus waar dit val, dit wil sê dat elkeen die skade wat hy gely het, self moet dra (*res perit domino*). Dit is egter nie altyd die geval nie. Daar bestaan wel regserkende gronde waarom een persoon se skadelas na 'n ander kan verskuif sodat laasgenoemde verplig word om eersgenoemde se skade

te dra of dit te vergoed. Een regserkende grond is die benadeling van 'n persoon deur middel van 'n delik of onregmatige daad. 'n Delik is dus 'n handeling van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n ander veroorsaak (Neethling et al. 2006 : 3 - 8).

### 3.5.2 Vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid

Om deliktueel aanspreeklik te wees, moet die volgende vereistes bewys kan word (Bray en Coetzee 2001 : 239; Botha 1990 : 23 - 36; Neethling et al. 2006 : 25 - 245; Potgieter et al. 2006 : 3 - 21):

#### 3.5.2.1 Handeling

Een persoon moet skade of nadeel veroorsaak ten opsigte van 'n ander persoon deur middel van 'n handeling of optrede. Hierdie handeling of optrede moet 'n willekeurige menslike handeling wees. Die handeling of optrede van 'n persoon sluit ook in die nie-optrede van 'n persoon wat dan skade of nadeel vir die ander persoon veroorsaak.

#### 3.5.2.2 Onregmatigheid

'n Handeling wat nadeel aan 'n ander veroorsaak is op sigself nie voldoende om deliktuele aanspreeklikheid te konstitueer nie. Benadeling moet ook op 'n onregmatige, dit wil sê op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word, voordat daar sprake kan wees van aanspreeklikheid.

Iemand se gedrag word normaalweg as onregmatig beskou indien sekere regserkende regte (subjektiewe regte) as gevolg van die optrede van die delikpleger aangetas word en dié optrede nie geregverdig kan word nie; en ook indien 'n regsplig sonder enige regverdiging verbreek word.

Die volgende kategorieë subjektiewe regte word onderskei:

- **Saaklike regte** – die regte wat 'n regs subjek op sake kan hê, byvoorbeeld eiendomsreg.

- **Persoonlikheidsregte** – byvoorbeeld jou goeie naam, liggaamlike integriteit, eergevoel, privaatheid, identiteit.
- **Persoonlike regte** – die regte van 'n regs subjek op prestasies deur ander, byvoorbeeld die lewering van die gekoopte artikel deur die verkoper.
- **Immateriële goedereregte** – byvoorbeeld die outeursreg van 'n digter op sy gedig.
- **Persoonlike immateriële goedereregte** – byvoorbeeld die regte van 'n regs subjek met betrekking tot sy kredietwaardigheid en verdienvermoë.

Indien bewys kan word dat daar in 'n spesifieke situasie 'n regsplig op 'n persoon gerus het en hy sonder enige regverdiging vir sy optrede die regsplig nie nagekom het nie en daar het nadeel uit sy optrede voortgevloei, word hierdie versuim aan sy kant as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid beskou.

Die volgende is voorbeelde van gevalle waar daar 'n regsplig op 'n persoon kan rus en waar verbreking van die regsplig as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid beskou kan word:

- In gevalle waar daar sekere statutêre verpligtinge op die persoon rus en die statutêre voorskrif nie nagekom word nie. Dit is nie die nie-nakoming van die statutêre voorskrif wat opsigself lei tot die onregmatigheid nie, maar wel die nadelige inwerking van die nie-nakoming op die belange van die benadeelde op 'n regtens ongeoorloofde wyse.
- Indien 'n persoon deur middel van 'n positiewe handeling 'n bron van gevaar skep en sy versuim om die gevaar uit te skakel, lei tot nadeel vir 'n ander persoon, kan sy optrede *prima facie* as onregmatig beskou word. Die gevaarskeppende positiewe handeling is 'n sterk aanduiding dat daar 'n regsplig op die dader gerus het om die gevaar uit te skakel en sodoende die nadeel te voorkom.



- Verantwoordelikheid ten opsigte van beheer oor 'n gevaarlike voorwerp kan 'n faktor wees om te bepaal of daar 'n regsplig op 'n persoon gerus het om te voorkom dat 'n ander persoon deur die spesifieke situasie benadeel word. Daar moet sekerheid wees of daar wel sprake van verantwoordelikheid ten opsigte van beheer was ten opsigte van die gevaarlike voorwerp deur die verweerder. Daar moet ook bepaal word of die verweerder 'n regsplig gehad het om te voorkom dat skade ontstaan vanweë sy of haar versuim om voldoende beheer uit te oefen.
- Die besondere verhouding tussen partye kan aandui dat die een party 'n regsplig teenoor die ander party het om skade te voorkom.
- 'n Persoon se amp of beroep kan 'n regsplig op dié persoon plaas om op 'n sekere wyse teenoor die publiek of bepaalde persone op te tree.

Ter afsluiting van die bespreking van onregmatigheid moet vermeld word dat die oënskynlike onregmatige optrede van 'n persoon in sekere omstandighede geregverdig kan word deur die aanwesigheid van sekere regverdigingsgronde. Voorbeelde van sulke regverdigingsgronde is: noodweer, noodtoestand, provokasie, toestemming tot risiko van benadeling, statutêre magtiging en tugbevoegdheid.

### 3.5.2.3 Skuld

Daar moet ook bewys word dat die persoon se onregmatige handeling met skuld gepaard gegaan het. 'n Mens kan skuldig wees as gevolg van jou optrede (handeling) as jy opsetlik (*dolus*) of nalatig (*culpa*) gehandel of opgetree het. Daar kan slegs van skuld sprake wees in gevalle waar daar onregmatige optrede was en waar die dader toerekeningsvatbaar was.

In die geval van opsetlike optrede rig die dader sy wil op die veroorsaking van 'n sekere gevolg terwyl hy terselfdertyd bewus is dat die gevolg waarop hy sy wil rig onregmatig is. Opset omvat dus twee elemente, naamlik 'n wilsgerigtheid en 'n onregmatigheidsbewussyn.



In die geval van nalatigheid tree die dader onagsaam, onsoorgvuldig of onversigtig op. Deur onvoldoende ag te gee aan wat hy doen, voldoen hy nie aan die standaard van versigtigheid wat regtens van hom verlang word nie. Volgens Evans (2001 : 128) is nalatigheid die onregmatige optrede wat die meeste by opvoeders voorkom. Die maatstaf wat die Suid-Afrikaanse reg gebruik om te bepaal of 'n persoon nalatig opgetree het, is die objektiewe standaard van die redelike persoon, *die bonus paterfamilias*. Daar word van die “redelike persoon”-toets gebruik gemaak om vas te stel of 'n dader nalatig opgetree het. Hierdie toets vir nalatigheid omvat twee komponente: 'n voorsienbaarheidskomponent en 'n voorkombaarheidskomponent. Hierdie twee komponente impliseer dat die volgende twee vrae onderskeidelik in die hof gevra sal word: Sou die redelike persoon die intrede van die nadeel as 'n moontlike gevolg van sy gedrag voorsien het? Sou die redelike persoon stappe ter voorkoming van hierdie voorsienbare nadeel geneem het? Deur hierdie twee vrae te vra wil die hof dus bepaal hoe die redelike persoon in die omstandighede van die dader sou opgetree het. Indien die redelike persoon in die posisie van die dader wel die intrede van die nadeel sou voorsien het en ook stappe sou geneem het om die nadeel te voorkom en die dader het dit nie gedoen nie sou sy gedrag nalatig wees en hy deliktueel aanspreeklik wees. Hierdie toets vir nalatigheid vind sy gesaghebbendste en bes omskrewe formulering in die *dictum* van die appèlregter in *Kruger v Coetzee* 1966 (2) SA 428 (A).

Indien die dader 'n opvoeder is, is daar faktore wat die beoordeling van sy nalatigheid beïnvloed, naamlik dat hy 'n deskundige is en ook dat 'n hoër mate van sorgsaamheid teenoor kinders verwag word. Indien die dader 'n kind is word die feit dat hy 'n kind is in ag geneem by die beoordeling ten opsigte van nalatigheid.

Die feit dat die opvoeder 'n deskundige is beïnvloed die “redelike persoon”-toets (sien ook 3.4.2). Dit bring mee dat die opvoeder se gedrag nie aan die gewone “redelike persoon”-standaard beoordeel word nie, maar wel aan 'n verhoogde standaard van 'n redelike deskundige of redelike opvoeder. Die opvoeder as redelike deskundige is reeds volledig bespreek onder 3.4.2.

Wanneer nalatigheid by 'n kind – ouer as sewe jaar – beoordeel word, word daar huidig ook gewerk met die “redelike persoon”-maatstaf en nie met die “redelike kind”-maatstaf soos wat dit voorheen die geval was nie. Indien vasgestel word dat die kind wel nalatig

was, moet daar nagegaan word of die betrokke kinddader die vereiste geestesvermoëns, rypheid, ervaring, insig ensovoorts gehad het om tussen reg en verkeerd te onderksei – dus of die kind toerekeningsvatbaar is (Neethling et al. 2006 : 130, 131).

#### 3.5.2.4 Oorsaaklikheid

Daar moet 'n oorsaaklike (kousale) verband wees tussen die handeling of optrede van die oortreder en die skade of nadeel wat aan die ander persoon (byvoorbeeld leerder) berokken is. Daar moet dus bewys word dat die skade of nadeel (byvoorbeeld 'n besering) die gevolg is van die optrede of nie-optrede van die oortreder. 'n Persoon kan nie aanspreeklik gehou word indien hy nie die nadeel of skade veroorsaak het nie.

#### 3.5.2.5 Skade

Soos reeds gemeld is 'n delik 'n handeling van 'n persoon wat op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel (skade) aan 'n ander veroorsaak. Skade kan twee vorme aanneem naamlik vermoënskade en nie-vermoënskade (persoonlikheidsnadeel).

In die geval van vermoënskade kan die benadeelde belange gewoonlik direk in geldwaarde gemeet word en voorsien die skadevergoeding (altyd in die vorm van geld) 'n ware ekwivalent vir die nadeel. Die emosies van die persoon wat benadeel is, word nie in ag geneem nie en die skadevergoeding het geen primêre funksie van straf, genoegdoening of regshandhawing nie. Die hoofdoel is om die persoon deur middel van die skadevergoeding (geld) in dieselfde posisie te stel as wat hy was voor hy benadeel is. Voorbeelde van vermoënskade in die skoolsituasie waarvoor skadevergoeding geëis kan word is: saakskade (byvoorbeeld beskadiging van persoonlike eiendom van 'n leerder); mediese uitgawes; verlies van inkomste en verdienvermoë (byvoorbeeld 'n tienermodel wat weens 'n besering nie meer as model kan optree nie kan skadevergoeding eis weens verlies aan inkomste – indien sy in die toekoms as gevolg van die besering nie ooreenkomstig haar potensiaal kan verdien nie, kan skadevergoeding vir verlies aan toekomstige verdienvermoë geëis word). Vermoënskade word verhaal met die Aquiliese aksie (die *actio legis Aquiliae*).



Wat nie-vermoënskade betref, kan daar onderskei word tussen nie-vermoënskade as gevolg van liggaamlike krenking asook nie-vermoënskade as gevolg van persoonlikheidskrenking.

In die geval van nie-vermoënskade as gevolg van liggaamlike krenking word skadevergoeding (kompensasie) geëis deur middel van die aksie weens pyn en lyding. Dit kan onvolmaakte skadevergoeding genoem word omdat volle restitusie weens liggaamlike beserings (fisies-psigiese) nie werklik moontlik is nie. Skadevergoeding kan geëis word vir pyn en lyding, skok (psigiatrisiese besering / letsel), misvorming, verlies van lewensgenieting en verkorte lewensverwagting.

In die geval van nie-vermoënskade, as gevolg van persoonlikheidskrenking, word genoegdoening geëis in terme van die *actio iniuriarum*. Dit gaan hier om die psigiese bevrediging van die eiser deurdat die verweerder 'n geldbedrag as *solatium* (troosgeld) aan die eiser moet betaal vir krenking van sy of haar persoonlikheid.

### 3.5.3 Middellike aanspreeklikheid

Middellike aanspreeklikheid is die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van 'n ander. Middellike aanspreeklikheid is van toepassing waar twee persone in 'n besondere verhouding teenoor mekaar staan (Neethling et al. 2006 : 359 - 366). Middellike aanspreeklikheid met betrekking tot die werkgewer-werknemer-verhouding is van toepassing op hierdie studie en word bespreek – die opvoeder(s) (werknemer(s)) en die onderwysdepartement (werkgewer) staan in 'n werkgewer-werknemer-verhouding tot mekaar. Die onderwysdepartement kan middellik aanspreeklik wees indien die opvoeder(s) deliktueel aanspreeklik is vir hul optrede of handeling wat binne die perke van hul diensbetrekking plaasgevind het.

In onderwysverband word middellike aanspreeklikheid op artikel 60 van die Skolewet gebaseer. Hierdie artikel bepaal wanneer die Staat aanspreeklik is vir optrede van sy werknemers in onderwysverband. Artikel 60 is selfverduidelikend. Subartikel (1) dra die aanspreeklikheid van 'n openbare skool vir sekere deliktuele eise oor aan die staat. Artikel (1) handel oor'n daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit. In subartikel (4) word die begrip "opvoedkundige aktiwiteit" of die staat se aan-

spreeklikheid eintlik beperk. Skade veroorsaak deur sekere aktiwiteite by die skool word uitgesluit. As die skade verband hou met enige onderneming of besigheid wat onder die beheer van 'n openbare skool bedryf word – vir doeleindes van die aanvulling van die hulpbronne van die skool – soos in artikel 36 van die Skolewet beoog, is die staat nie middellik aanspreeklik vir daardie skade nie. Sodanige aktiwiteite word van die betekenis van “opvoedkundige aktiwiteite” in subartikel (1) uitgesluit. Die staat is selfs nie aanspreeklik vir skade veroorsaak deur die aanbied van praktiese opvoedkundige aktiwiteite in verband met daardie onderneming of besigheid nie. Die skool sal skade wat uit hierdie bedrywighede voortvloei self moet dra (Wanda 2004 : 21 - 23).

Die beginsel in die Suid-Afrikaanse reg is dat waar 'n werknemer 'n delik pleeg terwyl hy handel binne die perke van sy diensbetrekking, is sy werkgever ten volle vir die skade aanspreeklik. Die werkgever sal egter alleenlik middellik aanspreeklik wees indien die volgende vereistes teenwoordig is:

- Daar moet 'n werkgever-werknemer-verhouding ten tyde van delikspieging bestaan.
- Die werknemer moet 'n onregmatige daad begaan.
- Die werknemer moet tydens delikspieging binne die perke van sy diensbetrekking handel.

Dit is soms moeilik om te bepaal of die werknemer binne of buite die perke van sy diensbetrekking opgetree het. Die volgende aanhaling uit die Oxford Dictionary of Law verduidelik hierdie saak baie simplisties:

Thus negligent driving of someone employed as a driver is a tort committed in the course of his employment, but if the driver were to assault a passing pedestrian for motives of private revenge, the assault would not be connected with his job and his employer would not be liable.

In bogenoemde geval het die werknemer uitsluitlik sy eie belange nagestreef deur die voetganger aan te rand en het hom dus geheel en al van sy dienskontraktuele

verpligtinge losgemaak. Waar die werknemer se optrede geheel en al buite die omvang van sy werksverpligtinge val en daar was dus nie 'n verbintenis tussen sy optrede en sy werksverpligtinge nie, sal die werknemer aanspreeklik wees (Neethling *et al.* 2006 : 359 - 366; Botha 1990 : 37 - 38; Oxford Dictionary of Law 2002 : 525 - 526).

Volgens Botha (1990 : 37 - 38) kan die werkgever, in gevalle waar 'n werkgever wel middellik aanspreeklik is, die werknemer ingevolge prosedures in die prosesreg as party tot die geding voeg. Dit is ook moontlik dat indien die werkgever alreeds skadevergoeding betaal het, hy 'n regresreg teen die werknemer het om die geld persoonlik van hom of haar te verhaal.

### 3.6 DIE STRAFREG AS REGSBRON

Waar die privaatreë die verhoudinge tussen individue as regssubjekte onderling reël (sien 3.5 hierbo), reël die publiekreg in beginsel die verhoudinge tussen die staatsowerheid as gesagsliggaam en die staatsonderdane, asook die verhoudinge tussen verskillende owerheidsliggame (staatsdepartemente) en dié tussen verskillende state. Die strafreg vorm deel van die publiekreg (Snyman 1999 : 5). Die uiteensetting van die strafregbeginsels hierna is van groot belang vir die navorsing. Dit het reeds uit die aanvanklike literatuurstudie na vore gekom dat sekere treiteringgedrag as misdad kan kwalifiseer. Die aangeleentheid word tydens die semigestruktureerde onderhoude ondersoek. Kennis van die regsreëls met betrekking tot die strafreg is ook belangrik vir die samestelling van die onderhoudsvrae asook vir die beskrywing van die regsimplikasies in hoofstuk vyf.

#### 3.6.1 Omskrywing van die begrip “misdad”

Snyman (1999 : 6) omskryf 'n misdad as wederregtelike skuldige gedrag wat van owerheidsweë gestraf word. Burchell en Milton (1991 : 35) beskryf 'n misdad as volg:

A crime is any conduct which is defined by law to be a crime and for which punishment is prescribed.

In die Suid-Afrikaanse reg word daar onderskei tussen gemeenregtelike en statutêre

misdade. Gemeenregtelike misdade is oorgedra uit die bronne van die Suid-Afrikaanse gemenerereg (byvoorbeeld moord, aanranding, verkragting, diefstal). Genoemde misdade word nêrens deur wetgewing gereël nie en die regsbepalings met betrekking tot hierdie misdade moet dus in die gemenerereg gesoek word. Wetgewing kan ook misdade skep of 'n bepaling omtrent strafregtelike aanspreeklikheid bevat. Hierdie misdade staan bekend as statutêre misdade, waarvan 'n groot hoeveelheid in Suid-Afrika geld byvoorbeeld sameswering, misdade ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe, die rig van 'n vuurwapen (Snyman 1999 : 7 - 8).

### 3.6.2 Vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid

Die vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid kan as volg saamgevat word (Snyman 1999 : 28):

#### 3.6.2.1 Die legaliteitsbeginsel

Die heel eerste vraag wat gevra moet word indien 'n mens strafregtelik aanspreeklikheid wil vasstel, is of die tipe gedrag waarvan 'n persoon aangekla word, in ons reg as 'n misdaad erken word. Hierdie vanselfsprekende vereiste, staan bekend as die "legaliteitsvereiste".

#### 3.6.2.2 Handeling of gedrag

Indien die tipe gedrag wel strafbaar is (dus in die Suid-Afrikaanse reg as 'n misdaad erken word), moet daar vasgestel word of daar gedrag aan die kant van die beskuldigde was. Onder "gedrag" word verstaan 'n doen of 'n late. Aangesien die bestrawwing van 'n late meer die uitsondering as die reël is, word na hierdie element of vereiste van aanspreeklikheid verwys as die "handelingsvereiste". Voordat daar enige sprake van strafregtelike aanspreeklikheid kan wees, moes die beskuldigde eers begrip hê om sy gedagte en voornemens in 'n handeling of handeling te omskep. Die handeling moet ook willekeurig wees.

‘n Late (dit wil sê ‘n versuim om positief op te tree) is slegs strafbaar indien daar ‘n regsplig op die beskuldigde gerus het om in ‘n bepaalde omstandigheid aktief op te tree, en hy of sy versuim het om dit te doen.

#### 3.6.2.3 Gedrag moet voldoen aan die omskrywingselemente van misdaad

Die gedrag van die beskuldige moet voldoen aan die omskrywingselemente van die misdaad wat ter sprake is. Omskrywingselemente is die kernagtige beskrywing van die soort gedrag wat die reg verbied, en die omstandighede waarin dit moet plaasvind om as ‘n misdaad te kwalifiseer. Die handeling moet dus ‘n realisering of vervulling van die omskrywingselemente wees.

#### 3.6.2.4 Wederregtelikheid

Die blote feit dat die beskuldigde se handeling aan die omskrywingselemente van ‘n misdaad voldoen, beteken nie dat hy of sy aan ‘n misdaad skuldig is nie. Die handeling moet ook wederregtelik wees. ‘n Pa wat byvoorbeeld sy stout kind ‘n pak slae gee se handeling voldoen aan die omskrywingselemente van die misdaad “aanranding”, maar die pa het nie wederregtelik opgetree nie en is dus nie aan ‘n misdaad skuldig nie. (Die artikel wat lyfstraf – pak slae – deur ouers verbied, is nie meer deel van die Children’s Act nie). “Wederregtelik” beteken “teen die reg”. Die reg waarvan hier gepraat word, is nie slegs die voorskrif vervat in die omskrywingselemente van die misdaad nie, maar die geheel van al die regsreëls en dit sluit in reëls wat ‘n mens in sekere omstandighede veroorloof om ‘n handeling te verrig wat in stryd is met die “letter” van die verbod of norm van die omskrywingselemente. In die praktyk is daar ‘n aantal bekende situasies waarin die regsorde handeling geduld wat in stryd is met die “letter” van die voorskrif van die omskrywingselemente en word regverdigingsgronde genoem. Voorbeelde is: noodweer, noodtoestand en tugbevoegdheid. In die genoemde voorbeelde word die vader wat sy kind tigtig, se gedrag geregverdig deur die regverdigingsgrond bekend as tugbevoegdheid.

#### 3.6.2.5 Skuld

Indien die beskuldigde se handeling ooreenstem met die omskrywingselemente van die

misdad en ook wederregtelik is, beteken dit nog nie dat hy of sy noodwendig strafregtelik aanspreeklik is nie. Die beskuldigde se wederregtelike handeling moet ook met skuld gepaard gaan. Die skuldvereiste behels twee ondersoeke of “subvereistes”. Ten eerste moet vasgestel word of die beskuldigde ten tyde van sy optrede toerekeningsvatbaar was. Voorbeelde van mense wat ontoerekeningsvatbaar is, is geestesongesteldes en jong kinders (sien 3.4.3.4). Faktore soos dronkenskap en hewige emosionele onsteltenis voortspruitend uit provokasie kan ook meebring dat iemand optree in ‘n toestand van ontoerekeningsvatbaarheid. Tweedens moes die beskuldigde opsetlik of nalatig opgetree het. By party misdade, soos byvoorbeeld “moord”, word opsetlike optrede vereis. By ander misdade, soos byvoorbeeld “strafbare manslag”, word nalatige optrede vereis.

### 3.6.3. Ooreenkomste en raakpunte tussen ‘n delik en ‘n misdad

In die geval van ‘n misdad is die doel om die misdadiger te straf terwyl die doel by ‘n delik (onregmatige daad) is om die benadeelde te vergoed. In die geval van ‘n misdad tree die publiekreg in werking omdat die staat die oortreder vervolg en straf. ‘n Delik is ‘n privaatregtelike aangeleentheid omdat die verhaal van skadevergoeding interpersoonlik van aard is. Misdade wat skade vir persone veroorsaak kan terselfdertyd ook delikte wees. A rand byvoorbeeld vir B aan wat weer daartoe lei dat B ‘n groot bedrag aan mediese koste moet betaal. A se optrede is ‘n misdad volgens die strafreg en hy kan deur die staat daarvoor vervolg en gestraf word ooreenkomstig die strafprosesreg. A se optrede is ook ‘n delik volgens die deliktereg en B kan skadevergoeding van A eis ooreenkomstig die siviele prosesreg. Daar kan dus ‘n strafsak (deur die staat) sowel as ‘n siviele saak (deur B) teen A aanhangig gemaak word. Dit beteken nie dat ‘n delik en ‘n misdad altyd saamval nie. Nie elke delik is noodwendig ‘n misdad nie en omgekeerd is nie elke misdad ‘n delik nie (Kleyn en Viljoen 2002 : 106; Neethling *et al.* 2006 : 7).

Opvoeders asook leerders kan beide strafregtelik – weens die pleeg van ‘n misdad – en deliktueel aanspreeklik wees op grond van hul handeling of dade buite skoolverband sowel as binne skoolverband.

### 3.7 INTERNASIONALE REG AS REGSBRON

Die internasionale reg staan ook bekend as volkereg. Dit is reëls wat primêr die verhouding tussen onafhanklike state beheer. Hierdie reëls word onder andere in die lewe geroep deur internasionale gebruike (internasionale gewoontereg) en deur internasionale verdrae en konvensies. Die regsreëls van volkereg handel onder meer oor diplomatieke betrekkinge, lugverkeer tussen state, die gebruik van die oopsee, reg met betrekking tot oorlog en internasionale beginsels van menseregte (Kleyn en Viljoen 2002 : 98).

Volgens Bray en Coetzee (2001 : 172) het internasionale dokumente met betrekking tot menseregte en kinderegte 'n belangrike invloed op opvoedkundige prosesse soos onder andere die bestuur van leerderveiligheid. Hierdie dokumente omskryf onder meer die leerders se regte ten opsigte van hul beskerming en veiligheid. Twee internasionale dokumente wat spesifiek fokus op kinderegte word in hierdie afdeling bespreek, naamlik: die United Nations Convention on the Rights of the Child (Konvensie) en The African Charter on the Rights and Welfare of the Child, OAU, 11 July 1990 – hierna African Charter genoem. Suid-Afrika het die Konvensie op 16 Junie 1995 geratifiseer en die African Charter op 7 Januarie 2000.

Ratifikasie beteken dat 'n lidland regtens daartoe verbind is om die inhoud van die dokument te implementeer. Die meeste verdrae (konvensies) moet egter ook ingelyf word in die nasionale reg van die lidlande en slegs na inkorporasie kan dit deur die nasionale howe afgedwing word (Dugard 2005 : 58 - 62 ; Human 1998 : 248).

Artikel 39(1)(b) van die Handves bepaal ook dat wanneer 'n hof, tribunaal of forum die Handves moet interpreteer, internasionale reg in oorweging geneem moet word. In terme van artikel 233 van die Grondwet, moet voorkeur gegee word aan interpretasie wat strook met internasionale reg.

#### 3.7.1 **United Nations Convention on the Rights of the Child, Resolution 44 / 25 of 20 November 1989**

Die Konvensie verteenwoordig die mees omvattende en gesaghebbende verklaring van fundamentele regte vir kinders (Human 1998 : 248).

In die voorrede van die 1989-Konvensie word aangetoon dat as gevolg van die kind se fisiese en geestelike onvolwassenheid 'n kind 'n behoefte het aan spesiale sorg en beveiliging. Artikel 3(3) bepaal dat:

State parties shall ensure that the institutions, services and facilities responsible for the care and protection of children shall conform with the standards established by competent authorities, particularly in the areas of safety, health, in the number and suitability of their staff, as well as competent supervision.

Onderwysdepartemente is dus verantwoordelik vir die daarstelling van beleid en standaarde vir leerdereveiligheid en die bemagtiging van personeel om hul sorgsaamheidsplig na behore uit te voer. Skole is op hulle beurt gebind deur die standaarde en onderwysdepartemente moet toesien dat skole beleid met betrekking tot leerdereveiligheid suksesvol implementeer.

Artikel 19(1) en artikel 19(2) sluit by voorafgaande aan. Artikel 19(1) spel die spesifieke verantwoordelikhede van die onderwysdepartemente en skole ten opsigte van leerdereveiligheid as volg uit:

To take all appropriate legislative, administrative, social and educative measures to protect the child from all forms of physical or mental violence, injury or abuse, neglect or negligent treatment, maltreatment or exploitation including sexual abuse, whilst in the care of parent(s), legal guardian(s) or any other person who has the care of the child.

Artikel 19(2) fokus weer meer spesifiek op die inhoud en vereistes vir beleid vir leerdereveiligheid:

Such protective measures should, as appropriate, include effective procedures for the establishment of social programmes to provide necessary support for the child and for those who have the care of the child, as well as for other forms of prevention



and for identification, reporting, referral, investigation, treatment and follow-up of instances of child maltreatment described heretofore, and, as appropriate, for judicial involvement.

Artikel 37(a) stel 'n baie duidelike riglyn met betrekking tot optrede teenoor leerders:

No child shall be subjected to torture or other cruel, unhuman or degrading treatment or punishment.

Die begrip “beste belang van die kind” is reeds bespreek ander afdeling 3.2.6 van hierdie hoofstuk. Daar is reeds genoem dat artikel 3 van die Konvensie waardevolle riglyne bevat ten opsigte van wat die “beste belang van die kind” behels. Tog is dit belangrik om te meld dat die beste belang van die kind 'n belangrike rol het om te vervul ingevolge die Konvensie. Volgens Human (1998 : 243 – 247) moet die fundamentele regte van die kind wat deur die Konvensie gewaarborg word in ooreenstemming met 'n kind se beste belang geïmplementeer word. Op dié wyse kan die beste belang van die kind, wat tradisioneel as maatstaf van beskerming aanwending gevind het, as sleutel-konsep in die ontwikkeling en effektiewe implementering van kinderregte dien.

### **3.7.2 The African Charter on the Rights and Welfare of the Child, OAU, 11 July 1990**

Die Konvensie het as groot inspirasie gedien vir die totstandkoming van die African Charter. Die dokument erken die volgende beginsels wat ook fundamenteel is tot die studie (Human 1998 : 281 – 287; Viljoen 2000 : 214 – 231):

- Aangesien die kind fisies en geestelik onvolwasse is, moet die kind versorg en beskerm word.
- Die kind moet beskerm word deur die reg.
- Die kind se leefwêreld moet gekenmerk word deur vryheid, waardigheid en sekuriteit.

- Die staat is verantwoordelik om toe te sien dat die regte en vryhede van kinders erken en toegepas word.
- In alle handeling wat die kind raak en wat deur enige persoon of enige owerheidsinstansie verrig word, sal die beste belang van die kind die primêre oorweging wees.

Die sorgsaamheidsplig, van onder andere skole, word in artikel 16 van die African Charter as volg beskryf:

State parties shall take specific legislative, administrative, social and educational measures to protect the child from all forms of torture, inhuman or degrading treatment and especially physical and mental injury or abuse, while in the care of a parent, legal guardian or school authority or any other person who has care of the child.

Artikel 11(5) gee 'n goeie riglyn met betrekking tot die uitoefening van dissipline in skole:

State parties to the present charter shall take all appropriate measures to ensure that a child who is subjected to school or parental discipline shall be treated with humanity and with respect for the inherent dignity of the child and in conformity with the present charter.

### 3.8 AFSLUITING

Dit is belangrik om in hierdie stadium kennis te neem dat die regsreëls op verskillende wyses figureer in die navorsing. In hierdie hoofstuk is 'n regsraamwerk verskaf wat saam met die kennis van die fenomeen die basis vorm vir die samestelling van die onderhoudsvrae. Hoofstuk 4 ("bevindinge van respondente") is die resultaat van die interpretasie van die regsreëls deur die respondente. In hoofstuk 5 word die implikasies van die regsreëls na interpretasie aangebied. Alhoewel die regsreëls dus drie keer figureer in die navorsing, verskil die doel of funksie daarvan elke keer. Die geanaliseerde data (die teks – bevindinge van respondente) word hierna in hoofstuk vier aangebied.



## HOOFSTUK 4

### GEANALISEERDE DATA: BEVINDINGE VAN RESPONDENTE NA GLOBALE ANALISERING VAN GETRANSKRIBEEERDE, ONVERWERKTE DATA

#### 4.1 INLEIDING

Die inhoud van hierdie hoofstuk is die eindresultaat van die inligting, verkry deur middel van onderhoudvoering gedurende Junie en Julie van 2006, en is dus 'n weergawe van die interpretasie van regsreëls wat gedurende Junie / Julie 2006 van krag was. Indien daar enige wysigings was ten opsigte van die regsreëls sedert Junie / Julie 2006, tot en met die finalisering van Hoofstuk 5 gedurende September 2007, sal die wysigings in Hoofstuk 5 vermeld en aangetoon word. Sien ook afdeling 3.1 (hoofstuk 3) vir bespreking van wysiging ten opsigte van regsreëls. Die vraelyste vir die semi-gestruktureerde onderhoude word na hoofstuk 5 as Addendum B aangebied.

Die getranskribeerde onverwerkte data, wat ingesamel is deur middel van die semi-gestruktureerde onderhoude met die gekose respondente, word geanaliseer deur gebruik te maak van die globale analiseringsmetode. Globale analise behels dat die getranskribeerde data holisties en intensief gelees word met die doel om betekenisvolle temas uit te lig. Die onverwerkte data word dan georganiseer volgens hierdie betekenisvolle temas. Die geanaliseerde data, ingedeel volgens betekenisvolle temas, word in hierdie hoofstuk weergegee. Die hoofstuk is dus 'n aanbieding van die bevindinge van respondente tydens die onderhoude na globale analisering van die getranskribeerde, onverwerkte data.

**Die teks wat hierna volg, is aan elke respondent voorgelê vir moontlike wysigings indien die betrokke respondent nie sou saamstem dat die inhoud van die teks 'n getroue weergawe van die betrokke respondent se response is nie. Op hierdie manier is optimale geloofwaardigheid en betroubaarheid verseker ten opsigte van die inhoud van die teks.**



## 4.2 TREITERING EN WETGEWING

Suid-Afrika beskik nie oor treitering-spesifieke wetgewing nie. Die Suid-Afrikaanse regstelsel beskik ook nie oor 'n regsdefinisie met betrekking tot treitering nie. Volgens respondent A is die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor 'n regsdefinisie van treitering en treitering-spesifieke wetgewing beskik nie, nie 'n leemte nie, want treitering is nie 'n regsbegrip nie. 'n Mens moet nie 'n spesiale misdaad skep met die naam van treitering nie. Dit wat ons verstaan onder treitering kan ook tuisgebring word onder bestaande regsbegrippe.

Respondent B beskou die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor 'n treiteringdefinisie beskik nie, asook die feit dat Suid-Afrika nie treitering-spesifieke wetgewing het nie, as 'n leemte weens die feit dat daar tipes treitering is wat in hierdie studie geïdentifiseer is, wat nie tuisgebring kan word onder bestaande strafregtelike begrippe nie. Respondent B meld ook dat dit 'n leemte is dat treitering nie in die Suid-Afrikaanse reg as 'n misdaad beskou word nie.

Respondent C en respondent A huldig dieselfde sienings en beskou nie die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor 'n treiteringdefinisie en treitering-spesifieke wetgewing beskik noodwendig as leemtes nie, want die meeste tipes treitering kan deur die strafreg en die deliktereg gedek word. Volgens respondent C is dit 'n probleem om treitering-spesifieke wetgewing te bewoord en te implementeer weens die kompleksiteit van die begrip. Volgens respondent C sal die persoon wat treitering moet definieer oor die wysheid van 'n Salomo moet beskik. Daar sal 'n lang proses van regsontwikkeling moet plaasvind voordat ons daardie punt sal bereik dat ons genoeg duidelikheid en wysheid het om treitering-spesifieke wetgewing te oorweeg. Die feit dat daar probleme is met die opstel van treitering-spesifieke wetgewing is as gevolg van die kompleksiteit daarvan. Daar moet ook gewaak word om nie wetgewing af te dwing en so 'n onreg te skep nie. Wetgewing moet ook toepaslik en aanvaarbaar wees vir die breë gemeenskap anders sal sodanige wetgewing irrelevant wees en slegs stof vergader. Respondent C meld ook die rol wat nie-spesifieke treiteringwetgewing kan speel by die hantering van treitering, byvoorbeeld die Skolewet wat die skoolbeheerraad verplig om 'n gedragskode te ontwikkel en die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000, wat 'n groot rol kan speel by die hantering van byvoorbeeld rasgedrewe treitering.



Respondent C lê veral klem op die rol wat die gedragskode kan speel by die hantering van treitering in 'n skool. Respondent C stel voor dat sanksies vir die verskillende tipes treitering in die gedragskode geïnkorporeer moet word (met insette van die ouers, leerders en personeel) en dat daar disiplinêr deur middel van die gedragskode teen treitering opgetree sal word. Dit voorkom of verhoed die stigma van 'n strafregtelike oortreding en verhoed dat leerders gekriminaliseer word.

Respondent D beskou die feit dat daar nie treitering-spesifieke wetgewing in Suid-Afrika bestaan nie en ook nie 'n regsdefinisie ten opsigte van treitering bestaan nie, nie as 'n leemte vir die hantering van regsaksie ten opsigte van treitering nie – hy sê dit is eintlik maklik om dit te verklaar. Volgens respondent D kan 'n groot aantal aksies treitering daarstel, maar dit kan byvoorbeeld hanteer word onder aanranding, *crimen injuria*, saakbeskadiging of onder intimidasie. Dit wil sê daar is eintlik 'n goeie regsrespons ten opsigte van treitering. Volgens hom is dit dus nie nodig om 'n nuwe misdryf van aanranding te skep nie – die regskonsepte om dit te hanteer bestaan mos alreeds.

Respondent E glo ook dat Suid-Afrika nie treitering-spesifieke wetgewing benodig nie, want alhoewel daar baie vorme van treitering is, kan dit onder bestaande regskonsepte hanteer word.

Respondent G meld dat daar in beginsel na hierdie saak gekyk moet word en dat daar nie sonder meer aanvaar moet word dat treitering-spesifieke wetgewing nie nodig is nie. Nuwe wetgewing word gemaak as die probleem nie op 'n ander manier as deur middel van nuwe wetgewing hanteer kan word nie. 'n Situasie kan dus 'n afsnypunt bereik waar besluit word dat die enigste uitweg treitering-spesifieke wetgewing is. Navorsing moet gedoen word wanneer treitering-spesifieke wetgewing oorweeg word – statistiese gegewens is ook onontbeerlik en moet 'n deel vorm van die navorsing. Die volgende vrae behoort gedurende die navorsingsproses gevra te word:

- Hoe ernstig is die treitering?
- Hoe diep en hoe wyd strek die treiteringprobleem?
- Watter sanksies kan teen die boelie ingestel word?



- Hoe effektief hanteer die bestaande regsreëls die treitering?
- Is die probleem 'n regsprobleem of is dit 'n opvoedkundige probleem?
- Beskik die skool en opvoeders oor genoegsame mag en outoriteit om die treiteringprobleem te hanteer?
- In watter mate is die skool versigtig dat hulle die boelie se regte sal aantass as hulle optree?

Volgens respondent G moet die probleem dus globaal bekyk word voordat besluit kan word dat treitering-spesifieke wetgewing nie nodig is nie of dat treitering-spesifieke wetgewing dalk eerder meer probleme sal skep as wat dit sal oplos.

Respondent G is van mening dat die bestaande regsreëls ten opsigte van treitering in Suid-Afrika nie genoegsaam is nie, want hy kry die indruk dat die treiteringprobleem besig is om toe te neem. Suid-Afrika mag dalk die punt bereik dat wetgewing ten opsigte van treitering wel nodig blyk te wees alhoewel dit nie noodwendig afsonderlike wetgewing hoef te wees nie. Dit is dalk moontlik om die Skolewet uit te brei of nuwe wetgewing te formuleer in terme van die Skolewet.

Volgens respondent G is 'n omskrywende regsdefinisie van treitering 'n onontbeerlike deel van treiteringwetgewing – die fenomeen treitering moet dus eerstens breedvoerig omskryf word voordat wetgewing gemaak kan word. 'n Treiteringdefinisie hoef nie noodwendig slegs 'n omskrywing te wees nie, dit kan ook 'n lys van handelingte wees van wat treitering insluit (Hierdie spesifieke navorsing kan 'n groot bydrae lewer op die gebied). Volgens respondent G kan so 'n treiteringdefinisie moontlik oorvleuel met die strafreg en die deliktereg – iets waarvoor regsgeleerdes skerm, want hulle wil nie sulke oorvleuelings hê nie. 'n Lys kan ook nie alle moontlikhede dek nie – 'n mens moet egter nie so puristies wees nie, as byvoorbeeld 90% deur die lys gedek word, is al baie vermag, want wetgewing is ook die kuns van die moontlike.

Volgens respondent G kan die nie-spesifieke treiteringwetgewing wat in die regsraamwerk (hoofstuk 3) en in die onderhoude geïdentifiseer is, in 'n mindere of 'n meerdere

mate van toepassing wees op die hantering van treitering. Hy gebruik die volgende voorbeelde om die sydelingse of groter toepaslikheid van hierdie wetgewing te illustreer:

- 'n Sestienjarige boelie verskyn in die hof omdat hy 'n jonger kind aangerand het. Ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 word hy voor die hof gebring en die hof hanteer dit daarvolgens. Aangesien die boelie minderjarig is, besluit die hof dat gevangenisstraf nie wenslik is nie, maar dat 'n ander reëling getref moet word. Die Strafproseswet en die Wet op Kindersorg is hier toepaslik ten opsigte van die hantering van die minderjarige boelie, vir wie 'n ander reëling in plaas van gevangenisstraf getref moet word.
- In die geval van 'n aggressiewe boelie, wat sy pa se wapen skool toe bring om 'n slagoffer af te dreig, kan die Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 van toepassing wees aangesien die boelie die doel gehad het om die wapen vir 'n onregmatige doel aan te wend. Die boelie kan in hierdie geval aan 'n misdryf skuldig bevind word.
- Seksuele teistering (wat nie in die Suid-Afrikaanse reg as 'n misdadig beskou word nie) en wat ook 'n vorm van treitering is, sal ressorteer onder die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act. Volgens hierdie wet mag geen persoon 'n ander persoon onderwerp aan teistering nie. Onbillike diskriminasie op grond van geslag sluit hierby aan en word ook verbied. Die wet verbied ook onbillike diskriminasie op grond van ras, met ander woorde rasgedrewe treitering sal ook onder hierdie wet ressorteer. Die wet maak voorsiening vir gelykheidshowe. Die wet skep nie 'n misdryf nie. Indien 'n saak voor die hof gebring word, sal dit 'n siviele aksie wees. Veelseggend is die feit dat skadevergoeding ook in terme van hierdie wet geëis kan word wat weer in die toekoms daartoe kan lei dat skadevergoeding vir die skending van fundamentele regte, al hoe meer ter sprake kan kom.

#### 4.3 TREITERING EN FUNDAMENTELE REGTE

Uit die literatuur, ten opsigte van treitering met betrekking tot die reg, blyk dit dat treitering gewoonlik in die hof as 'n strafregtelike oortreding of as 'n delik hanteer word



en nie as grondwetlike regskenning nie. Geen saak kon in die literatuur gevind word waar treitering as grondwetlike regskenning hanteer is nie. Respondent D verklaar dit deur te sê dat fundamentele regskenning tegelykertyd 'n delik kan wees en ook 'n misdad. 'n "Grondwetlike delik" word gewoonlik as 'n delik hanteer en nie as grondwetlike regskenning nie, want die basiese remedie ingevolge die bekende bestaande deliktereg is voldoende – dus is dit nie nodig om nog ekstra vergoeding vir die grondwetlike regskenning toe te ken nie. Dit is huidig die siening van die howe. Hy verduidelik hierdie siening van die howe nog verder deur te sê die Grondwet is eintlik die "reg van die reg", die vereistes waaraan die reg moet voldoen, ook die deliktereg – die Grondwet kan dus 'n invloed hê dat die deliktereg so ontwikkel dat hy in meer gevalle van toepassing kan wees. Dit geld ook in gevalle van treitering waarvoor die deliktereg nie voorsiening maak nie en waar tans nie 'n eis ingestel kan word nie. Die deliktereg moet dus nog verder ontwikkel om daarvoor voorsiening te maak, om dus aan die eise van die Grondwet te voldoen. Respondent E spreek haar ten sterkste uit ten opsigte van die feit dat daar in die geval van deliktuele skadevergoeding noodwendig geen konstitusionele skadevergoeding ter sprake kan wees nie, veral waar daar 'n delik ter sprake is, en ook fundamentele regte geskend is as gevolg van treitering. Sy verwys na die hofsaak *Van Zyl v Hoogenhout* 2004 JOL 12998 (HHA) om haar standpunt te illustreer:

- Van Zyl is herhaaldelik seksueel mishandel deur 'n gesinsvriend, Hoogenhout, vir 'n tydperk van vier jaar, maar eers op die ouderdom van ongeveer 50 jaar het sy besef dat sy die slagoffer is en nie die skuldenaar nie. Hoogenhout het haar laat verstaan dat sy vir alles verantwoordelik is en dat sy die skuldige is.
- Soos die sielkunde ontwikkel het, het ons bewus geword dat slagoffers van seksuele mishandeling hulle na herhaalde mishandeling verplaas uit daardie omstandighede – dit lei daartoe dat hulle na 'n lang tydperk eers besef dat dit nie hulle skuld is nie.
- Aan Van Zyl is slegs deliktuele skadevergoeding toegeken. Sy is nie vergoed vir haar grondwetlike regte wat geskend is nie. Sy is as skooldogter beswanger, sy moes 'n aborsie kry, sy het verhoudingsprobleme ondervind – haar mees basiese mensereg naamlik "menswaardigheid" is haar ontnem.





- Daar sou betoog kan word dat die toekenning van grondwetlike skadevergoeding in so 'n geval op die erkenning van grondwetlike regte sou neerkom.

Volgens respondent E behels treitering op skool eintlik die skending van fundamentele regte en persoonlikheidsregte van leerders. Kinders se regte word in 'n ernstige mate geskend tydens treitering – veral in sekere ernstige gevalle van treitering wat ook in Suid-Afrika plaasvind. In die grootmensewêreld vergestalt dit in naamskending, aanranding, laster ensovoorts. Skole behoort die Handves as basis te gebruik om waardes aan leerders te leer om 'n menseregtekultuur in skole te vestig. Alhoewel ons kinders eers vanaf veertien jaar deliktueel aanspreeklik gehou kan word, moet ons hulle al vanaf sewe jaar grondwetlike waardes leer – dit is die basis.

Respondent C meld dat volgens artikel 9(4) van die Grondwet moet wetgewing uitgevaardig word om onbillike diskriminasie te verbied en te voorkom. Die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act het gevolg gegee aan hierdie voorskrif in die Handves. Volgens respondent C kan hierdie wetgewing 'n belangrike rol speel ten opsigte van treitering veral met betrekking tot rasgedrewe treitering.

In die lig van bogenoemde en die beperkte remedies wat beskikbaar is wanneer treitering 'n slagoffer se reg of regte skend, verwys respondent G na artikel 8 (subartikel 3) van die Grondwet waar gemeld word dat die gemenerereg, bedoelende die delikterereg, ontwikkel moet word om gevolg te gee aan die Handves. In soverre die delikterereg dit nie doen nie, moet die delikterereg ontwikkel word. Die hof moet dus in hul uitsprake gevolg gee aan die Handves.

Volgens respondent G sal ons wel 'n punt bereik waar die hof wel skadevergoeding gaan toestaan vir die skending van menseregte. Daardie ontwikkeling sal wel kom. Behalwe vir die instelling van 'n interdik of die uitbetaling van skadevergoeding as remedies vir die skending van menseregte, is daar ook ander moontlikhede, ook binne die onderwysverband. Waar 'n boelie 'n slagoffer se reg of regte skend, kan die hof byvoorbeeld beslis dat die twee nie meer in dieselfde klas moet wees nie. Indien die slagoffer skolastiese skade of opvoedkundige skade gely het en sy reg tot onderwys dus geskaad is, kan beslis word dat die slagoffer byvoorbeeld ekstra aandag of spesiale hulp

in die skool moet kry in 'n poging om die skade te herstel. Daar is dus ook moontlikhede van ander remedies wat gebruik kan word.

Respondent G glo dat 'n ouer van 'n slagoffer van 'n boelie (ten spyte van die beperkte remedies vir die skending van menseregte) wat sterk voel dat sy kind se regte deur treitering geskaad is, op daardie gronde moet hof toe gaan. Die ouer kan ook in die alternatief aansoek doen, deur aansoek te doen op grond van die deliktereg en skadevergoeding te eis, maar ook te vra dat daar 'n bevel gemaak moet word oor die ongrondwetlikheid van die boelie se optrede.

Respondent G glo dat die vestiging van 'n menseregtekultuur en 'n positiewe waardesisteem in ons skole 'n belangrike rol kan speel in die bekamping van treitering. Volgens respondent G word daar in ons land te veel klem geplaas op individue se regte en te min klem op respek vir regte. Boelies het met ander woorde nie respek vir die regte van die slagoffer nie. Onderliggend aan die effektiewe afdwing en uitlewing van menseregte is 'n positiewe waardesisteem. Volgens artikel 1 van die Grondwet is die onderliggende waardes van die Grondwet en dus ook van die Handves die volgende: menswaardigheid; gelykheid en vryheid. Respondent G is ook oortuig dat die vestiging van hierdie waardes noodsaaklik is in die voorkoming en bekamping van treitering. In die post-moderne tyd word daar groot klem geplaas op die self (oordrewe beklemtoning van die self en selfverwesening). Hierdie selfgesentreerdheid word 'n waarde wat meewerk dat ons nie respek het vir ander en hul regte nie. Hierdie selfgesentreerdheid vorm ook deel van ons skole se waardesisteem en leerders het dus ook min respek vir ander en ander se regte – dus 'n humanistiese waardesisteem waar dit gaan oor die self.

Respondent G stem saam dat die volgende fundamentele regte wat in die studie geïdentifiseer is regte is wat deur treitering geskend kan word afhangende van die treiteringsituasie. Die regte is die volgende: reg op lewe; reg op menswaardigheid; die reg op gelykheid; reg op vryheid van uitdrukking; reg op privaatheid; reg op vryheid en sekerheid van die persoon; bykomende kinderregte; die reg op onderwys. Respondent G voeg die reg op assosiasie by, veral met betrekking tot sosiale treitering waar die boelie dit ten doel het om die slagoffer uit te sluit uit 'n bepaalde groep. By die skending van fundamentele regte is dit belangrik vir optrede en hantering om te bepaal hoe ernstig die skending of treitering is.

Respondent G sonder die volgende twee regte uit as die twee regte wat die meeste deur treitering geskend word: die reg op vryheid en sekerheid van die persoon asook die reg op menswaardigheid. Wat betref die reg op vryheid en sekerheid van die persoon sonder hy die volgende uit:

- Om vry te wees van alle vorme van geweld, van openbare, maar ook private oorsprong.
- Op geen wyse gemartel te word nie.
- Nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie, deur wie ookal.
- Baie vorme van treitering kan onder die reg op vryheid en sekerheid van die persoon tuisgebring word.
- Wanneer die reg op vryheid en sekerheid van die persoon deur treitering geskend word, kan die skade beide fisies en psigologies van aard wees.

Wat remedies betref, word daar baie keer opgemerk dat waar 'n individu se reg (regte) in 'n sekere situasie geskend is, dit onseker is wat hy presies uit die feit dat sy regte geskend is, haal. In die geval van treitering kan die hof wel 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy reg(te) verder kan skend nie. Die interdik kan dus wel 'n rol speel by die afdwing van menseregte met betrekking tot treitering. Die vraag wat volgens respondent G hieruit voortspruit is of die toekenning van skadevergoeding vir die skending van grondwetlike regte bygevoeg behoort te word soos hierbo reeds na verwys is.



#### 4.4 DIE VERBAND TUSSEN TREITERING EN DIE STRAFREG

##### 4.4.1 Treitering as misdaad

###### 4.4.1.1 Inleiding

Volgens respondente A, B en C is treitering op sigself nie 'n misdaad nie, treitering is nie 'n regsbegrip nie, maar sekere treiteringaksies (handelinge) kan as misdaad kwalifiseer. Genoemde respondente identifiseer die volgende misdade as misdade waaronder treiteringhandelinge tuisgebring of moontlik tuisgebring kan word:

###### 4.4.1.2 Aanranding

In die Suid-Afrikaanse regstelsel bestaan die misdaad "aanranding" nie net uit die daadwerklike, fisiese leed aan iemand anders nie, byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer skop. Aanranding kan ook beteken dat die boelie die slagoffer laat glo dat fisiese leed hom onmiddellik toegevoeg gaan word byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer dreig dat hy hom fisiese leed gaan aandoen. Aanranding kan dus ook 'n dreigement insluit. Die begrip "aanranding" as dreigement is baie breed (respondent A).

Respondente A, B en C is dit eens dat die ernstige vorme van fisiese treitering onder aanranding tuisgebring kan word. Volgens respondent A kan sekere vorme van verbale treitering en psigologiese treitering (verbale treitering is ook 'n vorm van psigologiese treitering) hanteer word as 'n vorm van aanranding wat daaruit bestaan dat jy vrees wek by iemand anders dat leed binnekort hom toegevoeg gaan word. Volgens respondent A is dit in die praktyk soms moeilik om hierdie gevalle onder aanranding te hanteer, dis soms makliker om dit onder intimidasie te hanteer.

###### 4.4.1.3 *Crimen injuria*

Volgens respondent A kan belediging 'n misdaad wees en wel die misdaad van *crimen injuria*. *Crimen injuria* is die wederregtelike, opsetlike en ernstige aantasting van die waardigheid en privaatheid van 'n ander. Presies waar jy die streep moet trek tussen geringe beledigings, geringe aantasting en ernstige aantasting van die slagoffer se

waardigheid is 'n grys gebied in ons reg. Volgens respondent A is die element van ernstigheid by *crimen injuria* geleë in die feit of dit herhaaldelik plaasvind en of dit in die teenwoordigheid van ander gebeur. Die boelie kan egter ook skuldig wees aan *crimen injuria* al geskied die belediging nie in ander se teenwoordigheid nie.

Volgens respondent A is daar ook ander vorme van verbale treitering en psigologiese treitering wat onder *crimen injuria* hanteer kan word. Voorbeelde hiervan is waar die boelie pornografie aan die slagoffer stuur of waar die boelie beledigende seksuele opmerkings ten opsigte van die slagoffer maak. Volgens respondente A en C kan kubertreitering ook *crimen injuria* wees byvoorbeeld waar kaal foto's van 'n meisie bekendgestel word. Respondent A is van mening dat rasgedrewe treitering, wat as 'n ernstige oortreding beskou word, ook tuisgebring kan word onder *crimen injuria*.

#### 4.4.1.4 Onsedelike aanranding

Volgens respondent A manifesteer onsedelike aanranding as treitering waar die boelie die slagoffer aanraak of betas op 'n onsedelike manier. Die aanrandingselement by onsedelike aanranding is baie kunsmatig – die slagoffer hoef nie beseer te word nie. Onsedelike aanranding kan ook geskied tussen leerders van dieselfde geslag. Respondente A, B en C is dit eens dat vorme van seksuele treitering onder die misdaad “onsedelike aanranding” ressorteer. Respondent A noem die volgende voorbeelde: die boelie steek sy of haar hand sonder die slagoffer se toestemming onder haar rok in; die boelie sit sy hand op die slagoffer se bors – dit kan ook oor die klere wees. Volgens respondent A sal 'n tipiese grensgeval wees waar die boelie die slagoffer se bra-bandjie trek en laat skiet. Dit mag moeilik wees om die hof te oortuig dat dit onsedelike aanranding is. Dit mag kwalifiseer as spottery of seksuele teistering en sal nie binne die strafreg binne die definisie van 'n misdaad kan ressorteer nie. Respondent A meld dat seksuele teistering nie deur die Suid-Afrikaanse regstelsel as 'n misdaad beskou word nie. Volgens respondent C kan die situasie in die toekoms verander en kan seksuele teistering moontlik by 'n baie wyer definisie van verkragting ingesluit word.

#### 4.4.1.5 Intimidasie

Volgens respondent A behoort dit in aanmerking geneem te word dat boelies aangekla

kan word van intimidasie. Respondent A definieer “intimidasie” as volg: iemand wat sonder enige wettige rede en met opset om enige persoon te dwing of te beweeg om iets te doen of nie te doen nie, of ‘n bepaalde standpunt in te neem, enige persoon aanrand, beseer of skade berokken of op enige wyse dreig om enige persoon of persone van ‘n bepaalde aard skade te berokken, is aan ‘n misdad skuldig. Dit kan ook daarin bestaan dat enige persoon wat op so ‘n wyse optree, of hom op so ‘n wyse gedra, of sodanige woorde uiter dat dit die uitwerking het dat ‘n persoon wat die optrede, gedrag, uitlating of publikasie waarneem, vrees vir sy eie veiligheid of die veiligheid van sy eiendom. Respondent A noem die volgende klassieke geval van treitering as ‘n voorbeeld van intimidasie: ‘n sterk geboude seun intimideer ‘n tenger seun wat fyn-gevoelig en kunssinnig is herhaaldelik deur vir hom te sê dat hy ‘n sissie is met die doel om byvoorbeeld sy skoolkos in die hande te kry. Sien ook 4.4.1.2 waar respondent A meld dat dit in die praktyk moeilik is om sekere vorme van verbale treitering en psigologiese treitering as dreigement onder aanranding te hanteer en dat dit makliker sal wees om dit onder intimidasie te hanteer.

#### 4.4.1.6 Misdade in terme van die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957

Volgens respondent A verbied artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, geslagsgemeenskap, of die pleeg van onsedelike of onbehoorlike dade met jeugdige onder ‘n sekere ouderdom, selfs met hul toestemming. Die doel van hierdie bepaling is om die seksuele integriteit van jeugdige te beskerm. Die terme “onsedelike en onbehoorlike dade” is grys gebiede, maar volgens respondente A en B is daar ‘n moontlikheid dat hierdie artikel toegepas kan word in die geval van seksuele treitering. Respondent B noem die volgende voorbeeld: Gevalle waar die boelie homself voor die slagoffer ontklee sal beslis onder artikel 14 tuisgebring kan word. Die artikel is van toepassing op onbehoorlike dade of onsedelike dade wat gepleeg word met seuns onder die ouderdom van 19 jaar en dogters onder die ouderdom van 16 jaar. Die Wet op Seksuele Misdrywe word tans herskryf, maar die kans is baie goed dat die bepaling van artikel 14 in die nuwe wetgewing behoue sal bly.

#### 4.4.1.7 Verkragting

Respondent B identifiseer “verkragting” ook as ‘n misdad waaronder treiteringhande-

linge kan ressorteer. Volgens respondent B gebeur dit soms in uitsonderlike en ekstreme gevalle dat die boelie die slagoffer verkrag.

#### 4.4.1.8 Sameswering

Volgens respondent A is dit selfs moontlik dat 'n groep boelies van sameswering aangekla kan word waar hulle saamsweer om 'n slagoffer aan te rand. Indien die aanranding nie bewys kan word nie, maar die sameswering wel, kan die boelies aangekla word van sameswering wat 'n misdad in die Suid-Afrikaanse reg is.

Ter afsluiting van hierdie afdeling (4.4.1 Treitering as misdad) is die volgende bydraes van die respondente ook waardevol:

- Daar bestaan volgens respondente A en C in die Suid-Afrikaanse reg 'n misdad genoem "strafregtelike laster" as jy iemand belaster. Dit word in die Suid-Afrikaanse reg, volgens respondent A, slegs in baie ernstige gevalle toegepas, byvoorbeeld as jy 'n baie belangrike persoon soos byvoorbeeld 'n regter belaster. Dit word selde in die Suid-Afrikaanse strafreg toegepas en kan wat betref treitering en die strafreg buite rekening gelaat word.
- Sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering kan volgens respondente A en B nie ressorteer onder misdade in die Suid-Afrikaanse reg nie. Volgens respondent B kan daar wat sosiale treitering betref uitsonderlike gevalle wees – dit sal afhang van die spesifieke feite – wat onder *crimen injuria* kan ressorteer. Volgens respondent A moet sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering eerder deur die psigologie (sielkundiges) hanteer word. Dit sal moeilik wees om dit deur middel van die strafreg te hanteer, want dit sal bykans onmoontlik wees om te onderskei tussen geringe beledigings, geringe aantasting van 'n kind se waardigheid en ernstige aantasting van die waardigheid. Respondent A meld dat ten opsigte van sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering kinders (slagoffers) nie permanent in kokonne en watte toegedraai en beskerm kan word teen elke denkbare belediging wat na hulle kant geslinger word nie. Dit kan ook belangrik wees vir die opvoedingsproses en die leerproses om 'n bietjie met die "rough and tumble" van die lewe om te gaan.

#### 4.4.2 Die rol wat die strafreg in skole kan speel om treitering te hanteer en te bekamp

Respondente A, B, C en F is dit eens dat die strafreg 'n rol kan speel om treitering in skole te hanteer en te bestuur.

Volgens respondent B is dit belangrik om die strafreg te betrek in ernstige gevalle van treitering. Hy beklemtoon die feit dat daar gewaak moet word teen die feit dat ernstige gevalle nie as gering geskat word nie. Skole moet die omstandighede evalueer om te besluit of treitering slegs via hulle eie dissiplinêre proses hanteer moet word en of 'n strafregopsie ook gevolg moet word. Respondent B noem die volgende kriteria wat 'n skool kan volg wanneer 'n strafregopsie oorweeg word: die erns van die treitering; die veiligheid van die leerders; die mate waarin die dissipline in die skool ontwig word. Die groot waarde van 'n strafregopsie in ernstige situasies lê daarin dat die ernstigheid van die saak beklemtoon word; dit het afskrikwaarde en die feit dat in die geval van minderjariges 'n spesiale strafregproses gevolg word. Wat die spesiale strafregproses betref, meld respondent B dat dit 'n beginsel van ons howe is dat minderjariges uit tronke gehou moet word. Howe vermy dit sover as moontlik. Slegs in heel ernstige gevalle soos moord en verkragting kan minderjariges in tronke aangehou word. Hulle word egter eerder deur die howe na verbeteringskole en nywerheidskole verwys. Nadat 'n strafklag gelê is, sal die polisie besluit of die klag ernstig genoeg is en of dit na die staatsaanklaer verwys moet word. Indien die klag ernstig is en dit na die staatsaanklaer verwys word, sal hy of sy in die geval van jeugoortreders die saak na die proefbeampte verwys. Die proefbeampte sit nou 'n jeugrehabilitasieprogram aan die gang. Die doel van die program is afwenteling ("diversion") ten einde verdere oortredings te voorkom en die kind uit die hof te hou. Indien die rehabilitasie suksesvol is, word die klag teen die boelie teruggetrek. Indien dit onsuksesvol is, het die staatsaanklaer die reg om die saak nog steeds hof toe te vat en gaan die hof 'n straf toereken volgens die boelie se ouderdom.

Respondent A beklemtoon die feit dat die ernstigheid van die treitering die basis is om te bepaal of 'n strafklag gelê moet word of nie. Dit is nie slegs in die geval waar treitering manifesteer as aanranding waar 'n strafklag gelê kan word nie, maar ook waar ernstige treitering plaasvind wat nie onder aanranding ressorteer nie en onder ander misdrywe





ressorteer. Respondent B beklemtoon die feit dat die strafreg slegs 'n rol kan speel by boelies in die ouderdomsgroep ouer as 14 jaar. Respondent A meld dat boelies tussen 7 en 14 jaar ontoerekeningsvatbaar is, tensy die staat kan bewys dat hulle toerekeningsvatbaar is. Hy sê dat dit vir die staat prakties onmoontlik is om te bewys dat 'n boelie van so 10 jaar of jonger wat 'n misdadig gepleeg het, toerekeningsvatbaar is. Tussen 11 en 14 jaar is dit moontlik vir die staat om dit te bewys deur die hof te oortuig dat die boelie emosioneel volwasse is, dat hy geweet het wat die verskil tussen reg en verkeerd is en tussen reg en verkeerd kan onderskei, dat hy in staat is om sy handeling te rig, met ander woorde dat hy nie gedryf word deur drange buite sy beheer nie.

Respondent C glo 'n kind word deur die reg in 'n spesiale posisie geplaas. Daarom moet die strafreg slegs in uitsonderlike, ernstige gevalle van treitering gebruik word. Hy beklemtoon die waarde van die skool se gedragskode en dissiplinêre stappe asook die waarde van verbeteringskole wat 'n groot rol kan speel om onderskeidelik te verhoed dat 'n strafklag gelê word of dat die boelie in 'n tronk beland. Hy beklemtoon ook die rol wat helende reg ("restorative justice") kan speel in die hantering van treitering. Helende reg is gebaseer op vergifnis van die slagoffer vir die oortreder asook dat die oortreder moet goed maak vir die nadeel of skade wat hy of sy die slagoffer toegevoeg het. Volgens respondent C ressorteer helende reg onder die strafreg en is dit selfs moontlik dat dit as remedie kan dien om te vergoed of goed te maak vir finansiële nadeel, fisiese nadeel, psigologiese nadeel, sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel aan die kant van die slagoffer van treitering.

Volgens respondent F kan die strafreg 'n geweldige rol speel in die bestuur en hantering van treitering. As 'n strafklag gelê word, maak dit die situasie formeel. Met formeel maak, word bedoel dat daar 'n geleentheid is om 'n rekord te bou – nie soos in 'n kriminele rekord nie, maar iets op papier. Wanneer daar dan weer oor dieselfde leerder gekla word, is dit vir die rolspelers binne die proses makliker om op te tree – as daar nie 'n rekord is nie is dit soos 'n eerste keer kla en word dit nie as ernstig beskou nie. Nadat 'n strafklag teen 'n kind gelê is, moet hy eers deur 'n maatskaplike werker geassesseer word. Op grond van die assessering moet daar besluit word of die kind uit die hof gehou moet word deur gebruik te maak van afwenteling en of daar voortgegaan moet word met die strafsak.



Respondent F meld dat daar verskillende tipes afwentelingsprogramme is soos byvoorbeeld aggressie-programme en programme vir kinders wat steel. Afwenteling is gebaseer op helende reg (“restorative justice”). In Suid-Afrika word helende reg nog nie deur wetgewing afgedwing nie, maar helende reg kan as remedie dien vir al die vorme van nadeel of skade wat deur treitering veroorsaak kan word naamlik: finansiële skade, psigologiese of emosionele skade, fisiese skade, sosiale skade en opvoedkundige skade. Afwentelingsprogramme wat baie goed toepaslik is vir die gebruik met betrekking tot treitering is slagoffer-oortreder-mediasie en “family group conferencing”. Die twee programme is baie na aan mekaar. Die volgende rolspelers word betrek: die boelie en sy ouers, die slagoffer en sy ouers asook die skoolhoof of opvoeder. Heelwat voorbereiding moet gedoen word. Die slagoffer kry geleentheid om te vertel van die treitering en wat dit aan hom doen sodat almal, veral die boelie en die ouers van die boelie, kan besef hoe ernstig treitering kan wees – kan hoor en besef watter skade (nadeel) treitering vir die slagoffer kan veroorsaak. Die slagoffer kry ook spesifiek die geleentheid om te vertel watter skade (nadeel) hy gely het, hetsy finansiële, fisies, emosioneel (psigologies), sosiaal of opvoedkundig. Daar word dan van die boelie verwag om te sê hoe hy die skade wat hy aangerig het gaan regmaak. Die doel is dat die boelie moet leer uit die proses. Daar moet ook voorkom word dat die boelie weer slagoffers boelie en die beste manier om verdere treiteringgedrag te voorkom is dat die boelie self die skade wat hy veroorsaak het, moet regmaak. Die wese van die helende reg is dat die persoon wat die skade veroorsaak het die balans weer moet herstel – die skade moet regmaak. Die opstel van ‘n kontrak is baie belangrik. Die kontrak dui spesifiek aan wat die boelie moet doen om byvoorbeeld die finansiële skade of emosionele skade reg te maak. Al die aanwesige partye onderteken die kontrak. Indien die proses ‘n sukses is en veral die slagoffer tevrede is dat die hofsaak nie hoef voort te gaan nie, word die staatsaanklaer gevra om die saak terug te trek. Respondent F beklemtoon ook die volgende fasette van bogenoemde proses:

- Dit vind plaas nadat ‘n strafflag gelê is, nadat ‘n dossier geopen is en die saak op die hofrol geplaas is. Die staatsaanklaer kan uitstel verleen met die doel om geleentheid te gee vir die proses van mediasie. Die feit dat daar ‘n strafsak hangende is en dat die sukses van die mediasie-proses sal bepaal of daar voortgegaan moet word met die strafsak “dwing” die boelie en sy ouers ook om



hul samewerking te gee. Deelname aan die mediasieproses is egter vrywillig en enige rolspeler kan in enige stadium van die proses onttrek.

- Die proses word gefasiliteer deur 'n opgeleide mediator. Dit is nie 'n regsproses nie en regsverteenwoordigers is nie deel van die proses nie.
- Die staatsaanklaer kan die saak nog ses weke uitstel om seker te maak dat dit wat in die kontrak bepaal word, nagekom word. Dit is moeilik om 'n saak weer oop te maak, dus is verdere uitstel soms 'n goeie reëling.
- Die slagoffer moet totaal in beheer wees van die situasie. Dit dra by tot die herstel van die balans, wat versteur is deur die magspel van die boelie.
- Die doel van die mediasieproses is om die boelie te lei om te groei tot by berou.
- Die mediasieproses is geskik om minder ernstige misdade te hanteer, nie om ernstige misdade soos moord, verkragting en manslag te hanteer nie.

'n Skool is natuurlik nie verplig om in geval van ernstige treitering 'n strafklag te lê nie. Volgens respondente A en C het die feit dat 'n skool nie 'n strafklag lê nie, nie opsigself regsimplikasies nie. Volgens respondent B beteken dit egter nie dat die skool (beheerliggaam) 'n geval van ernstige treitering onder die mat kan invee nie. Die Skolewet se verpligtinge moet nog steeds nagekom word – die dissiplinêre proses teen die boelie moet nog steeds gevolg word en daar moet via 'n dissiplinêre verhoor teen die boelie opgetree word.

#### 4.4.3 Die rol van die skool indien daar van die strafreg gebruik gemaak word

Respondent B meld dat die veiligheid van die slagoffer, die veiligheid van die getuies en die algemene veiligheid in die skool prioriteit moet kry nadat 'n boelie strafregtelik aangekla is. 'n Boelie kan die veiligheid van die slagoffer, getuies en ander leerders in gevaar stel en kan ook probeer om hulle te intimideer. Volgens respondent B gebeur dit soms dat die polisie (of 'n polisielid) weier om 'n strafsak te begin. Volgens die *diminimis*-beginsel hoef die polisie nie 'n saak te open as dit regtig kleinlik is nie – die



howe is ook geregtig om dit uit te gooi. Die skool moet ook nie 'n klag lê ten opsigte van 'n nietigheid nie. Daarom moet die skool eers 'n ondersoek doen om seker te maak hoe ernstig dit is. As die skool wel glo dat die saak ernstig is, moet dit nie sonder meer aanvaar word as die polisielid by die aanklagtoonbank weier om 'n dossier te open nie. Hoër gesag moet in so 'n geval geraadpleeg word. Dit kan ook gebeur dat 'n staatsaanklaer weier om 'n saak te vervolg. In so 'n geval moet die staatsaanklaer 'n sertifikaat verskaf wat aandui dat hy weier om die saak te vervolg. Die prokureur-generaal moet dan 'n sertifikaat van "geen vervolging" uitreik. Dit gebeur slegs as die prokureur-generaal baie seker is van sy saak nadat hy die saak deeglik met die staatsaanklaer opgeneem het. Dit gebeur egter selde dat 'n staatsaanklaer weier om te vervolg – die groot probleem is soms die polisie.

Volgens respondent A moet die skool die ouers van die boelie en die ouers van die slagoffer in kennis stel dat hulle beoog om 'n strafklag te gaan lê. Dit kan selfs gebeur dat die boelie se ouers in hierdie stadium tussenbeide sal tree om die saak te probeer oplos voordat 'n klag gelê word. Dit mag selfs ook wees dat die slagoffer se ouers so 'n stap sal verwelkom om hul kind verdere trauma te spaar. Respondent A meld ook dat dit belangrik is om 'n slagoffer wat beseer is by 'n mediese dokter te kry vir 'n ondersoek, want dit is belangrike stawende getuienis in die hof. Opvoeders kan in die geval van 'n strafszaak ook as getuies geroep word.

Respondent C beklemtoon die rol van getuies, wat almal deel is van die skoolopset, in die geval van treitering van leerders deur leerders. 'n Skool moet nie huiwer om getuienis af te lê nie, want 'n saak is so sterk soos die getuienis. Respondent C beklemtoon ook die ondersteunende rol wat die skool moet speel as 'n leerder van die skool strafregtelik aangekla word. Hy meld dat die skool 'n geskikte opvoeder moet identifiseer wat die strafregtelike proses saam met die leerder moet deurloop ter ondersteuning, maar ook om insette te lewer in die beste belang van die leerder. Respondent C verwys spesifiek na artikel 28 van die Grondwet asook na die *in loco-parentis*-beginsel. As 'n skool sy *in loco-parentis* uitleef, beteken dit ook dat die skool die leerder wat strafregtelik vervolg word tydens die hele proses moet ondersteun. Dit kan 'n geweldige impak op die leerder se lewe hê.

Respondent F beklemtoon die ondersteunende rol van die skool vir beide die slagoffer en die boelie. Wat die slagoffer betref, is dit belangrik dat die skool moet omsien na sy veiligheid, veral in die tyd wat die saak uitgestel word. Dit kan 'n baie moeilike tyd wees vir die slagoffer wat ook aan intimidasie onderwerp kan word. Respondent F meld ook dat dit uiters belangrik is dat 'n geskikte verteenwoordiger of verteenwoordiger van die skool deel moet wees van 'n mediasieproses saam met die boelie, die slagoffer en die ouers van beide. Eerstens kan hulle verseker dat regverdigheid geskied en dat die boelie nie die mediator 'n rat voor die oë draai nie. Tweedens, na die mediasieproses is dit die opvoeders wat 'n positiewe rol in beide die boelie en die slagoffer se lewens gaan speel – dit is dus noodsaaklik dat die skool deel is van die mediasie-proses.

#### 4.4.4 Ouerbetrokkenheid en die strafreg

Volgens respondent A is die betrokkenheid van die ouers van die boelie wat strafregtelik vervolgt word van baie groot belang. Respondent A noem die volgende aspekte van ouerbetrokkenheid wat van groot belang is: die ouers moet toesien dat die proses reg en billik geskied; hulle moet die kind waar nodig bystaan; hulle kan betrokke wees by maatreëls wat die hof, proefbeampte of skool voorstel om die probleem op te los.

Respondent C beklemtoon die insette van ouers om die probleem te probeer oplos. Die insette van ouers kan 'n groot rol speel om te bepaal hoe ver die strafregtelike proses gaan voor die saak afgehandel word. Die ouer van die boelie se skakeling met die slagoffer se ouers asook sy intervensie in die treiteringgedrag van sy kind kan byvoorbeeld 'n vroeë oplossing teweegbring. Volgens respondent C het die skool ook hier 'n rol om ouers op te voed.

Volgens respondent F is dit soms moeilik om die ouers van die boelie sover te kry dat hulle saamwerk, want hulle is geneig om te glo dat hul kind onskuldig is. Die ouers se grootste rol is om hul kind te ondersteun. In 'n strafszaak word die ouers se ondersteuning en die ouers se betrokkenheid deur die stelsel afgedwing. Die ouers van die boelie het natuurlik die reg om 'n prokureur te raadpleeg. Die polisie behoort al die regte van die ouers aan hulle te verduidelik en behoort ook aan die ouers leiding te gee.



#### 4.4.5 Die verband tussen 'n dissiplinêre verhoor en die strafreg

Respondente A, B, C en F stem saam dat daar voortgegaan moet word met die skool se interne dissiplinêre verhoor, al is daar 'n strafszaak aanhangig gemaak teen die boelie.

Volgens respondent A geskied die interne dissiplinêre verhoor totaal onafhanklik van die strafszaak. Selfs in geval van 'n ernstige misdaad soos verkragting kan die skool voortgaan met sy eie ondersoek na verkragting. Die dissiplinêre komitee kan byvoorbeeld bevind dat daar twyfel is of daar wel fisiese penetrasie was, maar dat daar geen twyfel is of daar onsedelike gedrag was nie. Die konsep "hiërargie van misdade" is hier belangrik. Die skool kan die boelie selfs skuldig vind aan verkragting, die verskil tussen die dissiplinêre verhoor en die strafreg is dat die dissiplinêre komitee slegs die boelie die straf kan oplê waartoe hy bevoeg is, soos byvoorbeeld om uitsetting aan te beveel.

Respondent B meld dat waar 'n strafszaak vir 'n baie ernstige misdaad teen 'n boelie aanhangig gemaak is, kan in 'n hoogs uitsonderlike geval moontlik oorweeg word om nie met die dissiplinêre verhoor voort te gaan nie, maar slegs waar die voorlopige ondersoek uitgewys het dat daar geen ander alternatiewe oortredings is wat die boelie kon begaan het nie en daar nie bepaal kan word wat die werklike stand van sake is nie. In so 'n geval kan die skool oorweeg om te wag vir die uitslag van die strafszaak.

Respondent F meld die volgende redes waarom dit wenslik is dat 'n skool moet voortgaan met 'n dissiplinêre verhoor ten spyte van die feit dat 'n strafszaak aanhangig gemaak is:

- Daar kan gevalle wees waar 'n skool 'n spesifieke boelie nie meer kan akkommodeer nie, die strafszaak mag lank duur (selfs jare) of daar mag niks daarvan kom nie en dan kom die boelie skotvry.
- Die skool moet sy gesag bevestig.
- Indien die boelie skotvry kom en hy oortree weer is daar geen rekord beskikbaar nie – die dissiplinêre verhoor is belangrik vir rekordbou.



- Die skool moet homself beskerm, indien die boelie weer oortree kan die skool aanspreeklik wees indien hy nie met die eerste ernstige oortreding 'n dissiplinêre verhoor gehou het nie en nie opgetree het teen die boelie nie.

Respondent C beklemtoon ook dat die strafszaak teruggetrek kan word. Indien die skool nie 'n dissiplinêre verhoor gehad het nie is die boelie in 'n nog beter posisie. Die dissiplinêre verhoor sou duidelik getoon het vir die boelie dat sy gedrag nie aanvaarbaar is vir die gemeenskap nie.

Volgens respondent A kan die strafregproses in sommige gevalle 'n beter uitkoms bring as wanneer uitsetting deur die dissiplinêre komitee aanbeveel word. Afwentelingsprogramme kan lei tot sy rehabilitasie waar uitsetting uit 'n skool kan lei tot stigmatisering en dit mag moeilik wees om die boelie weer geskik in 'n skool te plaas. Respondent B stem saam met respondent A en sê met uitsetting word die probleem nie opgelos nie, die probleem word slegs verskuif na 'n ander skool en die boelie se reg tot onderwys kan hom moontlik ontnem word.

Respondente A, B en C stem saam dat die beginsel "*sub judice*" glad nie ter sprake is wanneer 'n dissiplinêre verhoor voortgaan ten spyte van die feit dat 'n strafszaak aanhangig gemaak is nie. Al twee prosesse kan gelyktydig plaasvind.

#### 4.4.6 Die skool en strafregtelike aanspreeklikheid

Respondente A, B en C is dit eens dat 'n skool as regspersoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir misdade wat gepaard gaan met treitering nie.

Respondent A sê volgens sy regsgevoel sal 'n skool as sodanig nooit strafregtelik aangekla word nie, maar wel deliktueel. Respondent A glo die bedoeling van die wetgewer was nooit om 'n instansie soos 'n openbare liggaam (openbare skool) van 'n misdaad aan te kla nie. Hy noem die voorbeeld van 'n poskantoor wat nie van 'n misdaad soos bedrog aangekla kan word nie. Die posmeester het gesien iemand pleeg bedrog en hy het nie opgetree daarteen nie – in die praktyk gaan die posmeester aangekla word van bedrog.

Respondent B meld dat die skool deel vorm van die openbare onderwys en daarom sal die skool as regspersoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou word nie, maar die onderwysdepartement kan wel deliktueel aanspreeklik gehou word. Die departement kan slegs vir sekere sake strafregtelik aanspreeklik gehou word, byvoorbeeld ekonomiese misdade.

Volgens respondent C kan 'n skool as regspersoon slegs strafregtelik aanspreeklik wees vir treitering wat onder sy toesig plaasvind as daar so 'n strafsanksie is. Daar bestaan nie op die oomblik so 'n strafsanksie nie. Dit is baie keer die geval dat daar 'n sanksie of 'n strafbepaling is, veral as dit kom by ekonomiese misdrywe waar die regspersoon ook aanspreeklik is. Vir misdade soos byvoorbeeld aanranding, seksuele aanranding en verkragting wat gepaard kan gaan met treitering, gaan dit in die praktyk baie moeilik wees om 'n skool strafregtelik aanspreeklik te hou.

#### 4.4.7 Die passiewe slagoffer en toestemming

Respondente A, B en C is dit eens dat die optrede van die passiewe slagoffer (tipiese slagoffer – hy kan homself nie verdedig nie, is stil, skaam en bang en word as gevolg van sy voorkoms en optrede 'n uitnodigende prooi vir die boelie) nie deur die boelie vertolk kan word as toestemming nie.

Respondent B is oortuig dat 'n kind (slagoffer) nie kan toestem tot benadeling van homself nie – dit is 'n regsbeginself. As hy niks doen nie, of as hy homself nie verdedig nie moet dit nie wangeïntrepreteer word as toestemming nie.

Respondent A stem saam met respondent B dat die optrede van die passiewe slagoffer nie as toestemming vertolk kan word nie. Respondent A is egter van mening dat wanneer die slagoffer 'n 18-jarige of 19-jarige sterk en forsgeboude seun is, die hof moontlik sy passiewe optrede kan vertolk as toestemming. By 'n dogter sal dit by hoogste uitsondering kan gebeur dat haar gedrag as toestemming vertolk kan word en in die geval van jonger en tengerige kinders sou dit nie as toestemming vertolk kan word nie.

Respondent C sê hy kan nie dink dat die optrede van die passiewe slagoffer ooit as toestemming vertolk kan word nie. Hy sê dit is 'n geval van: “As jy moet kies tussen



verdere leed en pyn of braaf wees dan is dit nie noodwendig dat jy toestem tot verdere pyn deur net stil te bly nie, maar net om die ding te laat verbykom.”

#### 4.4.8 Treitering en medepligtigheid tot ‘n misdaad

Volgens respondent B is dit moontlik dat die passiewe boelie (assistent), die aanhitser en die opvoeder (wat nie optree nie as gevolg van sy onverskillige houding ten opsigte van treitering) van medepligtigheid aan ‘n misdaad gepleeg deur die boelie aangekla kan word. Dit sal afhang van die feite van die geval en of die elemente van ‘n spesifieke misdaad ook vir die medepligtige bewys kan word. As die medepligtige weet wat hy doen is verkeerd en hy tree opsetlik op of hy is so nalatig dat die reg sê dit is verkeerd en al die elemente van die misdaad kan aan die medepligtige gekoppel word, dan kan ‘n mens stappe teen hom neem. In die geval van die opvoeder wat net terugstaan moet die vraag gevra word of die opvoeder nou regtig skuld het aan die treitering en of dit moontlik is om dit te bewys.

Waar respondent B dit sterk betwyfel of die opvoeder wat ernstige treitering (treitering wat ressorteer onder misdaad) oogluikend toelaat van medepligtigheid beskuldig kan word, glo respondent A dat so ‘n opvoeder wel van medepligtigheid aangekla kan word. Die opvoeder kan selfs aan aanranding skuldig bevind word indien die boelie in so ‘n geval die slagoffer aanrand. Hy verwys na die hofsaak, *S v B* 1994 (2) SASV 237 (OK), waar die volgende gedrag van ‘n moeder daartoe gelei het dat sy aan aanranding skuldig bevind is: Die moeder het gesien hoe haar mansvriend haar twee-en-‘n-half-jaar-oue kind aangerand het. As moeder van die kind, het daar ‘n regsplig op haar gerus om haar kind te beskerm, maar sy het versuim om haar regsplig na te kom. Deur haar mansvriend se aanranding op haar kind te duld, het sy haarself ook (dit wil sê saam met haar mansvriend) skuldig gemaak aan aanranding op haar kind, ten spyte daarvan dat sy geen aktiewe handeling verrig het nie. Net so ook in die geval van die opvoeder wat ‘n regsplig het om op te tree. Die opvoeder kan dus wel van medepligtigheid aangekla word.

Behalwe dat die omstanders van medepligtigheid aangekla kan word, neem respondent A die rol van die omstanders nog verder en sê die aanhitser kan selfs aangekla word van aanhitsing of te wel uitlokking wat ‘n misdaad is in ons reg. Die uitlokker kan selfs



aangekla word van uitlokking tot aanranding of uitlokking tot *crimen injuria*. Selfs sameswering is 'n moontlikheid. As daar bewys kan word dat 'n klomp seuns saamgesweer het om iemand aan te rand, maar die aanranding kan nie bewys word nie, maar die sameswering kan bewys word, dan kan die leerders aangekla word van same swering wat 'n misdad in eie reg is.

Respondent C glo dat gemeenskaplike oogmerk eerder ter sprake is as medepligtigheid in gevalle waar die passiewe boelie (assistent(e)) en die aanhitser die boelie bystaan in die pleeg van 'n misdad of waar die opvoeder die pleeg van 'n misdad deur die boelie oogluikend toelaat. Vir hom is 'n medepligtige iemand wat gewoonlik 'n aandeel het, voor of na die daad. Hy het die daad saam beplan, daarom is hy 'n medepligtige tot die saak, of die dader het gesteelde goedere na die diefstal vir 'n persoon aangebied wat dit aanvaar het (gevat het) ten spyte van die feit dat hy of sy geweet het dat die goedere gesteel is.

Respondent C verduidelik die gemeenskaplike–oogmerk–leerstuk (“*doctrine of common purpose*”) deur te verwys na sake wat hy hanteer het toe hy nog as advokaat gepraktiseer het. Die sake het gegaan oor hekserie waar 'n persoon doodgemaak word. Die omstanders raak partykeer nie eers aan die sogenaamde heks nie, maar as gevolg van die feit dat hulle so opgesweep is, hulle saamsweer, en hulle opmerkings maak, vereenselwig hulle hulself met die daad en hulle word daaraan skuldig bevind. Hulle kry 'n ligter straf, maar hulle word aan die misdad “moord” skuldig bevind.

#### 4.4.9 Treitering en direkte opset en konstruktiewe opset

Volgens respondent A is direkte opset ter sprake wanneer dit die dader se wil is om fisiese leed toe te dien of die waardigheid van die klaer (slagoffer) aan te tas – wanneer dit sy begeerte is. Begeerte is die belangrike woord. Respondent A gebruik die volgende voorbeeld om direkte opset te verduidelik: As 'n leerder op die speelgrond klippe gooi na tarentale wat daar rondloop het hy direkte opset om die tarentale aan te rand of seer te maak. Hy gebruik die voorbeeld om ook konstruktiewe opset te verduidelik: As die kind wat die klippe gooi, sien dat daar 'n ander kind in die omgewing is en hy voorsien die moontlikheid dat daardie kind dalk voor die tarentaal gaan inhardloop, en hy sê “ag wel dit is ook maar oorrait”, en hy gooi nogmaals die klip, en die klip tref die kind teen die

kop dan is dit konstruktiewe opset. Dit is nie sy begeerte nie, maar hy voorsien die moontlikheid en hy versoen hom daarmee. Die sleutelwoorde is “voorsien”, “moontlikheid” en “versoen”. Volgens respondent A kan klassieke (tipiese) treitering ook as direkte opset beskou word, want twee wesenskenmerke van treitering is “opset” asook “om leed of skade aan die slagoffer te veroorsaak”. Volgens respondent A is konstruktiewe opset nie belangrik met betrekking tot treitering nie. Respondent C stem saam met respondent A en betwyfel dit baie sterk of treitering ooit ‘n verband kan hê met konstruktiewe opset.

#### 4.5 TREITERING EN DIE DELIKTEREG

##### 4.5.1 Die verband tussen die deliktereg, fundamentele regte en die strafreg

Volgens respondent D kan grondwetlike regskenning tegelykertyd ‘n delik wees en ook ‘n misdad. Hy verwys as voorbeeld na die saak *Fose v Minister of Safety and Security* 1997 (7) BCLR 851 (KH) waar die polisie ‘n persoon ernstig aangerand het (misdryf) en deliktuele skadevergoeding aan die slagoffer toegeken is. Die slagoffer het ook ekstra skadevergoeding geëis op grond van die feit dat die aanranding ook die reg tot vryheid en sekerheid van die persoon geskend het en dus ook ‘n grondwetlike delik was. In hierdie geval is die eis egter van die hand gewys. Hy noem ook as voorbeeld waar die boelie in ‘n ekstreme geval die slagoffer vermoor of waar die slagoffers van treitering teruggaan na die skool waar hulle getreiter is en uit weerwraak ander leerders skiet – die skending van die reg op lewe is tegelykertyd ook ‘n misdad (moord).

Volgens respondent D kan ‘n delik en grondwetlike regskenning as regsverskynsels dus oorvleuel – met ander woorde die aantasting van ‘n fundamentele reg *per se* kan ‘n delik daarstel. Respondent D doen egter aan die hand dat daar tog duidelike onderskeid tussen sodanige grondwetlike regskenning en ‘n delik gemaak word, ten spyte van die oorvleueling. Die vereistes vir ‘n delik en die vir ‘n grondwetlike regskenning is in sekere opsigte wesenlik verskillend. Gevolglik is elke delik nie noodwendig ook grondwetlike regskenning nie en omgekeerd. Die remedies verskil ook – ‘n deliktuele remedie is gerig op vergoeding en ‘n grondwetlike remedie (selfs in die vorm van skadevergoeding) is gerig op die bevestiging, afdwinging, beskerming en vindikasie van fundamentele regte,

asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skendings van fundamentele regte.

In die Fose-saak het die hof egter beslis dat die basiese remedie ingevolge die deliktereg voldoende is. Dit was nie nodig om nog ekstra skadevergoeding toe te ken omdat die aanranding deur die polisie ook 'n grondwetlike delik was nie.

Respondent E verwys ook na hierdie oorvleueling tussen die deliktereg en fundamentele regte en kritiseer die feit dat grondwetlike skadevergoeding nie ook toegeken word in die geval van 'n delik nie, soos in bogenoemde saak. Sy verwys veral na treitering, wat volgens haar 'n ernstige skending van die slagoffers se regte is en waar ons howe huidig, soos in die geval van bogenoemde saak, slegs deliktuele skadevergoeding sal toeken waar 'n delik ook skending van die fundamentele regte van die slagoffer van die boelie is – sien ook 4.3.

#### 4.5.2 Vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid

Indien 'n ouer oorweeg om 'n delik-aksie in te stel as gevolg van die feit dat sy kind die slagoffer van treitering is, moet hy of sy eers bepaal of al die elemente (vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid) wel aanwesig is. Die vyf elemente is: handeling, onregmatigheid, kousale verband, skuld en skade (respondent D). Respondent D verwys ook na die leerstuk *de minimis non curat lex* wat daarop neerkom dat die ouer van die slagoffer nie vir enige nietigheid 'n delikaksie moet oorweeg nie – indien nadeel (skade) egter herkenbaar is, kan die instel van 'n delikaksie oorweeg word. Beide respondent C en respondent E fokus ook op die skade en sê wanneer skade bewys kan word is daar genoeg gronde vir die ouer om 'n siviele saak te maak. Die vyf elemente (vereistes) vir deliktuele aanspreeklikheid moet ook teenwoordig wees.

#### 4.5.3 Die opvoeder en deliktuele aanspreeklikheid

##### 4.5.3.1 Die regsplig van die opvoeder

Respondent C, D en E stem saam dat daar 'n regsplig op 'n opvoeder rus om op te tree teen treitering, dit te hanteer en maatreëls in te stel om dit te bekamp. Volgens

respondent D is dit dus 'n regsplig om positief te handel. As uitgangspunt is 'n dader volgens respondent D nie aanspreeklik waar hy weens sy late of *omissio* (sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom) 'n ander se belange feitelik aantast nie. Aanspreeklikheid volg slegs indien die late inderdaad onregmatig was en dit is net die geval as daar in die besondere geval 'n regsplig op die dader gerus het om positief op te tree om die intrede van skade te verhoed, en hy nagelaat het om die regsplig na te kom. 'n Opvoeder wat dus versuim om op te tree teen treitering is volgens respondente C, D en E deliktueel aanspreeklik weens die feit dat hy nagelaat het om die regsplig na te kom.

Volgens respondent D moet alle faktore wat daarop kan dui dat 'n opvoeder 'n regsplig het om positief te handel in geval van treitering oorweeg word om te bepaal of daar wel sodanige regsplig op 'n opvoeder rus. Respondente C, D en E identifiseer die volgende faktore wat daarop kan dui dat sodanige regsplig wel ten opsigte van 'n opvoeder bestaan:

- 'n Besondere verhouding tussen die leerder en die opvoeder. Volgens respondent C is hierdie spesiale verhouding gesetel in die *in loco parentis*-beginsel. Hierdie spesiale verhouding tussen die leerder en die opvoeder plaas volgens respondent C 'n hoë regsplig op die opvoeder, want die opvoeder se risiko tot skade is as gevolg daarvan soveel hoër.
- Die *boni mores* – die goeie sedes van die mens.
- Toepaslike wetgewing.
- Die opvoeder se dienskontrak met die staat.
- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se gedragskode vir die opvoeder.
- Die treiteringbeleid: respondent D voeg by dat die treiteringbeleid van 'n skool beskou moet word as 'n belangrike faktor as deel van die omringende omstandighede om te bepaal of daar 'n regsplig is. Hy vergelyk 'n treiteringbeleid van 'n skool met die staande orders van die polisie – hierdie orders, wat streng

gesproke beleid of riglyne is, het al 'n belangrike rol gespeel in sake wat gehandel het oor 'n late deur die polisie.

- Kennis dat treitering wel plaasvind. Volgens respondent E speel kennis 'n belangrike rol by die daarstelling van 'n regsplig. As treitering reeds aangemeld is of as daar kennis is dat treitering wel in 'n skool aanwesig is, verhoog dit as 't ware die opvoeder se regsplig om meer waaksaam te wees.

#### 4.5.3.2 Die aanwesigheid van opset in die optrede van die opvoeder

Respondent C, D en E verskil in hul siening of opset as skuldvorm wel aanwesig kan wees in die optrede van 'n opvoeder met betrekking tot treitering. Nalatigheid as verskyningsvorm van skuld kan wel as skuldvorm aanwesig wees, wanneer die slagoffer van die boelie nadeel (skade) het as gevolg van die onagsame, onorgvuldige en onversigtige optrede van die opvoeder. Die vraag hier is of opset as verskyningsvorm van skuld ook aanwesig kan wees in die optrede (nie-optrede) van die opvoeder wanneer treitering in die skool plaasvind en die slagoffer as gevolg van die opsetlike optrede (nie-optrede) van die opvoeder skade (nadeel) het.

Respondent D is seker dat daar wel opsetlike optrede by 'n opvoeder onder wie se toesig treitering plaasvind, kan wees. Hy noem die voorbeeld van 'n opvoeder wat self treiteringneigings het, wat ook nie van die slagoffer hou nie, wat 'n perverse behae put uit die feit dat die boelie die slagoffer treiter. Indien hierdie opvoeder nie optree teenoor die boelie in hierdie geval nie is opset aanwesig, want hy het geweet of voorsien dat sy nie-optrede onregmatig is en dat hy moet optree. In hierdie geval sal die skool se treiteringbeleid belangrike bewysmateriaal wees. Respondent D beklemtoon die feit dat die definisie van opset reg verstaan moet word. Opset beteken nie dat die dader noodwendig 'n spesifieke gevolg begeer nie. Respondent D gebruik die voorbeeld van 'n persoon wat na 'n boom wil skiet. Daar is egter 'n persoon wat in die rigting van die boom stap. Hy voorsien die moontlikheid dat hy dalk die persoon kan raakskiet wanneer hy na die boom skiet, maar hy skiet nogtans. Hy tref die persoon alhoewel hy nie die gevolg begeer het nie. Tog het hy opsetlik opgetree. Opset is dus aanwesig in die geval van die opvoeder wat nie opgetree het teen die boelie nie – hy het die intrede van 'n gevolg van sy handeling (om nie op te tree nie) as moontlikheid voorsien en hom met die

moontlikheid versoen, dit wil sê desondanks die handeling verrig wat die betrokke gevolg veroorsaak, naamlik die skade (nadeel) aan die kant van die slagoffer van treitering.

Volgens respondent E kan die opvoeder slegs opsetlik optree as hy kwalifiseer as 'n mededader. Respondent C glo dat opsetlike optrede aan die kant van die opvoeder wel moontlik is waar die opvoeder die aanranding van die boelie op die slagoffer sien, hy tree nie op nie, hy vereenselwig hom daarmee – hy kan selfs nog 'n paar kwetsende woorde ook uiter. Respondent C glo dat hier eerder gemeenskaplike opset (“common purpose”) ter sprake is. In die geval van 'n opvoeder wat slegs 'n onverskillige houding het ten opsigte van die treitering wat in die skool plaasvind sal opset nie aanwesig wees nie, maar daar kan wel sprake wees van growwe nalatigheid.

#### 4.5.3.3 Die standaard of vlak van die opvoeder se toesighouding

Die opvoeder val in die kategorie van die redelike deskundige van wie 'n hoër standaard van sorgsaamheid verwag word tydens toesighouding. In Suid-Afrika is min navorsing gedoen oor treitering. Opvoeders het nie baie kennis ten opsigte van treitering nie. Sommige vorme van treitering is baie subtiel en is nie maklik waarneembaar nie. Die vraag wat as gevolg van hierdie situasie navore kom, is of die opvoeder wel in die geval van treitering as 'n redelike deskundige beskou kan word ten opsigte van die standaard van sorgsaamheid en toesighouding wat van hom verlang word. Kan hy in die geval van nalatigheid aan die “redelike deskundige”-nalatigheds-kriterium gemeet word?

Respondent D stem saam en is van mening dat daar wel gevalle mag wees waar die “redelike deskundige”-nalatighedskriterium nie die maatstaf kan wees waaraan opvoeders gemeet kan word in sommige gevalle van treitering nie.

Respondent C glo dat indien so 'n situasie in die hof ontstaan dit baie problematies kan wees. Indien lae kundigheidsvlakke wel daartoe kan lei dat die “redelike deskundige”-nalatighedskriterium 'n te hoë maatstaf is, glo respondent C dat die hoër 'n konserwatiewe benadering sal volg – die kriterium vir nalatigheid sal eerder op 'n laer vlak gestel word as wat die opvoeder benadeel sal word.



Respondent E twyfel of howe in gevalle waar die kundigheidsvlak laag is of waar die treitering subtiel plaasvind, wel 'n laer standaard van sorgsaamheid sal oorweeg. Volgens haar sal dit feitlik onmoontlik wees, want die standaard van die opvoeder as redelike deskundige is reeds vasgestel. Volgens respondent E plaas die feit dat die opvoeder met kinders werk hom of haar een trappie hoër as die redelike persoon. Die feit dat die opvoeder 'n spesialis is, 'n professionele mens is, die kindersielkunde en die kinderontwikkeling ken, plaas hom of haar nog 'n trappie hoër – 'n opvoeder is dus twee trappies hoër as die redelike persoon. Respondent E is ook van mening dat, alhoewel die opvoeder nie spesifiek ten opsigte van treitering opgelei is nie, die opvoeder as gevolg van bogenoemde kwalifikasies nie op 'n laer vlak aangeslaan behoort te word nie. Sy gee egter toe dat wat die verskillende vorme van treitering betref, dit moontlik kan afhang van die omstandighede en die feite van 'n spesifieke geval.

Howe is van mening dat van ouer leerders verwag kan word om hulself te beskerm teen gevare waarteen hulle gewaarsku is, maar in die geval van jonger kinders kan dit as gevolg van hul ontwikkelingsvlak nie verwag word nie. Die standaard van toesig by jonger kinders moet dus veel hoër wees. Respondent D stem hiermee saam, naamlik dat die standaard van toesig by kleiner leerders met betrekking tot treitering hoër moet wees as by groter leerders. Respondent E verskil en is van mening dat die standaard van toesig (graad van sorg) met betrekking tot treitering nie op 'n laer vlak moet funksioneer soos die kinders ouer word nie. Hierdie mening is gebaseer op die volgende faktore:

- Treitering neem juis toe in venyn soos die leerders ouer word.
- Wanneer 'n klein kind boelie, is sy doel nie om opsetlik skade te veroorsaak nie, want hy besef nie die implikasies nie.
- Ouer kinders is ook meer kundig om verskillende metodes van treitering te gebruik soos byvoorbeeld selfoontreitering wat geweldige psigologiese skade kan veroorsaak.
- Ouer kinders moet meer bewus wees van grondwetlike waardes en moet ook meer respek hê vir ander se grondwetlike waardes.



Wat betref leerderveiligheid is die beskouing van die Suid-Afrikaanse howe dat 'n opvoeder nie elke oomblik elke leerder onder sy toesig kan hou nie. Gesien in die lig dat treitering soms subtiel plaasvind en moeilik waarneembaar is, ontstaan die vraag of die howe in die geval van subtiele treitering 'n hoër en intensiewer standaard van toesig van die opvoeder sal verlang? Volgens respondent D beskik 'n skool nie oor genoeg menslike hulpbronne om elke kind elke oomblik onder intensiewe toesig te hê nie. Wat die reg van opvoeders verwag, is om soos 'n redelike opvoeder in die omstandighede op te tree. Die skool moet dus soveel opvoeders aan toesigdiens hê as wat redelik en doenlik is in die omstandighede. Die stand van treitering in die skool moet ook in ag geneem word. Dit gaan daaroor of die redelike persoon, in die posisie van die opvoeder, die skade sou kon voorsien en hy redelike stappe sou gedoen het om dit te voorkom. Dit kan nie van 'n redelike opvoeder verwag word om bewus te wees van die uiters subtiele treitering wat soms plaasvind nie alhoewel dit afhang van die omstandighede van elke geval. Respondent D noem dat kennis hier 'n belangrike rol speel. As 'n treitering-geval(le) aangemeld is, beteken dit dat die opvoeders meer waaksaam moet wees.

#### 4.5.3.4 Die opvoeder en middellike aanspreeklikheid

Volgens respondent D kan middellike aanspreeklikheid omskryf word as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van 'n ander. Eersgenoemde word dus indirek of middellik deur middel van die skadeveroorsoekende optrede van laasgenoemde skuldloos aanspreeklik gestel. Hierdie aanspreeklikheid kom te pas waar die twee persone in 'n besondere verhouding teenoor mekaar staan soos byvoorbeeld die werkgewer–werknemer-verhouding (onderwysdepartement–opvoeder–verhouding). Waar 'n werknemer (opvoeder) handelende binne die perke van sy diensbetrekking 'n delik pleeg, is sy werkgewer (onderwysdepartement of staat) ten volle vir die skade aanspreeklik. Respondent D verwys ook na die vereistes wat teenwoordig moet wees voordat die werkgewer middellik aanspreeklik kan wees – sien 3.4.4 vir hierdie vereistes.

Die werkgewer kan middellike aanspreeklikheid slegs ontkom indien die werknemer, nie alleen, subjektief gesien, uitsluitlik sy eie belange nagestreef het nie, maar ook objektief beskou, hom geheel en al van sy dienskontraktuele verpligtinge losgemaak het.

Respondent D beklemtoon egter die feit dat alhoewel die opvoeder binne die bestek van sy diens optree en die staat dan aanspreeklik is, bly die opvoeder steeds aanspreeklik. Daar is nie 'n bepaling wat hom onthef van aanspreeklikheid nie. Die opvoeder word steeds as 'n dader beskou. As die opvoeder nie binne sy diensbestek optree nie, dan kan die skool of staat geen aanspreeklikheid aanvaar nie.

Volgens respondent C verplig die *in loco parentis*-beginsel die opvoeder om om te sien na die veiligheid van die leerders onder sy sorg en het die opvoeder 'n verantwoordelikheid om die regte van leerders onder sy sorg te beskerm. As 'n opvoeder in diens van die staat dus nie optree teenoor treitering nie, kan hy sekerlik aanspreeklik gehou word. As gevolg van die feit dat die opvoeder wat nie optree teen treitering nie binne die perke van sy diensverhouding handel, sal direkte aanspreeklikheid gewoonlik uitgesluit word aangesien dit gaan oor nalatigheid en sal middellike aanspreeklikheid ter sprake wees. Wat betref opvoeders in diens van die beheerliggaam is daar 'n beperking [artikel 20(10)], wat sê artikel 60(1) van die Skolewet is nie van toepassing as dit skade is wat voortspruit uit 'n kontraktuele verhouding nie. Tog blyk dit dat die howe, wanneer 'n opvoeder in diens van die beheerliggaam van die skool deliktueel aanspreeklik is, tog die middellike aanspreeklikheidsopsie of die statutêre aanspreeklikheidsopsie in terme van artikel 60 van die Skolewet volg as die opvoeder besig was met 'n onderwyskundige aktiwiteit.

#### 4.5.4 Die boelie en deliktuele aanspreeklikheid

Respondent C, D en E stem saam dat die boelie deliktueel aanspreeklik kan wees as hy as gevolg van sy treitering skade toevoeg tot sy slagoffer – mits hy toerekeningsvatbaar is. As die boelie jonger is as sewe jaar het hy geen aanspreeklikheid nie. Indien die boelie tussen 7 en 14 jaar oud is, is daar 'n weerlegbare vermoede dat hy ontoerekeningsvatbaar is. Indien die boelie ouer is as 14 jaar is hy ten volle aanspreeklik. Die normale elemente (vereistes) vir deliktuele aanspreeklikheid moet ook aanwesig wees.

Respondent D meld dat ouers nie middellik aanspreeklik is vir die delikte van hul kinders nie. Tog kan die ouers van 'n boelie aanspreeklik wees weens 'n late aan hulle kant. Indien die ouers van 'n boelie bewus is van hul kind se treitering (hulle is al in kennis gestel en hulle tree nie op nie) is dit moontlik dat op grond van die omstandighede van

die geval of die *boni mores* 'n regsplig op hulle gekonstrueer kan word weens die late of versuim om op te tree. Dan is hulle direk aanspreeklik – nie middellik nie – middellike aanspreeklikheid is nie hier ter sprake nie. Volgens respondent C kan die boelie se ouers die skadevergoeding betaal indien skade teen die boelie toegestaan word. Dit is selfs moontlik dat die boelie self die skadevergoeding betaal as hy begin werk – dit is 'n geval van uitgestelde gevolg.

Respondent E verwys na The Child Justice Bill 49 of 2002 en die Children's Act. Ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid is daar 'n weerlegbare vermoede dat 'n kind bo 14 jaar toerekeningsvatbaar is. Daar is egter steeds 'n debat tot watter ouderdom hierdie weerlegbare vermoede geld. Is dit 18 jaar of is dit 21 jaar? Die Children's Act sal hierdie onduidelikheid opklaar. Wat betref toerekeningsvatbaarheid is 'n kind onder 7 jaar nie toerekeningsvatbaar nie. Volgens The Child Justice Bill word 7 jaar vervang met 10 jaar, gevolglik is 'n kind onder 10 jaar dus ontoerekeningsvatbaar. (Sien hoofstuk 5 vir wysiging ten opsigte van meerderjarigheidsouderdom).

'n Delikpleger se gedrag word normaalweg as onregmatig beskou vir die vereistes van deliktuele aanspreeklikheid indien sekere regserkende regte (subjektiewe regte) as gevolg van die optrede van die delikpleger aangetas word en die optrede nie geregverdig kan word nie; en ook indien 'n regsplig om op te tree sonder enige regverdiging verbreek word. Laasgenoemde (regsplig om op te tree), is nie ter sprake by die aanspreeklikheid van die boelie nie, maar respondente C, D en E is dit eens dat die subjektiewe regte van die slagoffer deur treitering aangetas word. Respondent D is van mening dat (teen die agtergrond van die skade (gevolge) van treitering wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is) byna elke denkbare persoonlikheidsreg van die slagoffer deur treitering aangetas kan word. Saaklike regte van die slagoffer word ook deur treitering aangetas. Respondent E stem saam met respondent D en meld ook persoonlikheidsregte soos die slagoffer se reg op fisiese integriteit, die slagoffer se goeie naam, sy menswaardigheid, sy privaatheid. Die slagoffer se saaklike regte word ook deur treitering aangetas byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer se eiendom afneem of beskadig. Respondent D sonder persoonlikheidsregte uit as die regte wat die meeste deur treitering geskend word.

Respondent C sonder die aantasting van liggaamlike integriteit deur treitering uit as die subjektiewe reg wat die maklikste is om in 'n hof te bewys – byvoorbeeld waar die slagoffer sy oog verloor het as gevolg van die feit dat die boelie hom met 'n krammetjie in die oog geskiet het. Die skade kan bewys word en skadevergoeding kan teen die boelie ingestel word. Psigologiese skade is egter moeilik om te bewys.

#### **4.5.5 Die provokatiewe slagoffer en onregmatigheid**

Volgens respondent D kan onregmatigheid uitgeskakel word aan die kant van die boelie as die slagoffer die boelie uitdaag of tart. Provokasie is die uittarting of uitlokking deur woorde of gedrag tot skadeveroorsakende optrede. Provokasie is 'n volkome verweer in die sin dat die eiser (slagoffer) wat die verweerder (boelie) geprovokeer het, sy reg verbeur om genoegdoening weens persoonlikheidskrenking te verhaal. Provokasie is 'n regverdigingsgrond wat die verweerder se optrede regmatig maak. Provokasie geld as verweer by die aantasting van verskillende persoonliksheidsgoedere byvoorbeeld die eergevoel, die goeie naam en die fisiese integriteit. Respondent D wys daarop dat medewerkende skuld nie met provokasie as regverdigingsgrond wat die verweerder (boelie) se optrede regmatig maak, verwar moet word nie. (Die vraag of provokasie deur die provokatiewe slagoffer as regverdigingsgrond kan dien om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel, word bespreek onder 5.4.2.1(b) ).

#### **4.5.6 Die deliktereg en die skade (nadeel) wat die gevolg is van treitering**

Volgens respondent D maak die Suid-Afrikaanse reg voorsiening vir vermoënskade en nie-vermoënskade (persoonlikheidsnadeel). Die tipes skade wat die slagoffer van treitering toegevoeg kan word is fisiese skade; psigologiese skade; sosiale skade asook opvoedkundige skade (sien hoofstuk 2 – die gevolge van treitering). Fisiese skade en psigologiese skade kan onder vermoënskade en persoonlikheidsnadeel hanteer word, maar die Suid-Afrikaanse deliktereg en die skadevergoedingsreg maak nie in hierdie stadium voorsiening vir sosiale skade en opvoedkundige skade as gevolg van treitering nie. Die enigste manier hoe respondent D sosiale nadeel as gevolg van treitering met die deliktereg (persoonlikheidsnadeel) kan verbind is wanneer die slagoffer se goeie naam (reputasie) daal. Die toets is of die slagoffer se aansien volgens die opvatting van die redelike persoon gedaal het as gevolg van die sosiale treitering. Volgens respondent

D is dit op dieselfde terrein as laster. Soos reeds gemeld, maak die Suid-Afrikaanse reg nie *per se* voor-siening vir opvoedkundige skade as gevolg van treitering nie. Die enigste manier, volgens respondent D, waar opvoedkundige skade met die deliktereg verbind kan word, is wanneer dit as finansiële nadeel beskou word. Die slagoffer moet langer op skool bly en kan eers later begin verdien of die slagoffer moet meer opdok aan skoolgeld en soortgelyke uitgawes omdat hy as gevolg van die opvoedkundige skade langer op skool moet bly. Opvoedkundige skade *per se* (hy kry nie die voordeel uit die leerproses wat hy veronderstel is om te kry nie) word nie in ons reg as skade erken nie.

Wat betref psigologiese nadeel of skade (die howe praat deesdae eerder van psigiatriese of psigiese letsel) as gevolg van treitering meld respondent D dat dit psigologiese nadeel is wat uit emosionele skok voortspruit. Sien ook verwysing: *Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA) in 5.4.2.2 waar aangedui word dat psigologiese nadeel nie net deur emosionele skok veroorsaak word nie. Die gevolge van emosionele skok word gewoonlik met pyn en lyding geassosieer, maar kan ook nadele veroorsaak soos slapeloosheid, angsneurose, histerie, depressie of ander geestelike of fisieke siektetoestande waarvoor kompensasie toegeken kan word. Hier is nie 'n regsprobleem soos in die geval van opvoedkundige skade of sosiale skade nie, maar dit is soms moeilik om die psigologiese skade te bewys. Deskundige getuienis is hier baie belangrik.

Respondent E stem saam met die siening van respondent D, maar lê ook klem op die bakens wat die deliktereg stel – maak nie voorsiening vir skade as gevolg van sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel as gevolg van treitering nie.

Volgens respondent C is die hantering van fisiese nadeel nie 'n probleem nie. Ook nie die beskadiging of die afneem van die slagoffer se eiendom deur die boelie nie – dit kan onder finansiële nadeel hanteer word. Respondent C deel ook respondente D en E se siening, maar verwys spesifiek na die bewysprobleem (bewyslas) ten opsigte van psigologiese skade. Die betaling van skadevergoeding vir die pyn en lyding wat deurgegaan is, is volgens respondent C nie so 'n groot probleem nie, maar wel om die psigologiese skade op sigself te bewys. Wat betref regsaksie ten opsigte van psigologiese skade, maan respondent C teen versigtigheid. Die balans tussen wat werklik ernstig is en wat normale optrede van leerders is, moet noukeurig bepaal word.

‘n Situasië waar ouers eise instel vir normale optredes teenoor hul kinders moet vermy word. Deskundige kennis is hier ook belangrik.

Respondent C is van mening dat wat betref skadevergoeding vir psigologiese skade asook skadevergoeding vir opvoedkundige skade en sosiale skade as gevolg van treitering, daar nog baie ontwikkeling nodig is wat nog baie tyd sal neem. Selfs wat betref skadevergoeding vir fisiese beserings het die howe jare geneem om riglyne daar te stel. Hy verwys ook na die kompleksiteit van ‘n definisie (regsdefinisie) van treitering en treiteringwetgewing en beskou dit ook as ‘n struikelblok in die ontwikkelingsproses met betrekking tot die bepaling van skade wat deur treitering veroorsaak word.

#### 4.5.7 Die passiewe slagoffer en toestemming

Die passiewe (tipiese slagoffer) is die slagoffer wat stil, skaam en bang is. Hierdie slagoffer kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die aanslag van die boelie. Volgens respondent D kan hierdie tipiese onderwerping van die passiewe slagoffer nie as toestemming gesien of vertolk word deur die boelie nie. Of toestemming in ‘n gegewe geval aanwesig is, is ‘n feitevraag wat bewys moet word. Indien die dader gedink het dat toestemming wel aanwesig was terwyl dit ontbreek het, tree hy steeds onregmatig op. Die reg stel bestaande vereistes waaraan regsgeldige toestemming moet voldoen. Die reg aanvaar nie maklik dat ‘n persoon self toegestem het om benadeel te word nie. Toestemming moet vrylik of vrywillig gegee word. As die benadeelde (slagoffer) op die een of ander wyse gedwing word om “toe te stem” tot die benadeling is daar nie geldige toestemming aanwesig nie.

Sien ook 4.4.7 vir respondente A, B en C se menings oor die passiewe slagoffer en toestemming.

#### 4.5.8 Die verband tussen treitering en die eierskedelreël (die *talem qualem*-reël)

Volgens respondent D is die sogenaamde eierskedelgevalle (die *talem qualem*-reël) van toepassing by treitering waar die eiser (slagoffer) as gevolg van ‘n swakheid ernstiger benadeling opgedoen het deur die boelie se optrede. Eierskedelgevalle doen hulle voor waar die eiser, as gevolg van die een of ander liggaamlike, psigiese of finansiële



swakheid, ernstiger benadeling opdoen weens die dader se optrede as wat die geval sou gewees het as die eiser nie aan so 'n swakheid gely het nie. Die oorheersende mening is dat die dader in so 'n geval aanspreeklik moet wees ook vir die benadeling wat aan die aanwesigheid van die betrokke swakheid toegeskryf kan word – hierdie beginsel word in die spreuk “you must take your victim as you find him” weerspieël.

Dit mag wees dat die slagoffer wat deur die boelie geteiken word 'n fisiese of 'n psigiese swakheid het. In terme van die eierskedelreël is hierdie slagoffer meer vatbaar vir skade as die gemiddelde leerder in dieselfde omstandighede, maar die boelie is ook aanspreeklik vir die benadeling as gevolg van die swakhede van die slagoffer. Respondent D beklemtoon die feit dat die benadering nie kan wees dat hierdie slagoffer meer vatbaar is vir benadeling as die gemiddelde leerder en eintlik veronderstel is om sterker te wees nie. Die kern van die saak is hoe die slagoffer die treitering ervaar het, watter invloed dit op die slagoffer gehad het.

#### **4.5.9 Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat voor en na skoolure plaasvind**

Volgens respondent D gaan dit primêr oor die feit dat as die skool leerders op die skoolterrein toelaat die skool 'n verantwoordelikheid het. As die skool nie aanspreeklikheid wil opdoen nie, moet hulle nie leerders daar toelaat voor en na skoolure nie. As die skool dus leerders op die skoolterrein toelaat, word redelike stappe verwag. Dit is nie redelik om van 'n skool te verwag om vanaf byvoorbeeld sesuur in die oggend toesig te reël vir leerders wat vroeg afgelaai word nie. Die skool is primêr 'n plek vir opvoedkundige aktiwiteite – nie 'n plek om leerders op te pas nie. Dit sou dus redelik wees om toesig te reël vanaf 'n spesifieke tyd in die oggend en dit so aan die ouers te kommunikeer. Dieselfde prosedure geld vir nadat die skool in die middag gesluit het.

Respondent C stem saam met respondent D dat as die treitering op die skoolterrein plaasvind die skool aanspreeklik is. Respondent C beklemtoon ook die belangrikheid van kommunikasie met die ouers ten opsigte van wanneer toesig begin en wanneer toesig eindig. Die ouer moet ook ingelig wees dat dit 'n risiko is indien hy die leerder vroeër aflaai of later oplaai.



#### 4.5.10 Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat buite die skoolterrein plaasvind

Respondente C en D is dit eens dat die skool nie aanspreeklik is vir treitering wat buite die skoolterrein plaasvind nie. Die uitsondering is egter treitering tydens 'n skoolge-sanksioneerde byeenkoms wat buite die skoolterrein plaasvind of treitering op 'n voertuig (bus) wat deur die skool gebruik word – met ander woorde waar die skool verantwoordelik is vir toesig omdat dit gesanksioneer is deur die skool.

Dit gebeur ook soms dat 'n boelie van sy tuisrekenaar gebruik maak om die slagoffer te benadeel waar die slagoffer die negatiewe inligting ontvang via die skoolrekenaar. Respondent D is van mening dat die skool nie vir treitering wat op hierdie manier plaasvind aanspreeklik gehou kan word nie. Hy vergelyk dit met iemand wat buite die skoolterrein is en iemand binne die skoolterrein skiet. Dis nie moontlik dat die skool dit kon verhoed het nie.

#### 4.5.11 Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van kubertreitering

Volgens respondent A, kan die boelie deur middel van 'n SMS (selfoon) of e-pos (rekenaar) die slagoffer intimideer. Dit is ook moontlik dat kubertreitering (selfoon en rekenaar) *crimen injuria* kan wees, byvoorbeeld waar die boelie kaal foto's van 'n meisie bekendstel.

Respondent C benadruk die feit dat die SMS en die rekenaar dit vir die boelie makliker maak om die slagoffer te benadeel. Hy lê klem op die volgende fasette van kubertreitering:

- Dit kan vinnig en oor 'n afstand gestuur word.
- Dit is "makliker" vir die boelie, want die slagoffer sien nie die boelie van aangesig tot aangesig nie.
- Weens die afstand is 'n gevoel van "verkeerd optree" nie so sterk by die boelie nie en die treitering raak al hoe meer gewaagd.



- 'n Tendens van teenkating en afkeuring is besig om in die gemeenskap en skoolgemeenskap te ontwikkel ten opsigte van kubertreitering.

Respondent C is van mening dat daar 'n plig op die skool rus om maatreëls in te stel dat 'n leerder wat op 'n skoolrekenaar werk nie blootgestel word aan die sensitiwiteit van kubertreitering nie.

#### 4.5.12 Die interdik as remedie vir treitering

Respondent D is van mening dat die interdik (regsmiddel om 'n dreigende onregmatige daad af te weer) deur die skool asook deur die slagoffer en sy ouers gebruik kan word om treitering te hanteer. Respondent G sluit hierby aan en lê veral klem op die interdik om skending van die slagoffer se regte deur treitering te verhoed. Volgens respondent G kan die hof 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby sy slagoffer te kom en sodoende verhoed word om die slagoffer se regte verder te skend.

#### 4.5.13 Die wenslikheid van 'n voorgeskrewe prosedure waarvolgens die ouer van 'n slagoffer treitering aanmeld

Respondent D is nie 'n voorstander van 'n formele streng prosedure nie. 'n Ouer van 'n slagoffer is nie gebind aan 'n spesifieke prosedure nie – die ouer kan in elk geval die saak aanhangig maak op 'n manier wat hy verkies en by 'n persoon van sy keuse. Die ouers van 'n skool behoort in kennis gestel te word dat daar 'n spesifieke verantwoordelike persoon is by wie hulle treitering kan rapporteer. Dit is wenslik dat die opvoeder wat aangewys word 'n verantwoordelike posisie beklee soos byvoorbeeld 'n adjunk-hoof. Die skool moet die boodskap uitstuur dat hulle oop is om klagtes oor treitering te ontvang, dat dit behoorlike aandag sal geniet en dat dit nie toegesmeer sal word nie. Inligting is soms baie vertroulik en persoonlik en dit kan nie verwag word dat 'n vormpie ingevul moet word of die inligting dadelik op skrif gesit moet word nie. Ouers, asook leerders, moet die versekering hê dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. 'n Moeilike taak wat die skool het, is om te onderskei tussen beuselagtige klagtes en ernstige klagtes wat aangemeld word.



Respondent E glo dat die skool 'n rapporteringsbeleid vir treitering kan implementeer, maar die ouers het nog steeds die reg om direk 'n prokureur te raadpleeg of om die saak direk by die onderwysdepartement te rapporteer. Respondent E glo die ernstigheid van die treitering sal die ouers lei om te bepaal hoe hulle te werk wil gaan. Indien treitering byvoorbeeld die vorm aanneem van minder ernstige tergering, sal hulle moontlik die skool in kennis stel. Indien dit ernstig is en gelei het tot ernstige fisiese skade behoort die ouer 'n prokureur te raadpleeg en te dagvaar.

Respondent C glo dat die omvang van die probleem sal bepaal hoe gestruktureerd 'n skool te werk sal moet gaan. As gevolg van die feit dat die omvang van rapportering van treitering in Suid-Afrika nog nie so groot is nie is daar nog nie werklik aandag gegee aan 'n gestruktureerde rapporteringsbeleid nie. Respondent C is van mening dat die instelling van 'n gestruktureerde rapporteringsbeleid in beginsel 'n goeie benadering is, maar hy beklemtoon die volgende:

- Die beste belang van die kind bly die belangrikste prioriteit – al is 'n voorgeskrewe rapporteringsbeleid nie nagekom nie, moet die klag nog steeds hanteer word sodat die slagoffer nie benadeel word nie.
- Die prosedure moet die onkundige ouer nie benadeel om skade te verhaal nie en so ook die slagoffer (leerder) verder benadeel nie.
- Die rapporteringsprosedure moet nie frustrasie veroorsaak nie – dit moet nie 'n euwel skep deur die aanspreek van die euwel nie.

#### **4.5.14 Maatreëls deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van treitering te beperk**

Respondente A, B, C, D, E en F identifiseer die volgende maatreëls wat 'n belangrike bydrae kan lewer om deliktuele aanspreeklikheid te beperk:

- Die skool moet vasstel of treitering in die skool plaasvind en wat die tendense is.



- Die skool moet redelike stappe doen om inligting te kry oor die treitering wat in die skool plaasvind en so op hoogte bly van die omvang van die treitering.
- Leerders en slagoffers moet aangemoedig word om treitering betyds te rapporteer. Vertroulikheid moet gewaarborg word en die beskerming en veiligheid van die wat klagtes lê, moet gewaarborg word.
- Elke treiteringsaak wat aangemeld word, moet deeglik ondersoek word. Die skuldige (boelie) moet gepas gestraf word – dit moet dien as voorbeeld vir ander. Inligting kan selfs bekend gemaak word sodat die leerders weet dat treitering ondersoek word en boelies gestraf word.
- Voorkomingsprosedures en voorkomingsprogramme moet ingestel word teen treitering soos byvoorbeeld die aanleer van 'n waardestelsel wat deel word van die skoolkultuur en die instel van tydperke wat afgestaan word aan veldtogte teen treitering.
- Die verhoging van kwaliteittoesig, nie deur leerders nie, maar wel deur gebruik te maak van ouers – hoewel dit ook 'n risiko kan inhou indien ongewenste persone (ouers) aan die leerders blootgestel sou word.
- Die aanspreek van treitering (beide die slagoffer en die boelie) deur gebruik te maak van sielkundiges en beraders wat die situasie professioneel hanteer en stigmatisering beperk. Die klem moet wees op regstelling en nie op bestraffing nie.
- Die hantering van treitering deur gebruik te maak van die gedragskode vir leerders. Die gedragskode en treiteringbeleid moet 'n ineengeskakelde pakket wees – die beleid moet met ander woorde uitgeleef word (geïmplementeer word) deur middel van die gedragskode.
- Die meeste treiteringbeleide en skoolveiligheidsbeleide in Suid-Afrika is ontoereikend. Dit moet aangepas word op grond van resente navorsing oor treitering.

Baie vorme van treitering word nog in Suid-Afrika beskou as deel van die grootwordproses.

- Die strafreg, asook die helende reg, kan gebruik word om treitering te hanteer en te bestuur. Die strafregopsie moet uiteraard oorweeg word of is in elke geval toepaslik waar treitering figureer as ernstige misdaad soos in die geval van byvoorbeeld verkragting, aanranding, strafbare manslag en *crimen injuria*.
- 'n Interdik kan gebruik word om treitering te voorkom in 'n geval van dreigende regskenning. Die interdik kan die boelie verbied om naby die slagoffer te kom en so kan verhoed word dat die boelie die slagoffer se regte verder skend.

#### 4.6 AFSLUITING

Soos in hoofstuk een vermeld, vorm die inhoud van hierdie hoofstuk (die response van en bevindinge deur die respondente) die basis waarop hoofstuk vyf gegrond is. Die implikasies vir die onderwys en onderwysreg, soos hierna in hoofstuk 5 beskryf word, is dus hoofsaaklik gegrond op die inhoud van hoofstuk 4, maar word ook aangevul en uitgebrei deur ryk beskrywing en die gebruik van veelvuldige bronne.



## HOOFSTUK 5

### DIE REGSIMPLIKASIES VAN TREITERING VIR DIE ONDERWYSBESTUUR EN ONDERWYSREG

#### 5.1 INLEIDING

Hoofstuk 5 is die finale hoofstuk in hierdie studie. Soos gemeld in hoofstuk een (1.7.4, Program van studie), sluit die regsimplikasies wat hier beskryf word ook aanbevelings vir die onderwysbestuur en onderwysreg in en bevat hierdie studie dus nie 'n aparte hoofstuk vir aanbevelings nie. Hierdie aspek word verder toegelig in 5.6 (Afsluiting) waar leemtes vir verdere navorsing ook aangedui word. In hierdie hoofstuk word 'n antwoord verskaf op die derde navorsingsvraag, naamlik: **Wat is die regsimplikasies van die regsreëls, wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, vir die onderwysbestuur en onderwysreg?** Die beskrywing van die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg word hoofsaaklik gegrond op die respondente se response of bevindinge, maar is 'n kulminasie van die totale navorsing. Die beskrywing word verryk deur die respondente se response te verbind met veelvuldige bronne van informasie.

Soos reeds volledig bespreek in afdeling 1.3 en 1.4 beteken die beskrywing van die regsimplikasies vir die onderwysbestuur dat daar nie slegs op skolevlak gefokus word nie. Skole is onlosmaaklik verbonde aan onderwys op nasionale vlak, provinsiale vlak en streeksvlak of distriksvlak afhangende van die struktuur in die betrokke provinsie. Die regsimplikasies vir die onderwysreg (sien ook afdelings 1.3 en 1.4) beteken dat nuwe juridiese kennis tot die onderwysreg toegevoeg word. Die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg word afsonderlik aangebied om die bespreking te vergemaklik, maar die grens tussen die twee afdelings kan soms baie dun wees. Die implikasies vir die onderwysbestuur is praktykgerig en sal hoofsaaklik fokus op die optrede van die onderwys of dit wat die onderwys in plek moet stel om treitering, as faset van leerderveiligheid, doeltreffend te bestuur en sodoende die regte van die slagoffer van treitering te beskerm. Die implikasies vir die onderwysreg fokus op nuwe juridiese akademiese kennis wat in hierdie navorsing na vore gekom het en die

onderwysregskennis ten opsigte van treitering uitbrei. Dit is baie belangrik om hierdie hoofstuk in samehang met hoofstuk 2 (fenomeen “treitering”), hoofstuk 3 (regsreëls) en hoofstuk 4 (response of bevindinge van respondente) te lees. Daar sal in hierdie hoofstuk gereeld na genoemde hoofstukke terugverwys word om sodoende onnodige herhaling in die grootste moontlike mate te beperk. Die regsreëls wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, was geldig met die finalisering van die hoofstuk gedurende September 2007. Sien ook afdeling 3.1 (hoofstuk 3) vir bespreking van wysigings ten opsigte van regsreëls.

Aangesien dit uit die navorsing duidelik is dat die implikasies hoofsaaklik figureer op die gebiede van fundamentele regte, wetgewing, die deliktereg en strafreg, vorm genoemde fasette van die Suid-Afrikaanse reg ook die hoofkategorieë waarvolgens die beskrywing in hierdie hoofstuk geskied.

## 5.2 FUNDAMENTELE REGTE

### 5.2.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Die volgende implikasies vir die onderwys met betrekking tot fundamentele regte word afsonderlik bespreek:

- Die verantwoordelikheid van die onderwys om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm.
- Spesifieke en onontbeerlike optrede (aksies) om die slagoffer se regte te beskerm.
- Bydrae van kinderregte-ooreenkomste met betrekking tot die bestuur van treitering in skole.
- Die belangrikheid van ‘n menseregtekultuur met betrekking tot die bekamping van treitering.
- Die dissiplinêre verhoor en die reg op regverdige administratiewe optrede.

- Die beperking van die boelie se regte.

#### 5.2.1.1 Verantwoordelikheid van die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm

In die navorsing is bevind dat verskeie fundamentele regte van die slagoffer deur treitering geskend word. Die verantwoordelikheid van die onderwys, om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm, is geanker in die Grondwet en kom alreeds baie duidelik na vore in die bespreking van die Grondwet as regsbron (afdeling 3.2) en word daarom nie weer hier herhaal nie. Tog is dit belangrik om in aansluiting by afdeling 3.2 die volgende weer te beklemtoon:

- Artikel 7(2) van die Handves bepaal dat die staat en al sy organe die regte in die Handves moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.
- Die nasionale en provinsiale departemente van onderwys asook openbare skole is administratiewe staatsorgane wat gebind is deur die bepalings van die Handves en moet dus die regte in die Handves eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

Rautenbach en Malherbe (2004 : 303, 304) verduidelik die begrippe “eerbiedig”, “beskerm” en “bevorder” as volg:

- “Om regte te eerbiedig” beteken om regte nie aan te tas nie, of anders gestel, om die regte slegs in ooreenstemming met die beperkingsbepalings te beperk.
- “Om regte te beskerm” beteken om stappe te doen om te voorkom dat regte aangetas word deur ander.
- “Om regte te bevorder” beteken om stappe te doen om die uitoefening van regte moontlik te maak.

Die begrippe “eerbiedig”, “beskerm” en “bevorder” is elkeen in die praktyk van toepassing op die bestuur en hantering van treitering deur die onderwys (nasionaal, provinsiaal en skolevlak). Anders gestel kan gesê word dat die optrede van die onderwys, en die

aksies wat die onderwys in plek stel om treitering doeltreffend in skole te bestuur, ten doel het om die regte van die slagoffer te beskerm, te bevorder en te eerbiedig.

Alhoewel die begrippe “eerbiedig”, “beskerm” en “bevorder” verskillende betekenis verteenwoordig, is die begrippe in ‘n groot mate ook vervlegd by die toepassing daarvan in die praktyk. Byvoorbeeld, indien ‘n skool ‘n doeltreffende treiteringbeleid implementeer om te voorkom dat die slagoffer se regte deur die boelie aangetas word, word die regte van die slagoffer tegelykertyd ook bevorder, want die slagoffer kan sy regte uitoefen. Indien die boelie se regte in ooreenstemming met die beperkingsmaatreëls beperk word (om sy regte te eerbiedig) beteken dit ook dat die boelie se regte beskerm word. As gevolg van hierdie vervlegdheid word hierdie drie begrippe nie afsonderlik hanteer wanneer optredes (aksies) van die onderwys bespreek word nie, maar word eerder as ‘n eenheid hanteer.

In die afdeling wat hierna volg, word spesifieke en onontbeerlike optrede en aksies wat deur die onderwys geïmplementeer behoort te word om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm, te bevorder en te verwesenlik, geïdentifiseer. Die geïdentifiseerde aksies maak nie aanspraak op volledigheid in die sin dat dit die enigste toepaslike aksies is nie. Soos die bespreking in hierdie hoofstuk ontwikkel, kan daar nog moontlike aksies na vore kom wat tot die geïdentifiseerde aksies toegevoeg kan word. Die aksies wat hierna volg, moet dus ook gesien word as ‘n riglyn, norm of basis wat aangevul kan word deur die onderwys en skole afhangende van die situasie en om tred te hou met die ontwikkeling van kennis. Dié aksies kom weer ter sprake in die bespreking wat volg in hierdie hoofstuk. Slegs die kern van die aksie word dus weergegee. Daar word ook gefokus op aksies om die slagoffer se regte te beskerm alhoewel daar ook enkele aksies ingesluit word wat gemik is op die beskerming van die boelie se regte omdat dit onlosmaaklik deel is van die proses.

#### 5.2.1.2 Spesifieke optredes (aksies, handeling) deur die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm, te bevorder en te verwesenlik

Die optredes hierna genoem, maak nie aanspraak op volledigheid nie en moet gesien word as riglyne of norme vir skole wat aangevul kan word op grond van die spesifieke situasie en op grond van nuwe kennis.





- Die erns waarmee treitering bejeën moet word, moet besef word en die onverskillige houding teenoor treitering moet verander word. Navorsing, wat opnames oor die aard en omvang van treitering insluit, moet in Suid-Afrika van stapel gestuur word. Onderwysdepartemente moet in terme van hul verantwoordelikheid teenoor die Handves, die omvang van treitering en die ernstige skade wat dit tot gevolg het, besef en daadwerklik optree.
- Opvoeders moet opgelei word ten opsigte van die fenomeen “treitering”, die implementering van beleid (herkenningsprogramme, voorkomingsprogramme en intervensie-programme) en die regsimplikasies ten opsigte van treitering. Die herkenning van subtiele vorme van treitering moet spesiale aandag kry.
- ‘n Prosedure moet in plek wees vir die onmiddellike ondersoek van ‘n treitering-insident. ‘n Hiërargie van sanksies moet beskikbaar wees. Die ouers van beide die boelie en die slagoffer moet in kennis gestel word. Rekordhouding vir latere terugverwysing of vir moontlike litigasie is noodsaaklik.
- Wetgewing wat skole verplig om ‘n treiteringbeleid te implementeer, wat herkenningsprogramme, voorkomingsprogramme en intervensie-programme insluit, behoort verorden te word.
- Evaluering van die implementering van die treiteringbeleid moet gereeld geskied. Toesig en beheer is noodsaaklik om te verseker dat die treiteringbeleid in stand gehou word.
- Modelbeleide moet vanaf nasionale vlak voorsien word vir eenvormigheid. Dit sal meehelp om die min kennis ten opsigte van treitering by skole te oorbrug en so ook voorsiening maak dat skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame oor die nodige basiese kennis beskik om treitering doeltreffend te bestuur.
- Daar moet duidelike riglyne wees ten opsigte van die rapportering van treitering asook oop kommunikasiekanale (binne perke) tussen ouers, opvoeders en leerders.



- Sielkundige dienste en psigiatriese dienste moet uitgebrei word of moet voldoende wees om konstruktiewe intervensie ten opsigte van die slagoffer en die boelie van stapel te stuur.
- Ouers moet betrek word as deel van die bekamping van treitering. Die treitering-beleid moet aan hulle gekommunikeer word, hulle moet die geleentheid kry om insette te maak. Ouers van boelies en ouers van slagoffers moet betrek word. Hulle moet in kennis gestel word ten opsigte van 'n insident sodat hulle deel kan wees van die oplossing, ook tydens gesinskonferensies wat deel is van 'n helen-deregbenadering.
- Die slagoffer moet alle beskerming moontlik kry, ook na 'n treiteringinsident wat reeds hanteer is, veral as 'n dissiplinêre verhoor of 'n strafszaak hangende is – byvoorbeeld teen intimidasie.
- Remedies wat skoolorganisasories van aard is, kan ook aangewend word waar die boelie die slagoffer se regte skend, byvoorbeeld waar die slagoffer skolas-tiese skade gely het, kan die skool toesien dat die slagoffer ekstra aandag (spesiale hulp) kry in 'n poging om die skade te herstel.
- Onderwysdepartemente, skoolbeheerliggame, skoolhoofde, skoolbestuurspanne en opvoeders is gebind deur die reg op regverdige administratiewe optrede en moet ten opsigte van die bestuur van treitering – in alle gevalle waar regte aangetas word – regmatig, redelik en prosedureel billik optree.
- Die skool se gedragskode moet nie in stryd wees met die fundamentele regte van die leerders nie en moet voorskrifte bevat ten opsigte van prosedurele billikheid, wat verwys na billike prosedure, asook substantiewe billikheid wat verwys na die toepaslikheid en regverdigheid van reëls en ernstige optrede of aksie teen 'n leerder. Die aanloop tot 'n dissiplinêre verhoor, die verhoor self, die implementering van die besluitneming tydens die verhoor en sanksies asook die hantering van 'n moontlike appèl moet voldoen aan die vereistes van pro-se-durele billikheid en substantiewe billikheid.



- Die outoritêre skoolkulture wat moontlik in sommige Suid-Afrikaanse skole bestaan, moet doelbewus afgetakel word deur die doelbewuste vestiging van skoolkulture (skooletos) wat gebou is op menseregte en 'n positiewe waardesisteem.
- Wanneer 'n reg beperk word, moet daar 'n balans wees tussen die beperking en die doel met die beperking. Byvoorbeeld, wanneer verbale treitering die slagoffer se fisiese en psigologiese veiligheid benadeel, moet die treitering hanteer word en stopgesit word – met ander woorde die boelie se reg op vryheid van spraak moet beperk word in terme van die beperkingsbepalings.
- In uitsonderlike gevalle van ernstige treitering, byvoorbeeld in die geval van ernstige aanranding, of treitering waar wapens gebruik word, behoort 'n strafklag gelê te word. Ander middele wat ook deel is van die strafregstelsel soos byvoorbeeld die polisie, kan hulp verleen aan skole deur middel van inligtingssessies of konstruktiewe intervensies ten opsigte van die boelie.
- Daar moet gewaak word teen 'n geenverdraagsaamheidsbeleid (“zero tolerance policies”) wat leerders se regte skend, byvoorbeeld die outomatiese uitsetting van 'n boelie sonder 'n regverdige verhoor of selfs die uitsetting van 'n slagoffer in geval van weerwraak sonder 'n regverdige verhoor.
- Die interdik (regsmiddel om 'n dreigende onregmatige daad af te weer) kan deur die skool asook die slagoffer en sy ouers gebruik word om treitering te hanteer. Die hof kan byvoorbeeld 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom om sodoende te verhoed dat die slagoffer se regte geskend word of verder geskend word.
- Skole moet in terme van die Promotion of Access to Information Act inligting bekend maak wat benodig word vir die uitoefening en beskerming van regte van die slagoffer of boelie. 'n Situasië kan ook ontstaan dat private inligting weerhou moet word. Skole word aanbeveel om regsadvies in te win by die onderwysdepartemente se regsafdeling of by die skool of beheerliggaam se regsverteenvoorder (indien hulle oor die fasiliteit beskik) in gevalle waar hulle twyfel oor die bekendmaking van inligting.



- Implementering van die inhoud van internasionale dokumente met betrekking tot kinderegte wat deur Suid-Afrika geratifiseer is: die Konvensie en die African Charter. Die bepalinge van die internasionale kinderegte-dokumente kan ook in die deliktereg 'n rol speel, byvoorbeeld by die bepaling of daar 'n regsplig op die skool of die opvoeder gerus het om treitering te voorkom.
- Helende reg kan 'n groot rol speel in die konflik tussen die slagoffer en die boelie en ook as deel van skole se dissiplinêre prosesse.
- Die leerder (slagoffer) se reg dat 'n geskil deur 'n hof besleg kan word, moet op geen manier deur die skool beperk of belemmer word nie, byvoorbeeld deur die bekendmaking van inligting of die lewering van getuieis.

#### 5.2.1.3 Bydraes van kinderegte-ooreenkomste met betrekking tot die bestuur van treitering in skole

In die bespreking van internasionale reg as regsbron (hoofstuk 3), is genoem dat internasionale dokumente met betrekking tot menseregte en kinderegte 'n belangrike invloed het op opvoedkundige prosesse soos onder meer die bestuur van leerderveiligheid. Die twee internasionale kinderegte-ooreenkomste wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is as toepaslik met betrekking tot die bestuur en hantering van treitering is: die Konvensie en die African Charter. In hierdie afdeling word verwys na spesifieke artikels in hierdie dokumente wat riglyne bied en 'n bydrae maak vir die onderwys met betrekking tot die bestuur van treitering in die praktyk.

##### (a) United Nations Convention on the Rights of the Child

- In die voorwoord van die Konvensie word beklemtoon dat as gevolg van die kind se fisiese en geestelike onvolwassenheid, hy 'n behoefte aan spesiale sorg en beveiliging nodig het. In die geval van die tipiese (passiewe) slagoffer wat baie kwesbaar is, (klein postuur, swak selfbeeld, spesifieke ras ensovoorts) is hierdie bepaling nog meer van toepassing.



- Die hoë standaard van toesig ten opsigte van kinders, soos uitgespel deur artikel 3(3), is ook uiters noodsaaklik vir die bestuur van treitering. 'n Hoë vlak van toesig word veral in geïdentifiseerde plekke – in die skoolgebou, op die skoolterrein (asook in busse) vereis, want die boelie kies geskikte plekke uit om toe te slaan. Die hoë standaard van toesig wat vereis word, is spesifiek ook belangrik vir subtiele treitering wat moeilik is om waar te neem. Soos reeds gemeld, moet opvoeders opgelei word en bedag wees om ook die subtiele vorme van treitering hok te slaan.
- Artikel 3(3) verwys ook na die aantal toesighouers asook na die doeltreffendheid van toesighouers. Ouers kan aangewend word om opvoeders as toesighouers aan te vul om treitering, wat 'n hoë standaard van toesig vereis, hok te slaan. Opleiding van toesighouers ten opsigte van die fenomeen “treitering” is noodsaaklik om hul doeltreffendheid te verhoog.
- Artikel 19(1) verwys ook spesifiek na psigologiese nadeel wat binne die konteks van treitering belangrik is aangesien psigologiese skade, as gevolg van treitering, dié skade is wat die langdurigste en ernstigste nadeel kan veroorsaak. Artikel 19(1) verwys ook spesifiek na regsopptrede om die regte van die kind te beskerm. Hierdie bepaling onderstreep ook die feit dat skole in sekere ernstige gevalle van treitering remedies soos 'n interdik of selfs die strafregstelsel asook helende reg kan gebruik om die slagoffer se regte te beskerm.
- Artikel 19(2) is van toepassing op treiteringbeleid en verwys na voorkoming, rapportering, ondersoek, verwysing van die boelie en die slagoffer (na byvoorbeeld sielkundige dienste) asook berading, wat kernelemente is van 'n doeltreffende treiteringbeleid.
- Die begrip “beste belang van die kind” is reeds bespreek onder afdeling 3.2.6. Volgens Bray (2000b : 65) en Bekink en Brand (2000 : 194,195) is die begrip wyd en vaag om 'n betroubare en vasgestelde standaard te stel. Sien 5.2.2.1(f) vir verdere inligting oor hierdie aangeleentheid. Die begrip “beste belang van die kind” is ook die basis waarop 'n treiteringbeleid in skole gegrond moet wees asook die bestuur en implementering van die beleid. Soos reeds in afdeling 3.2.6

bespreek, werp artikel 3 van die Konvensie meer lig op wat die begrip beteken. Sien ook die bydrae van die Children's Act soos bespreek in afdeling 5.2.2.1(f).

(b) The African Charter on the Rights and Welfare of the Child

Die sorgsaamheidsplig van skole en opvoeders word in artikel 16(1) van bogenoemde African Charter beskryf. Sien 3.7.2 vir die beskrywing van die sorgsaamheidsplig in die African Charter.

In die praktyk het artikel 16(1) die volgende implikasies vir die onderwys:

- Die gebruik van alle middele tot die onderwys se beskikking om die sorgsaamheidsplig doeltreffend te bestuur.
- Om ook, indien nodig, van die reg gebruik te maak om die slagoffer(s) van treitering teen die boelie(s) te beskerm.

Artikel 16(2) beklemtoon ook optredes soos voorkoming, identifisering, rapportering, verwysing, ondersoek, behandeling, berading en nasorg wat almal kritieke elemente van 'n treiteringbeleid is. Identifisering is veral baie belangrik by subtiele vorme van treitering wat baie moeilik is om waar te neem. Daarom vorm herkenningsprogramme (wat in die afdeling oor wetgewing bespreek word) 'n belangrike faset van die opleiding van opvoeders in die hantering van treitering.

Die African Charter beklemtoon ook die feit dat kinders, as gevolg van hul kwesbaarheid, 'n groter mate van beskerming vereis. Dit onderstreep weer eens die belangrikheid om die slagoffer (veral die tipiese, passiewe slagoffer) van treitering te beskerm as gevolg van sy groter kwesbaarheid.

#### 5.2.1.4 Die belangrikheid van 'n menseregte-kultuur met betrekking tot die bekamping van treitering

Twee respondente het aangetoon dat die vestiging van 'n menseregte-kultuur en 'n positiewe waardesisteem in ons skole 'n belangrike rol kan speel in die bekamping van



treitering. Daar word in Suid-Afrika te veel klem geplaas op individue se regte en te min gefokus op respek vir regte. Boelies het nie respek vir die regte van die slagoffer nie – dit word gestaaf op grond van die verskeie regte van die slagoffer wat in hierdie studie geïdentifiseer is en wat deur treitering geskend word.

Die aanvaarding van 'n Handves van Regte, is volgens Dlamini (1996 : 55, 58) die beginpunt vir die ontwikkeling van 'n menseregte-kultuur. Indien daar reeds 'n mense-regtekultuur bestaan, vergemaklik dit die funksionering van 'n Handves van Regte. Suid-Afrika beskik wel oor 'n uitstekende Handves, maar beskik nie oor 'n menseregte-kultuur nie. 'n Menseregte-kultuur impliseer dat respek vir ander se regte ingebed is in die hart en bewussyn van elke mens. Die beginplek vir die vestiging van 'n menseregte-kultuur is die skole, want leerders is nog ontvanklik en dis makliker vir hulle om 'n kultuur van menseregte aan te leer.

Volgens Veny en Pauwels (1998 : 247 - 260) het leerders nie 'n ingebore respek vir fundamentele regte nie. Hulle verkry respek vir fundamentele regte deur middel van opvoeding en sosialisering. Menseregte-opvoeding moet doelbewus in ons skole geïmplementeer word. Die doel met menseregte-opvoeding is die verstaan van, en simpatie vir konsepte en waardes soos geregtigheid, demokrasie, gelykheid, respek, menswaardigheid, vryheid, solidariteit, vrede, regte en verpligtinge, etiek, deernis, welwillendheid en verdraagsaamheid. Die einddoel moet daarop gerig wees dat fundamentele regte die hele skoolopset sal deurdrenk: die etos van die skool; die skool-organisasie en die inhoud van die kurrikulum. Menseregte moet dus geleef word en uitgeleef word deur die hele skoolgemeenskap wat die ouergemeenskap, opvoeders en ander skoolpersoneel en leerders insluit.

Daar kan ook gesê word dat die doeltreffende bestuur en bekamping van treitering ook die ontwikkeling en vestiging van 'n menseregte-kultuur in 'n skool sal bevorder. Weens die feit dat treitering manifesteer as skending van slagoffers se regte, sal intervensie, voorkomingstrategieë, berading vir die slagoffer en boelie, die beskerming van die slagoffer, toepassing van helende reg, litigasie, die gebruik van die strafregstelsel en so meer die korrekte boodskap oordra in die sin dat die skending van die fundamentele regte van die slagoffer verkeerd is en afgekeur moet word.

#### 5.2.1.5 Die dissiplinêre verhoor en die reg op regverdige administratiewe optrede

In die bespreking van die aard en wese van die reg op regverdige administratiewe optrede, is gemeld dat onderwysdepartemente, skole, skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne en opvoeders gebind word deur die reg op regverdige administratiewe optrede en hulle moet dus binne die skool en leeromgewing regmatig, redelik en prosedureel billik optree.

Die belangrikheid van die dissiplinêre verhoor, ten opsigte van intervensie met betrekking tot die boelie, blyk baie duidelik uit die bevindinge in hoofstuk 4 asook dat die dissiplinêre verhoor moet voortgaan wanneer 'n strafklag teen 'n boelie gelê is.

Wat betref die verband tussen die reg op regverdige administratiewe optrede en die dissiplinêre verhoor, bepaal artikel 8(5) van die Skolewet dat 'n skool se gedragskode 'n behoorlike regsproses moet insluit ten einde byvoorbeeld te verseker dat leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag, op 'n billike wyse hanteer word deur die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam. Volgens Oosthuizen (2005 : 84) word met 'n billike regsproses verwys na die proses (met ander woorde die verhoor en volledigheid van stappe gedoen) wat gevolg moet word om regverdigheid en billikheid aan die leerders (en eintlik ook die komitee) te laat geskied. Die begrip billikheid ("fairness") omsluit die begrippe regverdigheid ("just"), gelykwaardige behandeling ("equitable treatment" or "equity") en geregtigheid ("justice"). Om billik op te tree, behels dus meer as die logiese, presiese navolging van voorgeskrewe reëls of prosedures volgens 'n resepsie. Billikheid, soos die howe dit vereis, behels dat geregtigheid moet geskied tydens die dissiplinêre optrede en dat die besluit wat geneem word (sanksie) deur gepaste geskrewe redes geregverdig kan word.

Indien daar na 'n voorlopige ondersoek besluit word dat daar met 'n dissiplinêre proses (dissiplinêre verhoor) voortgegaan moet word, behoort die volgende stappe gevolg te word sodat die boelie se reg op regverdige administratiewe optrede beskerm word (Squelch 2000 : 311; Beukes 2001 : 191 - 193):



- Verhoor (aanhoor) en kennisgewing

Die boelie moet 'n redelike geleentheid kry om aangehoor te word. Hy moet die geleentheid kry om sy saak te stel indien die verhoor gaan lei tot die uitoefening van 'n oordeel wat sy bestaande regte, voorregte of vryhede kan beïnvloed. Voldoende kennisgewing van die verhoor moet gegee word. Die leerder moet skriftelik ingelig word oor die besonderhede van die beweerde oortreding. Die tyd, datum en plek van die verhoor moet ook skriftelik aangedui word. Volgens Oosthuizen (2005 : 87) behoort 'n minder ernstige oortreding wat slegs kortstondige gevolge kan hê, billikerwys onmiddellik hanteer te word. In beginsel behoort minstens vyf dae vooraf kennis gegee te word vir ernstige oortredings en ten minste veertien dae kennis vir oortredings wat tot skorsing of uitsetting kan lei.

- Onpartydige dissiplinêre komitee

Normaalweg word die skoolhoof en die beheerliggaam as onpartydig beskou. Hulle moet nie enige persoonlike belang in die verhoor of die uitkoms hê nie. Hulle moet ook nie met voorbedagte rade of vooroordeel optree nie. In die uitspraak van die onge-rapporteerde saak van *Michiel Josias de Kock NO v The Head of Department of the Department of Education, Province of the Western Cape*, 1998 (saaknommer – 12533/98), het die regter bevind dat die uitsetting van die leerder uit die skool nie op sigself onregmatig was nie, maar wel die prosedure van die dissiplinêre komitee wat gelei het tot die aanbeveling vir uitsetting. Die leerder het dagga in sy besit gehad. Die skoolhoof het die ondersoek gedoen, die getuienis gelei, was 'n lid van die dissiplinêre komitee en was lid van die volle beheerliggaam wat uitsetting aanbeveel het. Die skoolhoof het dus sy eie saak bereg wat in stryd is met die gemeenregtelike *nemo iudex in sua causa* wat beteken: “no man is fit to judge his own case”. Die skoolhoof kon as gevolg van sy wye betrokkenheid nie redelikerwys as 'n onpartydige persoon beskou word nie.

- Reg op inligting

Die fundamentele reg op inligting wat nodig is vir die beskerming van enige reg word beskerm deur artikel 32 van die Handves. Die *audi alteram partem*-beginsel vereis ook

dat alle toepaslike inligting verskaf word aan 'n persoon wat geraak kan word deur enige administratiewe besluit. Dit verseker dat die leerder (boelie) kan voorberei vir die verhoor en nie onregverdig benadeel word nie.

- Reg op verteenwoordiging

'n Party tot 'n verhoor is gewoonlik geregtig op regsverteenvoordinging wanneer dit noodsaaklik is om 'n regverdige verhoor te verseker. Volgens Oosthuizen (2005 : 90) kan leerders nie aanspraak maak op 'n absolute reg op regsverteenvoordinging tydens 'n dissiplinêre verhoor nie. Die gedragskode of skoolreëls mag bepaal of regsverteenvoordinging tydens 'n dissiplinêre verhoor toegelaat word. Die beheerliggaam het 'n diskresie om regsverteenvoordinging toe te laat, want die dissiplinêre verhoor is deel van 'n skool se interne prosedure. Leerders kan wel deur hul ouers bygestaan word. Die omstandighede rakende die beskuldigings en die ingewikkeldheid van die saak moet as riglyne gebruik word om te bepaal of regsverteenvoordinging noodsaaklik is. Die beheerliggaam moet hul besluit, of 'n regsverteenvoordiger toegelaat word of nie, aan die leerder of ouer kommunikeer.

- Redes vir besluit

Waar 'n administratiewe liggaam 'n besluit maak wat die regte van 'n persoon kan beïnvloed, moet die persoon bewus gemaak word van die feit dat hy in terme van artikel 33(2) van die Handves redes vir die besluit kan aanvra. Die boelie kan dus vra vir skriftelike redes ten opsigte van die besluit (uitslag) deur die dissiplinêre komitee. Die skriftelike redes moet binne 90 dae gegee word en moet voldoende inligting verstrek. Indien dit nie gebeur nie word vermoed dat die besluit sonder voldoende redes geneem is.

- Reg tot appèl

Artikel 9(4) van die Skolewet bepaal dat die beskuldigde (boelie) die reg het om teen die uitspraak te appèlleer. Hy kan ook vra vir hersiening van die uitspraak deur 'n hoër orgaan in die onderwys, naamlik die LUR of uiteindelijke verwysing na die houe vir geregtelike (judisiële) hersiening. Dit is die verantwoordelikheid van die skool om die

beskuldigde in te lig ten opsigte van die prosedure wat gevolg moet word asook ten opsigte van die keerdatum.

#### 5.2.1.6 Die beperking van die boelie se fundamentele regte

Soos reeds aangetoon, is die beskerming van die regte van die slagoffer 'n belangrike faset van die bestuur van treitering in skole aangesien verskeie van die slagoffer se regte deur treitering geskend kan word. De Waal et al. (2001b : 144) toon aan dat orde, veiligheid, gesondheid en demokratiese waardes, beweegredes kan wees wat beperking van fundamentele regte regverdig. Ter beskerming van die slagoffer se regte, moet die boelie se regte as gevolg van die boelie se negatiewe optrede soms beperk word. In hoofstuk 3 waar die aard van die beperking van fundamentele regte bespreek is, is reeds aangetoon dat fundamentele regte en vryhede nie absoluut is nie en dat daar volgens Devenish (1999 : 541) min fundamentele regte, indien enige is, wat op absoluteitheid kan aanspraak maak. 'n Beperking van 'n reg sal egter alleenlik grondwetlik geldig wees indien dit gemotiveer en geregverdig kan word in terme van die beperkingsklousule in artikel 36. Hierdie aspek is ook volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Die beperking van die boelie se regte in die skoolomgewing word hierna geïllustreer deur te verwys na die beperking van die boelie se reg op onderwys, die reg op vryheid van uitdrukking en die reg op privaatheid. Dit is veral genoemde regte wat in die praktyk ter sprake kom met betrekking tot die beperking daarvan.

- Die reg op onderwys

Die boelie se reg op onderwys kan in 'n mindere of meerdere mate beperk word deur skorsing of uitsetting. In terme van die Skolewet, artikel 9, soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette 48 van 1999 en die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005, is die volgende beperkinge van toepassing ten opsigte van die reg op onderwys:

- 'n Leerder kan vir sewe skooldae geskors word nadat hy skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.



- Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe dae na die skorsing van 'n leerder gehou word nie, kan die beheerliggaam goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortsetting van die skorsing van die leerder.
- Indien die beheerliggaam aanbeveel dat die leerder uit die skool gesit moet word, kan die beheerliggaam die skorsing van die leerder oplê of verleng vir 'n tydperk van 14 dae hangende die besluit deur die Departementshoof of die leerder uit die skool gesit moet word al dan nie.
- Volgens artikel 9(5) is die Departementshoof slegs verplig om vir 'n uitgesette leerder wat skoolpligtig is vir plasing in 'n ander openbare skool, voorsiening te maak. Dit impliseer dat, afhangende van die situasie en die ernstigheid van die oortreding, dit baie moeilik kan wees om die leerder wat nie meer skoolpligtig is nie, weer in 'n openbare skool te plaas.

'n Boelie wat toerekeningsvatbaar is, kan in die geval van 'n ernstige misdaad wel in 'n tronk aangehou word alhoewel artikel 28(g) van die Handves bepaal dat dit vir die kortste gepaste tyd moet wees, indien die boelie onder die ouderdom van 18 jaar is. Die boelie in aanhouding se reg op onderwys sal vir die tydperk van aanhouding beperk word alhoewel korrektiewe dienste, afhangende van die situasie, 'n reëling kan tref dat onderrig wel aan 'n leerder voorsien word. Indien die boelie na 'n "verbeteringskool" of "industriële skool" verwys word, word wel voorsiening gemaak vir onderwys. Alhoewel The Child Justice Bill dit nie spesifiek uitspel nie, behoort daar ook by veilige sorg-sentrums ("secure care centres") – soos The Child Justice Bill dit noem – en wat ook die ekwivalent is van verbeteringskole, voorsiening gemaak te word vir die reg op onderwys.

- Vryheid van uitdrukking

Volgens Devenish (1999 ; 191,192) beskerm artikel 16 beide vryheid van spraak en vryheid van uitdrukking. Vryheid van uitdrukking is 'n wyer begrip as vryheid van spraak, en kan geskied deur middel van verskeie uitwaartse vorme van uitdrukking.

Verbale treitering deur middel van spraak, is die vorm van treitering wat die meeste voorkom. Tipiese voorbeelde van verbale treitering, wat die grense van die reg op



vryheid van uitdrukking kan oorskry, is: om smerige en gemene of aftakelende berigte te begin en te versprei; die belediging van familielede; laster; ernstige negatiewe en volgehoue tergering en haatspraak. Haatspraak kom ook baie voor by rassistiese treitering en is ook een van die ongeoorloofde gronde van diskriminasie wat in artikel 9(3) van die Handves gelys word. Ander uitwaartse vorme van uitdrukking waarvan die boelie gebruik maak om die slagoffer te benadeel, is: die skryf van smerige briewe ten opsigte van 'n persoon; graffiti in toilette en op banke en vernederende notas.

Verbale treitering kan baie skade berokken en vir sommige leerders is dit die algemeenste vorm van treitering waaraan hul onderwerp word. Dit kan ernstige psigologiese letsels laat en kan ook aanleiding gee tot fisiese treitering. Die bedoeling van die boelie is gewoonlik om nadeel, leed en emosionele pyn vir die slagoffer aan te doen. Indien die verbale treitering fisiese en psigologiese skade, ernstige sosiale skade en opvoedkundige skade vir die slagoffer veroorsaak, moet die reg op vryheid van spraak opgeweeg word teen die negatiewe gevolge wat dit inhou vir die slagoffer en moet die reg op vryheid van spraak beperk word om sodoende die slagoffer te beskerm.

Voorbeelde van hoe die boelie se reg op vryheid van uitdrukking in die praktyk beperk kan word, is om die boelie aan te spreek of te verbied om negatiewe taal te gebruik of die samewerking van die boelie se ouers te verkry. Die boelie moet self die vernederende graffiti skoonmaak en in ernstige gevalle kan die boelie dissiplinêr verhoor word of 'n interdik kan ook as 'n laaste uitweg oorweeg word.

- Reg op privaatheid

Boelies bring soms gevaarlike voorwerpe soos messe en vuurwapens skool toe om die slagoffer te intimideer of af te dreig. Dit gebeur ook dat hulle die slagoffer se besittings en sakgeld of skoolgeld afneem. Hulle is ook soms in besit van pornografiese materiaal waarmee hulle die slagoffer intimideer of in die verleentheid stel as deel van die terrorisering en treitering. In terme van die reg op privaatheid, het elke persoon die reg om nie deursoek te word nie en daar nie op sy besittings beslag gelê mag word nie. Die boelie se reg op privaatheid en menswaardigheid – asook die reg om nie onregmatig deursoek te word nie en daar nie op sy besittings beslag gelê moet word nie – moet egter gebalanseer word met die regte van die ander leerders asook die reg en pleg van

die skool om 'n gedissiplineerde en veilige skoolomgewing te skep. Die reg erken dat deursoeking aangewend kan word om dissipline en veiligheid in 'n skool te handhaaf en dat daar op ongewenste of gevaarlike materiaal beslag gelê kan word.

Die Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners (GN 776 of 1998), verskaf die volgende riglyn ten opsigte van deursoeking:

The principal or an educator upon reasonable suspicion (sufficient information), has the legal authority to conduct a search of any learner or property in possession of the learner for a dangerous weapon, firearm, drugs or harmful dangerous substance, stolen property or pornographic material brought on to the school property. During a search human dignity shall be observed and learners shall be searched in private by persons of their own gender, preferably in the presence of at least one other person. A record must be kept of the search proceedings and the outcome.

Die Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 of 2001) stel dit as volg:

A police official, or in his absence the principal or delegate may without warrant:

- Search any public school premises if he or she has a reasonable suspicion that a dangerous object or illegal drugs may be present in the public school premises in contravention of the regulations;
- Search any person present on the public school premises; and
- Seize any dangerous object or illegal drugs present on public school premises or the person in contravention of these regulations.

Die Amendment Regulations for Safety Measures at Public Schools (GNR 1128 of November 2006) beklemtoon ook die feit dat 'n leerder ook nie gedurende skool-aktiwiteite in besit mag wees van 'n gevaarlike voorwerp of dit mag gebruik nie.



Die begrip “redelike suspisie” is vaag, maar dit beteken dat daar betroubare inligting moet wees dat die boelie in besit van ‘n gevaarlike voorwerp, vuurwapen, gesteelde goedere of pornografiese materiaal is. Ander faktore wat in oorweging geneem kan word en wat daarop kan dui dat deursoeking behoort plaas te vind, is volgens Squelch (1998 : 1, 2): die besonderhede van die inligting; die bron van die inligting; kennis van die boelie se vorige gedrag en die ernstigheid van die spesifieke situasie. Hoe ernstiger die situasie, hoe minder suspisie is nodig om deursoeking te regverdig. Deursoeking van leerders moet in alle gevalle gedoen word deur persone (opvoeders) van dieselfde geslag. By deursoeking gegrond op redelike suspisie, behoort ‘n tweede volwassene (opvoeder) as getuie by te wees asook ‘n persoon wat deur die leerder wat deursoek word, aangewys is. Dit geld ook wanneer ‘n leerder se eiendom deursoek word. Deursoeking moet in privaatheid geskied en moet op ‘n menswaardige en ordelike manier geskied. Deursoekings waar die leerder moet ontklee, moet vermy word.

Metaalverklikkers behoort in skole toegelaat te word. Metaalverklikkers word algemeen gebruik as hulpmiddel om in openbare plekke die publiek te beveilig. Alhoewel dit lukraak geskied, is dit nie indringend van aard soos byvoorbeeld “die deursoeking” tydens deursoeking nie. Dit geskied verder weg van die persoon se persoonlike ruimte en geskied deur gebruik te maak van ‘n voorwerp (metaalverklikker). Die deursoeker bevoel of betas nie die persoon wat deursoek word nie.

Skole moet oor ‘n beleid as deel van die gedragskode beskik wat ‘n prosedure uitspel oor hoe deursoeking en beslaglegging moet geskied. Dié beleid moet aan die ouers gekommunikeer word. Indien beide die ouers en die boelie weier dat hy deursoek word, moet die saak aan die polisie oorhandig word.

Die fundamentele regte van die boelie kan dus kragtens artikel 36 van die Handves beperk word – die kern is dat daar ‘n balans moet wees tussen die beperking en die doel met die beperking. Die implikasies van fundamentele regte, vir die bestuur van treitering, is dus verreikend en behoort dus op alle vlakke van die onderwys indringende aandag te geniet. Nuwe juridiese kennis ten opsigte van treitering en fundamentele regte, soos bevind in hierdie navorsing, word hieronder bespreek.

## 5.2.2 Toevoeging van kennis tot die onderwysreg

Kennis ten opsigte van die volgende aspekte van treitering en fundamentele regte word deur die navorsing tot die onderwysreg toegevoeg:

- Die wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word.
- Litigasie op grond van die skending van fundamentele regte deur treitering.

### 5.2.2.1 Wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word

Die volgende regte is in die regsraamwerk en die onderhoude geïdentifiseer as regte wat deur treitering geskend word: gelykheid; menswaardigheid; vryheid en sekerheid van die persoon; privaatheid; vryheid van uitdrukking; lewe; onderwys asook bykomende kinderregte. Die aard en wese van elk van die regte is in die regsraamwerk bespreek en dien as vertrekpunt vir die bespreking in hierdie afdeling, wat handel oor die wyse waarop genoemde regte deur treitering geskend word. Die reg op assosiasie is tydens die onderhoude aanvullend geïdentifiseer as 'n reg wat ook deur treitering geskend word en word ook in hierdie afdeling hanteer.

#### (a) Die reg op gelykheid

Artikel 9(3) van die Grondwet lys sekere gronde op grond waarvan daar nie gediskrimineer mag word nie. Diskriminasie op grond van die gelyste gronde word *prima facie* as onbillike diskriminasie beskou totdat die teendeel bewys is. Diskriminasie kan ook op grond van ongelyste gronde onbillik wees. In so 'n geval moet bewys word dat die ongelyste gronde gelyksoortig is aan die gelyste gronde (Sien afdeling 3.2.1 – Reg op gelykheid).

Boelies se “keuse” van slagoffers is dikwels gegrond op eienskappe aan die kant van die slagoffer wat die boelie motiveer om dié spesifieke slagoffer uit te sonder. Die “andersheid” (die slagoffer is “anders” as die meeste ander leerders of besik oor eienskappe wat hom of haar anders maak) kan ook as motivering vir die boelie dien. Sommige van die ongeoorloofde gronde wat in artikel 9(3) vermeld word, is ook soms eienskappe



waaroor 'n slagoffer kan beskik en wat die boelie kan motiveer om hom uit te sonder. Die volgende eienskappe is in die navorsing geïdentifiseer: ras; geslag; etnisiteit; kleur; gestremdheid; godsdiens asook seksuele oriëntasie. Dit beteken nie dat genoemde gronde die enigste gronde is van dié wat in artikel 9(3) vermeld word, op grond waarvan 'n boelie 'n slagoffer kan uitsonder nie, of dat daar nie ander ongelyste gronde is wat die boelie kan motiveer nie en wat kan kwalifiseer as onbillike diskriminasie nie. Byvoorbeeld treiteringgedrag wat 'n swanger meisie uitsonder op grond van haar swangerskap sal ook kan kwalifiseer as onbillike diskriminasie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die boelie se keuse van die slagoffer ook gebaseer (gefokus) kan word op die andersheid van byvoorbeeld die gestremde leerder en nie soseer op sy gebrek nie. Dit sal egter moeilik wees om te bewys dat dit nie onbillike diskriminasie is nie.

Treitering gebaseer op ras, kleur en etnisiteit word in die literatuur oor treitering, en ook in hierdie navorsing, geklassifiseer onder rasgedrewe treitering. Die wyses waarop rasgedrewe treitering geskied, word volledig bespreek onder afdeling 2.4.7, maar sluit fisiese aanranding, verbale misbruik, uittarting, uitlokking en vervreemding in.

Wat betref treitering gebaseer op geslag het McCarthy en Carr (2002 : 2006) bevind dat seuns hoofsaaklik deur seuns getreiter word, maar dogters word deur beide geslagte getreiter. Daar bestaan nie spesiale navorsing wat aandui in watter mate geslag die beweegrede is wanneer die boelie en die slagoffer van verskillende geslagte is nie. In die geval van seuns wat dogters treiter, kan daar met redelike sekerheid gesê word dat geslag wel 'n rol speel, veral in outoritêre kulture (ook outoritêre skoolkulture) waar die man domineer en daar dus 'n wanbalans in mag is tussen die man (seun) en die vrou (dogter). In gevalle waar vroueregte misken word of waar manlike dominansie hoogty vier en waar daar 'n wanbalans in mag is tussen die seun (boelie) en die dogter (slagoffer) gegrond op geslag, kan geslag wel 'n motiveerder van die treiteringgedrag wees. Dit kan verskillende vorme van treitering insluit, waarvan die bekendste vorm seksuele treitering is. Seksuele treitering word bespreek onder 2.4.6, enkele voorbeelde is: om 'n dogter 'n "hoer" te noem; om 'n dogter se bra-bandjie te laat skiet; seksuele aanranding; seksuele uitstalling en deur pornografie te vertoon.



Homofobiese treitering is gebaseer op die werklike, seksuele oriëntasie van die slagoffer of op 'n persepsie van die slagoffer se seksuele oriëntasie. Dit beteken homofobiese treitering is dus nie slegs gemik op slagoffers wat lesbies, homoseksueel, biseksueel of transvestiete is nie, maar ook op enige seun of dogter wat nie handel of optree in ooreenstemming met dit wat tradisioneel as manlik of vroulik beskou word nie. Homofobiese treitering word bespreek onder afdeling 2.4.6, maar die treitering neem gewoonlik die vorm aan van vernederende en beledigende beswadding, deur gebruik te maak van byvoorbeeld woorde soos “moffie”, “queer”, “poof”, “lezzie”.

Dit gebeur ook dikwels dat 'n boelie 'n slagoffer teiken op grond van die gestremdheid van die slagoffer. Dit geskied gewoonlik deur middel van fisiese treitering wat verskillende vorme van fisiese treitering kan insluit asook verbale treitering wat soms spesifiek gerig is op die gestremdheid soos byvoorbeeld die gee van byname, verkleinerings, tergere, spot, beledigings ten opsigte van die slagoffer se voorkoms en om te lag ten koste van die slagoffer. Dit kan ook die vorm aanneem van sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering waar die slagoffer verstoot word, vervreem word, uitgesluit word of psigologiese treitering soos negatiewe gebare of hom te takseer op grond van sy gestremdheid.

Treitering wat gemotiveer word deur die leerder (slagoffer) se godsdiens, word dikwels gekoppel aan die slagoffer se ras, waar ras en godsdiens gesamentlik die teiken word om die slagoffer te terroriseer deur gebruik te maak van fisiese aanranding, verbale treitering, uittarting en vervreemding. Godsdiens op sigself kan natuurlik ook die boelie aanspoor om die spesifieke slagoffer te teiken. Dit geskied dikwels deur belediging van die slagoffer se godsdiens, maar kan ook lei tot ander vorme van treitering waar godsdiens nie noodwendig die fokus van die treitering is of bly nie. Treitering kan dus manifesteer as onbillike diskriminasie teen die slagoffer en dus die slagoffer se reg op gelykheid skend.

Artikel 9(4) dui aan dat nasionale wetgewing verorden moet word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet. Dit is wel gedoen met die verordening van die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act. Genoemde wet verbied onbillike diskriminasie in die algemeen en het dus betrekking op al die ongeoorloofde gronde in artikel 9(3) vermeld, maar ook op ongelyste gronde wat gelyksoortig is aan die gelyste

gronde. Dit maak spesifieke vermelding dat onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag, gestremdheid, haatspraak (wat ook as treitering kan manifesteer) en teistering (treitering is 'n faset van teistering) verbied word. Die wet maak voorsiening vir gelykheidshowe wat onder andere die volgende remedies tot sy beskikking het naamlik: betaling van skadevergoeding; kan rolspelers verplig om sekere stappe te doen om die onbillike diskriminasie te stop en kan vereis dat verskoning aangebied moet word. Die gelykheidshowe funksioneer op siviele vlak en bied 'n toevoeging tot moontlike remedies vir treitering asook die geleentheid vir slagoffers van treitering, of hulle ouers, om van die gelykheidshowe gebruik te maak in geval van onbillike diskriminasie.

(b) Die reg op privaatheid

Die volgende aspekte van die reg op privaatheid is van toepassing op treitering en kan kortliks as volg opgesom word:

- Privaatheid is meer indringend hoe nader dit aan die interne persoonlike ruimte van die persoon beweeg en word minder indringend hoe verder dit daarvandaan wegbeweeg. Privaatheid funksioneer dus op 'n kontinuum.
- Privaatheid beteken dat daar nie op 'n persoon se besittings beslag gelê moet word nie.
- Privaatheid bied beskerming van die geleentede wat 'n persoon het om sy persoonlikheid te ontwikkel.

Die intieme, persoonlike ruimte van die slagoffer word deur treitering geskend en wel deur fisiese treitering en seksuele treitering. Daar kan gesê word dat die meeste vorme van fisiese treitering die intieme, persoonlike ruimte van die slagoffer binnedring aangesien dit opsetlik geskied met die doel om die slagoffer fisiese leed aan te doen of om die slagoffer te dreig dat fisiese leed hom wel toegevoeg kan word. Voorbeelde is: skop; stamp; wurg, klap; slaan met die vuus; knyp; krap; hare trek; oormatig kielie; om die slagoffer se broek af te trek; spoeg; op die slagoffer urineer; die slagoffer se kop in die toilet te druk; iemand teen sy sin te soen; die slagoffer te dreig met fisiese leed; afdreiging met 'n vuurwapen; die slagoffer aan te rand; manslag; verkragting en ook

moord. Dis moeilik om die intieme, persoonlike ruimte af te baken, maar dit blyk dat seksuele treitering (of altans die meeste vorme daarvan), die intieme (privaat) ruimte van die slagoffer nog verder binnedring soos byvoorbeeld: om 'n seun se broek af te trek; om 'n seun se onderbroek styf op trek sodat dit ongemak en pyn veroorsaak; om 'n dogter se borste aan te raak; om 'n dogter se bra-bandjie te laat skiet; teen 'n dogter te skuur; seksuele aanranding asook seksuele uitstalling of posisionering.

Dit gebeur ook dikwels dat die boelie die slagoffer se toebroodjies of sakgeld afvat of sy skryfbehoeftes of skoolboeke. Die slagoffer word dikwels gedreig met fisiese leed indien die slagoffer die afneem of afvat van sy besittings sou aanmeld. As deel van die boelie se veldtog om die slagoffer opsetlik leed aan te doen, kan dit gebeur dat die slagoffer se boeke of aantekeninge kort voor 'n toets of eksamen op 'n "onverklaarbare" wyse kan "verdwyn". Genoemde voorbeelde van beslaglegging op die slagoffer se besittings kan meewerk tot emosionele skade, skoolfobie en opvoedkundige skade by die slagoffer. Emosionele skade en opvoedkundige skade word volledig beskryf onder afdelings 2.8.1.2 en 2.8.1.4 onderskeidelik.

Die ernstige, emosionele skade wat 'n persoon sy hele lewe kan bybly, die gevolge van stres, sosiale skade en opvoedkundige skade wat gevolge is van treitering, sal die geleentheid wat die persoon kan hê om sy persoonlikheid te ontwikkel ernstig knou en beperk. Hierdie gevolge van treitering, wat die ontwikkeling van 'n slagoffer se persoonlikheid ernstig kan knou, word volledig bespreek onder 2.8.1.

Dit is belangrik om kennis te neem dat daar 'n wesenlike verskil is tussen grondwetlike skending van die reg op privaatheid en privaatregtelike (delikteregtelike) privaatheidskending. Hierdie aangeleentheid word as deel van die *actio iniuriarum* onder "skade" (5.4.2.1(e) ) in hierdie hoofstuk bespreek.

(c) Reg op menswaardigheid

Connecticut se regsdefinisie van treitering lui as volg (Ferrell-Smith 2004 : 10):

Bullying: overt acts by a student or group of students directed against another student with the intent to ridicule, humiliate or intimidate the other student while

on school grounds or at a school sponsored activity, repeated against the same student over time.

Helen Krige, 'n opvoedkundige sielkundige beskryf treitering as volg: “die motief van ‘n boelie is om sy slagoffer soveel pyn en emosionele leed as moontlik aan te doen” (Greeff 2005a : 1). Volgens Davis et al. (1997 : 73) word ‘n persoon se menswaardigheid geskend wanneer hy of sy vernederend behandel word.

Volgens die regsdefinisie van Connecticut is treiteringgedrag, gedrag wat daarop ingestel is om die slagoffer bespotlik te maak, te verneder en te intimideer. Krige sê dat die boelie daarop ingestel is om soveel as moontlik pyn en emosionele leed vir die slagoffer te veroorsaak. Die wese en aard van treitering bestaan dus uit die vernedering en afbreek van die slagoffer se menswaardigheid. Gedurende die treiteringgedrag kan daar drie fases van vernederende optrede onderskei word naamlik:

- Die intensie of doel van die boelie is om die slagoffer te verneder.
- Die handeling van die boelie (negatiewe optrede) is ook vernederend byvoorbeeld: om die slagoffer te spoeg; te vloek; ‘n vuil kyk te gee; te verstoot; te betas; rassistiese taal te gebruik ensovoorts (Sien vorme van treitering – afdeling 2.4).
- Treitering laat ‘n slagoffer agter wat vernederd is en wie se menswaardigheid geskend is. Dit blyk duidelik uit die uitwerking van treitering op die slagoffer onmiddellik na die treiteringinsident (vernedering, ongelukkigheid, hartseer ensovoorts – sien afdeling 2.3.1) asook uit die baie ernstige langtermyngevolge – sien afdeling 2.8.

Die hofsaak *Dowling v Diocesan College and Others* 1999 (3) SA 847 (C) sluit nou hierby aan. ‘n Seun (slagoffer) is getreiter deur twee prefekte. Die treitering het herhaaldelik, gedurende ‘n tydperk van vyf maande plaasgevind, en het hoofsaaklik die vorm aangeneem van aanranding en enkele ander vernederende handeling. In die hofuitspraak is vermeld dat die skool ‘n verpligting het om die menswaardigheid (wat in hierdie geval deur treitering geskend is) van die leerders te beskerm.

Sien ook die bespreking van die wesentliche verskil tussen die grondwetlike begrip “menswaardigheid” en die “privaatregtelike eergevoel” as deel van die bespreking van die *actio iniuriarum* onder “skade” (5.4.2.1(e) ) in hierdie hoofstuk.

(d) Reg op vryheid en sekerheid van die persoon

Volgens Malherbe (2004 : 16) skend alle vorme van treitering die reg op vryheid en sekerheid van die persoon. Die reg sluit die reg tot liggaamlike en psigologiese integriteit in. Die verskillende vorme van treitering wat in die navorsing geïdentifiseer is, sluit die volgende in: fisiese treitering; psigologiese (emosionele) treitering; seksuele treitering; kubertreitering; verhoudingsgerigte treitering; sosiale treitering; verbale treitering en rasgedrewe treitering. As die wyses waarop die verskillende vorme van treitering geskied van naderby beskou word (byvoorbeeld skop, vloek, terg, iemand ‘n vuil kyk gee, die slagoffer betas, die gebruik van rassitiese taal, opbreek van vriendskappe, ‘n kaal foto van die slagoffer op die internet vertoon – sien volledige bespreking in afdeling 2.4), moet saamgestem word met Malherbe, want al die vorme en wyses van treitering tas óf die slagoffer se fisiese óf psigologiese integriteit of albei aan.

In die studie is vier tipes skade (nadeel) geïdentifiseer wat deur treitering veroorsaak kan word naamlik: fisiese skade; psigologiese skade; sosiale skade en opvoedkundige skade. Saakskade (waar die boelie die slagoffer se eiendom beskadig) kan bygevoeg word, maar in die opvoedkunde-literatuur word saakskade onder fisiese skade geklassifiseer. Fisiese skade maak inbreuk op die fisiese integriteit, maar kan ook die psigologiese integriteit van die slagoffer aantast. Psigologiese skade, sosiale skade en opvoedkundige skade maak inbreuk op die psigologiese integriteit van die slagoffer en kan ook lei tot stres wat weer inbreuk maak op die fisiese integriteit van die slagoffer.

Ander handelingte waarvoor die reg op vryheid en sekerheid van die persoon beskerming bied, is geweld en marteling asook om nie op ‘n wrede, ‘n onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie. Die meeste vorme van fisiese treitering kan as geweld geklassifiseer word, soos byvoorbeeld aanranding, manslag, hare trek, byt, wurg. Sekere vorme van seksuele treitering is ook gewelddadig soos seksuele aanranding, om ‘n seun se onderbroek styf op te trek sodat dit ongemak en pyn veroorsaak en ook vorme van rasgedrewe treitering soos fisiese intimidasie en fisiese

treitering wat rasgedrewe is. Sommige wyses van treitering grens aan marteling, soos afdreiging met 'n wapen, wurg, om die slagoffer se kop in 'n toilet te druk of om op die slagoffer te urineer. Baie van dié wyses van treitering kan ressorteer onder wrede onmenslike behandeling - soos byvoorbeeld die slagoffer te byt, sy hare te trek, verwerping en om die slagoffer se privaatdele te betas. Alle vorme van treitering kan beskou word as vernederende behandeling aangesien die doel van die boelie is om die slagoffer te verneder. Sien ook die bespreking van die reg op menswaardigheid in (c).

Dit blyk uit die navorsing dat die reg op menswaardigheid en die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, die regte is wat die meeste deur treitering aangetas word. Dit blyk ook duidelik uit die voorafgaande besprekings van die twee regte, waar bevind is dat dié twee regte deur alle vorme van treitering geskend word.

(e) Reg op vryheid van uitdrukking

Die profiel van die passiewe of tipiese slagoffer word bespreek onder afdeling 2.5.2.1 en kan as volg opgesom word – stil, skaam, bang, versigtig, sensitief, onttrek hulself en het gewoonlik nie 'n enkele goeie vriend in hul klas nie.

As gevolg van bogenoemde profiel van die passiewe slagoffer en ook as gevolg van ernstige intimidasie deur die boelie, gebeur dit dikwels dat veral die slagoffer se reg op vryheid van spraak beperk word en erg geskend word. Die volgende voorbeelde illustreer die skending van die tipiese slagoffer se reg op vryheid van spraak:

- Sosiale probleme as gevolg van treitering behels onder andere: onttrekking; skaamheid; isolasie; uitsluiting; gebrek aan sosiale vaardighede en verwerping wat die slagoffer beperk en ook sy geleentheid om met maats te kommunikeer ernstig strem (sien afdeling 2.8.1.3).
- Opvoedkundige gevolge as gevolg van treitering wat die slagoffer se reg op vryheid van spraak beperk, sluit die volgende in: die slagoffer is bevrees om vrae in die klas te vra en weier om die opvoeder daarop attent te maak as hy nie verstaan nie omdat hy bang is om geterg te word (sien afdeling 2.8.1.4).



- Die slagoffer word dikwels afgedreig en geïntimideer deur die boelie. Selfs wapens kan gebruik word tydens die afdreiging en intimidasie. Sakgeld en skoolbroodjies word afgeneem of die slagoffer word gedwing om 'n daad vir die boelie uit te voer byvoorbeeld om 'n spesifieke opvoeder se klaskamer te vandaliseer. Uit vrees vir verdere treitering – of selfs vrees vir sy lewe – bly die slagoffer stil en gehoorsaam die boelie se versoeke. Weens die vrees vir die boelie, rapporteer die slagoffer ook nie die afdreiging en intimidasie nie.
- Die ernstige psigologiese skade en emosionele skade wat die slagoffer ly, die letsels wat die slagoffer sy hele lewe kan bybly, die gevolge van sosiale skade en opvoedkundige skade, kan die ontwikkeling van die slagoffer se persoonlikheid en van hom as mens in totaliteit ernstig strem. Dit kan 'n beperking plaas op sy vermoë om hom in die openbaar uit te druk of om op sosiale vlak te kommunikeer.

(f) Bykomende kinderregte

Hier word slegs gekonsentreer op enkele van die bykomende kinderregte in artikel 28, naamlik hoe hierdie regte deur treitering geskend word. Die addisionele kinderregte is bo en behalwe die ander regte in die Handves, wat ook van toepassing is op die kind, addisioneel bygevoeg om ekstra beskerming aan die kind te bied weens die kind se kwesbaarheid en broosheid wat ook heenwys na die tipiese, passiewe slagoffer van treitering weens sy kwesbaarheid en broosheid.

Die volgende fasette van artikel 28 is van toepassing op treitering:

- Elke kind het die reg om teen mishandeling en vernedering beskerm te word.
- In elke aangeleentheid wat die kind raak, is die beste belang van die kind van deurslaggewende belang.

Treitering skend die slagoffer se reg om teen mishandeling en vernedering beskerm te word. Voorbeelde van treiteringgedrag wat as mishandeling geklassifiseer kan word is die volgende: skop; wurg; byt; om die slagoffer se kop in 'n toilet te druk; die slagoffer



aan te rand en die slagoffer te verstoot of te verwerp. In afdeling 5.2.2.1 (c) (reg op menswaardigheid), is aangedui dat die wese en aard van treitering bestaan uit die vernedering van die slagoffer in die sin dat die bedoeling van die boelie is om die slagoffer te verneder, die handeling van die boelie vernederend is en dat die treitering dus 'n slagoffer nalaat wat vernederd is.

Die “beste belang van die kind”-beginsel is 'n gemeenregtelike beginsel wat ook vervat is in die Konvensie en in die African Charter. Suid-Afrikaanse howe het nog nie die standaard van die “beste belang van die kind” verklaar nie. Dit beteken ook dat daar ten opsigte van die onderwysreg en onderwysbeleid nog nie 'n standaard met betrekking tot die “beste belang van die kind” vasgestel is nie (De Waal et al. 2001a : 152). Onderwys-sake waar die beginsel wel gebruik is, is die volgende: *Laerskool Middelburg en 'n Ander v Departementshoof, Mpumalanga Departement van Onderwys en Andere* 2003 (4) SA 160 (T) en *Western Cape Minister of Education v Governing Body of Mikro Primary School* 2005 (3) SA 436 (HHA), waar die beste belang van die leerders onderskeidelik in ag geneem is om te besluit dat die leerders nie verskuif moet word nie (Laerskool Middelburg), en dat die leerders wel verskuif kan word (Mikro Primary). Die belangrikste uitspraak ten opsigte van die “beste belang van die kind” is in *M v S* – saaknommer CCT 53/06 (2007) wat nog nie gerapporteer is nie en kan as volg saamgevat word:

- Howe moet die “beste belang van die kind” in ag neem in sake waar kinders betrokke is.
- Die krag van die beginsel lê daarin dat daar nie 'n rigiede standaard vasgestel is nie – die feite van elke saak moet die basis vorm om te besluit oor die beste belang van die kind, want elke spesifieke situasie sal bepaal wat die beste optrede is in belang van die kind.

Soos gemeld in afdeling 3.2.6, bied artikel 3 van die Konvensie 'n goeie riglyn ten opsigte van wat die “beste belang van die kind” behels in soverre dit leerderveiligheid (ook treitering) betref. Die riglyne vereis dat die staat moet verseker dat skole moet voldoen aan die standaard wat gestel word ten opsigte van leerderveiligheid. Die sorgsaamheidspilig van skole (opvoeders) moet voldoen aan 'n hoë standaard – daar moet genoeg personeellede (opvoeders) as toesighouers beskikbaar wees. Toesig-

houers moet doeltreffend funksioneer sodat die sorgsaamheidsplig (toesighouding) effektief uitgevoer kan word. Dit beteken dat die staat die regte van die slagoffer moet eerbiedig, moet beskerm en bevorder. Indien die staat versuim om dit te doen, sal die reg van die slagoffer (leerder), naamlik dat sy beste belang van deurslaggewende belang is, in elke aangeleentheid wat hom raak ernstig geskend word.

Die Children's Act, artikel 7(1) (l) lewer ook 'n belangrike bydrae ten opsigte van die standaard van die "beste belang van die kind" en sê spesifiek dat die "beste belang van die kind" ook beteken dat die kind beskerm moet word teen fisiese en psigologiese nadeel. Fisiese nadeel en psigologiese nadeel is saam met sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel die ernstigste gevolge (nadeel) van treitering. Psigologiese nadeel is moontlik die ernstigste skade wat deur treitering veroorsaak word aangesien dit letsels laat wat die slagoffer sy hele lewe kan bybly. Artikel 7(1) (h) van bogenoemde wet, sluit ook aan by bogenoemde en sê dat die "beste belang van die kind" ook beteken dat die kind (slagoffer van treitering) fisiese en psigologiese (emosionele) sekuriteit moet hê en dat sy intellektuele (opvoedkundige) en sosiale ontwikkeling van groot belang is. Artikel 7 is een van dié artikels van die wet wat sedert 1 Julie 2007 in werking getree het.

(g) Die reg op lewe

Die volgende is 'n paar aanhalings deur Coloroso (2004 : xvii - xxii) waar treitering in die buiteland gelei het tot die dood van 'n leerder(s):

- Manchester, England, January 1999: "Eight-year-old Marie Bentham hanged herself in her bedroom with her jump rope because she felt she could not longer face the bullies at school."
- Victoria, British Columbia, November 1997: "Fourteen-year-old Reena Virk died after being lured by school mates, attacked and beaten unconscious. Reena's arm, neck and back were deliberately broken before she was dumped in the Gorge Inlet. She had tried to fit in and had wanted desperately to belong to the group, but she was regularly mocked and taunted about her skin and her weight."

- Littleton, Colorado, April 1999: “Eric Harris and Dylan Klebold had assault weapons and homemade bombs to lay siege to their high school. The two boys killed twelve classmates and a teacher, injured eighteen other teenagers and then killed themselves. In the suicide note left by Eric, it was apparent that he and Dylan felt bullied and alienated, and in their minds it was “payback time.”
- Belfast, Ireland, January 1995: “Maria McGovern overdosed after being bullied. The diary she left behind recorded a life of daily terror at the hands of her school mates.”
- Invercargill, Nieu-Seeland, August 1997: “Fifteen-year-old Matt Ruddenklau committed suicide. The coroner’s report stated, “Bullying and victimization were a significant factor in the boy’s life in the months leading up to his suicide.”

Die volgende is ‘n voorval in Suid-Afrika:

- Bloemfontein, Suid-Afrika, 1986: ‘n Sestienjarige skiet ‘n 18-jarige seun dood. Daar was ‘n lang aanloop tot die skietvoorval aangesien daar geruime tyd voor die voorval ‘n gespanne verhouding tussen die twee seuns was – die oorledene het die jonger, kleiner en sensitiewe seun oor ‘n lang tydperk herhaaldelik verneder en geïntimideer (S v T 1986 (2) SA 112 (0)).

Uit bogenoemde werklike voorvalle, waar treitering gelei het tot die dood van ‘n leerder(s), kan afgelei word dat treitering kan lei tot:

- Selfmoord deur die slagoffer van die treitering (word bespreek onder afdeling 2.8.1.2). Die voorkoms van selfmoord as gevolg van treitering of waar treitering een van die aanleidende oorsake is, is kommerwekkend. Gemiddeld 16 leerders pleeg selfmoord in ‘n jaar in Britse skole as gevolg van treitering (Rassool 2002 : 1). ‘n Studie in Nieu-Seeland toon dat treitering ‘n groot bydraende faktor is tot die land se hoë selfmoordsyfer onder die jeug (Landman 2005 : 2).
- Slagoffers vermoor die boelie(s) uit weerwraak. Slagoffers het soms die begeerte om boelies te beheer of skade aan te doen uit weerwraak. Slagoffers van

treitering tree ook self op indien opvoeders (skole) nie ingryp nie. Spesifieke statistieke is nie beskikbaar nie, maar dit blyk dat dit 'n tendens is wat wêreldwyd voorkom (sien afdeling 2.8.1.2 en Coloroso - 2004 : xvii - xxii).

- Moord of manslag waar die slagoffer sterf. Treitering kan lei tot die dood van die slagoffer waar die boelie die slagoffer vermoor of waar die slagoffer sterf as gevolg van die nalatige onsorgsame optrede van die boelie.

Bogenoemde voorvalle waar die reg op lewe van leerders geskend is, is maar net 'n paar voorbeelde van 'n lang lys wat wêreldwyd voorkom. Die tragiek van die tragiese gebeure is dat dit in die meeste gevalle voorkom kon gewees het, of nie tot so 'n kritieke vlak sou ontwikkel het nie, indien die korrekte intervensie betyds plaasgevind het.

(h) Die reg op onderwys

Opvoedkundige skade of nadeel aan die kant van die slagoffer, is in hierdie studie geïdentifiseer as een van die ernstigste gevolge wat deur treitering veroorsaak word. Opvoedkundige skade, gesien as benadeling van die onderrig-en-leer van die slagoffer, moet in samehang gesien word met die fisiese, emosionele, psigologiese en sosiale gevolge (nadeel) van treitering, wat almal negatief inwerk op die onderrig-en-leer (onderwys) van die slagoffer en dus almal gesamentlik daartoe bydra dat die slagoffer se reg op onderwys geskaad word.

Opvoedkundige skade *per se* as gevolg van treitering, is verreikend, omvangryk en baie ernstig en kan daarom die onderrig-en-leer (onderwys) van die slagoffer erg benadeel of heeltemal vernietig. Opvoedkundige skade word onder afdeling 2.8.1.4 bespreek en kan kortliks as volg opgesom word: Slagoffers van treitering is dikwels bang om skool toe te gaan of weier om skool toe te gaan en ontwikkel 'n skoolfobie. Hulle is dikwels afwesig en onderpresteer, want hulle kan nie konsentreer nie omdat hulle gedurig in 'n toestand van vrees leef. Negatiewe stres lei tot fisiese ongesteldheid wat hulle verhoed om skool toe te gaan. Nagmerries en slapeloosheid lei tot uitputting en werk negatief in op hul skoolwerk. Die emosionele en fisiese uitwerking van treitering veroorsaak dat 'n slagoffer nie die geestelike krag het om op sy studies te fokus en besorgd te wees of hy gaan slaag nie. Dit kan daartoe lei dat 'n slagoffer sy standerd drui. Dit kan ook lei tot

regressie by die slagoffer – die slagoffer beweeg terug ten opsigte van sy ontwikkeling. Slagoffers moet soms hul skoolloopbaan vroeër beëindig, na 'n ander skool gaan of tuisonderrig kry as enigste uitweg om weg te kom van die bron van die treitering, veral ook waar daar nie suksesvolle intervensie van die skool is nie.

(i) Die reg op vryheid van assosiasie

Die meeste bronne verwys na die reg op assosiasie slegs in terme van “georganiseerde verenigings” (De Waal et al. 2001b : 341 - 347; Bray en Coetzee 2001 : 164; Currie en De Waal 2001 : 377 - 378; Devenish 1999 : 61). Een van die respondente het aangedui dat die slagoffer se reg op vryheid van assosiasie ook deur treitering geskend kan word. Hierdie siening van die respondent strook met Rautenbach en Malherbe (2004 : 377) se siening wat aandui dat die reg op vryheid van assosiasie, alle optrede in verband met die aangaan en instandhouding van verbintenisse met ander beskerm. Rautenbach en Malherbe meld spesifiek dat die reg nie slegs optrede in verband met “georganiseerde verenigings” beskerm nie, maar ‘n baie wye veld van menslike gedrag dek.

In die lig van bogenoemde en in terme van die verskillende vorme van treitering (sien afdeling 2.4) kan gesê word dat die reg op vryheid van assosiasie deur sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering geskend word. Sosiale treitering is spesifiek gerig op die beskadiging van die slagoffer se selfbeeld en sosiale status binne die groep of portuurgroep. Verhoudingsgerigte treitering (“relational bullying”) is spesifiek gerig op die beskadiging van ‘n verhouding, ‘n vriendskap of ‘n persoon se lidmaatskap van ‘n groep. Soos gemeld in hoofstuk 2, word sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering nie altyd op sigself as vorme van treitering onderskei nie en word as deel van verbale of psigologiese treitering hanteer. Verdere voorbeelde waar die slagoffer se reg op vryheid van assosiasie in die praktyk deur treitering geskend word, is: ignorering van die slagoffer; uitsluiting van die slagoffer wanneer uitnodigings vir oorslaappartytjies uitgedeel word; uitsluiting van ‘n sitplek in die eetsaal; verwerping van die slagoffer; manipulering van vriendskappe asook uitsluiting van die slagoffer deur middel van negatiewe gerugte ten opsigte van die slagoffer.

#### 5.2.2.2 Litigasie op grond van die skending van fundamentele regte

(a) Jurisdiksie van howe ten opsigte van grondwetlike litigasie

Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in grondwetlike aangeleenthede. Artikel 167(6) van die Grondwet lui as volg:

Nasionale wetgewing of die reëls van die Konstitusionele Hof moet 'n persoon toelaat om, wanneer dit in belang van geregtigheid is en met verloop van die Konstitusionele Hof:

- (a) 'n aangeleentheid regstreeks by die Konstitusionele Hof aanhangig te maak; of
- (b) regstreeks vanaf enige ander hof na die Konstitusionele Hof te appelleer.

Paragraaf (a) van artikel 167(6) handel oor die regstreekse toegang tot die Konstitusionele Hof. Ingevolge die hof se reëls mag regstreekse toegang verleen word by sake waarvoor samelopende jurisdiksie uitgeoefen word en waar die saak sodanig van openbare belang of dringend is, dat direkte toegang in die belang van geregtigheid is. Dit is egter 'n buitengewone prosedure, wat net in die mees uitsonderlike gevalle toegestaan word. Wat paragraaf (b) van artikel 167(6) betref, bereik sake ook die Konstitusionele Hof deur middel van appèl teen die beslissings van 'n Hoë Hof, die Hoogste Hof van Appèl, of 'n ander hof. Sake kan ook die Konstitusionele Hof bereik as bekrachtigingsverrigtinge. Waar 'n Hoë Hof of die Hoogste Hof van Appèl 'n parlementswet, 'n provinsiale wet of optrede van die president ongeldig (dus ongrondwetlik) verklaar het, moet dit deur die Konstitusionele Hof bekrachtig word om regsgeldig te word (Harms en Pillay 2006 : 43).

Grondwetlike litigasie met betrekking tot treitering (waar die slagoffer se regte deur treitering geskend word), sal dus nie regstreeks by die Konstitusionele Hof aanhangig gemaak word nie, maar by 'n bevoegde hof. Volgens Bray (2000b : 36) kan landdroshowe, die Hoë Hof en die Hoë Hof van Appèl ook menseregtedispute bereg ahangende van bevoegdheidsfaktore in terme van Hoofstuk 8 van die Grondwet. Die gelykheids-

howe in terme van die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, kan sekerlik weens die aard van die wet ook bygevoeg word as 'n hof wat jurisdiksie het oor 'n grondwetlike aangeleentheid.

(a) Verskyningsbevoegdheid (*locus standi*)

Artikel 38(a) en (b) van die Handves lui as volg:

Iemand in hierdie artikel genoem, het die reg om 'n bevoegde hof te nader en aan te voer dat daar op 'n reg in die Handves van Regte inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig. Die hof kan gepaste regshulp verleen, met inbegrip van 'n verklaring van regte. Die persone wat 'n hof kan nader, is:

- (a) iemand wat in eie belang optree;
- (b) iemand wat optree namens iemand anders wat nie in eie naam kan optree nie;
- (c) . . . . .
- (d) . . . . .
- (e) . . . . .

In aanvulling tot artikel 38 bepaal artikel 14 van die Children's Act dat 'n kind ('n persoon jonger as 18 jaar) die reg het om 'n saak voor die hof te bring, of om bygestaan te word om 'n saak voor die hof te bring, met dien verstande dat die saak binne die jurisdiksie van die betrokke hof val. (Artikel 14 is een van die artikels van die wet wat sedert 1 Julie 2007 van krag is). Minderjariges kan in die meeste gevalle net met bystand van hul ouers of voogde in die hof verskyn. Daar is slegs 'n paar uitsonderlike gevalle wat nie hier van toepassing is nie waar die minderjarige volle bevoegdheid tot litigasie het (Davel 2000 : 28, 29; Kleyn en Viljoen 2002 : 115). 'n *Infans* kan nie as 'n party in 'n hofsaak optree nie en het dus nie verskyningsbevoegdheid nie. Dit is belangrik om

daarop te let dat meerderjarigheid sedert 1 Julie 2007 in terme van artikel 17 van die Children's Act verlaag is van 21 jaar na 18 jaar.

Die minderjarige slagoffer van treitering ('n kind jonger as 18 jaar) kan dus nie in terme van artikel 38(a) in eie belang optree nie ('n bevoegde hof nader) en aanvoer dat daar op 'n reg in die Handves inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig nie. In terme van artikel 38(b) kan die ouer of voog van die slagoffer wel namens hom optree. Dit is ook belangrik om daarop te let dat in terme van artikel 38 die slagoffer van treitering of sy ouer of voog, 'n bevoegde hof kan nader as sy reg(te) bedreig word – dit hoef nie noodwendig geskend te wees nie. Dit is 'n belangrike bepaling as in ag geneem word hoe belangrik 'n voorkomende benadering ten opsigte van treitering is, veral as gevolg van die ernstige nadeel of skade wat deur treitering veroorsaak word.

Volgens Davel (2000 : 29) is dit belangrik dat die ouer of voog van 'n minderjarige, wat namens hom of haar optree, voldoende kennis moet hê ten opsigte van die saak wat voor die hof gebring word. Die hoë hof kan 'n *curator ad litem* aanstel indien die minderjarige nie 'n ouer of voog het nie of indien die ouer of voog nie gevind kan word nie, of nie bereid is om die minderjarige by te staan nie of indien daar 'n botsing van belange is tussen die minderjarige en sy ouer of voog. Die hof kan selfs in uitsonderlike gevalle verloop gee dat 'n ander persoon (dus nie die ouer, voog of *curator ad litem*) namens die minderjarige optree.

(b) Deliktuele skadevergoeding en grondwetlike skadevergoeding

In terme van *Fose v Minister of Safety and Security* 1997 (7) BCLR 851 (KH) en Bray (2000b : 38), kan grondwetlike remedies die volgende insluit: deliktuele skadevergoeding; interdik; grondwetlike skadevergoeding; 'n *mandamus* (byvoorbeeld om 'n beheerliggaam te verplig om sy statutêre pligte na te kom) en administratiefregtelike remedies (byvoorbeeld geregtelike hersiening deur 'n hof).

Die respondente sonder grondwetlike skadevergoeding en deliktuele skadevergoeding uit as die belangrikste remedies wanneer die slagoffer van treitering se regte geskend word. Twee uiteenlopende standpunte kom tydens die onderhoude na vore ten opsigte



van grondwetlike skadevergoeding en deliktuele skadevergoeding as remedies en kan as volg saamgevat word (word volledig bespreek in afdeling 4.3 en afdeling 4.5.1):

- 'n "Grondwetlike delik" word gewoonlik as 'n delik hanteer en nie as grondwetlike regskenning nie, want die basiese remedie ingevolge die bekende, bestaande deliktereg is voldoende – dus is dit nie nodig om nog ekstra vergoeding vir die grondwetlike regskenning toe te ken nie. Dit is die huidige siening van Suid-Afrikaanse howe.
- Grondwetlike skadevergoeding behoort ook toegeken te word waar daar 'n delik ter sprake is en ook fundamentele regte geskend is. Dus, nie slegs deliktuele skadevergoeding soos dit huidig die geval is nie. Die gemenerereg behoort ontwikkel te word dat daar wel skadevergoeding toegestaan word vir die skending van menseregte.

Van die ergste menseregteskendings kan deur treitering teweeggebring word en kan 'n negatiewe impak hê op die slagoffer se ontwikkeling, lewe, wese, persoon en persoonlikheid, veral waar psigologiese skade ook ter sprake is en permanente letsels gelaat word. Grondwetlike skadevergoeding is gerig op die bevestiging, afdwinging, beskerming en vindikasie van fundamentele regte asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skending van fundamentele regte. In die lig van die ernstige skending van kinders se regte (maar nie noodwendig net ten opsigte van kinders nie) deur treitering (maar nie noodwendig net deur treitering nie) asook in die lig van die doel met grondwetlike skadevergoeding, behoort grondwetlike skadevergoeding as 'n remedie vir skending van fundamentele regte oorweeg te word. De Waal et al. (2001b : 188) stem hiermee saam en stel dit as volg "there is never the less, in our view, room for the development of damages as a remedy for certain violations of fundamental rights." Dit beteken dat die gemenerereg ontwikkel moet word om wel voorsiening te maak vir die toekenning van skadevergoeding vir die skending van fundamentele regte. Die Grondwet maak in artikel 8(3) wel voorsiening vir sodanige ontwikkeling van die gemenerereg en bepaal dat die gemenerereg ontwikkel moet word om gevolg te gee aan die Handves. Artikel 39(2) van die Grondwet bepaal dat sodanige ontwikkeling van die gemenerereg die gees, inhoud en doelstellings van die Handves van Regte moet bevorder. Die feit dat die ontwikkeling van die gemenerereg in terme van die gees, inhoud en doelstellings van die

Handves moet geskied, beklemtoon die feit dat indien grondwetlike skadevergoeding die bevordering en beskerming van menseregte tot gevolg kan hê, dit ernstig oorweeg moet word. Die uitspraak in *K v Minister of Safety and Security* 2005 (6) SA 419 (KH) is 'n sprekende voorbeeld van waar 'n hof (Konstitusionele Hof) die gemenerereg ontwikkel het in terme van die gees, inhoud en doelstellings van die Handves. Die hof het die geëkte gemeenregtelike beginsel ten opsigte van middellike aanspreeklikheid ontwikkel en gewysig om voorsiening te maak vir die unieke situasie met betrekking tot die polisie as werknemers in 'n verkragtingsaak.

### 5.3 WETGEWING

#### 5.3.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Daar word in hierdie afdeling onderskei tussen nie-spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering, en spesifieke treiteringwetgewing. Die doel is om die implikasies van nie-spesifieke wetgewing en spesifieke wetgewing afsonderlik vir die onderwys as geheel te bespreek en te beskryf.

##### 5.3.1.1 Nie-spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering

Alhoewel daar oorvleueling kan wees, word hier onderskei tussen wetgewing wat die onderwys spesifiek bind om treitering te hanteer en te bestuur en algemene wetgewing wat toepassing kan vind met betrekking tot treiteringinsidente asook tydens die bestuur van treitering.

##### (a) Wetgewing wat die onderwys bind om treitering te bestuur en te hanteer

Wetgewing wat die onderwys, onderwysdepartemente en skole spesifiek bind om treitering te bestuur en te hanteer, is reeds in die regsraamwerk (afdeling 3.3) geïdentifiseer. Daar is onderskei tussen algemene nasionale wetgewing, spesifieke onderwyswetgewing en ondergeskikte wetgewing. Die volgende drie fasette van hierdie wetgewing het implikasies vir die onderwys, die onderwys behoort dus daarvan kennis te neem en in ooreenstemming daarmee op te tree: Bo en behalwe die *in loco parentis*-beginsel verplig hierdie wetgewing die onderwys om leerderveiligheid in die algemeen

en treitering in die besonder te bestuur en te hanteer; die spesifiekheid van die wetgewing verhoog die regs aanspreeklikheid van die onderwys en die wetgewing plaas ook 'n regsplig op die onderwys om om te sien na die veiligheid van die leerders.

Potgieter (2004 : 1 – 6) en Beyer (1997 : 1, 2) bevraagteken die huidige status van *in loco parentis* in die opvoeder-leerder-verhouding en sê hierdie verhouding, asook die opvoeder se pligte en verantwoordelikhede, word huidig in 'n groot mate deur wetgewing bepaal en word nie vanaf die ouer na die skool (opvoeder) gedelegeer nie. Hierdie opvoeder-leerder-verhouding word, behalwe deur wetgewing ook gerig deur die Handves van Regte, kinderregte-ooreenkomste en die erkenning van die publiek-regtelike status van die leerder. 'n Mens sou so ver kon gaan en kan sê dat indien die *in loco parentis*-beginsel nie bestaan nie, daar ander regsreëls (onder andere wetgewing) is wat skole ook verplig om treitering te bestuur en die slagoffer van treitering te beskerm. Dié verpligting wat hierdie wetgewing op skole plaas om leerderveiligheid te bestuur, word baie duidelik deur die volgende enkele voorbeelde geïllustreer: Beide die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (sien afdeling 3.3.2.1) en die Skolewet (sien afdeling 3.3.2.2), beklemtoon die beskerming van fundamentele regte. Verskeie fundamentele regte word deur treitering as faset van leerderveiligheid geskend.

Hierdie wetgewing is baie meer spesifiek as die *in loco parentis*-beginsel en skryf spesifieke optrede voor. Die Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners (sien afdeling 5.2.1.6, die beperking van die boelie se reg op privaatheid) skryf byvoorbeeld spesifiek voor hoe deursoeking van 'n leerder (boelie) behoort te geskied. Hierdie spesifiekheid van die wetgewing vergroot die risiko van regs aanspreeklikheid indien daar nie in ooreenstemming met die voorskrifte opgetree word nie. Beckmann en Russo (2003 : 30) stel dit as volg:

Instead of having to fulfill their duty of care like reasonably prudent parents, educators are being expected more and more to become reasonably skillfull implementers of constitutional and legislative provisions. Instead of focusing on their primary task of facilitating learning, educators may have to become nervous observers of a multitude of legal provisions, failing which their risk of liability will increase exponentially. Previously they were merely expected to observe a suitable standard of care and to act within a legal framework painted in broad strokes.

Wetgewing (statutêre reg) kan deel wees van die omringende omstandighede wat kan dui op 'n regsplig om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom. 'n Wet kan dus 'n regsplig op iemand lê om positief op te tree (Snyman 1999 : 51 - 61; Neethling et al. 2006 : 52 - 55).

'n Persoon – so ook 'n opvoeder – is nie normaalweg aanspreeklik waar hy weens sy late of *omissio* (sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom) skade tot 'n ander persoon toevoeg nie. Indien daar egter op die dader of opvoeder 'n regsplig gerus het om positief op te tree (met ander woorde om op te tree om die skade te verhoed) en hy nagelaat het om die regsplig na te kom, kan hy aanspreeklik wees (Neethling et al. 2006 : 54).

Hierdie wetgewing wat as deel van die regsraamwerk geïdentifiseer is en wat skole bind om treitering te hanteer en te bestuur, plaas 'n regsplig op die onderwysdepartement, skole en opvoeders om skade wat die gevolg is van treitering te voorkom. Volgens Neethling et al. (2006 : 63) word statutêre voorskrifte veral in ag geneem om te bepaal of daar 'n regsplig op owerheidsinstellings (byvoorbeeld die onderwysdepartement) of staatsinstellings (byvoorbeeld openbare skole) rus om skade te voorkom. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid wat bepaal dat die nasionale onderwysminister beleid ten opsigte van leerdereiligheid moet uitvaardig, plaas 'n regsplig op die onderwys vir die daarstelling van 'n leerdereiligheidsbeleid asook op die skole om sodanige beleid te implementeer en sodoende skade wat die gevolg van treitering kan wees te voorkom. In terme van die Wet op Kindersorg kan 'n opvoeder aan 'n misdryf skuldig wees indien hy nie mishandeling van leerders rapporteer nie. Treitering kan in sommige gevalle as mishandeling kwalifiseer. Neethling et al. (2006 : 63) meld dat 'n statutêre bepaling nie noodwendig op sigself voldoende is om die bestaan van 'n deliktuele regsplig te verseker nie, dit word gewoonlik in wisselwerking met ander oorwegings as faktor oorweeg om te bepaal of daar wel 'n regsplig bestaan het. Indien 'n statutêre bepaling van toepassing gemaak word op 'n skoolsituasie waar 'n opvoeder versuim het om op te tree teen treitering, is daar ander faktore wat saam met wetgewing in ag geneem kan word om te bepaal of daar wel 'n regsplig bestaan. Sien 4.5.3.1 vir ander faktore buiten wetgewing wat deur die respondente geïdentifiseer is.

(b) Algemene wetgewing wat toepassing kan vind ten opsigte van treitering

Hierdie wetgewing kan omskryf word as enige algemene wetgewing wat toepassing kan vind met betrekking tot treitering en word onderskei van wetgewing wat skole spesifiek bind om treitering te bestuur in die sin dat hierdie wetgewing skole nie bind of verplig om treitering te bestuur nie, maar wel toepassing kan vind met betrekking tot treitering-insidente asook tydens die bestuur van treitering. Watter spesifieke wet (wette) toepassing vind, sal afhang van die spesifieke situasie en die feite van die saak. Die moontlikhede is dus legio en slegs twee voorbeelde word vermeld, met die doel om te illustreer hoe hierdie wetgewing toepassing kan vind met betrekking tot treitering:

- Wet op Intimidasie 71 van 1982

Baie vorme van treitering is vorme van intimidasie wat 'n misdaad in die Suid-Afrikaanse reg is. Volgens Snyman (1999 : 456) is dit algemeen bekend dat intimidasie op groot skaal in Suid-Afrika plaasvind. Vervolgings weens hierdie misdaad is relatief min. Een van die redes hiervoor is dat mense wat geïntimideer is, juis weens die intimidasie bang is om na vore te kom en 'n klag te lê en in 'n hof te getuig. Dit is juis ook die geval met die slagoffer van treitering, wat bang is om treitering te rapporteer, juis ook omdat die slagoffer soms geïntimideer word.

- Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000

Hierdie wet vind veral toepassing by die skending van die reg op gelykheid en is reeds bespreek onder afdeling 5.2.2.1 – wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word. Sien ook 4.2 vir bespreking van dié wet tydens die onderhoude.

Skole en opvoeders moet ingelig wees ten opsigte van die implikasies van bogenoemde nie-spesifieke wetgewing. Die doel is nie om regsgeleerdes of regspraktisyns van opvoeders te maak nie. Basiese kennis van hierdie wetgewing kan egter 'n bydrae maak dat opvoeders nie leerders se regte skend nie, maar leerders se regte beskerm en bevorder en die erns van die treiteringinsident besef en die kanse van litigasie asook die moontlikheid van aanspreeklikheid verminder. Dit is die onderwysdepartement se verantwoordelikheid om opvoeders tydens effektiewe werksinkels op te lei met betrekking



tot nie-spesifieke wetgewing en die basiese interpretasie van die wetgewing. Opleiding in hierdie wetgewing behoort ook deel te vorm van die vak onderwysreg wat deel behoort te wees van enige opvoeder se professionele opleiding. Hierdie opleiding in die uitleg en toepassing van wetgewing met betrekking tot treitering, moet gesien word teen die agtergrond dat opvoeders in Suid-Afrika onverskillig staan teenoor treitering en dat die omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole hoog is. Aangesien die onderwysdepartement nog nie opvoeders op groot skaal intensief opgelei het ten opsigte van treitering en regsaspekte van treitering nie, kan die afleiding gemaak word dat opvoeders tans oor gebrekkige kennis daaromtrent beskik.

### 5.3.1.2 Spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering

Suid-Afrika beskik nie oor spesifieke treiteringwetgewing nie. In die bevindinge is veral klem gelê op die feit dat wetgewing nie verorden moet word om treitering te kriminaliseer nie. Dit blyk ook duidelik uit die bevindinge dat spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering nie slegs te doen het met die kriminalisering van treitering nie, maar ook ten doel kan hê om treiteringbeleid af te dwing. Die wenslikheid van kriminalisering van treitering asook die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing – wat treiteringbeleid in skole afdwing – word in afdeling 5.3.2 (toevoeging van kennis tot die onderwysreg) bespreek.

Op grond van wat in hierdie navorsing bevind is, is dit kommerwekkend dat daar nog nie van owerheidsweë 'n omvattende strategie teen treitering in Suid-Afrika geïmplementeer is nie. In hierdie afdeling word 'n ondersoek gedoen ten opsigte van die wenslikheid van treiteringwetgewing wat treiteringbeleid in skole afdwing en daar word tot 'n gevolgtrekking gekom. Op grond van die gevolgtrekking word aanbevelings (optrede deur die onderwys), spesifiek vir die Suid-Afrikaanse situasie gemaak.

'n Aanbeveling of wetgewing wat treiteringbeleid afdwing in Suid-Afrika oorweeg moet word, al dan nie, moet gesien word teen die agtergrond van die omringende omstandighede met betrekking tot treitering in Suid-Afrika. Opsommend, gebaseer op die navorsing in hierdie studie, kan die omringende omstandighede in Suid-Afrika as volg saamgevat word. (Sien afdeling 2.9 “Treitering binne die Suid-Afrikaanse konteks”):

- Kennis ten opsigte van treitering is uiters skraal en karig. Daar is weinig navorsing oor die onderwerp gedoen en onderwysdepartemente asook die meeste skole is oningelig oor die ernstige skade wat die gevolg is van treitering.
- Daar bestaan 'n houding van onverskilligheid teenoor treitering in die meerderheid skole. Weens die min of geen kennis het opvoeders nie insig in die probleem nie, veral ook nie ten opsigte van subtiele vorme van treitering nie. Die nodige empatie jeens die verskynsel (veral teenoor die slagoffer) bestaan byna nie. Treitering word steeds nog gesien as deel van grootword. Treitering word nie beskou as 'n handeling wat veroordeel of afgekeur moet word nie.
- Die omvang van treitering in Suid-Afrika, soos blyk uit die navorsing wat reeds gedoen is, is kommerwekkend en korreleer met navorsing wat wêreldwyd gedoen is (sien afdeling 2.7.1). Daar moet ook in ag geneem word dat treitering in 'n groot mate onderrapporteer word (sien afdeling 2.7.2).
- Die vlakke van geweld in Suid-Afrika asook in Suid-Afrikaanse skole is hoog. Kinders wat grootword in 'n gemeenskap waar geweld algemeen voorkom, waar hulle blootgestel word aan aggressiewe gedrag en misbruik van mag, leer om geskille te besleg deur gebruik te maak van gewelddadige en aggressiewe metodes.
- Rassisme kan manifesteer as fisiese en psigologiese treitering. As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsverlede was en is rassisme ingebed in die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit het daartoe gelei dat rasgedrewe treitering toegeneem het in die Suid-Afrikaanse skole sedert integrasie by skole plaasgevind het.
- Outoritêre skoolkulture is moontlik nog deel van Suid-Afrika se onderwysbestel. 'n Outoritêre skoolkultuur bevorder treitering en huisves nie waardes soos omgee, respek, samewerking, kollegialiteit, insluiting en deelname nie. Dis byna onmoontlik om treitering in 'n outoritêre skoolkultuur te bekamp. 'n Outoritêre skoolkultuur bevorder ook geslagsgeweld waar die man (seun) domineer en daar 'n wanbalans in mag is tussen die man (seun) en die vrou (dogter). Geslagsgeweld is 'n vorm van seksisme wat wêreldwyd voorkom en wat treitering en



seksuele misbruik insluit. In die lig van bogenoemde is dit moontlik dat geslagsgeweld in Suid-Afrikaanse skole voorkom en sluit die volgende in: aanranding; gedwonge seks; verkragting; betasting; onweloweglike taal; vernedering en aanbied van geskenke en gunste in ruil vir seks. (Sien navorsing oor outoritêre skoolkulture en geslagsgeweld deur Leach, MacDonald en Swart, Kamupingene en Tafa op bladsy 102 asook navorsing deur Leach en Fineran et al. op bladsye 77 tot 78).

- Suid-Afrika is 'n nuwe demokrasie met 'n nuwe Handves van Regte. Dit bestaan egter in 'n groot mate slegs op papier, want 'n menseregte-kultuur is nog nie in Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse skole gevestig nie. Treitering het ernstige skending van kinderregte tot gevolg wat in stryd is met ons Grondwet wat gebaseer is op die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die onderwys (skole) behoort juis instrumenteel te wees in die vestiging van 'n menseregte-kultuur.

Die Suid-Afrikaanse situasie wat hierbo beskryf is, kan 'n uitstekende teelaarde bied vir treitering om te floreer. Treitering is wêreldwyd een van die grootste probleme in skole, dit lei tot ernstige skending van kinderregte en kan ook lei tot ernstige nadeel en skade vir die slagoffer asook vir boelies en omstanders. Verskeie lande het, as gevolg van die erns waarmee treitering bejeën moet word, tot die gevolgtrekking gekom en besef dat skole van owerheidsweë verplig moet word (ook deur middel van wetgewing) om treiteringbeleide te implementeer. Soos reeds gemeld, is dit dus kommerwekkend dat daar nog nie van owerheidsweë 'n strategie teen treitering in Suid-Afrika geïmplementeer is nie. In die lig van wat in hierdie navorsing bevind is, en in die lig van die Suid-Afrikaanse situasie, word die volgende aanbevelings spesifiek vir die Suid-Afrikaanse situasie gemaak:

- **'n Nasionale opname** wat die aard en die omvang van treitering in Suid-Afrika sal bepaal is 'n noodsaaklike eerste stap voordat wetgewing uitgevaardig word, die inhoud van beleid bepaal word en op die tipes voorkomingsprogramme en intervensie-programme besluit word. Die logistieke reëlins en die rol van provinsiale onderwysdepartemente, distrikte en skole sal deur die rolspelers bepaal word.





- **Die uitvaardiging van regulasies in terme van die Skolewet** wat die krag van wetgewing dra en wat aan provinsiale onderwysdepartemente en skole voorskryf hoe treitering in skole bestuur moet word en wat die implementering van 'n beleid voorskryf.
- **Voorkomingstrategieë en intervensiestrategieë** moet deel vorm van skole se treiteringbeleid. Daar is 'n geweldige voorraad data beskikbaar ten opsigte van voorkomingstrategieë en intervensiestrategieë waaruit beleidmakers, skole en beheerliggame kan put. In afdeling 5.3.2.2(c) word voorbeelde van voorkomingsprogramme en intervensieprogramme aangedui. Kernelemente van 'n beleid wat deur wetgewing aangedui kan word, word ook in afdeling 5.3.2.2(c) aangetoon.
- **Die begroting, hulpbronne beskikbaar asook die aard en omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole** sal bepalend wees ten opsigte van die omvang en inhoud van die beleid. Provinsies en skole kan nie verplig word om programme en strategieë te implementeer as befondsing daarvoor nie beskikbaar is nie.
- **Die verskaffing van modelbeleide** aan skole is uiters belangrik in die Suid-Afrikaanse situasie as gevolg van die feit dat weinig navorsing oor treitering in Suid-Afrika gedoen is en die kennis van beheerliggame, skole en opvoeders met betrekking tot treitering uiters karig is. Die nadeel van modelbeleide is dat rolspelers op grondvlak nie betrek word nie, maar dit kan in 'n mate voorkom word deur middel van 'n hele-skool-benadering ("whole school approach") met betrekking tot die implementering van die beleid. Die beleid moet ook maatreëls bevat om kubertreitering deur middel van selfone en rekenaars sover as moontlik te beperk aangesien kubertreitering, soos meer leerders tot die fasiliteite toegang het, toeneem.
- **Opleiding van beheerliggame en opvoeders** is onontbeerlik as gevolg van die weinige kennis in verband met treitering waarvoor beheerliggame en opvoeders beskik, asook die onverskillige houding jeens treitering. Opleiding behoort die volgende in te sluit: kennis van die fenomeen "treitering"; kennis van die regsimplikasies van treitering; herkenning van treitering (veral die meer subtiele



forme) asook kennis van die implementering van die beleid, wat ook die hantering van en hulpverlening aan die slagoffer (ook die beskerming van die slagoffer) en boelie insluit.

- **Regsdefinisie:** Dit is belangrik dat saam met die wetgewing of regulasies ook 'n regsdefinisie van treitering saamgestel word – dus, 'n omskrywing van die gedrag wat deur die wetgewing of beleid verbied word. Die definisie kan ook 'n lys van handelingte wees wat treitering insluit en wat dit makliker maak vir die opvoeders of leke om te verstaan. Dit moet ook subtiele vorme van treitering insluit. Soos reeds aangedui, moet treitering nie gelykgestel word met verwante begrippe soos teistering en intimidasie nie – die uniekheid van treitering moet in die definisie na vore kom. (Sien bladsye 38 en 39).
- **'n Beleid vir kubertreitering** (rekenaar en selfone) moet ook ingestel word. Strategieë moet ingestel word om gebruikmaking van kubertreitering tot die absolute minimum te beperk.
- **Skoolkultuur (etos):** Die outoritêre skoolkulture moet omskep word in skoolkulture waar waardes soos respek, omgee, samewerking en insluiting op 'n natuurlike wyse deel vorm van die optrede van personeel en leerders. Dit beteken dat 'n menseregtekultuur en 'n waardesisteem ingebed moet wees in die skoolkultuur. Dit is geen maklike taak nie, maar 'n begin moet gemaak word aangesien treitering lei tot van die ernstigste skending van kinderegte. Wat treitering betref, is die belangrikste waarde of fundamentele reg wat uitgeleef moet word respek, dus erkenning van die ander persoon se menswaardigheid. Die boelie het nie respek vir die slagoffer nie en erken nie sy menswaardigheid nie. Die Manifesto on Values, Education and Democracy kan hier 'n belangrike rol speel (Minister of Education 2001).
- **Evaluering van die treiteringbeleid** – Die effektiwiteit van die beleid moet geëvalueer word, aangepas word en waar nodig verbeter word. Die evaluering moet op skoolvlak geskied, byvoorbeeld deur middel van 'n vraelys. Die inligting moet op provinsiale en nasionale vlak geëvalueer word sodat aanpassings ook vanaf daardie vlak gemaak kan word byvoorbeeld die landswye implementering

van karakteronderwys. Evaluering van inligting moet ook in elke skool geskied sodat aanpassings per skool gemaak word soos nodig, byvoorbeeld beter toesig in die toilette, gegrond op die inligting deur die vraelys verskaf.

- **Toesig en beheer** moet in elke provinsie geskied. Beampies van die distrikskantore of streekkantore kan 'n belangrike rol hier speel om te verseker dat die beleid doeltreffend geïmplementeer en in stand gehou word.
- **Korrelasie met die skool se gedragskode** – Die treiteringbeleid moet in korrelasie met die skool se gedragskode vir leerders toegepas word. In 'n spesifieke skool kan dit as addendum tot die gedragskode vir leerders toegevoeg word.

### 5.3.2 Toevoeging van kennis tot die onderwysreg

Die volgende twee aspekte word in hierdie afdeling bespreek:

- Treitering en kriminalisering asook die redes waarom treitering nie gekriminaliseer behoort te word nie.
- Die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur moet word.

#### 5.3.2.1 Treitering en kriminalisering

In die Suid-Afrikaanse reg word daar 'n onderskeid gemaak tussen gemeenregtelike misdade en statutêre misdade. Gemeenregtelike misdade word as misdade in die Suid-Afrikaanse strafreg beskou op grond van die feit dat hierdie misdade oorgedra is uit die bronne van die Suid-Afrikaanse gemene reg. In die historiese verlede kon regters gemeenregtelike misdade skep bloot deur dit aan te kondig. Dit is nie meer die geval nie, en die enigste manier om 'n nuwe misdaad te skep is deur middel van wetgewing wat gemaak word deur die wetgewer (Burchell en Milton 1991 : 32, 33). Indien treitering dus gekriminaliseer moet word, is die enigste manier deur middel van wetgewing, dus 'n statutêre (wetteregtelike) misdaad sal geskep moet word. Die konteks (betekenis)

waarin die begrip “kriminalisering” hier gebruik word is in die sin dat ‘n misdaad (statutêre misdaad) geskep word deur middel van wetgewing.

Die oorwoë mening van die respondente is dat kriminalisering van treitering nie oorweeg moet word nie. Daar moet saamgestem word met die respondente dat treitering nie ‘n handeling is wat gekriminaliseer moet word nie en wel om die volgende redes:

(a) Treitering is nie ‘n regsbegrip nie

Die belangrikste rede is dat treitering nie ‘n regsbegrip is nie en alhoewel sommige vorme van treitering as misdade kwalifiseer, is daar baie vorme van treitering wat nie misdade is nie. Die feit dat treitering *per se* nie ‘n regsbegrip is nie word bevestig in die bevindinge asook deur Furniss (2000 : 18) en Lawson (1994 : 87). Treitering is eerder ‘n psigologiese begrip in die sin dat die faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word, dikwels psigologies gemotiveer word. Enkele voorbeelde is: die aggressiewe boelie se behoefte aan mag; die angstige boelie se negatiewe selfbeeld; die passiewe boelie se onsekerheid asook ouerhuise waar daar min liefde, empatie en ondersteuning is, kweek boelies (sien afdeling 2.5.1 – Tipes boelies en afdeling 2.6 – Faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word, waaruit die psigologiese sy van treitering duidelik blyk). Alhoewel treitering nie ‘n regsbegrip is nie is dit duidelik (ook uit hierdie navorsing) dat treitering beslis belangrike regsgevolge kan hê.

(b) Nie alle vorme van treitering kwalifiseer as ‘n misdaad nie

Belangrik is ook die feit dat daar baie vorme van treitering is wat beslis nie as ‘n misdaad kan kwalifiseer nie (Sien afdeling 2.4 – Vorme van treitering en afdeling 5.5 – Die strafreg). Kriminalisering van die begrip “treitering” sal dus lei tot ‘n diskrepansie aangesien baie vorme van treitering uitgesluit sal wees.

(c) Die strafreg het ‘n goeie respons ten opsigte van treitering

Die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering is baie goed, dit word bevestig deur die misdade, wat deur die respondente in hoofstuk 4, en deur die navorser

in hoofstuk 5 geïdentifiseer is en waaronder baie vorme van treitering tui behoort. Dit word volledig bespreek in afdeling 5.5.2.1.

(d) Oorkriminalisering

Daar moet gewaak word teen oorkriminalisering, met ander woorde om 'n statutêre misdaad te skep wanneer daar nie 'n behoefte daarna is nie. Volgens Burchell en Milton (1991 : 37) moet 'n nadelige handeling nie gekriminaliseer word as daar redelike alternatiewe bestaan waarmee die nadelige gedrag hanteer kan word nie. Daar is reeds gemeld dat die Suid-Afrikaanse strafreg 'n goeie regsrespons het ten opsigte van nadelige of skadelike treiteringgedrag. Ander remedies is byvoorbeeld die deliktereg, grondwetlike remedies, gelykheidshoue vir treitering wat manifesteer as diskriminasie, en deur gebruik te maak van die skool se dissiplinêre proses. Die rol wat sielkundige dienste (terapie en berading) kan speel, veral met betrekking tot sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering – maar ook ten opsigte van ander vorme van treitering – kan ook as remedies beskou word. Daar bestaan dus redelike alternatiewe remedies wat ingespan kan word teen skadelike treiteringgedrag, wat ook bevestig word deur die respondente.

5.3.2.2 Die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing wat beleid afdwing

In afdeling 5.3.1.2 is reeds vermeld dat spesifieke treiteringwetgewing daarop ingestel kan wees om treiteringbeleid in skole af te dwing. In dié afdeling is die wenslikheid van wetgewing, wat treiteringbeleid in skole afdwing, ondersoek en daar is aanbeveel dat sulke wetgewing in Suid-Afrika oorweeg moet word. Daar is ook aanbevelings gemaak van hoe te werk gegaan behoort te word indien sulke wetgewing in Suid-Afrika oorweeg word en ingestel word. Die doel van hierdie afdeling is om die doel, problematiek en inhoud van sulke spesifieke treiteringwetgewing, wat beleid in skole afdwing, te bespreek.

(a) Doel van die wetgewing

Die doel van hierdie wetgewing is gewortel (het as vertrekpunt) in die gevolge van treite-

ring of meer spesifiek in die ernstige skade of nadeel wat treitering tot gevolg het. Hierdie gevolge en skade is volledig bespreek in hoofstuk 2, afdeling 2.8, maar kan kortliks as volg saamgevat word:

Sedert navorsing met betrekking tot treitering in 1978 begin het, is herhaaldelik aange-  
toon dat treitering een van die ernstigste en skadelikste probleme in skole is wat wêreld-  
wyd voorkom. Alhoewel navorsing in Suid-Afrika aangaande die omvang van treitering  
uiters skraal is, dui statistiek wat wel beskikbaar is daarop dat treitering ook in Suid-  
Afrikaanse skole 'n ernstige probleem is (sien afdeling 2.7 wat handel oor die frekwensie  
van treitering). Slagoffers van treitering word dikwels agtergelaat met ernstige en  
lewenslange probleme, boelies het 'n groter kans om in hul latere lewe by misdaad  
betrokke te raak. Treitering het ook nadelige gevolge vir die omstanders, die skool-  
omgewing en die skoolkultuur. Die slagoffer is egter die rolspeler wat die meeste ly.  
Skade vir die slagoffer is in afdeling 2.8 onderverdeel in fisiese skade, psigologiese  
(emosionele) skade, sosiale skade en opvoedkundige skade.

Wetgewing wat skole dwing om treitering volgens sekere riglyne, en selfs voorskrifte, te  
bestuur en te hanteer, kan deur regerings oorweeg word en geïmplementeer word om  
die erns waarmee treitering benader moet word te beklemtoon en te poog om die nadeel  
en skade te beperk (Limber en Small 2003 : 445 - 455; Dessoiff 2004 : 1; Ferrell-Smith  
2004 : 1 - 3; Mawdsley 2005 : 1 - 4). Die rasionaal of motivering vir sulke wetgewing is  
geleë in die feit dat alle moontlikhede en metodes ondersoek en aangewend moet word  
in 'n poging om treitering te beheer, te hanteer, te beperk en sover as moontlik uit te  
roei. Wetgewing is afdwingbaar en 'n beleid wat deur wetgewing afgedwing word, dra  
meer gewig en verhoog aanspreeklikheid indien dit nie nagekom word nie.

(b) Problematiek van die wetgewing

Kennis van die problematiek rondom hierdie wetgewing is noodsaaklik en moet in aan-  
merking geneem word wanneer 'n wetgewer die inhoud van hierdie wetgewing oorweeg.  
Die essensie van die problematiek van hierdie wetgewing, kan kortliks as volg opgesom  
word (Stein 2003 : 789; Mawdsley 2005 : 6 - 9; Barton 2003 : 121, 122; Yell en Rozalski  
2000 : 1 - 17):



- Hierdie wetgewing fokus soms nie sterk genoeg op primêre voorkoming nie, met ander woorde skryf nie proaktiewe anti-treiteringstappe of anti-treiteringstrategieë voor wat die risiko van treitering verminder nie en leerders opvoed om nie by treitering betrokke te raak nie.
- Hierdie wetgewing is dikwels gegrond op die aanname dat alle vorme van treitering maklik waarneembaar is en dat die treitering slegs aangemeld moet word en daarvandaan hanteer moet word. Dit verontagsaam subtiele, psigologiese vorme van treitering.
- Volgens Barton (2003 : 121, 122) glo kritici van karakteropvoeding (as deel van die skoolkurrikulum) dit is die ouers se plig om 'n positiewe waardesisteem by hul kinders vas te lê en hul kinders te leer om ander te respekteer. Die kritici is dus teen wetgewing wat karakteronderwys voorskryf.
- Die wetgewing se toon en benadering is dikwels bestraffend van aard. Indien die toon of die aard van die wetgewing eerder voorskriftelik is, sal die wetgewing beter aanvaarbaar wees.
- Kritici van die wetgewing glo dat wetgewing wat daartoe lei dat verbale treitering beperk word daartoe kan lei dat die boelie se reg op vryheid van spraak geskend word.
- Kritiek teen 'n beleid van geenverdraagsaamheid (met betrekking tot treitering) is onder andere die volgende: dit fokus slegs op die dissiplinêre optrede teenoor die boelie en geensins op voorkoming nie; leerders word dikwels geskors of uit die skool gesit vir minder ernstige oortredings; die leerder se reg tot prosedureel billike optrede kan deur 'n geenverdraagsaamheidsbeleid geskaad word en dit is in stryd met die beginsel van demokrasie.
- Die teendeel van 'n geenverdraagsaamheidsbeleid teenoor treitering, is dat opvoeders dikwels in 'n poging om treitering te identifiseer, kriminele handelinge (byvoorbeeld aanranding) bloot as minder ernstige treitering "versag" en dien-ooreenkomstig hanteer.



- Wetgewing en beleid wat té voorskriftelik is, kan opvoeders se diskresie beperk en hulle nie die geleentheid gun om op te tree in ooreenstemming met 'n spesifieke situasie nie.
- Hierdie wetgewing maak dikwels nie voorsiening vir maatreëls om te evalueer of te monitor of skole optree in ooreenstemming met die voorskrifte van die wetgewing nie. Indien daar nie 'n sisteem in plek is wat skole aanspreeklik hou vir implementering van die wetgewing nie, kan die wetgewing misluk.

(c) Die inhoud van die wetgewing

Die inhoud van wetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur behoort te word, sal beïnvloed word deur spesifieke omstandighede, spesifieke behoeftes asook die finansiële begroting. Wetgewers skryf gewoonlik voor dat elke skool oor 'n treiteringbeleid moet beskik en skryf ook die kernelemente van die treiteringbeleid voor. Die volgende is kernelemente wat deel kan vorm van die treiteringbeleid met die doel om skole te verplig om treitering volgens spesifieke voorskrifte te bestuur (Ferrell-Smith 2004 : 8; Limber en Small 2003 : 445 - 455; General Assembly Missouri 2006a : 1 - 3; General Assembly, Missouri 2006b : 1 - 10; General Assembly Connecticut 2002 : 1 - 3; Senate and General Assembly, New Jersey 2002 : 1 - 4; Legislature, Washington 2003 : 1 - 3; Senate and House of Representatives, Oklahoma 2002 : 1 - 4; Smith et al. 2003 : 1 - 6; O'Moore 2000 : 105 - 109; Smith et al. 2003 : 87; Allen 2006 : 2 - 12; McCarthy en Carr 2002 : 206 - 220; Birmingham City Council 2005, Section 1: 10 - 16; Barton 2003 : 37 - 106; Hoover en Oliver 1996 : 15 - 89; Roberts 2006 : 65 - 160; Coloroso 2004 : 148 - 189):

- **Verklaring:** Die wetgewing moet onomwonde verklaar dat alle vorme van treitering verbied word op die skoolterrein, op die skoolbus, op ander skoolvervoer of tydens enige skoolgesanksioneerde aktiwiteit.
- **Definisie van treitering:** Die treiteringgedrag wat verbied word, moet in die beleid omskryf word. Subtiele vorme van treitering moet ook in die definisie vermeld word en nie net die maklik waarneembare vorme van treitering nie. Treitering moet nie gelykgestel word met verwante begrippe soos teistering en





intimidasie nie – die uniekheid van treitering moet in die definisie na vore kom (sien hoofstuk 2, afdeling 2.2, waar treitering onderskei word van ander verwante begrippe).

- **Treiteringprogramme:** Die implementering van die volgende programme kan deur die beleid voorgeskryf word: **herkenningsprogramme; voorkomingsprogramme en intervensieprogramme.** Die doel van **herkenningsprogramme** is om opvoeders op te lei om in staat te wees om die verskillende vorme van treitering te identifiseer. **Voorkomingsprogramme** het ten doel om anti-treiteringstappe en anti-treiteringstrategieë te implementeer wat die risiko verminder en leerders opvoed om nie by treitering betrokke te raak nie. Beleid moet dus nie slegs fokus op die hantering van treitering wat alreeds plaasgevind het nie – beleid moet dus ook pro-aktief georiënteerd wees. Aangesien voorkomingsprogramme voorkomend van aard is, sal dit ook treitering wat alreeds aanwesig is, beheer en bekamp. Voorbeelde van voorkomingsprogramme, voorkomingstrategieë en aksies wat spesifiek ten doel het om leerders op te voed om nie by treitering betrokke te raak nie en om treitering wat reeds aanwesig is te bekamp, is: karakteropvoeding; die aanleer van positiewe waardes; afleer van anti-sosiale gedrag; kurrikulumgebaseerde werk met betrekking tot treitering; voorbereiding van leerders om verhoudings konstruktief en selfgeldend te bestuur; voorligting aan leerders, die portuurgroep, ouers en die gemeenskap ten opsigte van wat treitering en die gevolge daarvan behels; die opleiding van omstanders om treitering af te keur; verbetering van die skoolklimaat; die skepping van 'n positiewe en vriendelike skoolomgewing; die daarstelling van 'n ordelike skoolomgewing; gepaste skoolreëls en klaskamerreëls teen treitering; opleiding van personeel ten opsigte van verskillende fasette van treitering; goeie toesighouding; opleiding van leerders in selfgeldig ("assertiveness training") en konflikthantering; oriëntering van personeel ten opsigte van die beleid; die nastreef van positiewe opvoeder-leerder-verhoudings; opleiding in sosiale vaardighede en vaardighede om aggressie te beheer asook strategieë om leerders se selfgating te verhoog. **Intervensieprogramme** kan eerstens omskryf word as ingrype in, of aanpassings aan, die huidige situasie of beleid met die doel om treitering meer doeltreffend te hanteer en te beheer, byvoorbeeld om die toesig in sekere dele van die skoolgeboue te verskerp nadat 'n opname die



probleem uitgewys het. Tweedens moet skole optree wanneer treiteringinsidente plaasvind – die insident moet ondersoek word en daar moet op spesifieke wyses met die boelie en die slagoffer gehandel word. Voorbeelde van intervensie-programme, intervensie-strategieë en aksies is: ondersoek die insident en pas die geskikte remedie toe; betrek die boelie by konstruktiewe en ondersteunende interaksies; betrek die slagoffer by konstruktiewe en ondersteunende interaksies; beveilig die slagoffer; opnames met betrekking tot die aard, omvang en lokalisering van treitering in 'n skool; die implementering van nuwe beleid of aanpassing van bestaande beleid; mediasie; opleiding van mede-leerders in voorligtingsvaardighede; treiteringhowe; rapportering van treiteringgedrag deur gebruik te maak van 'n telefoondiens (“hotlines”) of houers vir skriftelike aanmelding; tydelike veiligheidskameras; tegnieke om ouers en voogde te betrek; verwysing na sielkundige dienste en psigiatrisse dienste en die ontwikkeling van 'n duidelike hiërargie van sanksies waarvan leerders bewus is.

- **Sanksies:** 'n Beskrywing van die reeks gevolge (sanksies) en toepaslike remediërende aksies vir die boelie asook vir 'n personeellid wat versuim om die treitering te rapporteer.
- **Rapportering:** Rapportering sluit onder andere die volgende in: 'n prosedure om treitering te rapporteer wat insluit dat die rapportering naamloos kan geskied, maar dat die naamlose rapportering nie die enigste basis sal wees waarop dissiplinêre optrede gebaseer sal word nie; 'n vereiste dat skoolpersoneel treiteringinsidente wat reeds verbied is, sal rapporteer selfs al het hulle dit reeds hanteer; 'n prosedure wat gevolg sal word nadat 'n treiteringinsident gerapporteer is; 'n verklaring wat weerwraak of vergelding teenoor 'n persoon wat treitering rapporteer, verbied, asook die gevolge vir en toepaslike remediërende aksie ten opsigte van die persoon wat hom daaraan skuldig maak; 'n beskrywing van die verskillende wyses waarop 'n skool sal reageer op 'n treiteringinsident wat gerapporteer is asook 'n prosedure om treitering wat gerapporteer is te dokumenteer.
- **Gedrag wat verwag word:** 'n Beskrywing van die tipe gedrag wat van elke leerder verwag word.



- **Ondersoek:** Die prosedure vir onmiddellike ondersoek van verslae aangaande oortredings en klagtes asook die aanwys van die skoolhoof of sy gedelegeerde, as dié persoon verantwoordelik vir die ondersoek.
- **Kommunikasie met ouers van boelie:** 'n Vereiste dat die ouers of voogde van die boelie in kennis gestel word.
- **Beskerming van die slagoffer:** Om die slagoffer te beskerm teen verdere treitering.
- **Intervensie ten opsigte van die slagoffer:** 'n Prosedure om berading en voorligting te voorsien aan die slagoffer.
- **Intervensie ten opsigte van die boelie:** Die dissiplinêre prosedure of voorligtingsprosedure wat gevolg sal word ten opsigte van die boelie.
- **Vertroulikheid van inligting:** 'n Vereiste dat enige inligting verwant aan 'n gerapporteerde insident as konfidensieel beskou word.
- **Bekendstelling van die beleid:** 'n Verklaring van hoe die beleid bekend gestel sal word wat ook insluit dat die beleid geldig is tydens skoolgesanksioneerde aktiwiteite.

## 5.4 DIE DELIKTEREG

### 5.4.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Uit die bevindinge in hoofstuk 4 is dit duidelik dat beide die boelie en die opvoeder deliktueel aanspreeklik kan wees – weens treitering wat in die skoolsituasie plaasvind – en kan kortliks as volg opgesom word:

- Die toerekeningsvatbare boelie kan deliktueel aanspreeklik wees as hy as gevolg van treitering opsetlik skade toevoeg tot die slagoffer. Alhoewel dit nie uit die bevindinge blyk nie, kan nalatige optrede deur die boelie ook lei tot deliktuele



aanspreeklikheid. Die ouer van die boelie wat bewus is van sy kind se treiteringgedrag en niks doen nie, kan deliktueel aanspreeklik gehou word weens 'n late.

- Die opvoeder kan opsetlik skade toevoeg tot die slagoffer indien die opvoeder opsetlik versuim om die treitering stop te sit omdat hy byvoorbeeld 'n perverse behae put uit die treitering, of nie van die slagoffer hou nie.
- Indien die opvoeder se onsoorgsame, onversigtige en onsoorgvuldige optrede die oorsaak is dat die slagoffer skade toegevoeg word, kan die opvoeder ook weens nalatigheid deliktueel aanspreeklik wees.

As gevolg van die feit dat die onderwysdepartement middellik aanspreeklik kan wees vir onregmatige dade van opvoeders, behoort skole alles binne hulle vermoë te doen om deliktuele aanspreeklikheid te beperk.

Sedert die inwerkingtreding van die Grondwet was daar 'n dramatiese toename in onderwysregsaktiwiteite in die land. Navorsing het bevestig dat daar 'n skokkende onkunde onder Suid-Afrikaanse skooladministrateurs is rakende onderwyswetgewing en verwante kwessies wat 'n bydrae kan lewer tot hierdie toename (Oosthuizen 2004 : 9). Hofsake is duur en traumaties en die slagoffer se regte behoort beskerm te word. Alle stappe deur die staat, onderwysdepartemente en skole om die slagoffer teen treitering te beskerm, sal meewerk om deliktuele aanspreeklikheid te beperk.

Die doel van hierdie afdeling is om spesifieke optredes te identifiseer wat deliktuele aanspreeklikheid sal beperk. Dit maak geensins aanspraak op volledigheid nie en moet gesien word as 'n riglyn (norm) vir skole wat aangevul kan word op grond van die spesifieke situasie of op grond van kennis wat beskikbaar is. Dit fokus op die beperking van deliktuele aanspreeklikheid aan die kant van die onderwysdepartemente (opvoeders en skole) en sal terselfdertyd deliktuele aanspreeklikheid aan die kant van die boelie en sy ouers beperk aangesien die skool se optredes voorkomend van aard is en ook treitering bekamp.



#### 5.4.1.1 Optrede deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid te beperk

- Die belangrikste stap om deliktuele aanspreeklikheid te voorkom, is om die standaard van toesig op 'n hoë vlak te bring en te handhaaf. Die reg verwag dat elke opvoeder wat sy sorgsaamheidspilg betref soos 'n redelike opvoeder moet optree. Wat treitering betref, moet die omvang van die treitering in 'n spesifieke skool in ag geneem word asook die lokalisering van die treitering. Die omvang en lokalisering sal bepaal hoe intensief die toesig moet wees asook watter areas in die skool die hoogste graad van toesig verg. Die skool moet dus soveel opvoeders aan toesigdiens hê as wat redelik en doenlik moontlik is in die omstandighede. Dit kan dus ook nodig wees om addisionele toesig te gebruik deur van gewillige ouers gebruik te maak. Ouers moet gekeur word om ongewenste persone uit te hou.
- Kennis dat treitering wel plaasvind, verhoog die opvoeder se regsplig. Indien treitering aangemeld is, of indien die ouers van die slagoffer die skool besoek het om die treitering te bespreek, verhoog dit die opvoeder se regsplig om meer waaksaam te wees. Getuienis dat die skool wel in kennis gestel is, maar nie in ooreenstemming met die inligting opgetree het nie, kan verdoemend wees in 'n hof.
- 'n Treiteringbeleid of 'n toesighoudingsbeleid wat in plek is en wat nie nagekom word nie, sal baie moeilik wees om in 'n hof te verdedig. Beleid is ook 'n belangrike deel van die omringende omstandighede om te bepaal of daar 'n regsplig op die opvoeder gerus het om op te tree. Opvoeders moet opgelei wees in terme van die inhoud van beleid asook die toepassing daarvan. Spesifieke aandag behoort gegee te word met betrekking tot kubertreitering in terme van beleid en prosedures om dit te beperk.
- 'n Gedragskode en beleid wat in plek is en nagekom word, kan in 'n geval van aanspreeklikheid die skool se saak versterk in die sin dat die skool voorsorg getref het. Die skool het dus soos die redelike persoon in die posisie van die opvoeder die skade voorsien en redelike stappe gedoen om die skade te voorkom wat betref die spesifieke situasie.



- Bogenoemde beginsel sal ook geld indien die skool sy opvoeders indiensopleiding gegee het wat betref die fenomeen “treitering”, en die regsimplikasies van treitering. Opvoeders moet ook op hoogte wees ten opsigte van die omvang van treitering in die skool, die tipes treitering wat in die skool plaasvind asook die lokalisering van die treitering.
- Die aanvangstyd van toesig in die oggend en die beëindiging daarvan in die namiddag behoort baie duidelik aan ouers gekommunikeer te word. Dit kan nie van skole verwag word om vanaf vroeg soggens of tot laat in die middag toesig oor leerders te hou nie. Die duidelike kommunisering van middagtye is veral belangrik sodat verwarring uitgeskakel kan word ten opsigte van leerders wat later moet bly vir buitemuurse aktiwiteite of die wat terugkom van wedstryde of kompetisies.
- Skole is ook verantwoordelik vir effektiewe toesig tydens skoolgesanksioneerde opvoedkundige aktiwiteite, wat buite die skoolterrein en ook buite skoolure plaasvind, asook vir effektiewe toesig tydens vervoer van leerders heen en terug.
- Ouers moet bewus wees dat die skool ontvanklik is wanneer klagtes in verband met treitering gerapporteer word en dat die klagtes aandag sal geniet en nie geïgnoreer sal word nie. ‘n Spesifieke, verantwoordelike persoon of persone moet aangewys word aan wie die ouers hul probleme kan kommunikeer. Ouers en leerders moet nie verplig word om klagtes skriftelik te kommunikeer nie weens die vertroulikheid en persoonlikheid van die inligting. Ouers moet weet dat hulle ook welkom is om probleme met die skool te gaan bespreek.
- Regsreëls moet nie vrees inboesem nie en moet gekommunikeer word aan diegene wat daardeur geraak word. Dit beteken dat ouers bewus moet wees dat hul kinders (boelies wat toerekeningsvatbaar is) deliktueel aanspreeklik gehou kan word vir treitering. Ouers moet ook bewus wees dat hulle deliktueel aanspreeklik kan wees weens ‘n late indien hulle bewus is dat hul kind skuldig is aan treitering (‘n boelie is) en hulle niks doen om te verhoed dat hul kind voortgaan met sy aktiwiteite nie. Selfs boelies moet weet dat hulle aanspreeklik kan wees vir ‘n onregmatige daad weens treitering. Die feit dat boelies, en ouers van

boelies self aanspreeklik kan wees, behoort op 'n baie elementêre en diploma-tiese wyse aan hulle gekommunikeer te word. Opvoeders behoort ook ingelig te wees ten opsigte van die beginsels van deliktuele aanspreeklikheid sodat hulle kan waak teen optrede wat deliktuele aanspreeklikheid tot gevolg kan hê.

- Die uitneem van aanspreeklikheidsversekering deur die skool word aanbeveel. Indien die ouer of slagoffer 'n eis teen die onderwysinstansie of teen die opvoeder persoonlik instel, sal hierdie skade deur die versekeraar gedra word.
- Ten slotte moet gemeld word dat kragtens 'n wysiging ten opsigte van die Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 of 2001) mag 'n skool nie meer 'n ouer versoek om 'n vrywaringsvorm te teken, wat die skool vrywaar, teen enige regsaksies wat kan voorspruit as 'n gevolg van skool-aktiwiteite nie (Amendment Regulations for Safety Measures at Public Schools – GNR 1128 of 2006).

#### 5.4.2 Toevoeging van kennis tot die onderwysreg

Volgens Evans (2001 : 128) is aanspreeklikheid weens nalatigheid, die tipe aanspreeklikheid wat die meeste by opvoeders voorkom. Die meeste sake waar opvoeders, skole en onderwysdepartemente in Suid-Afrika deliktueel aanspreeklik gehou is ten opsigte van aspekte van leerderveiligheid, is sake waar leerders fisiese beserings opgedoen het as gevolg van beweerde nalatigheid aan die kant van die opvoeder of skool. Nalatigheid aan die kant van opvoeders wat kan lei tot fisiese beserings van leerders, is ook van toepassing op treitering, maar dit strek veel verder in die sin dat treitering ook spesifieke (eiesoortige) implikasies het vir die deliktereg. In die bespreking wat volg, sal daar spesifiek gefokus word op hierdie eiesoortige implikasies van treitering vir die deliktereg. Die bespreking sal gebaseer wees op die respondente se interpretasie van die regsreëls van die deliktereg in terme van treitering. Die implikasies van treitering vir die deliktereg, word onder die volgende hoofde bespreek:

- Die eiesoortigheid van treitering in terme van die vyf vereistes (elemente) vir deliktuele aanspreeklikheid.

- Regspraak ten opsigte van fisiese en psigologiese skade.
- Die interdik as 'n regs middel om treitering te hanteer.
- Middellike aanspreeklikheid.

#### 5.4.2.1 Eiesoortigheid van treitering in terme van die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid

Die vyf vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid, naamlik: handeling, onregmatigheid, oorsaaklikheid, skuld en skade is reeds kortliks in die regsraamwerk bespreek. In hierdie afdeling word die eiesoortigheid van treitering, ten opsigte van elk van die vyf elemente (vereistes) van deliktuele aanspreeklikheid, bespreek en beskryf. Daar word dus bespreek hoe treitering manifesteer ten opsigte van die vyf vereistes.

##### (a) Handeling

'n Delik of 'n onregmatige daad – waarmee 'n delik ook beskryf word – dui aan dat die dader skade of nadeel aan die benadeelde moet veroorsaak deur middel van 'n gedrag, 'n daad of handeling – die handeling is 'n willekeurige menslike doen of late (Neethling et al. 2006 : 25). Dit is belangrik om daarop te let dat beide die doen en die late albei handeling is. Baie simplisties gestel, kan gesê word dat die “doen” (*commissio*) 'n positiewe aksie is wat deur die dader uitgevoer word en die “late” (*ommissio*) in die feit lê dat die dader versuim om op te tree. Indien dit van toepassing gemaak word op treitering, kan gesê word dat die boelie (dader) 'n willekeurige en opsetlike aktiewe handeling (die treiteringgedrag) uitvoer om skade (nadeel) aan die slagoffer (benadeelde) te veroorsaak (*commissio*), want treitering is 'n opsetlike (“intentional”) handeling. Die opvoeder of selfs die ouer van die boelie (dader) wat niks doen om die benadeling van die slagoffer te verhoed nie, veroorsaak deur hul *ommissio* ook skade (nadeel) aan die slagoffer. 'n Late kan opsetlik of deur nalatigheid verrig word (Neethling et al. 2006 : 128). In die praktyk sal die opvoeder wat nie optree teen treitering nie – omdat hy nie van die slagoffer hou nie – en wil hê dat die treitering moet voortgaan, opsetlik versuim om op te tree (sien afdeling 5.4.2.1 (c)). Die opvoeder wat byvoorbeeld die treitering sien gebeur, maar sy aandag so toespits op 'n gesprek met 'n ander





opvoeder dat hy nie die erns van die treitering waarneem nie en dus nie optree nie se late word nalatig verrig. Beide die handeling van die boelie (*commissio*) en die opvoeder en ouer (*ommissio*) is willekeurige handeling. Volgens Neethling et al. (2006 : 27) kan 'n dader (verweerder) aanvoer dat sy gewraakte handeling nie aan die willekeurigheidsstoets voldoen nie en hom dan beroep op die verweer van outomatisme (hy het bloot werktuiglik opgetree).

(b) Onregmatigheid

Wat betref treitering en onregmatigheid, word die volgende drie aspekte bespreek:

- Treitering as die skending van subjektiewe regte van die slagoffer.
- Treitering en die verbreking van 'n regsplig.
- Regsverdigingsgronde wat moontlik onregmatigheid met betrekking tot die optrede van die boelie kan uitskakel.

Wat betref die bespreking van die eerste twee aspekte is dit noodsaaklik om eers die tweeledige ondersoek vir onregmatigheid en die praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf te bespreek om die verband aan te toon.

- Die tweeledige ondersoek vir onregmatigheid

Volgens Potgieter et al. (2006 : 9, 21) verg die bepaling van onregmatigheid 'n tweeledige ondersoek. Eerstens moet vasgestel word of die dader se handeling 'n nadelige gevolg vir 'n ander persoon veroorsaak het. Indien dit blyk dat dit wél die geval is, moet daar aan die hand van regsnorme vasgestel word of die skadeveroorloofde op 'n onredelike of regtens ongeoorloofde wyse plaasgevind het – dit is die wese van die onregmatige daad. Die basiese toets (norm of maatstaf) om te bepaal of die handeling onregmatig was (met ander woorde of dit op 'n regtens ongeoorloofde wyse plaasgevind het), is die *boni mores*-toets vir onregmatigheid. As die dader die benadeelde se belange volgens die *boni mores*, die regsopvatting van die gemeenskap, op 'n regtens ongeoorloofde wyse aangetas het, staan onregmatigheid vas.



- Praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf

Ten spyte van die feit dat die regsdoelstelling van die gemeenskap of *boni mores*, die basiese onregmatigheidsnorm in ons reg uitmaak, is dit selde nodig om direk met hierdie algemene, vae toets te werk wanneer onregmatigheid bepaal word. Twee voorbeelde waar daar nie direk met die *boni mores* gewerk word om onregmatigheid te bepaal nie is die standpunte dat onregmatigheid geleë is in die skending van 'n subjektiewe reg of in die nie-nakoming van 'n regsplig om positief op te tree. Die vasstelling of 'n subjektiewe reg geskend is en of 'n regsplig wel verbreek is, is meer spesifieke en noukeuriger metodes om te bepaal of die dader in stryd met die regsopvattinge van die gemeenskap opgetree het, met ander woorde of die dader die benadeelde se belange volgens die *boni mores* op 'n regtens ongeoorloofde wyse aangetas het (Neethling et al. 2006 : 44, 45).

- Treitering as die skending van 'n subjektiewe reg

Die vyf kategorieë subjektiewe regte wat onderskei word, is reeds in die regsraamwerk, afdeling 3.5.2.2 bespreek. Die respondente het bevind dat subjektiewe regte van die slagoffer deur die treitering (deur die boelie) geskend word en wel saaklike regte en persoonlikheidsregte. Persoonlikheidsregte word uitgesonder as die kategorie subjektiewe regte wat die meeste deur treitering geskend word en in die lig van die skade (gevolge van treitering) wat in die navorsing geïdentifiseer is, word elke denkbare persoonlikheidsreg deur treitering geskend. Volgens Neethling et al. (2006 : 50) vorm die bestaande, subjektiewe regte nie 'n geslote getal nie, maar die objekte van die persoonlikheidsregte wat tans erken word is: die goeie naam; liggaamlike integriteit; eergevoel; privaatheid en identiteit. Indien die verskillende vorme van treitering asook die gevolge van treitering, wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, in ag geneem word, moet daar met die respondente saamgestem word dat elkeen van die erkende persoonlikheidsregte deur treitering geskend kan word. Saaklike regte van die slagoffer word deur treitering geskend in gevalle waar die boelie die slagoffer se besittings beskadig of afneem.

Teen die agtergrond van bogenoemde kan gesê word dat die boelie se gedrag as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangemerkt kan word indien sy treiteringgedrag saaklike regte en persoonlikheidsregte as subjektiewe regte van die slagoffer skend. Die boelie kan dus deliktueel aanspreeklik wees afhangende van die feit of hy toerekeningsvatbaar is. Toerekeningsvatbaarheid is bespreek in afdeling 3.4.3.

- Treitering en die verbreking van 'n regsplig

Onregmatigheid binne die konteks van treitering kan ook bepaal word deur te vra of daar volgens die regsopvatting van die gemeenskap 'n regsplig op die dader gerus het om skade te voorkom. Daar word nie in die algemeen van mense verwag om te voorkom dat iemand skade opdoen nie. 'n Persoon is dus nie normaalweg aanspreeklik wanneer hy weens 'n late (*ommissio*) – sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom – skade (nadeel) vir 'n ander persoon veroorsaak nie. Aanspreeklikheid is slegs aanwesig indien die late onregmatig was en dit is net die geval as daar in die besondere geval 'n regsplig op die dader gerus het om positief op te tree om die skade te voorkom en hy nagelaat het om die regsplig na te kom. Indien daar dus 'n regsplig op die opvoeder gerus het en hy sonder enige regverdiging vir sy optrede die regsplig nie nagekom het nie en daar het nadeel uit sy optrede voortgekóm, word hierdie versuim aan sy kant as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangemerkt. Of hierdie regsplig wel bestaan, word beantwoord aan die hand van die *boni mores*. Gebaseer op die *boni mores* het daar sekere faktore uitgekristalliseer wat aanduidend kan wees van die bestaan van so 'n regsplig (Neethling et al. 2006 : 52 - 55; Botha 1990 : 25).

Die faktore wat (in die geval van leerdereveiligheid) in die algemeen daarop dui dat daar 'n regsplig op die opvoeder rus om positief op te tree en sy sorgsaamheidsplig na te kom, is reeds bespreek as deel van die regsraamwerk en wel in afdeling 3.5.2.2. Die faktore wat spesifiek betrekking het op treitering is in afdeling 4.5.3.1 geïdentifiseer. Die doel is nie om wat reeds aangebied is te herhaal nie, maar toeligting en aanvulling tot die faktore wat reeds aangebied is, is noodsaaklik. Wat betref die faktore wat in 3.5.2.2. aangebied is en wat betrekking het op leerdereveiligheid in die algemeen is dit belangrik om daarop te let dat net sekere faktore betrekking het op treitering. Die volgende faktore het wel betrekking: in gevalle waar daar sekere statutêre verpligtinge op die opvoeder



rus; die besondere verhouding tussen die opvoeder en die leerder asook die opvoeder se amp of beroep. Laasgenoemde faktor is nie deur die respondente geïdentifiseer nie, maar het wel betrekking op treitering. Dit sluit aan by die *in loco parentis*-beginsel in die sin dat die opvoeder in terme van die feit dat hy 'n opvoeder is (sy amp of beroep), 'n sorgsaamheidsplig teenoor die leerders in sy skool het en die slagoffer moet beskerm teen treitering. Afdelings 3.5.2.2 en 4.5.3.1 moet noodwendig in samehang met mekaar gelees word. Die volgende faktore – wat deur die respondente in afdeling 4.5.3.1 geïdentifiseer is – noodsaak verdere toeligting:

- Die *boni mores* (die goeie sedes van die mens) – Die *boni mores* is die basiese onregmatigheidsnorm in ons reg. Die standpunt dat onregmatigheid geleë is in die “nie-nakoming van 'n regsplig om positief op te tree”, is slegs 'n praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf (sien hierbo).

*In loco parentis*-beginsel – sien bespreking van die besondere verhouding tussen leerder en opvoeder in afdeling 4.5.3.1.

- Toepaslike wetgewing wat nie-spesifieke en spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering insluit. Nie-spesifieke wetgewing wat skole bind om treitering te bestuur en wat deel is van die omringende omstandighede wat dui op 'n regsplig is bespreek in die regsraamwerk en in afdeling 5.3.1.1 (a). Spesifieke wetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur behoort te word en wat in afdeling 5.3.1.2 beskryf word, speel veral 'n groot rol in die vestiging van 'n regsplig op die opvoeder om positief op te tree teen treitering, in die sin dat dit spesifiek uitspel hoe te werk gegaan moet word ten opsigte van intervensie en voorkoming.
- Die opvoeder se dienskontrak met die staat – die opvoeder is 'n werknemer van die staat en meer spesifiek van die onderwysdepartement. Daar bestaan dus 'n diensverhouding, tussen die opvoeder en die onderwysdepartement. Die opvoeder het dus 'n dienskontrak met die staat. Dit beteken onder andere dat die onderwysdepartement verwag dat opvoeders hul pligte met redelike bekwaamheid en effektiwiteit moet verrig. Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders beskou die bekwaamheid van opvoeders as baie belangrik, spesifiek artikel 16.



'n Opvoeder kan selfs ontslaan word op grond van onbekwaamheid. Kragtens die opvoeder se dienskontrak word van die opvoeder ook verwag om sy sorgsaamheidsplig na behore uit te voer. Gevolglik beteken dit dat daar 'n regsplig op hom rus om positief op te tree teen treitering en dit te hanteer kragtens die treiteringbeleid.

- Die gedragskode van die opvoeder – die gedragskode van opvoeders ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders is reeds hanteer as deel van die regsraamwerk (afdeling 3.3.3.2). Die gedragskode bied sekere riglyne ten opsigte van die gedrag wat van opvoeders verwag word wat onder andere insluit dat grondwetlike regte van leerders respekteer moet word. Dit beteken dat van opvoeders verwag word om op te tree teen treitering wat manifesteer as die skending van die slagoffer se regte.

Alle omringende faktore wat daarop kan dui dat 'n opvoeder 'n regsplig het om positief te handel in geval van treitering, moet oorweeg word om te bepaal of daar wel sodanige regsplig op die opvoeder rus. Neethling et al. (2006 : 69) stem hiermee saam en sê dat die bestaan van 'n regsplig in 'n bepaalde geval soms aan 'n enkele faktor, maar meer dikwels aan meerdere faktore toegeskryf kan word. Al die omstandighede van 'n bepaalde geval moet in ag geneem word om te bepaal of daar wel 'n regsplig was of nie.

In afdeling 5.3.2.2 (c) wat handel oor spesifieke treiteringbeleid of treiteringwetgewing, is aangetoon dat dit noodsaaklik is dat die ouers van die boelie in kennis gestel moet word en dat kommunikasie met die ouers van die boelie noodsaaklik is. Dit is selfs moontlik dat 'n boelie se ouers deliktueel aanspreeklik kan wees weens 'n late. Indien die ouers van die boelie bewus is van hul kind se treitering (hulle is in kennis gestel en hulle tree nie op nie), is dit moontlik dat op grond van die omstandighede van die geval of die *boni mores*, 'n regsplig op hulle gekonstrueer kan word weens die late of versuim om op te tree. Die regsplig van die ouer van die boelie is gesetel in die besondere verhouding tussen die ouer en die kind en wel in die inhoud van ouerlike gesag wat deel is van die familiereg. Volgens Van der Vyver en Joubert (1991 : 604 - 611) het ouers in terme van hul beheer oor die persoon van hul kind, 'n opvoedingsplig teenoor hul kinders. 'n Aspek van hul opvoedingsplig is die vorming van die kind se karakter wat gehoorsaamheid, eerbied vir andere asook die afleer van negatiewe en anti-sosiale gedrag en gewoontes

behels. In terme hiervan het die ouer van die boelie dus ook 'n regsplig om op te tree indien sy kind skade (nadeel) tot die slagoffer toevoeg.

- Regverdigingsgronde

Volgens Potgieter et al. (2006 : 7) verteenwoordig 'n regverdigingsgrond spesiale omstandighede wat daarop dui dat die dader se optrede in die betrokke omstandighede volgens die regsopvatting van die gemeenskap nie onredelik of *contra bonos mores* was nie, selfs al het die benadeelde skade gely. As daar 'n regverdigingsgrond aanwesig is, ontbreek onregmatigheid en is daar nie sprake van 'n delik nie. Volgens Neethling et al. (2006 : 76) is die bestaande regverdigingsgronde wat in die Suid-Afrikaanse reg uitgekristalliseer het nie *numerus clausus* nie, daar kan ook nog ander regverdigingsgronde wees wat geskik is en wat kan ontwikkel as deel van regsontwikkeling.

Slegs drie van die tradisionele of geykte regverdigingsgronde is by treitering betrokke naamlik provokasie, 'n noodtoestand en toestemming, en word vervolgens bespreek. Al drie het te make met die optrede van die boelie, met ander woorde om moontlike onregmatigheid by die boelie uit te skakel. Geen van die geykte tradisionele regverdigingsgronde is van toepassing op die gedrag van die opvoeder in sy rol as sorgsame toesighouer nie – dus, om moontlike onregmatigheid aan die kant van die opvoeder uit te skakel nie.

- **Provokasie** - Onregmatigheid aan die kant van die boelie kan uitgeskakel word as die slagoffer (die provokatiewe slagoffer) die boelie uitdaag of tart. Dit gebeur wel in geval van die provokatiewe slagoffer (wat slegs 'n klein persentasie van die tipes slagoffers uitmaak) dat hy met woorde of fisiese optrede die boelie probeer tot optrede. Volgens Potgieter et al. (2006 : 10 - 11) en Neethling et al. (2006 : 93) erken ons reg in beginsel nie provokasie as regverdigingsgrond waar die geprovokeerde (die boelie) die probeerder (die provokatiewe slagoffer) se liggaam aantast as gevolg van bloot woordelike provokasie nie. Waar die geprovokeerde (die boelie) deur liggaamsaantasting (byvoorbeeld 'n klap) van die probeerder (die slagoffer) geprovokeer word, kan dit wel as regverdigingsgrond dien vir 'n daaropvolgende teenliggaamsaantasting deur die boelie,



maar dan moet aan twee vereistes voldoen word: Eerstens moet die provokatiewe optrede van die boelie sodanig wees dat 'n reaksie deur middel van liggaamaantasting redelik is – met ander woorde sou 'n redelike persoon in die posisie van die geprovokeerde, ook soos hy gereageer het? Tweedens moet die optrede van die geprovokeerde (die boelie) 'n “immediate and reasonable retaliation” teen die liggaam van die provokeerder (die slagoffer) wees. In die geval van provokasie deur laster of belediging moet die beledigende of lasterlike provokasie van so 'n aard wees dat 'n redelike persoon, in die posisie van die geprovokeerde (die boelie), ook deur middel van soortgelyke optrede daarop sou gereageer het. Voorts moet die lasterlike of beledigende optrede (van die boelie) direk op die provokasie van die provokatiewe slagoffer volg en nie buite verhouding tot die provokasie wees nie. In die lig van bogenoemde kan gesê word dat afhange van die feite van die situasie dit wel moontlik kan wees dat provokasie deur die provokatiewe slagoffer as regverdigingsgrond kan dien om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel.

- **Noodtoestand** - 'n Noodtoestand kan wel by treitering as regverdigingsgrond dien om onregmatigheid uit te skakel. Feite analoog aan 'n saak soos *S v Goliath* 1972 (3) SA (1) A ( Neethling et al. 2006 : 89 – 90) kan ook in die geval van treitering op 'n noodtoestand neerkom. In genoemde saak het A onder dwang van B en uit vrees vir sy eie lewe, aan B hulp verleen by die doodslag van C. Daarna het A hom op 'n noodtoestand beroep. Na aanleiding van bogenoemde uitspraak kan gesê word dat indien A dreig om B ernstig te beseer as B sou weier om hom (A) te help om C te treiter, B hom dan op 'n noodtoestand kan beroep.
- **Toestemming** - Die passiewe (of tipiese) slagoffer is stil, skaam en bang. Die passiewe slagoffer kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die aanslag van die boelie. Die respondente dui aan dat hierdie tipiese onderwerping van die passiewe slagoffer nie as toestemming deur die boelie vertolk mag word nie.

Daar moet saamgestem word met die respondente dat die gedrag van die passiewe slagoffer nie dui op toestemming vir die boelie om voort te gaan met sy

treiteringgedrag nie en toestemming nie hier kwalifiseer as regverdigingsgrond om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel nie. Die rede vir hierdie siening is geleë in die feit dat passiewe slagoffergedrag by treitering nie regsgeldige toestemming uitmaak wat treitering regverdig nie aangesien die passiewe slagoffer se onderwerping aan die treitering nie aan die vereistes vir toestemming voldoen nie. Vereistes vir regsgeldige toestemming (Neethling 2006 : 98 – 101) wat hier van toepassing is, is:

- Die reg beskou dit as teen die goeie sedes (*contra bonos mores*) dat 'n persoon toestem tot nadeel wat met treitering gepaard gaan.
- Die toestemming moet vrylik of vrywillig gegee word. Die passiewe slagoffer word weens die ongelykheid in mag eintlik gedwing om “toe te stem”.
- Die passiewe slagoffer moet bewus wees van die risiko van die benadeling, hy moet beseft wat die aard en die omvang van die benadeling sal wees en toestemming gee tot die benadeling waarvan daar geen sprake is in die boelie-slagoffer-verhouding nie.

(c) Skuld

By skuld val die fokus in 'n groter mate op die rol van die dader. Die vraag wat gevra moet word is: Kan die dader regtens verwytd word vir sy onregmatige optrede? Die reg verwytd die dader indien hy die nadeel wat hy veroorsaak het, gewil het met die wete dat hy onregmatig optree (dit wil sê as hy opsetlik opgetree het) of as hy die nadeel deur nalatige optrede veroorsaak het. Skuld (*culpa* – in die wye sin) het dus twee verskyningsvorme: opset (*dolus*) en nalatigheid (*culpa* – in die enge sin). Skuld kan slegs aan 'n persoon toegereken word as die persoon toerekeningsvatbaar is. Toerekeningsvatbaarheid op grond van ouderdom is in die regsraamwerk bespreek in afdeling 3.4.3. 'n Persoon wat tydens die gewraakte handeling ontoerekeningsvatbaar was – byvoorbeeld weens jeugdigheid, geestesongesteldheid, dronkenskap of provokasie – kan nie regtens vir sy optrede verwytd word nie. Binne die konteks van treitering is veral twee rolspelers geïdentifiseer tot wie skuld toegevoeg kan word, naamlik die boelie



(opset) en die opvoeder (nalatigheid). Daar is ook uitsonderlike gevalle waar die opvoeder ook opsetlik nie optree teen treitering nie (sien afdeling 4.5.3.2) of waar die ouer van die boelie skuld toegevoeg kan word weens 'n late (sien afdeling 4.5.4). Alhoewel dit nie in die bevindinge na vore kom nie, kan nalatige optrede deur die boelie ook tot deliktuele aanspreeklikheid lei (sien 5.4.1).

Die volgende aspekte van treitering se eiesoortigheid met betrekking tot skuld, word bespreek:

- Die boelie en opset.
  - Die opvoeder en opset.
  - Die opvoeder en nalatigheid – hier word veral aandag gegee aan die opvoeder as redelike deskundige en die vlak van toesig in korrelasie met ouderdom.
- Die boelie en opset

In hoofstuk twee, afdeling 2.3 (treitering as fenomeen) is die volgende drie kenmerke van treitering geïdentifiseer as onontbeerlik vir gedrag om te kwalifiseer as treitering-gedrag: opsetlike en skadelike gedrag; herhalende teistering en misbruik asook misbruik van ongelykheid in mag. Treitering kan beskryf word as negatiewe optrede (handeling) deur die boelie, waar die boelie 'n slagoffer doelbewus (opsetlik) skade (nadeel) toevoeg of 'n poging daartoe aanwend. Die feit dat die boelie daarop ingestel is om doelbewus (opsetlik) skade / nadeel te veroorsaak, word ook deur die meeste navorsers as een van die belangrikste (kritieke) elemente van treitering beskou. Verskeie regsdefinisies meld ook pertinent dat die skade opsetlik veroorsaak moet word voordat die optrede as treitering kan kwalifiseer (Ferrell-Smith 2004 : 4 - 5). Lawson (1994 : 9) beskou treitering-gedrag as opsetlike gedrag, maar sê dat daar uitsonderings is, spesifiek waar baie jong kinders betrokke is, waar die "boelie" se gedrag nie doelbewus (opsetlik) gerig is om die slagoffer skade aan te doen nie. Hierdie jong kind het dikwels geen begrip dat hul tergerey of koggeling ernstige skade met betrekking tot die slagoffer kan veroorsaak nie. Alhoewel hierdie handeling van die "boelie" dus nie as opsetlik beskryf kan word nie en dus nie treitering in die ware gedaante is nie, word dit wel deur die slagoffer as treitering



ervaar. Hier moet in elk geval in ag geneem word dat jong kinders onder 7 jaar (*infans*) nie toerekeningsvatbaar is nie en skuld nie aan hulle toegereken kan word nie. Selfs boelies wat reeds sewe is, maar nog nie hul veertiende jaar voltooi het nie (*impubes*) word weerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Daar moet dus in 'n gegewe geval bewys word dat hy wel tussen reg en verkeerd kan onderskei. Skuld kan dus wel vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid by die boelie aangemerkt word indien hy toerekeningsvatbaar is. Die slagoffer of die ouer van die slagoffer, kan dus die toerekeningsvatbare boelie deliktueel aanspreeklik hou, mits sy opsetlike treitering-gedrag wel skade of nadeel vir die slagoffer veroorsaak het.

Opset aan die kant van die boelie is bedoel om skade vir die slagoffer te berokken. Sy oogmerk is om die slagoffer skade toe te voeg. Hy rig met ander woorde sy wil op die te-weegbring van 'n bepaalde gevolg en hy weet dit is verkeerd en onregmatig – dit is die eenvoudige toets vir opset. Die opset aan die kant van die boelie kan geklassifiseer word as oogmerkopset (*dolus directus*). Neethling et al. (2006 : 120) definieer *dolus directus* as: “Hierdie vorm van opset kom voor waar die dader die intrede van 'n sekere gevolg beoog. Dit maak nie verskil of die dader seker is dat die beoogde gevolg sal intree en of dit vir hom net waarskynlik of moontlik lyk nie.”

- Die opvoeder en opset

Die respondente verskil in hul siening of opset as skuldvorm wel aanwesig kan wees in die optrede van die opvoeder met betrekking tot treitering, in die sin dat die spesifieke opvoeder opsetlik nie optree teenoor treitering wat hy aanskou nie. Die verskillende sienings van die respondente kan as volg opgesom word:

- Daar kan wel opsetlike optrede by 'n opvoeder, onder wie se toesig treitering plaasvind, wees.
- Die opvoeder kan slegs opsetlik optree as hy kwalifiseer as mededader.
- Gemeenskaplike oogmerk is in so 'n situasie ter sprake. (Mededaderskap en gemeenskaplike oogmerk het geen verband met opset as skuldvorm nie en word later as deel van die strafreg hanteer).

- Growwe nalatigheid is hier ter sprake. (Growwe nalatigheid word hierna as deel van nalatigheid as skuldvorm hanteer).

In 'n scenario waar 'n opvoeder self ook treiteringneigings het, of waar die opvoeder 'n perverse behae put uit die treitering, of waar hy nie van die slagoffer hou nie en hy as gevolg daarvan nie optree nie, is opset aanwesig. Hy het met ander woorde sy wil daarop gerig, dat weens sy eie beweegredes (motivering) die boelie moet voortgaan met die treitering alhoewel hy geweet het dit onregmatig is. Hy het die intrede van 'n gevolg van sy handeling (die versuim om op te tree) as moontlikheid voorsien en hom met die moontlikheid versoen, dus desondanks die handeling verrig wat die betrokke gevolg veroorsaak, naamlik die skade of nadeel aan die kant van die slagoffer. Hierdie tipe opset kan beskou word as opset by moontlikheidsbewussyn (*dolus eventualis*) (Neethling et al. 2006 : 121).

- Die opvoeder en nalatigheid

Nalatigheid is die skuldvorm wat die meeste ter sprake is by deliktuele aanspreeklikheid ten opsigte van opvoeders en skole in Suid-Afrika. In feitlik alle gevalle waar deliktuele aanspreeklikheid, met nalatigheid as skuldvorm, voor die howe geding het, was dit te wyte aan fisiese beserings wat opgedoen is tydens kinderspel op die koshuisterrein, skoolterrein, tydens busvervoer of motorvervoer, tydens sportaktiwiteite of as gevolg van onveilige toestande op die skoolterrein, en by uitsondering waar 'n leerder 'n ander leerder met opset beseer soos dit in die geval van treitering kan gebeur. Die skade het dus gehandel oor toesig oor leerders, met die oog op leerderveiligheid, en daar beweerde nalatigheid aan die kant van die opvoeder was wat nie sy toesighoudende funksie na behore uitgevoer het nie.

Daar word nie in hierdie studie onderskei tussen gewone nalatigheid en growwe nalatigheid nie. Volgens Neethling et al. (2006 : 127) maak dit ten opsigte van Aquiliese aanspreeklikheid geen verskil of die verweerder gering of grof nalatig opgetree het nie. Ten opsigte van *iniuria* is growwe nalatigheid van toepassing by kwaadwillige vervolging wat nie hier van toepassing is nie. In die lig hiervan blyk dit dat growwe nalatigheid *per se* nie van toepassing is by nalatigheid van opvoeders nie (Sien ook bespreking van Aquiliese aanspreeklikheid en *iniuria* in afdeling 5.4.2.1(e)).



Daar bestaan 'n baie noue verband tussen nalatigheid en die standaard van toesig wat van die opvoeder met betrekking tot die veiligheid van leerders verwag word. Die opvoeder se plig om sorgsame toesig uit te oefen, is geleë in die *in loco parentis*-beginsel alhoewel die sorgsaamheidsplig teenswoordig ook gerig word deur grondwetlike beginsels en wetgewing. Die maatstaf wat ons reg aanvaar om te bepaal of 'n persoon (opvoeder) nalatig opgetree het, is die objektiewe standaard van die redelike persoon. Wanneer nalatigheid dus aan die kant van die skool of opvoeder ter sprake is in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig, sal die standaard van die redelike persoon aangewend word om te bepaal of nalatigheid wel ter sprake is. Die standaard van sorg wat van die skool (opvoeder) verlang word – ook wat betref sy toesighoudende funksie met betrekking tot treitering – is dus die standaard van die redelike persoon, eintlik die redelike opvoeder, aangesien opvoeders as deskundiges beskou word. Indien die opvoeder dus nie sy sorgsaamheidsplig ten opsigte van treitering na behore uitvoer nie en hy onsorgsaam, onsorgvuldig en onversigtig optree, kan hy vir nalatigheid vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangespreek word. Al hierdie aspekte asook die toets vir nalatigheid word volledig bespreek in afdeling 3.5.2.3. Die kern daarvan is hierbo uitgelig. Soos ook blyk uit afdeling 4.5.3.3, is die hoewe se standaard ten opsigte van die opvoeder as redelike deskundige asook die standaard met betrekking tot toesig en ouderdom van leerders reeds vasgelê. Wat treitering betref, word aanbeveel dat hierdie reeds gevestigde standaarde nie altyd rigied toegepas kan word nie en word hierna bespreek.

- Die opvoeder as redelike deskundige en treitering

Die respondente verskil ten opsigte van die standaard wat van die opvoeder as redelike deskundige, met betrekking tot treitering in Suid-Afrika, verwag behoort te word. Die respondente se menings wissel van 'n siening dat die standaard vir die opvoeder as redelike deskundige reeds vasgestel is en ook in alle gevalle van treitering sal geld, tot 'n siening dat as gevolg van die onkunde in Suid-Afrika ten opsigte van treitering en gevalle van subtiele treitering (wat moeilik waarneembaar is) die “redelike-deskundige”-nalatigheidskriterium nie die maatstaf kan wees in alle gevalle van treitering nie (Die menings van die verskillende respondente word volledig aangebied in 4.5.3.3).

Indien daar 'n saak van beweerde deliktuele aanspreeklikheid met nalatigheid as skuld-vorm, met betrekking tot treitering ten opsigte van 'n opvoeder deur 'n Suid-Afrikaanse hof bereg moet word, is die volgende aspekte ter sprake:

- Sommige vorme van treitering is baie subtiel en is baie moeilik waarneembaar, veral psigologiese vorme en waar van die elektroniese media gebruik gemaak word. Ander vorme van treitering soos fisiese vorme is makliker waarneembaar. Die hof behoort die nodige kennis en insig te openbaar (byvoorbeeld deur van spesialis-getuienis gebruik te maak) en 'n meer konserwatiewe benadering te volg wat betref die maatstaf wat aangelê word vir die opvoeder as redelike deskundige indien die feite van die spesifieke geval toon dat dit geregverdig is, soos in die geval van subtiele vorme van treitering.
- Kennis van treitering in Suid-Afrika is karig, byna geen navorsing oor treitering is in Suid-Afrika gedoen nie, opvoeders is nie opgelei ten opsigte van die fenomeen en die betrokke regsimplikasies nie. Geen verpligte treiteringbeleide bestaan in skole nie en ook geen wetgewing wat voorkoming en intervensie in skole afdwing nie. As gevolg van dié situasie is die houding ten opsigte van treitering by sommige skole en by sommige opvoeders nog ongeërg. Die erns waarmee die fenomeen as gevolg van die skade wat dit tot gevolg het, bejeën moet word, bestaan nie. Opvoeders kan, as bogenoemde situasie in ag geneem word, nie as spesialiste beskou word wat betref hul sorgsaamheidsplig en treitering nie en dit sal deur howe in ag geneem moet word.
- Die ouderdom van die leerders wat onderwerp word aan treitering

Suid-Afrikaanse regspraak spel dit uit dat van ouer leerders verwag kan word om hulself te beskerm teen gevare waarteen hulle gewaarsku is, maar in geval van baie jong kinders kan dit as gevolg van hul ontwikkelingsvlak nie verwag word nie. Die standaard van toesig by jonger leerders moet dus veel hoër wees. Dat die standaard van toesig by jonger kinders hoog moet wees, ook wat betref treitering, is onontbeerlik, maar wat treitering betref, geld die siening van howe dat toesig by ouer leerders nie so intensief hoef te wees nie (met betrekking tot leerdereveiligheid in die algemeen) nie ten opsigte van treitering nie. Die meeste treitering vind plaas in die ouderdomsgroep vanaf 8 jaar

tot 13 jaar. Dit neem wel af vanaf 13 tot 16 jaar met ongeveer 50% wat nog relatief hoog is. Die skade wat die ouer slagoffer toegevoeg kan word, is net so ernstig of selfs ernstiger (die ouer boelie se optrede mag feller en ernstiger wees) as in geval van jonger slagoffers. Die afname kan ook beïnvloed word deur die feit dat boelies neig om voort te gaan met hul negatiewe optrede soos hul ouer word, maar minder slagoffers word geteiken. Die standaard van toesig (wat treitering betref) moet dus op 'n hoë vlak wees ongeag ouderdom (Sien ook die volledige motivering hieroor in afdeling 4.5.3.3).

(d) Kousaliteit en die eierskedelreël (*talem qualem*-reël)

Soos dit ook in die regsraamwerk (afdeling 3.5.2.4(d) ) verduidelik is, moet daar bewys word dat die skade of nadeel wat aan die eiser toegevoeg is, die gevolg moet wees van die optrede of nie-optrede van die persoon wat aanspreeklik gehou is. In die geval van treitering is dit die slagoffer wat skade toegevoeg word. Daar moet dus bewys word dat die skade wat die slagoffer toegevoeg word, die gevolg is van die handeling van die persoon (boelie of opvoeder) wat daarvoor deliktueel aanspreeklik gehou word.

Daar kan gevalle wees waar die slagoffer van treitering alreeds vóór die treitering plaasgevind het oor 'n fisiese of psigiese swakheid beskik het. As gevolg van hierdie fisiese of psigiese swakheid, is die benadeling deur die treitering ernstiger (die skade is ernstiger) as wat dit die geval sou gewees het indien die slagoffer nié oor die bepaalde swakheid beskik het nie. Die vraag is hier: moet die boelie en die opvoeder wat deliktueel aanspreeklik gehou kan word, ook aanspreeklik wees vir die benadeling wat aan die betrokke swakheid toegeskryf kan word?

Alhoewel daar meningsverskil hieroor bestaan, is die aanvaarbaarste benadering volgens Neethling *et al.* (2006 : 201) dié wat in *Smit v Abrahams* 1994 (4) SA 1(A) gevolg is. In dié hofsaak het appèlregter Botha die feit dat die eiser 'n "eierskedelgeval" is as gevolg verduidelik:

[Dit is] maar net nog 'n feit wat tesame met al die ander feite van elke besondere saak in oorweging geneem moet word by die toepassing van die "oorheersende elastiese maatstaf" waarvolgens [op grond van redelikheid, billikheid en reg-

verdigheid] bepaal word of die betrokke skade die verweerder toegereken behoort te word.

Volgens Neethling et al. (2006 : 200 - 201) is die meeste regsgeleerdes dit eens dat die dader in so 'n geval aanspreeklik moet wees, ook vir die benadeling wat aan die betrokke swakhede toegeskryf kan word.

Die profiel van die tipiese (passiewe) slagoffer is 'n kind wat angstig is, min selfvertroue het en 'n swak selfbeeld het. In terme van die *talem qualem*-reël is die dader dus ook aanspreeklik vir die benadeling wat aan die aanwesigheid van genoemde en ander swakhede van die klassieke slagoffer toegeskryf kan word – hierdie beginsel word in die spreuk “you must take your victim as you find him” weerspieël en word die *talem qualem*- reël genoem.

Dit word aanbeveel dat 'n goeie balans gehandhaaf moet word in 'n uitspraak oor hierdie aangeleentheid en dat genoemde regspraak (*Smit v Abrahams* 1994 (4) SA 1 (A)), wat bepaal dat die eierskedelgeval saam met al die ander feite in ag geneem moet word om 'n beslissing te kan maak, as kriterium gebruik word.

#### (e) Skade

Die vier hoofkategorieë van skade (as gevolg van treitering) wat in hierdie studie geïdentifiseer is, is: fisiese skade; psigologiese skade; opvoedkundige skade en sosiale skade. In die deliktereg word basies tussen twee soorte skade onderskei: vermoënskade of finansiële skade en nie-vermoënskade of persoonlikheidsnadeel, dit wil sê skade wat verband hou met die mens se persoonlikheid. Die twee begrippe is in die regsraamwerk, afdeling 3.5.2.5 bespreek. Volgens die bevindinge word fisiese skade en psigologiese skade *per se* deur die deliktereg gedek en kan die benadeelde (slagoffer van treitering) in terme van vermoënskade en persoonlikheidsnadeel vergoeding eis.

Daar is basies drie delikaksies (sien regsraamwerk afdeling 3.5.2.5) waarmee vergoeding geeis kan word vir skade wat die benadeelde gely het, naamlik: die *actio legis Aquiliae* waarmee vermoënskade verhaal word; persoonlikheidsnadeel wat verband hou met die benadeling van die liggaam (die aksie weens pyn en lyding); die *actio iniuriarum*



waarmee genoegdoening weens persoonlikheidskrenking verhaal kan word. In hierdie afdeling word eerstens gefokus op die funksionering van genoemde drie delikaksies vir die verhaling van fisiese skade en psigologiese skade as gevolg van treitering en tweedens op die hantering van opvoedkundige skade en sosiale skade wat nie deur die deliktereg *per se* gedek word nie.

- Die *actio legis Aquiliae*

Vermoënskade word met die *actio legis Aquiliae* (die Aquiliese aksie) verhaal. Uit die bespreking van fisiese treitering in afdeling 2.4.1, het die volgende twee aspekte duidelik na vore gekom: die slagoffer se eiendom word soms deur die boelie afgeneem of beskadig; as gevolg van die fisiese treitering wat ook voorkom tydens seksuele treitering en rasgedrewe treitering kan slagoffers beseer word wat strek van minder ernstige tot ernstige beserings en wat onder andere kan insluit: aanranding; manslag; moord of seksuele aanranding.

Treitering lei nie slegs tot fisiese beserings nie, maar ook tot psigologiese beserings. Psigologiese (emosionele) gevolge (skade) as gevolg van treitering, kan moontlik uitgesonder word as die ernstigste skade wat deur treitering veroorsaak word aangesien dit ernstige permanente letsels kan laat wat die slagoffer sy hele lewe bybly en kan beïnvloed. Voorbeelde van ernstige psigologiese skade wat deur treitering veroorsaak kan word is: lae selfbeeld; hoë vlakke van angs; depressie; selfmoordgedagtes; 'n swak geheue; post traumatiese stressindroom; diepgewortelde weerwraakgevoelens en stres wat die algemene gesondheid van die slagoffer kan benadeel.

In aansluiting by bogenoemde fisiese beserings en psigologiese beserings wat deur treitering veroorsaak kan word, is dit belangrik om te beklemtoon dat die *actio legis Aquiliae* nie ingestel word weens die veroorsaking en bestaan van beserings nie, maar slegs indien die betrokke beserings vermoënskade (sien hierna) meebring.

In terme van die *actio legis Aquiliae* kan skadevergoedingseise ingestel word deur die slagoffer (met bystand van sy ouers) teen die delikpleger (die boelie of opvoeder) vir : die beskadiging of afneem van eiendom; vir mediese uitgawes ten opsigte van fisiese en psigiese beserings asook vir toekomstige mediese uitgawes; vir verlies aan inkomste en



verdienvermoë – indien die slagoffer 'n vaste inkomste verdien, sal skadevergoeding verhaal kan word vir verlies aan inkomste. Indien die slagoffer as gevolg van die fisiese of psigiese beserings sy vermoë verloor om in die toekoms ooreenkomstig sy potensiaal te verdien sal skadevergoeding vir toekomstige inkomste of verdienvermoë verhaal kan word. Skadevergoeding kan geëis word in gevalle van nalatigheid (opvoeders) en opset (die boelie, maar moontlik ook die opvoeder).

- Persoonlikheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam

'n Slagoffer van treitering kan kompensasië eis vir verskillende vorme van persoonlikheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam (liggaamlike krenking). Daar kan vir hierdie tipe skade geëis word selfs waar die dader net nalatig opgetree het. Opset is nie 'n vereiste nie. In terme van hierdie regspraak sal 'n eis vir kompensasië teen die boelie ingestel kan word wat opsetlik persoonlikheidsnadeel vir die slagoffer berokken het en ook teen die opvoeder indien nalatigheid aanwesig was, of selfs weens opsetlikheid (afhangende van die omstandighede).

Die persoonlikheidsnadeel waarvoor hier geëis kan word, hang af van die tipe liggaamsbenadeling wat die gevolg is van treitering en hou verband met die fisiese-psigiese belange van die slagoffer. In terme van Neethling et al. (2006 : 234 - 235; 278) en Potgieter et al. (2006 : 20) kan daar vir die volgende vorme van persoonlikheidsnadeel, wat verband hou met die benadeling van die liggaam, geëis word (die fisiese-psigiese):

- **Pyn en lyding** - pyn, liggaamlike en geestelike lyding en ongerief weens 'n liggaamlike besering, emosionele skok, of selfs die behandeling wat daarop volg.
- **Psigiatriese besering of letsel** - dit moet 'n herkenbare psigiatriese letsel wees wat deur deskundige getuienis bewys moet word.
- **Misvorming** - ontsiering van die eiser se liggaam, insluitend die verlies van 'n ledemaat, mankheid en vertrekings.
- **Verlies van lewensgenieting** - dit sluit in die verlies van die vermoë om aan sport deel te neem, verlies van seksuele vermoë, verlies van gesondheid,

persoonlikheidsverandering, verlies van verstandelike funksies, slapeloosheid ensovoorts .

- **Verkorte lewensverwagting** - verkorting van die normale lewensverwagting meegebring deur beserings.

As daar na die gevolge (skade, nadeel) van treitering in die geheel gekyk word, is dit duidelik dat die vorme van persoonlikheidsnadeel hierbo gelys, ook vorme van nadeel is wat deur treitering veroorsaak kan word en waarvoor die slagoffer kompensasie kan eis. Skade (nadeel) wat deur treitering veroorsaak word en wat kan lei tot persoonlikheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam (fisies-psigiese) kan as volg saamgevat word:

- Treitering kan in uitsonderlike gevalle manifesteer as ernstige fisiese aanranding wat ernstige fisiese beserings tot gevolg het en wat hospitalisasie tot gevolg het. Treitering kan selfs lei tot liggaamskending, byvoorbeeld skending van die gesig.
- Psigologiese nadeel (psigiatriese letsel) spruit voort uit emosionele skok. (Sien verwysing na *Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA) in afdeling 5.4.2.2 waar aangedui word dat psigologiese nadeel nie net deur emosionele skok veroorsaak word nie). Die gevolge van emosionele skok word gewoonlik met pyn en lyding geassosieer, maar kan ook nadeel veroorsaak soos wat geïdentifiseer is in die afdeling oor psigologiese gevolge (2.8.1.2) en opvoedkundige gevolge (2.8.1.4) byvoorbeeld: slapeloosheid; angsneurose; depressie; stres wat die algemene gesondheid van die slagoffer benadeel; post-traumatiese stressindroom; skoolfobie; selfmoordgedagtes; verlies van verstandelike funksies soos vergeetagtigheid; swak konsentrasie; 'n geheue wat afwisselend funksioneer; persoonlikheidsverandering; asook ander geestelike of fisiese siektetoestande waarvoor kompensasie toegeken kan word. Dit is belangrik om aan te toon dat dit soms moeilik is om psigologiese skade te bewys. Deskundige getuienis is hier baie belangrik.

Soos reeds gemeld, kan fisiese skade en psigologiese skade as gevolg van treitering wel deur die deliktereg gedek word. Dit is duidelik uit die bespreking van die *actio legis*

*Aquiliae* en persoonlikheidsnadeel, wat verband hou met die benadeling van die liggaam (aksie vir pyn en lyding), dat dit wel die geval is en dat genoemde twee aksies die fisiese skade en psigologiese skade direk aanspreek. Ook die *actio iniuriarum* (sien hierna) maak voorsiening vir skade wat kan voortvloei uit treitering wat nie altyd rigied onder psigologiese of fisiese skade (nadeel) gekategoriseer kan word nie, soos aantasting van liggaamlike vryheid, laster, eerkrenking en skending van die slagoffer se privaatheid. Aantasting van fisiese integriteit wat ook deur die *actio iniuriarum* hanteer kan word, is weer gelyklopend met fisiese skade.

- Die *actio iniuriarum*

Met die *actio iniuriarum* word genoegdoening geëis vir persoonlikheidsnadeel wat opsetlik veroorsaak is. Dit gaan om die psigiese bevrediging van die eiser deurdat die verweerder 'n geldbedrag as *solatium* (troosgeld) aan hom moet betaal vir die krenking van sy persoonlikheid. In terme van die *actio iniuriarum* sal 'n eis teen die boelie ingestel kan word wat met opset persoonlikheidsnadeel vir die slagoffer veroorsaak het. In gevalle waar daar opset aan die kant van die opvoeder was, in die sin dat hy niks gedoen het nie omdat hy die treitering goedgekeur het (wou gehad het dat dit moes plaasvind) kan sekerlik ook afhange van die spesifieke situasie 'n eis in terme van die *actio iniuriarum* ingestel word. Die volgende is voorbeelde van persoonlikheidsnadeel wat deur treitering veroorsaak kan word en waar genoegdoening geëis kan word:

- **Aantasting van die liggaam** (fisiese integriteit): Fisiese treitering, seksuele treitering en rasgedrewe treitering (gegrond op die feit hoe hierdie tipes treitering manifesteer) kan ernstig inbreuk maak op die fisiese integriteit van die slagoffer. Die volgende is slegs 'n paar voorbeelde om die aantasting van die fisiese integriteit deur treitering te illustreer soos aanranding, skop, wurg, manslag, moord, seksuele aanranding, betasting van die slagoffer se privaatdele.
- **Aantasting van die reg op liggaamlike vryheid**: Die slagoffer se bewegingsvryheid word soms in 'n mate deur die optrede van die boelie ingeperk, byvoorbeeld: die slagoffer ontwikkel 'n skoolfobie en wil nie skool toe gaan nie; uit vrees vir die boelie is hy bang om skool toe te stap, fiets te



ry, van die taxi of busvervoer gebruik te maak en sy ouers moet hom gaan aflaai; hy onttrek hom van die speelgrond en neem nie meer deel aan kinderspel nie en vermy areas waar boelies toeslaan soos toilette en die sluitkaskamer (“locker room”).

- **Laster:** Laster is die krenking van die slagoffer se goeie naam byvoorbeeld deur die publikasie van bewerings wat die slagoffer se aansien in die samelewing laat daal. Die volgende is voorbeelde waar treitering kan manifesteer as laster: smerige en gemene gerugte te begin en te versprei; verspreiding van leuens oor die slagoffer; ernstige en negatiewe skinder; belediging van familielede; smerige briewe ten opsigte van die slagoffer skryf; die verspreiding van skadelike en nadelige voorstellings en boodskappe ten opsigte van die slagoffer oor die internet of met selfone.
- **Onregmatige privaatheidsskending:** Soos reeds in 5.2.2.1(b) aangedui, moet daar onderskeid gemaak word tussen die skending van die reg op privaatheid (grondwetlike regskenning) en privaatregtelike (delikteregtelike) privaatheidsskending. Die skending van die reg op privaatheid (grondwetlike regskenning) is bespreek onder 5.2.2.1(b) en daar is gefokus op die intieme persoonlike ruimte van die slagoffer wat deur die boelie ingedring word of waar die boelie die slagoffer se persoonlike besittings afneem. ‘n Grondwetlike remedie is volgens Neethling et al. (2006 : 21) – selfs in die vorm van skadevergoeding – gerig op die bevestiging, afdwing, beskerming en die vindikasie van fundamentele regte, asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skendings. Volgens Neethling et al. (2006 : 342 - 344) word die reg op privaatheid (in privaatregtelike sin) as selfstandige persoonlikheidsreg erken wat binne die *dignitas*-begrip val. Neethling et al. (2006 : 342 - 344) noem die volgende voorbeelde van onregmatige privaatheidsskending wat moontlik van toepassing kan wees ten opsigte van treitering naamlik: voortdurende agtervolging van ‘n persoon; afloerdery van ‘n persoon in privaatvertrekke; die openbaarmaking van private feite wat deur ‘n onregmatige indringingshandeling bekom is. Dit gaan dus hier oor die onregmatige aantasting van die persoon (slagoffer) se *dignitas*. Die slagoffer

kan genoegdoening eis in terme van die *actio iniurarium* op grond van die aantasting van sy *dignitas*.

- **Eerkrenking:** Eerkrenking (in 'n privaatregtelike sin) moet nie verwar word met die reg op menswaardigheid in 'n grondwetlike sin nie. Die reg op eer word ook as 'n selfstandige persoonlikheidsreg binne die *dignitas*-begrip erken. Krenking van die persoon se eergevoel is die belediging van die persoon. Maniere waarop die persoon beledig kan word is legio, byvoorbeeld vernederende woorde of bespottende of minagende gedrag. (Neethling et al. 2006 : 340 - 341). Voorbeelde van treiteringgedrag, waar die slagoffer beledig kan word, is: op die slagoffer urineer; sy kop in 'n toiletbak druk; skadelike of kwetsende byname gee; belediging; vernederende gerugte ten opsigte van die slagoffer versprei en vele ander maniere. Volgens Neethling et al. (2006 : 340 - 341) is die publikasie van die beledigende optrede aan derdes – soos in die geval van laster – onnodig om 'n *iniuria* daar te stel. Publikasie aan die eiser of slagoffer is voldoende. Dit gaan hier ook oor die onregmatige aantasting van die slagoffer se *dignitas* en die slagoffer kan dus genoegdoening eis.

- Deliktuele remedies vir opvoedkundige skade en sosiale skade

Dit behoort duidelik te wees uit die bespreking van die drie delikaksies (die *actio legis Aquiliae*, die *actio iniuriarum* en die aksie weens pyn en lyding) hierbo dat die Suid-Afrikaanse deliktereg nie voorsiening maak vir opvoedkundige skade *per se* en sosiale skade *per se* nie. In die bevindinge word aanbeveel dat opvoedkundige skade sover moontlik onder vermoënskade en nie-vermoënskade hanteer moet word. Daar word aanbeveel dat sosiale skade op dieselfde manier hanteer word. Hierdie benadering ten opsigte van opvoedkundige skade en sosiale skade kan as volg verduidelik word:

In die lig van die feit dat die deliktereg nie spesifiek voorsiening maak vir opvoedkundige skade nie, is die weg wat gevolg behoort te word, indien 'n eis vir deliktuele opvoedkundige skade wel ingestel word, dat opvoedkundige skade hanteer word binne die definisies van die deliktereg – met ander woorde dat die skade wat die slagoffer ly binne die oorkoepelende begrip “opvoedkundige skade” hanteer moet word – binne die



drie delikaksies soos hierbo bespreek, afhangende van waar die spesifieke nadeel inpas. Spesifieke nadeel (skade) wat binne die oorkoepelende begrip “opvoedkundige skade” geïdentifiseer kan word is: die slagoffer moet langer op skool bly, hy kan eers later begin verdien, hy moet dus meer skoolgeld betaal, hy moet ‘n mindere loopbaan volg. Al bogenoemde voorbeelde kan as finansiële nadeel beskou word en skadevergoeding kan onder die *actio legis Aquiliae* geëis word. Indien bewys kan word dat die opvoedkundige skade se uitwerking aanleiding kon gegee het tot byvoorbeeld eerkrenking of ‘n psigiese letsel, kan dit onderskeidelik onder die *actio iniuriarum* of die aksie weens pyn en lyding hanteer word deur onderskeidelik genoeg-doening of kompensasie te eis. Indien psigologiese terapie nodig is, sal die kostes daarvoor weer onder die *actio legis Aquiliae* geëis word. Opvoedkundige remedies moet nie in geval van opvoedkundige skade uit die oog verloor word nie. ‘n Slagoffer wat opvoedkundige skade gely het, behoort ekstra skolastiese en remediërende hulp van die skool te kry. Dit kan selfs oorweeg word om die boelie en die slagoffer te skei as hulle in dieselfde klas is. Daar word aanbeveel dat die boelie geskuif word en nie die slagoffer nie.

In terme van artikel 8(3) van die Grondwet moet die gemenerereg (die delikterereg) ontwikkel word, indien dit nie gevolg gee aan die skending van ‘n reg nie. Wat litigasie ten opsigte van treitering betref, is die Suid-Afrikaanse reg nog in sy babastadium. Baie ontwikkeling op die gebied lê nog voor. Die vraag kan in hierdie stadium slegs gevra word of ons die punt sal bereik waar die gemenerereg (delikterereg) só sal ontwikkel dat dit spesifiek ook vir opvoedkundige skade sal voorsiening maak.

Skade binne die oorkoepelende begrip “sosiale skade” behoort op dieselfde manier as opvoedkundige skade hierbo hanteer te word. Wanneer ‘n slagoffer sosiaal uitgesluit word, is die doel van die boelie om die slagoffer gemarginaliseer, sosiaal geïsoleer en minderwaardig te laat voel. Dit kan daartoe lei dat die slagoffer hom onttrek, verstote of verwerp voel, vervreemd word en ‘n weersin ontwikkel in die sosiale omgewing. Indien bewys kan word dat hierdie sosiale uitsluiting en die gevolge wat daarmee gepaard gaan byvoorbeeld ‘n psigiese letsel tot gevolg gehad het, dit die slagoffer se eer gekrenk het of dat die slagoffer terapie of hospitalisasie moes ontvang het as gevolg van die nadeel kan kompensasie, genoegdoening of skadevergoeding geëis word, in terme van onderskeidelik die aksie vir pyn en leiding, die *actio iniuriarum* en die *actio legis Aquiliae*.

#### 5.4.2.2 Regspraak ten opsigte van fisiese en psigologiese skade

Uit die bespreking van die *actio legis Aquiliae* en die aksie weens pyn en lyding, blyk dit dat twee van die hoofkategorieë van nadeel (skade) wat deur treitering veroorsaak kan word, naamlik fisiese skade en psigologiese skade *per se* deur genoemde twee aksies gedek word. Die volgende regspraak wat betrekking het op fisiese en psigologiese skade, word in hierdie afdeling aangebied:

- *Shelby v Board of Education of Le Roy Cent. School District*, 2002, WL 31247602 (Zirkel 2003 : 90, 91). Gedurende Mei 1995 het Crystal, 'n Amerikaanse hoërskoolleerling, 'n dreigement van drie dogters wat 'n geskiedenis van dissiplinêre probleme het, ontvang. Hulle het haar gedreig met aanranding die volgende dag. Crystal het die adjunk-hoof die oggend van die voorval, voor skool, ingelig ten opsigte van die dreigement, maar hy het dit afgemaak as maar net 'n "gepraterij" en gesê dat Crystal na haar klaskamer moet gaan. Op pad na haar klaskamer het Crystal by die sluitkas aangedoen waar die drie dogters haar aangerand het. Hulle het haar met die vuus geslaan en geskop, haar kop teen die muur gekap en met die slot van die sluitkas geslaan. Sy was ernstig beseer en is na die noodeenheid van die hospitaal geneem waar sy behandel is. Die drie dogters is strafregtelik vervolgd in die kinderstrafhof. Die volgende twee jaar het Crystal simptome van hoofpyn, duiseligheid, stywe nek, vergeetagtigheid en swak sig ondervind. Breinskade is gediagnoseer en ses breinoperasies het gevolg. Na die operasies het Crystal geheueprobleme en leerprobleme ondervind. Crystal se ouers het die skool gedagvaar vir nalatigheid omdat die adjunk-hoof nie opgetree het toe Crystal hom van die dreigemente ingelig het nie en omdat daar nie toesig was in die sluitkaskamer waar Crystal aangerand is nie. Daar is ook aangedui dat die skool se veiligheidsbeleid aantoon dat die sluitkaskamer gemoniteer moes word. In die hof het die neurochirurg getuig dat die simptome die gevolg was van die aanranding. Die arbeidsterapeut wat Crystal behandel het, het getuig dat Crystal, wat 'n baie intelligente dogter is en voor die voorval akademies presteer het, slegs 'n laevlakwerk sou kon doen as gevolg van die breinbesering. Die hof het bevind dat die skool nalatig was en die onderwysdepartement moes 11.2 miljoen dollar aan Crystal betaal.



- Dit blyk baie duidelik uit die navorsing dat psigologiese skade (emosionele skade) moontlik beskou kan word as die ernstigste skade wat die gevolg kan wees van treitering aangesien dit permanente psigiese letsels laat en kan lei tot selfmoord van die slagoffer of weerwraak waar die slagoffer die boelies of onskuldige leerders of opvoeders vermoor. Opvoeders, skole en onderwysdepartemente is bedag op deliktuele aanspreeklikheid wat spruit uit fisiese beserings, maar moet ook bedag wees op deliktuele aanspreeklikheid wat kan spruit uit psigologiese beserings (skade) wat veral die gevolg kan wees van subtiele treitering, wat deesdae toeneem en waar boelies gebruik maak van selfone en die e-pos. Die volgende regspraak is spesifiek van toepassing op psigologiese skade: Dylan Themo (18 jaar) het 700 000 dollar geëis van Tonganoxie-skooldistrik, in die VSA, weens die feit dat hy nie beskerm is teen verbale seksuele treitering nie, alhoewel distriksamptenare bewus was daarvan. Die verbale seksuele treitering het vir vyf jaar voortgegaan en Dylan het die skool telkemale ingelig. Dylan se ouers het elke insident aangeteken asook die besprekings met skoolpersoneel. Sy pa het ook sommige van die samesprekings op band opgeneem. Dylan het ook skoolfobie ontwikkel en het sy ouers soms gesmeek om nie skool toe te gaan nie. Die seksuele treitering het emosionele (psigologiese) letsels veroorsaak en hy moes psigiatriese behandeling kry wat onbepaald voortgesit moes word. Alhoewel die skool aangedui het dat hulle probeer het om die treitering stop te sit, het die hof bevind dat hulle nalatig opgetree het en 250 000 dollar is aan Dylan toegeken as gevolg van die emosionele skade en vir toekomstige mediese onkoste (Trowbridge 2005 : 1, 2).
- Psigologiese skade kan op verskillende wyses opgedoen word, byvoorbeeld deur emosionele of sensuskok of deur vreeswekking of ander geestelike lyding (Neethling et al. 2006 : 278). Psigologiese skade weens treitering is die gevolg van onder andere vreeswekking, vernedering, uitsluiting, isolering, dreigemente, intimidering, dominerend en terrorisering. In *Barnard v Santam BPK 1999 (1) SA 202 (HHA)* is bevind dat 'n psigiese letsel wat nie deur emosionele skok veroorsaak is nie ook gedingsvatbaar kan wees. In dié hofuitspraak is aangedui dat die enigste tersaaklike vraag behoort te wees of die eiser 'n herkenbare psigiese letsel opgedoen het. Hierdie uitspraak het dus die weg gebaan vir eise



vir kompensasie vir 'n psigiese letsel wat nie deur senuskok opgedoen is nie, soos in die geval van treitering.

- Voor die uitspraak in *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA BPK 1973 (1) SA 769 (A)*, was die standpunt van Suid-Afrikaanse hofe dat 'n psigiese versteuring uit 'n fisiese besering moes voortvloei het of 'n benadeling van die fisiese gesteldheid tot gevolg gehad het (Neethling et al. 2006 : 278). In geval van ernstige fisiese treitering kan 'n psigiese versteuring wel voortvloei uit 'n fisiese besering. In die geval van negatiewe stres as gevolg van treitering kan dit lei tot swak gesondheid (die psigiese versteuring het 'n benadeling van die fisiese gesteldheid tot gevolg). Dit is egter duidelik dat psigologiese skade deur treitering in baie gevalle ook deur ander faktore veroorsaak word soos vreeswekking, vernedering, uitsluiting, isolering, dreigemente, intimidering, dominerende, terrorisering ensovoorts. In die Bester-saak is bevind dat "om 'n benadeelde dus skadevergoeding te ontsê, bloot op grond van die feit dat die senuskok en gevolglike leed nie met 'n suiwer fisiese besering gepaard gaan nie, kan nouliks op logiese gronde verdedig word" (*Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA BPK 1973 (1) SA 769 (A)*) – bladsy 12. Hierdie uitspraak het die weg gebaan vir die eis van kompensasie vir 'n psigiese letsel wat nie met 'n fisiese besering gepaard gegaan het nie asook waar die psigiese besering nie benadeling van fisiese gesteldheid tot gevolg gehad het nie, soos in die geval van treitering moontlik is.

#### 5.4.2.3 Die interdik as regs middel om treitering te hanteer

Die interdik is 'n belangrike regs middel wat deur die skool gebruik kan word om treitering te hanteer. In die response van die respondente, word beklemtoon dat die interdik veral aangewend kan word om die skending van die slagoffer se regte deur treitering te verhoed. Die hof kan byvoorbeeld 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy regte verder skend nie. Neethling et al. (2006 : 248 - 249) beskryf die interdik as 'n regs middel waarmee 'n dringende onregmatige daad afgeweer kan word of die voortsetting van 'n reeds begonne delik verhinder kan word. Die volgende is scenarios of situasies waar die skool met vrug van die interdik as remedie gebruik kan maak:



- Waar die bestuur van die skool bewus is van 'n insident wat dreig om te gebeur, byvoorbeeld waar die adjunk-hoof deur 'n potensiale slagoffer ingelig is dat sy veiligheid ernstig bedreig word deur 'n berugte boelie wat 'n geskiedenis het, en waar die skool se interne remedies nie geslaagd was nie, kan in uitsonderlike situasies die aanvra van 'n interdik oorweeg word.
- Soos reeds hierbo vermeld, kan 'n boelie deur middel van 'n interdik verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy regte verder te skend nie en dus die voortsetting van die treitering stop te sit.
- Volgens Neethling et al. (2006 : 249) kan 'n interdik of finaal of *pendente lite* wees. Beide kan deur die skool toegepas word. In 'n baie ernstige geval, soos byvoorbeeld in die eerste geval hierbo genoem, kan gebruik gemaak word van 'n permanente interdik. In 'n geval waar 'n dissiplinêre verhoor nog gehou moet word, kan die interdik *pendente lite*, dit wil sê tydelik wees, hangende die uitslag van die verhoor.

Voordat die skool die aanvra van 'n interdik oorweeg, moet alle ander remedies uitgeput wees – met ander woorde die skool moet kan aantoon dat daar nie 'n ander geskikte remedie beskikbaar is nie, voordat die toestaan van 'n interdik deur die hof oorweeg sal word.

#### 5.4.2.4 Middellike aanspreeklikheid

Die aard van die begrip middellike aanspreeklikheid is reeds bespreek onder afdeling 3.5.3 as deel van die regsraamwerk.

In onderwysverband word middellike aanspreeklikheid op artikel 60 van die Skolewet gebaseer. Artikel 60(1) van die Skolewet lui as volg:

Die staat is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit

wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.

Subartikel (1) dra dus die aanspreeklikheid van 'n openbare skool vir sekere deliktuele eise aan die staat oor. Die opvoeder as werknemer tree as orgaan van sy werkgewer in die uitvoering van sy diens op. Indien die opvoeder op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan die leerders veroorsaak deur byvoorbeeld nie sy sorgsaamheidsplig behoorlik uit te voer en op te tree teen treitering nie en so op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan die slagoffer van treitering veroorsaak, kan sy werkgewer middellik aanspreeklik gehou word. Uit die response van respondente (4.5.3.4) is dit duidelik dat die onderwysdepartement (werkgewer) ook middellik aanspreeklik is indien die betrokke opvoeder in diens is van die skoolbeheerliggaam. Dit word bevestig deur *LUR vir Onderwys en Kultuur, Vrystaat v Louw en 'n Ander* 2006 (1) SA 192 (HHA). Die werkgewer sal alleenlik middellik aanspreeklik gehou word indien sekere vereistes (wat reeds in die regsraamwerk bespreek is) aanwesig is. Volgens Botha (1990 : 38) is dit ook moontlik dat die opvoeder persoonlik aanspreeklik gehou kan word waar daar nie aan die vereistes vir middellike aanspreeklikheid voldoen word nie. In gevalle waar daar wel sprake van middellike aanspreeklikheid is en die werkgewer reeds die skadevergoeding betaal het, het sy werkgewer 'n regresreg teen die opvoeder om die geld van hom persoonlik te verhaal.

Direkte aanspreeklikheid van die boelie se ouers moet nie verwar word met middellike aanspreeklikheid nie. Indien die ouers van die boelie bewus is van hul kind se treitering en nie optree nie, kan hulle aanspreeklik wees weens 'n late as gevolg van die regsplig van die ouer. Die regsplig van die ouer van die boelie is gesetel in die besondere verhouding tussen die ouer en die kind en wel in die inhoud van ouerlike gesag (sien afdeling 5.4.2.1 (b)). Hierdie besondere verhouding tussen ouer en kind moet nie verwar word met die werkgewer-werknemer-verhouding wat 'n voorwaarde is vir middellike aanspreeklikheid nie. Middellike aanspreeklikheid kan dus nie ter sprake wees by die ouers se aanspreeklikheid nie.

Dit gebeur soms dat leerderraadslede leerders treiter gedurende die uitvoering van hul pligte. In terme van *Hiltonian Society v Crofton* 1952 (3) SA 130 (A) en *Dowling v Diocesan College and Others* 1999 (3) SA 847 (K) kan 'n skool middellik aanspreeklik



gehou word vir die optrede van sy prefekte. Die motivering vir die feit dat 'n skool middellik aanspreeklik kan wees vir die optrede van sy prefekte word in die Dowling-saak as volg uitgespel: Die skool stel die prefekte aan (daar bestaan dus 'n werkgewer-werknemer-verhouding); die skool het die handhawing van dissipline aan die prefekte opgedra; die prefekte het die seun getreiter en aangerand in die loop van die uitvoering van hul plig om dissipline te handhaaf. Die Verteenwoordigende Leerderraad, wat die vorige prefektestelsel vervang het by staatskole, se aard en funksie verskil van die prefektestelsel wat by Diocesan College in plek was. Die Verteenwoordigende Leerderraad word nie deur die skool aangestel nie en die handhawing van dissipline is nie 'n funksie (taak) wat aan hulle opgedra word nie. Die Verteenwoordigende Leerderraad word demokraties verkies deur die leerders – daar bestaan nie 'n werkgewer-werknemer-verhouding nie. Die lede van die Verteenwoordigende Leerderraad kan wat dissipline betref hoogstens die leerders aanmoedig om in ooreenstemming met die gedragskode op te tree. Bestraffing van leerders is nie deel van hul taak nie (Department of Education 1999 : 11, 22). By die Verteenwoordigende Leerderraad bestaan daar dus nie 'n werkgewer-werknemer-verhouding nie. Daar kan ook nie sprake wees van skade wat deur 'n lid van die Verteenwoordigende Leerderraad tot 'n ander leerder toegevoeg word in die loop van die uitvoering van 'n plig om dissipline te handhaaf nie, want dissipline-handhawing is nie deel van hul pligte nie. In die lig van bogenoemde kan daar dus gesê word dat middellike aanspreeklikheid nie ter sake is ten opsigte van die Verteenwoordigende Leerderraad nie (Sien die vereistes vir middellike aanspreeklikheid soos bespreek in 3.5.3).

## 5.5 DIE STRAFREG

### 5.5.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Die respondente is dit eens dat die strafreg 'n rol moet speel in die bestuur en hantering van treitering in 'n skool en word in hierdie afdeling bespreek.

#### 5.5.1.1 Die rol van die strafregstelsel in die bestuur en hantering van treitering

Die lê van 'n strafklag teen 'n boelie is slegs een wyse waarop die strafregstelsel aangewend kan word ten opsigte van die bestuur en hantering van treitering. Ander wyses wat deur die respondente geïdentifiseer is, asook aanvullende wyses is:

- Gebruikmaking van die helende reg (“restorative justice”).
- Die strafreg as afskrikmiddel.
- Samewerking met die staatsaanklaer en proefbeampte.
- Polisiebetrokkenheid.
- Die stuur van 'n waarskuwingsbrief aan die boelie en die boelie se ouers.

Daar is gevalle waar die lê van 'n strafklag teen 'n boelie wel aangewend behoort te word waar treitering ernstige misdaad tot gevolg het. Die siening dat die strafreg (die lê van 'n strafklag) slegs in uitsonderlike, ernstige gevalle aangewend behoort te word omdat die reg 'n kind in 'n spesiale posisie plaas, is van groot belang wanneer die strafreg aangewend word vir kinders (jeugdige onder 18 jaar). Voordat die verskillende wyses waarop die strafregstelsel in geval van treitering aangewend kan word, bespreek word, is dit noodsaaklik om eers hierdie spesiale beskerming van jeugdige (boelies wat misdaad pleeg) ten opsigte van die strafreg uit te klaar.

##### (a) Spesiale hantering van die jeug (minderjariges) deur die strafreg

Daar bestaan verskeie regsreëls wat bepaal dat 'n kind of jeugdige onder die ouderdom van 18 jaar spesiale beskerming en behandeling moet kry met betrekking tot die strafreg.

Kinders wat nog nie hul sewende lewensjaar voltooi het nie word onweerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Hulle kan dus nie op grond van enige doen of late



deur hulle begaan voordat hulle hul sewende verjaardag bereik het aan enige misdaad skuldig bevind word nie. Vandat kinders hulle sewende lewensjaar voltooi het tot net voor hul veertiende verjaarsdag word hulle weerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Kinders kan dus wel op grond van 'n doen of late deur hulle begaan, terwyl hulle in hierdie groep is, aan 'n misdaad skuldig bevind word, mits die staat die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid bo redelike twyfel weerlê. Hoe nader die kind aan die ouderdom van sewe is, hoe sterker is die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid en hoe nader die kind aan die ouderdom van veertien jaar is, hoe swakker is die vermoede. Elke geval moet op eie meriete beoordeel word. Wanneer die ouderdom van 14 jaar bereik word, is die minderjarige toerekeningsvatbaar soos die volwassene alhoewel sy jeug (jonger as 18 jaar) as versagende omstandighede mag dien (Neethling *et al.* 2006 : 118 - 120; Snyman 1999 : 174 - 177; afdeling 3.4.3 hoofstuk 3). Gebruikmaking van die strafreg (veral die lê van 'n strafklag teen 'n boelie) is dus hoofsaaklik van toepassing op boelies ouer as 14 jaar en in uitsonderlike gevalle op boelies tussen 7 en 14 jaar, meer spesifiek die groep wat nader is aan 14 jaar. 'n Baie belangrike wysiging in die Child Justice Bill is dat die ouderdom van 7 jaar vir ontoerekeningsvatbaarheid verhoog is na 10 jaar (In terme van die Children's Act, is meerderjarigheid verlaag van 21 jaar na 18 jaar).

Die Suid-Afrikaanse gemenerereg erken ook die beginsel dat jeugdigheid versagende omstandighede is vir straf. Die proefbeampte wat die jeugdige wat 'n misdaad sou pleeg evalueer, se evaluering en verslag word gebaseer op die jeugdige se huislike omstandighede, sy ontwikkelingsvlak, gedragpatrone en volwassenheid. Die tipe vonnis wat opgelê word, neem ook genoemde kriteria van die verslag in aanmerking (Le Roux 2003 : 186, 187).

Artikel 40(3) van die Konvensie bepaal dat lidlande (Suid-Afrika is 'n lidland) wette moet maak en prosedures, instansies en inrigtings in plek moet hê vir jeugdiges in konflik met die gereg. Hierdie bepaling verwys na 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges wat gelei het tot die daarstelling van die Child Justice Bill wat 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges van stapel wil stuur wat meer verbruikersvriendelik vir jeugdiges sal wees.

Indien die Child Justice Bill 'n wet word, sal dit bydra om 'n doeltreffende strafregstelselkultuur vir jeugdiges te skep wat positief aangewend kan word, ook deur die onderwys

en dus ook vir treitering wat misdadig tot gevolg het. Enkele voorbeelde van bepalings wat in die Child Justice Bill vervat is wat gerig is op groter beskerming van die jeug is:

- Gebruikmaking van helenderegprogramme (sien 5.5.1.1 (b)).
- Afwenteling (kanalisering van kinders weg van die formele hofsisteem na reïntegrasieprogramme) word aanbeveel.
- Die tronk word slegs beskou as 'n laaste uitweg vir 'n kind. Voorsiening word gemaak vir alternatiewe vonnisse vir tronkvonnisse.
- Eenstopkinderregsentrums waar met kinderstrafsake onder een dak gehandel word.
- Kinders kan gevonnissen word om na 'n residensiële fasiliteit te gaan wat die ekwivalent is van verbeteringskole.

Daar word alreeds van helenderegprogramme en van afwentelingsprogramme gebruik gemaak. Die eerste eenstopkinderregsentrums is ookal in gebruik geneem.

Ook die Grondwet bepaal dat spesiale beskerming deur die strafregstelsel vir jeugdiges noodsaaklik is. In terme van artikel 28(1)(9) kan 'n kind onder 18 jaar slegs aangehou word as 'n laaste uitweg asook vir die kortste toepaslike tyd. Die kind moet nie saam met ander jeugdiges ouer as 18 jaar aangehou word nie en die kind se ouderdom moet ook in ag geneem word ten opsigte van die behandeling en die omstandighede van aanhouding

Daar bestaan ook wetgewing wat spesiale beskerming aan jeugdiges bied. Wetgewing soos die Strafproseswet, artikel 153(4), bepaal dat die verhoor van 'n jeugdige *in camera* moet geskied en artikel 153(3) van dieselfde wet verbied die bekendmaking van die identiteit van 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar. In terme van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 17 van 1994, kan jeugdiges onder die ouderdom van 14 jaar wat verhoor afwag, nie vir langer as 24 uur aangehou word nie voordat hulle vrygelaat word in die sorg van hul ouers, voog of 'n geskikte persoon of in 'n plek van

veiligheid geplaas word. Ingevolge die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 14 van 1996 kan jeugdige ouer as 14 jaar, maar jonger as 18 jaar wat beskuldig word van ernstige misdade soos moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding of aanranding van seksuele aard wel aangehou word terwyl hulle verhoor afwag.

Bogenoemde is enkele voorbeelde van hoe jeugdige spesiale beskerming onder die strafreg geniet en die afleiding kan gemaak word dat die strafregstelsel nie werklik bedoel is vir jeugdige nie, veral nie met betrekking tot 'n strafklag wat die hele pad deur die strafhof moet loop en uiteindelik kan uitloop op gevangenisstraf nie. Skelton (1996 : 189) merk op dat daar wel uitsonderlike gevalle van jeugmisdad is wat wel die volle pad deur strafhove behoort te loop en wat kan lei tot gevangenisstraf wat ook strook met die sienings van die respondente. Sy stel dit as volg:

It is submitted that diversion should be the central principle of any future juvenile justice system. The possibility of diversion should be considered in every case, and only rejected in cases where the interests or the safety of the community demands that the case be taken through the criminal justice system.

Met inagneming van die spesiale beskerming wat jeugdige (minderjarige) onder die strafregstelsel behoort te kry, word die wyses van hoe die strafregstelsel aangewend kan word in die bestuur van treitering in die skool (onderwys) vervolgens bespreek.

(b) Wyses waarop die strafregstelsel aangewend kan word in die bestuur en hanteling van treitering

- Die lê van 'n strafklag deur 'n skool

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die lê van 'n strafklag in uitsonderlike, ernstige gevalle van treitering wat tot 'n misdad lei wel moet plaasvind. Die vraag wat hier opduik is hoe ernstigheid gemeet word, met ander woorde wanneer moet 'n strafklag deur die skool of skoolbeheerliggaam gelê word. Dit is nie moontlik om rigied voorskriftelik te wees nie. Die Suid-Afrikaanse strafreg maak nie werklik voorsiening vir psigologiese vorme van treitering nie. Gevalle van treitering wat dus die lê van 'n strafklag regverdig sal dus hoofsaaklik fisiese vorme van treitering wees. Die enigste uitsondering is



moontlik *crimen injuria* en die vorm van aanranding, wat vrees inboesem dat skade die slagoffer toegevoeg gaan word – wat later in hierdie afdeling bespreek word.

Leiding kan gesoek word by die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 14 van 1996 (sien bespreking van die wet in afdeling 5.5.1.1 (a) hierbo). Die wet sonder sekere misdade wat deur jeugdiges tussen 14 en 18 jaar gepleeg word uit as ernstige misdade wat in die strafhof hoort. Die volgende is van toepassing op treitering: moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding, aanranding van seksuele aard. Indien 'n afleiding in hierdie stadium gemaak kan word gegrond op die misdade wat hierbo gelys word, blyk dit dat dit misdade is wat ernstige liggaamlike skade veroorsaak of waar wapens betrokke is.

Volgens Furniss (2000 : 14 - 17) is die keuse tussen die lê van 'n strafklag of die hantering van die handeling van die boelie deur die skool se interne dissiplinêre sisteem debatteerbaar. Daar is sekere handelingte waaroor daar geen twyfel hoef te wees nie en waar 'n strafklag gelê moet word soos by moord en strafbare manslag. Verkragting kan sonder twyfel as 'n derde misdaad bygevoeg word waar die lê van 'n strafklag nie debatteerbaar is nie. Treitering manifesteer egter slegs in hoogs uitsonderlike gevalle as moord, strafbare manslag en verkragting.

Die besluit of 'n strafklag gelê moet word in die geval van aanranding is weer moeiliker aangesien aanranding kan wissel van minder ernstig tot baie ernstig. Diskresie deur die skool is belangrik, maar ook baie moeilik. Daar word aanbeveel dat in die geval van fisiese treitering wat lei tot ernstige liggaamlike skade (met ander woorde ernstige aanranding) daar in alle gevalle 'n strafklag gelê moet word. Daar mag egter gevalle wees wat kan ressorteer onder aanranding waar daar geen liggaamlike skade is nie of waar die skade minimaal is waar die skool die saak kan hanteer deur gebruik te maak van hul interne dissiplinêre stelsel.

Dieselfde beginsel ten opsigte van 'n keuse tussen die lê van 'n strafklag of interne hantering as by aanranding behoort ook te geld waar treitering manifesteer as onsedelike aanranding of by treitering waar gevaarlike wapens betrokke is. In albei gevalle behoort 'n strafklag gelê te word, maar daar mag soos in die geval van aanranding gevalle wees waar die skool se interne dissiplinêre sisteem gebruik kan word om die situasie te han-



teer. Onsedelike aanranding word onder afdeling 4.4.1.4 hanteer en dit is duidelik dat dit kan wissel van ernstig tot minder ernstig. Elke situasie behoort op meriete beoordeel te word, maar 'n goeie riglyn om die ernstigheid van onsedelike aanranding te beoordeel is om te bepaal in hoe 'n mate die intieme persoonlike ruimte van 'n slagoffer binnegedring word (sien die bespreking van die reg op privaatheid onder afdeling 5.2.2.1 (b)). Waar byvoorbeeld die slagoffer se privaatdele onder die klere betas word sal 'n ernstiger indringing van die intieme persoonlike ruimte wees as waar 'n seun se broek afgetrek word of waar teen 'n dogter geskuur word. Waar 'n dogter of seun se privaatdele onder die klere betas word, kan as baie ernstig beskou word en behoort 'n strafklag gelê te word. Die ander twee voorbeelde (tweede en derde voorbeelde) is minder ernstig en kan deur die skool se dissiplinêre stelsel hanteer word. Treitering waar wapens betrokke is (sien afdeling 5.5.2.1 (b)), moet in 'n baie ernstige lig beskou word gesien in die lig van gewelddadigheid in Suid-Afrika waar talle mense doodgeskiet word of doodgesteek word. Kennis moet ook geneem word van die situasie in Amerika waar 'n geenverdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van wapens toegepas word in die lig van skietery by skole waar talle leerders of personeel al gedood is. Die riglyn behoort te wees dat 'n strafklag gelê behoort te word tydens treitering waar wapens betrokke is. Daar mag egter gevalle wees waar die boelie 'n gevaarlike wapen skool toe bring, maar die skool oortuig is dat die boelie "te genertyd" die bedoeling gehad het om die wapen vir 'n onregmatige doel aan te wend nie en die situasie deur die skool hanteer kan word. Waar boelies slagoffers met vuurwapens en ander gevaarlike wapens afdreig of hulle besittings op die manier roof behoort 'n strafklag gelê te word.

Daar word in afdeling 5.5.2.2 aangetoon dat die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van psigologiese treitering wat lewenslange letsels by die slagoffer kan laat, swak is. Twee uitsonderings is die van aanranding wat vrees by die slagoffer inboesem dat skade hom toegevoeg gaan word asook in die geval van *crimen injuria* waar die waardigheid en privaatheid van die slagoffer aangetas word. Albei gevalle kan lei tot psigologiese skade by die slagoffer. Minder ernstige gevalle kan deur die skool hanteer word. Daar mag egter gevalle wees wat ernstig van aard is en waar 'n strafklag wel gelê kan word. Waar die vrees wat by die slagoffer ingeboesem word herhaaldelik plaasvind, dit die slagoffer reeds ernstig benadeel en die skool se pogings om die probleem op te los, misluk, behoort 'n strafklag gelê te word. 'n Strafklag kan ook oorweeg word in geval van *crimen injuria* wat herhaaldelik plaasvind en ook in die teen-

woordigheid van ander gebeur. Vorme van *crimen injuria* waar die boelie pornografie aan die slagoffer stuur, beledigende seksuele opmerkings ten opsigte van die slagoffer maak of kaalfoto's van die slagoffer deur middel van 'n selfoon of internet bekendstel, kan ook 'n strafklag regverdig ahangende van die feite van die situasie (sien afdelings 4.4.1.2 en 4.4.1.3 vir die respondente se respons ten opsigte van aanranding wat manifesteer as vreesinboeseming en *crimen injuria*).

Dit is ook raadsaam dat skole gebruik maak van regspraktisyns (privaat, as lid van die beheerliggaam of departementeel) se advies as dit problematies is om 'n keuse te maak tussen die lê van 'n strafklag of hantering deur die skole self. Skole se sielkundige dienste en beradingsdienste asook departementele sielkundige dienste en beradingsdienste kan ook as remedies opsigself beskou word en kan deel uitmaak van die proses van hantering deur die skool se dissiplinêre stelsel vir die rehabilitering van die boelie en genesing by die slagoffer. Ook waar 'n strafklag gelê word kan hierdie dienste 'n rol speel in die rehabilitering van die boelie veral waar daar goeie samewerking is met die staatsaanklaer en proefbeampte. Hierdie aspek word later in hierdie afdeling bespreek. Ouerbetrokkenheid (die boelie se ouers en die slagoffer se ouers) kan soms 'n bydrae lewer dat die pynlikheid van die hele proses verlig word.

Sien ook die bespreking van die verband tussen die lê van 'n strafklag en 'n dissiplinêre verhoor (4.4.5) waar redes verskaf word waarom die skool se dissiplinêre verhoor behoort voort te gaan ten spyte van die feit dat 'n strafklag gelê is.

Die volgende aspekte is belangrik by die lê van 'n strafklag (sien afdeling 4.4.3.):

- Die skool moet nie 'n strafklag lê ten opsigte van 'n nietigheid nie. Volgens die *di minimis*-beginsel hoef die polisie nie 'n saak te open as dit regtig kleinlik en nie ernstig is nie. Daarom moet die skool eers 'n ondersoek doen om seker te maak of die geval ernstig genoeg is vir die lê van 'n strafklag.
- Die skool moet nie sonder meer aanvaar as die polisie weier om 'n saak te open nie – veral as die skool oortuig is dat dit ernstig genoeg is. In afdeling 4.4.3. word verduidelik hoe te werk gegaan behoort te word as die polisie weier om 'n saak te open.

Ten slotte moet gemeld word dat dit die ouers van die slagoffer se reg is om ten opsigte van enige misdaad 'n strafklag te lê indien die boelie toerekeningsvatbaar is.

- Helende reg (restorative justice)

Helende reg kan 'n waardevolle rol speel nadat 'n strafklag gelê is met betrekking tot ernstige treitering. Helende reg is gebaseer op die vergifnis van die slagoffer vir die oortreder (boelie) asook dat die oortreder moet goed maak vir die nadeel (skade) wat hy die slagoffer toegevoeg het.

Afwenteling is juis gebaseer op helende reg. Nadat 'n strafklag teen 'n kind (boelie) gelê is, moet hy deur 'n proefbeampte geassesseer word. Op grond van die assessering moet daar besluit word of die kind uit die hof gehou moet word deur gebruik te maak van afwenteling en of daar voortgegaan moet word met die strafszaak. Die volgende is voorbeelde van afwentelingsprogramme wat veral geskik is vir die boelies teen wie 'n strafklag aanhangig gemaak is: slagoffer-oortreder-mediasie en gesinskferensies (sien afdeling 4.4.2).

Skelton en Batley (2006 : 13 - 15) identifiseer die volgende kriteria met betrekking tot die toepaslikheid vir gebruikmaking van helende reg:

- Daar moet 'n identifiseerbare slagoffer betrokke wees.
- Die slagoffer moet bereid wees om deel te wees van die proses.
- Die slagoffer moet baat vind by die proses in die sin dat sy eër herstel word en daar restitusie en kompensasie met betrekking tot die slagoffer plaasvind.
- Oortreders moet kan leer uit die proses en insig kry in hul optrede. Daar moet die geleentheid wees dat hulle empatie kan ontwikkel vir die slagoffer en die geleentheid kry om die situasie reg te stel.
- 'n Helendeproses word primêr gerig op die behoeftes van die slagoffer.



Skelton en Batley (2006 : 10) meld dat helende reg ook gebruik kan word vir die oplossing van dispute in skole.

In die lig van bogenoemde kan gesê word dat die helende reg ook as deel van die skool se dissiplinêre proses gebruik kan word in die bestuur van treitering in 'n skool. Helende-regprosesse kan as uiters geskik beskou word spesifiek vir die hantering van treitering en wel om die volgende redes:

- By treitering is daar in alle gevalle 'n slagoffer betrokke wat soms ernstige fisiese psigologiese, opvoedkundige of sosiale skade kon gely het. Die magsbalans tussen die boelie en die slagoffer is ook ernstig versteur. Aangesien helende reg op die behoeftes van die slagoffer gerig is, kan dit juis bydra om die skade te herstel. Die slagoffer is die belangrikste rolspeler in 'n helende regsproses. Hy kan besluit of hy deel wil wees van die proses. Die proses word primêr gerig op die behoeftes van die slagoffer. Die proses is gerig op die herstel van die slagoffer se eer, is gerig op kompensasie en restitusie vir die slagoffer. Daar word gepoog om die skade (nadeel) wat hy gely het sover as moontlik te herstel. Die slagoffer bepaal ook of hy tevrede is met die uitkoms van die proses.
- Alhoewel die proses nie primêr gerig is op die behoeftes van die boelie nie, moet die boelie goed maak vir die nadeel (skade) wat hy die slagoffer toegevoeg het. Nadat die slagoffer vertel het watter skade (nadeel) die treitering veroorsaak het, word daar van die boelie verwag om te sê hoe hy die skade wat hy aangerig het gaan regmaak. 'n Kontrak word opgestel wat spesifiek bepaal wat die boelie moet doen om die skade te herstel en dat hy dus verantwoordelikheid aanvaar vir die nadeel (skade) wat hy veroorsaak het. Dit kan, of behoort, die vertrekpunt te wees vir die rehabilitasie of genesing van die boelie se treiteringgedrag as hy tot die besef kom watter skade die slagoffer gely het en dat sy daad 'n verpligting op hom plaas om te kompenseer vir die skade. Die balans wat versteur is deur die magspel van die boelie moet dus herstel word.

Oortreder-slagoffer-mediase en veral die gesinskonferensie (sien 4.4.2) is uiters geskik vir die gebruik tydens treitering.

Afrimap and Open Society Foundation for South Africa (2005 : 127) definieer bogenoemde twee suiwer helenderegprogramme as volg:

Victim Offender Mediation: This programme creates the opportunity for the victim and the offender to meet and work out a mutually acceptable agreement with the assistance of a mediator, with the aim of restoring the balance.

Family Group Conferencing: These conferences are similar to mediation in certain instances, except that they involve the families of both victim and the defender in the mediation process (word bespreek in afdeling 4.4.2).

Dit is duidelik dat hierdie twee programme in wese na aanmekaar is. Gesinskonferensies is meer geskik vir jonger kinders weens die ondersteuningsfaktor van hul gesinne. Aangesien in albei gevalle direkte konfrontasie aanwesig is, is die gewilligheid van die slagoffer asook sy gereedheid daarvoor belangrik om hom nie aan verdere trauma te onderwerp nie. Skelton en Batley (2006 : 14) sê egter dis 'n mite om te aanvaar dat slagoffers nie van aangesig tot aangesig met die skuldige wil verskyn nie. Die meeste slagoffers ervaar die "ontmoeting as helend".

Helenderegprosesse – asook ander prosesse wat nie suiwer helenderegprosesse is nie soos portuurgroepmediasie – kan met vrug aangewend word as deel van die bestuur van treitering in 'n skool. Sien ook afdeling 5.3.2.2(c) vir ander intervensie-programme wat nie opsigself helenderegprogramme is nie, maar wat ook deel kan vorm van die skool se dissiplinêre proses.

Op grond van die feit dat die filosofie van helende reg asook die ontwikkeling van die helende reg in Suid-Afrika as belangrik geag word en die Child Justice Bill dit ook aanbeveel, behoort dit ook in onderwyswetgewing ingekorporeer te word. Hier word veral verwys na die Skolewet waar helenderegprosesse nog glad nie deel uitmaak van dissiplinêre prosesse soos die dissiplinêre verhoor en skorsing en uitsetting nie. Helenderegprosesse kan met vrug aangewend word voor oorgegaan word na 'n dissiplinêre verhoor. Dit kan ook selfs na 'n dissiplinêre verhoor volg waar die dissiplinêre komitee helenderegprogramme aanbeveel in plaas van skorsing en uitsetting, waarin baie skoolhoofde hul vertrouwe verloor het. Dit sal veral geskik wees waar daar 'n slagoffer betrok-

ke is – nie net in geval van treitering nie, maar ook vir enige ander geval wat toepaslik is vir die gebruik van die helende reg.

- Die strafregstelsel as afskrikmiddel

Die strafregstelsel kan wel dien as afskrikmiddel, met ander woorde dat treitering in 'n skool beperk word deur die feit dat die strafregstelsel in 'n skool ingespan word as deel van die bestuur en hantering van treitering. Snyman (1999 : 18, 19) onderskei tussen die individuele afskrikkingsteorie en die algemene afskrikkingsteorie. Volgens die individuele afskrikkingsteorie sal die individu afgeskrik word van verdere misdadpleging as hy gestraf word. Volgens die algemene afskrikkingsteorie word daar geglo dat die oplegging van straf 'n boodskap na die samelewing uitstuur dat as hulle oortree, sal hulle gestraf word en dit hulle sal weerhou van verdere oortreding. Volgens Snyman (1999 : 19) hang die doeltreffendheid van hierdie teorie af van die doeltreffendheid van die land se polisie diens, howe en gevangenisowerhede hoewel daar geen empiriese navorsing is om dit te bewys nie.

Die skool is uniek en verskil van die breë gemeenskap met sy geharde misdadigers. Alhoewel skole van mekaar verskil wat betref die frekwensie van geweld, is kinders meer ontvanklik en toeganklik met betrekking tot norme, waardes, voorbeelde, rolmodelle, kennis, opvoeding en so meer. Die aanname word dus hier gemaak dat die strafregstelsel, met sy implikasies as afskrikmiddel, in 'n skool kan dien om misdaad te beperk in die algemeen, en hier meer spesifiek met betrekking tot treitering wat manifesteer as misdaad. Die volgende is voorbeelde van hoe die strafregstelsel hierdie rol in die skool kan vertolk:

- In die afdeling hierbo wat handel oor die lê van 'n strafklag is aangetoon dat daar wel gevalle is waar misdaad in 'n skool gepleeg word waar dit noodsaaklik is om wel 'n strafklag te lê. Dit behoort 'n boodskap uit te stuur dat die strafregstelsel ook jeugdige kan straf, dat 'n jeugdige in hegtenis geneem kan word, dat 'n jeugdige in die hof kan verskyn, na 'n verbeteringskool of industriële skool gestuur kan word en aan afwentelingsprogramme moet deelneem.

- Leerders behoort op 'n baie elementêre wyse ingelig te word oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders moet opgelei word om hierdie kennis op 'n positiewe manier aan leerders oor te dra.
- Die teenwoordigheid van die polisie in 'n skool. Indien die skoolbestuur 'n goeie verhouding het met die plaaslike polisie kan van die polisie gebruik gemaak word: deur hulle byvoorbeeld te nooi om voorligtingsessies aan te bied; hulle te ontbied in geval van misdaad in die skool; hulle te gebruik vir deursoeking en beslaglegging ten opsigte van gevaarlike wapens wat boelies skool toe bring asook om die boelie of boelies te waarsku. So word die boodskap oorgedra dat die polisie en ook die strafregstelsel, die skool steun in hul stryd teen treitering en misdaad.
- Samewerking (verhoudingstigting) met die staatsaanklaer en die proefbeampte

Soos hierbo aangetoon, gebeur dit soms dat die skool 'n strafklag teen 'n leerder moet lê. Nadat 'n strafklag gelê is, is die twee belangrikste rolspelers die senior staatsaanklaer van die plaaslike landdroshof en die proefbeampte wat die leerder moet assesseer. Verhoudingstigting met hierdie twee rolspelers is uiters belangrik, om soos Oosthuizen (2005 : 80, 81) dit stel, hul ingesteldheid en benadering vas te stel. Dit is ook belangrik om aan die twee beamptes oor te dra dat die skool in uitsonderlike gevalle 'n strafklag teen 'n jeugdige kan lê en dat die skool beoog om ten spyte daarvan nog in die beste belang van die kind op te tree en hul *in loco parentis* wil uitleef. Dit mag byvoorbeeld wees dat die staatsaanklaer, wat hoofsaaklik met geharde misdadigers gewerk het, nie 'n aanvoeling het vir die hantering van kinders as unieke groep met betrekking tot die strafregstelsel nie en ook nie ingestel is op die skool se houding en verhouding met sy leerders nie. Die skool moet juis 'n ondersteunende rol speel as 'n leerder strafregtelik aangekla word. 'n Geskikte opvoeder behoort geïdentifiseer te word wat die strafregtelike proses saam met die leerder deurloop ter ondersteuning, maar ook om insette te lewer in die beste belang van die leerder. Dit kan 'n geweldige impak op die leerder se lewe hê. Die noodsaaklikheid van die rol van die skool tydens mediasie – indien van afwenteling gebruik gemaak word – moet ook beklemtoon word. 'n Geskikte opvoeder behoort deel te wees van die mediasie. Eerstens kan die opvoeder 'n belangrike bydrae lewer tydens mediasie en ook verseker dat regverdigheid geskied.



Tweedens, na die mediasie-proses, is dit dié opvoeders wat 'n positiewe rol in beide die boelie en die slagoffer se lewens gaan speel. Dit kan alleenlik gebeur as hulle deel was van die proses en oor die nodige inligting beskik (sien afdeling 4.4.3).

Bogenoemde illustreer die belangrikheid van samewerking tussen die skool, die staatsaanklaer en die proefbeampte. Daar word aanbeveel dat die betrokke distrikskantoor die leiding neem om 'n vergadering te reël tussen skoolhoofde en die staatsaanklaer en proefbeampte van die betrokke landdroskantoor om positiewe samewerking in die beste belang van die kind te verseker. Dit sal ook bydra om 'n moontlike negatiewe persepsie en selfs vrees by skole ten opsigte van die strafregstelsel te genees wat ook tot beter samewerking sal lei.

- **Polisiebetrokkenheid**

Polisiebetrokkenheid is 'n integrale deel van enige kinderregstelsel. Die Beijing Rules vereis dat die polisie spesiale opleiding kry ten opsigte van die hantering van jeugdiges wat misdaad pleeg (Gallinetti 2004 : 118). (Die 1985 Beijing Rules is op 29 November 1985 deur die Verenigde Nasies aanvaar. Die Beijing Rules is riglyne ten opsigte van die administrasie van die strafreg vir kinders). Die skool behoort dus gebruik te maak van die dienste van die polisie alhoewel dit oordeelkundig behoort te geskied as gevolg van die vol program van die polisie. Die polisie is gewoonlik bereid om te help en dit is ook belangrik om 'n goeie verhouding met die polisie op te bou. Die "adopt-a-cop"-projek is 'n goeie voorbeeld van goeie samewerking. In Pretoria is die polisie ook betrokke by die voorkoming van treitering en bied lesings by skole aan met betrekking tot treitering. Polisiebetrokkenheid by skole met betrekking tot treitering en misdaad het hoofsaaklik te doen met die volgende:

- In ernstige gevalle van misdaad kan die polisie ontbied word om 'n boelie in hegtenis te neem.
- Indien die skool (beheerliggaam, skoolhoof, opvoeder) 'n strafklag wil lê, word dit by die plaaslike polisiekantoor gedoen.



- Die polisie kan ontbied word om betrokke te raak by ernstige fisiese treitering waar hulle in gesprek tree met die boelie en die boelie waarsku.
  - Die polisie kan gebruik word om leerders in te lig oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders kan ook deur die polisie ingelig word ten opsigte van die strafregstelsel sodat hulle voorbereid is en weet hoe om op te tree in geval van misdaad.
  - Die polisie kan gebruik word vir deursoeking van leerders, veral waar boelies gevaarlike wapens skool toe bring en deursoeking en beslaglegging noodsaaklik is.
  - 'n Goeie verhouding met die polisie en polisie teenwoordigheid by die skool, wanneer nodig, kan ook dien as afskrikmiddel om misdaad te beperk.
- Prokureursbrief

Stewart en Knott (1999 : 116) beveel ook aan dat 'n prokureursbrief aan die boelie self (afhangende van die boelie se ouderdom) of aan die ouers of voog van die boelie gestuur kan word. Dit kan eerstens dien as afskrikmiddel. Die brief moet duidelik uitspel wat van die boelie en of sy ouers verwag word asook die implikasies indien daar nie positiewe reaksie is nie.

### 5.5.2 Toevoeging van kennis tot die onderwysreg

Die volgende vier aspekte wat na vore gekom het in die onderhoude, vir toevoeging van kennis tot die onderwysreg, word in hierdie afdeling bespreek:

- Die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering is getoets tydens die onderhoude. Die respondente het verskeie misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering (hoofstuk 4). Gebaseer op die vorme (wyses van treitering) wat in die studie geïdentifiseer is, is daar verdere misdade wat die gevolg kan wees van treitering. Hierdie verdere misdade word aanvullend bespreek.



- Die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering word kortliks bespreek – daar word gefokus op die leemtes ten opsigte van die psigologiese vorme van treitering.
- Die boelie wat toerekeningsvatbaar is kan strafregtelik aanspreeklik wees vir 'n misdaad wat die gevolg is van treitering. Behalwe die boelie kan daar ook ander deelnemers wees wat ook strafregtelik aanspreeklik kan wees vir 'n misdaad wat die gevolg is van treitering. Die strafregtelike aanspreeklikheid van hierdie deelnemers aan 'n misdaad word bespreek.

#### 5.5.2.1 Misdade wat die gevolg kan wees van treitering

Die aard van die strafreg en strafregtelike aanspreeklikheid is reeds as deel van die regsraamwerk, afdeling 3.6, bespreek. Gedurende die onderhoud het die respondente misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering. Hierdie misdade word volledig aangebied in hoofstuk 4, afdeling 4.4.1 en word in hierdie afdeling slegs kortliks opgesom ter wille van kontinuïteit. Indien die verskillende wyses en vorme van treitering wat in hierdie studie geïdentifiseer is in ag geneem word, kan daar ook aan-vullende misdade wat die gevolg kan wees van treitering geïdentifiseer word. Hierdie aanvullende misdade word ook in hierdie afdeling kortliks bespreek.

##### (a) Misdade deur die respondente geïdentifiseer

Uit die response van die respondente (afdeling 4.4.1.1 hoofstuk 4) is dit duidelik dat treitering op sigself nie 'n misdaad is nie (sien ook afdeling 5.3.2.1), maar dat sekere treiteringaksies (handelinge of sekere tipes treitering) as misdade kan kwalifiseer. Die respondente het die volgende misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering: aanranding, *crimen injuria*, onsedelike aanranding, intimidasie, seksuele misdrywe met jeugdiges in terme van artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, verkragting en sameswering. Omstanders kan moontlik selfs aangekla word van uitlokking tot aanranding of uitlokking tot *crimen injuria* (afdeling 4.4.8 – hoofstuk 4). Daar word met die respondente saamgestem dat die misdade wat deur hulle geïdentifiseer is deur treitering veroorsaak kan word mits aan die vereistes vir die betrokke

misdad voldoen word, maar dat daar ook verdere misdade is wat die gevolg kan wees van treitering.

(b) Verdere misdade wat die gevolg kan wees van treitering

Indien die verskillende wyses en vorme van treitering wat in hierdie studie geïdentifiseer is in ag geneem word, kan treitering ook die vorm aanneem van die volgende misdade wat aanvullend tot bogenoemde geïdentifiseer word:

- Moord

Dit gebeur in uitsonderlike gevalle dat die boelie(s) selfs die slagoffer kan vermoor of dat die slagoffers uit weerwraak die boelie(s) of selfs onskuldige leerders of personeel van die skool waar hulle getreiter is, kan vermoor. Dit is belangrik om daarop te let dat opset in geval van moord aanwesig moet wees om dit te onderskei van manslag.

- Strafbare manslag

Dit kan gebeur dat die boelie tydens ernstige fisieke treitering / aanranding onversigtig en onsorgsaam optree wat daartoe lei dat die aanranding op die dood uitloop. Die boelie het nie opset om te dood gehad nie en sy nalatigheid (onversigtigheid, onsorgsaamheid, oorywerigheid) het gelei tot die dood van die slagoffer.

- Openbare onsedelikheid

Seksuele uitstalling, seksuele posisionering en onbehoorlike ontbloting is tipes seksuele treitering wat die boelie gebruik om die slagoffer te verneder, te degradeer en sy menswaardigheid te skaad. Behalwe dat die boelie se optrede ernstige nadeel of skade vir die slagoffer veroorsaak kan dit, indien dit in die openbaar plaasvind (gewoonlik voor ander leerders en omstanders), die leerders se sin vir welvoeglikheid skok of daartoe bydra dat die leerders se sedes verlaag word en so kwalifiseer as openbare onsedelikheid (Snyman 1999 : 365 – 366).



- Afpersing

Volgens Snyman (1999 : 404 – 406) is afpersing die wederregtelike en opsetlike verkryging van 'n voordeel, hetsy vermoënsregtelik of nie, van iemand anders, deur druk op laasgenoemde uit te oefen wat hom beweeg tot afgifte van die voordeel. Dit gebeur soms dat die boelie druk op die slagoffer uitoefen sodat die slagoffer moet afstand doen van geld of eiendom of dat die slagoffer 'n sekere daad vir die boelie moet uitvoer soos byvoorbeeld om die opvoeder van wie die boelie nie hou nie, se motorbande stukkend te sny. Hierdie druk word deur die boelie geskep deur byvoorbeeld die slagoffer te dreig (byvoorbeeld met fisiese leed), vrees by die slagoffer te wek (byvoorbeeld dat die boelie leuens ten opsigte van die slagoffer gaan versprei) of die slagoffer te intimideer byvoorbeeld deur van die wanbalans in mag gebruik te maak. Volgens Snyman (1999 : 404 - 406) is die misdade wat ter sprake is indien die boelie nie die voordeel kry nie “poging tot afpersing” en nie “afpersing” nie aangesien die misdade dan nie voltooi is nie.

- Misdade wat verband hou met wapens

Dit gebeur soms dat 'n boelie 'n onwettige vuurwapen skool toe bring. Dit kan gebeur dat die boelie die vuurwapen op die slagoffer rig om hom af te dreig of om vrees by hom in te boesem. Boelies kan ook ander gevaarlike wapens (wat nie vuurwapens is nie) skool toe bring om slagoffers af te dreig of om vrees by slagoffers in te boesem soos byvoorbeeld messe. Al drie bogenoemde voorbeelde kan as misdade (wetterregtelike misdade) kwalifiseer indien daar aan die elemente van 'n misdade voldoen word en wel in terme van onderskeidelik die volgende wetgewing:

- In terme van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000, is 'n persoon wat 'n vuurwapen sonder 'n lisensie, permit of magtiging wat ingevolge die Wet uitgereik is, besit, aan 'n misdade skuldig.
- Artikel 120(6) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat dit 'n misdade is om:



- a. Enige vuurwapen, antieke vuurwapen, hetsy dit gelaai is of in staat is om afgevuur te word, al dan nie, op enige persoon te rig, sonder goeie rede om dit te doen; of
  - b. Enigiets wat waarskynlik 'n persoon kan laat glo dat dit 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer is, op enige ander persoon te rig, sonder goeie rede om dit te doen.
- Artikel 2(1) van die Wet op Gevaarlike Wapens, bepaal dat iemand wat in besit is van 'n gevaarlike wapen, of van 'n voorwerp wat so na 'n vuurwapen lyk dat, onder omstandighede soos dié waaronder so iemand in besit daarvan is, dit waarskynlik vir 'n werklike vuurwapen aangesien sou word, aan 'n misdryf skuldig is, tensy hy kan bewys dat hy “te gener tyd” die bedoeling gehad het om sodanige wapen of voorwerp vir 'n onregmatige daad te gebruik nie. Die uitdrukking “n gevaarlike wapen” word in artikel 1 omskryf as “enige voorwerp, behalwe 'n vuurwapen, wat waarskynlik ernstige liggaamlike letsels sal veroorsaak indien dit gebruik sou word om 'n aanranding te pleeg”.

Soos in die regsraamwerk (hoofstuk 3) gemeld, bepaal die Regulations for Safety Measures at Public Schools dat 'n gevaarlike voorwerp nie op die skoolterrein toegelaat word nie en dat geen persoon 'n gevaarlike voorwerp op die skoolterrein mag dra nie. 'n Persoon mag ook deursoek word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat hy 'n gevaarlike voorwerp dra en daar kan beslag gelê word op die voorwerp. Die begrip “gevaarlike voorwerp” sluit 'n vuurwapen en ander gevaarlike voorwerpe soos hierbo vermeld in.

- Roof

Jordaan et al. (2005 : 155) beskryf roof as volg:

Roof is die diefstal van 'n saak deur die wederregtelike en opsetlike gebruik van (1) geweld om die saak van iemand anders af te neem of (2) dreigemente van geweld om die ander persoon te oorreed om hom te onderwerp aan die neem van die saak.

Boelies gebruik dikwels geweld of dreigemente van geweld om slagoffers se eiendom af te neem of om slagoffers se kosgeld af te neem.

- Saakbeskadiging

Jordaan et al. (2005 : 171) beskryf saakbeskadiging as die wederregtelike en opsetlike beskadiging van (1) 'n saak wat aan iemand anders behoort of (2) 'n saak wat aan die dader self behoort en wat verseker is, ten einde die waarde van die saak van die versekeraar te eis.

Slegs (1) “'n saak wat aan iemand anders behoort” is van toepassing. Boelies beskadig dikwels die eiendom van slagoffers in hul hebsug na mag.

- Pornografie

Boelies toon soms pornografie aan slagoffers om hulle te terg, om hulle in die verleentheid te bring en om hulle te verneder. Die Wet op Films en Publikasies 65 van 1996 reguleer toegang tot publikasies en films en verbied die distribusie daarvan in sekere gevalle (onder andere kinderpornografie wat in die wet gedefinieer is met verwysing na iemand onder 18 jaar). Hierdie wet skep die volgende misdrywe wat implikasies het vir onderskeidelik die boelie, die opvoeder en interdiensverskaffers:

- In terme van artikel 27(1)(a) is dit 'n misdryf om publikasies met 'n sekere klassifikasiekode te versprei of om in besit te wees van 'n publikasie met 'n visuele uitbeelding van kinderpornografie of om dit te vervaardig of te versprei.
- In terme van artikel 27(2)(a) moet enige persoon (ook die opvoeder) wat bewus is van 'n oortreding rakende kinderpornografie dit so gou as moontlik aan die SA Polisie diens rapporteer.
- Versuim deur interdiensverskaffers om sekere stappe te neem ter beperking van kinderpornografie (artikel 27 A).



Soos vorentoe vermeld is die doel van hierdie afdeling slegs om die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering te toets. Die beskrywing van die misdade is dus nie volledig nie. Daar moet dus met groot omsigtigheid opgetree word wanneer 'n misdaad ter sprake is. Daar is sekere vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n persoon aan 'n misdaad skuldig bevind kan word (sien die regsraamwerk vir 'n algemene bespreking van die elemente van 'n misdaad). 'n Persoon (boelie) moet ook in 'n hof skuldig bevind word aan 'n misdaad voordat die misdryf hom toegereken kan word.

#### 5.5.2.2 Die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons

Dit is duidelik uit bogenoemde dat die Suid-Afrikaanse strafreg 'n goeie respons het ten opsigte van die ernstiger en ernstige vorme en wyses van treitering. Die feit dat die Suid-Afrikaanse strafreg nie spesifiek voorsiening maak vir die indirekte, subtile en psigologiese vorme van treitering nie kan wel as 'n groot leemte beskou word. Dit is in teenstelling met die strafreg van sommige ander lande waar die strafreg in sommige gevalle wel voorsiening maak vir indirekte, subtile en psigologiese vorme van treitering. Goeie voorbeelde is die Australiese strafreg en die Engelse strafreg.

Bekruipung ("stalking") is byvoorbeeld as 'n misdryf bygevoeg tot die Australiese strafreg. Die boelie kan ook van bekruipung (agtervolging) gebruik maak om die slagoffer te intimideer byvoorbeeld deur die slagoffer te agtervolg of om in 'n motor voor die slagoffer se huis te sit. Dié spesifieke wetgewing is noodsaaklik, want bekruipung (byvoorbeeld deur iemand te agtervolg) verteenwoordig nie opsigself 'n misdaad nie (Stewart en Knott 1999 : 116).

Ook die Engelse strafreg het gereageer op die erkenning dat psigologiese skade ernstiger kan wees as sommige vorme van fisiese skade. Stemlose telefoonoproepe, bespotting, belediging, die verspreiding van beledigende notas asook die verspreiding van gerugte ten opsigte van iemand kwalifiseer sedert 1997 as aanranding indien psigologiese skade veroorsaak word. Veral bespotting en belediging is vorme van verbale psigologiese treitering wat baie voorkom en die erkenning daarvan as misdrywe indien dit lei tot psigologiese skade, is 'n reuse stap in die regte rigting en kan 'n groot bydrae lewer tot die voorkoming asook bekamping daarvan (Furniss 2000 : 19).



Sommige van die misdade wat hierbo geïdentifiseer is en wat die gevolg kan wees van treitering word in die buitelandse literatuur ook aangedui as misdade wat deur treitering veroorsaak kan word en wel die volgende: aanranding, roof, moord, strafbare manslag, afpersing, die dra van gevaarlike wapens op die skoolterrein, beskadiging van die slagoffer se eiendom, onsedelike aanranding, verkragting (Lawson 1994 : 89; Birmingham City Council 2005 Section 4 : 4, 5; Furniss 2000 : 15; Coloroso 2004 : xvii - xxi).

Oorweging behoort gegee te word aan die feit dat in die Suid-Afrikaanse reg die misdryf “aanranding” nie voorsiening maak vir dade soos bespotting, belediging asook ander dade wat psigologiese skade tot gevolg het nie. Indien die misdryf “aanranding” wel daarvoor voorsiening maak sal dit waardevolle remedies bied vir treitering, maar ook buite die konteks van treitering veral in ‘n tyd waar psigologiese skade se ernstigheid erken word en daar ‘n groot besorgdheid daarvoor bestaan.

#### 5.5.2.3 Strafregtelike aanspreeklikheid van deelnemers aan treitering

Al die mense wat aandadig of betrokke kan wees by die pleging van ‘n misdaad kan in twee breë kategorieë verdeel word naamlik deelnemende betrokkenes (deelnemers) en nie-deelnemende betrokkenes. Deelnemers kan in twee onderafdelings verdeel word, naamlik: daders en medepligtiges. Daar is net een groep mense wat in die kategorie nie-deelnemende betrokkenes val, naamlik begunstigers. ‘n Begunstiger is iemand wat, nadat die misdaad voltooi is, vir die eerste keer van die misdaadpleging te hore kom en dan iets doen om die plegers van die misdaad te beskerm of hulle help om aanspreeklikheid te ontduik (Jordaan et al. 2005 : 3 - 4). Laasgenoemde kategorie (begunstiger) is nie hier ter sprake nie. Slegs deelnemende betrokkenes (daders en medepligtiges) is hier ter sprake, naamlik deelnemers aan treitering as misdaad.

Die kategorieë betrokkenes, wie se betrokkenheid hier ondersoek word, is die van die opvoeder, die omstanders en boelies wat in ‘n groep opereer. Behalwe dat nalatigheid as skuldvorm wel aanwesig kan wees wanneer die slagoffer van die boelie nadeel (skade) het, as gevolg van die onagsame, onsoorgvuldige en onversigtige optrede van die opvoeder, kan opset as skuldvorm ook aanwesig wees in die optrede (nie-optrede) van die opvoeder wanneer treitering in die skool plaasvind (sien afdeling 4.5.3.2). Aangesien hierdie studie slegs fokus op treitering van leerders deur leerders is die

opvoeder as boelie nie hier ter sprake nie. Die vraag wat hier dus beantwoord moet word, is of die opvoeder wat opsetlik nie ingryp wanneer treitering plaasvind nie omdat hy byvoorbeeld nie van die slagoffer hou nie, of 'n perverse behae daaruit put, as mededader of medepligtige aanspreeklik kan wees wanneer die treitering 'n misdaad tot gevolg het. Mededaderskap en medepligtigheid word ook vir die omstanders (ander leerders wat die treitering aanskou) ondersoek. Omstanders word deur Salmivalli et al. (1996 : 1 - 5) verdeel in assistente, aanhitters, buitestaanders en beskermers (sien 2.5.3, hoofstuk 2). Salmivalli et al. ( 1996 : 1 -15) identifiseer ook voorlopers ("ring leaders") as 'n kategorie rolspelers. Voorlopers organiseer 'n groep boelies en inisieer die treitering.

Voordat moontlike mededaderskap en medepligtigheid vir die opvoeder en die omstanders ondersoek kan word, is dit noodsaaklik dat die begrippe "mededader" en "medepligtige" eers omskryf moet word.

(a) Dader / mededader

Snyman (1999 : 257) beskryf die begrip "dader" as volg:

Iemand is 'n dader indien

(1) Sy gedrag, die omstandighede waarin dit plaasvind (insluitend enige hoedanigheid waaraan hy, ingevolge die omskrywing van die misdaad moet voldoen) en die gesindheid waarmee dit plaasvind sodanig is dat dit voldoen aan al die vereistes vir aanspreeklikheid uiteengesit in die misdaadomskrywing.

OF

(2) Ofskoon sy gedrag nie beantwoord aan dit wat in die misdaadomskrywing vereis word nie, hy saam met een of ander persone optree en die optrede wat vir skuldigbevinding vereis word aan hom toegereken word op grond van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk.

Die boelie wat alleen optree, kan ingevolge (1) hierbo strafregtelik aanspreeklik wees as dader indien hy toerekeningsvatbaar is en indien sy gedrag voldoen aan al die vereistes wat gestel word vir die spesifieke misdaad wat die gevolg is van sy treitering.

Dit is ook moontlik dat daar meer as een betrokke (deelnemer) betrokke kan wees (sien 2 hierbo) soos byvoorbeeld die omstanders wat een of ander aandeel kan hê aan die treitering of selfs 'n groep boelies wat gesamentlik optree (sien die bespreking van "mobbing" in hoofstuk 2). Daar is dus 'n moontlikheid dat die deelnemers (die omstanders en die groep boelies) as mededaders aanspreeklik kan wees (sien (2) hierbo) en wel ingevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk. Om die strafregtelike aanspreeklikheid van hierdie deelnemers aan treitering in terme van (2) hierbo te kan beoordeel is kennis van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk noodsaaklik aangesien mededaderskap ingebed is in hierdie leefstuk.

(b) Die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk ("doctrine of common purpose")

Die volgende is die kernelemente van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk (Snyman 1999 : 257 - 267):

- Alhoewel hierdie leerstuk in algemene taal geformuleer is en derhalwe nie slegs by een besondere misdaad toepassing vind nie, is dit in die Suid-Afrikaanse reg hoofsaaklik toegepas op die misdaad "moord".
- Die kern van hierdie leerstuk is dat indien twee of meer mense 'n gemeenskaplike oogmerk het om 'n misdaad te pleeg en gesamentlik optree ter uitvoering van hierdie oogmerk, die handeling van elkeen van hulle ter uitvoering van die gemeenskaplike oogmerk die ander toegereken word.
- Die kernvereistes by die toepassing van die leerstuk is dat al die lede van die groep die opset om die misdaad te pleeg en om mekaar by te staan in die pleging van die misdaad moes gehad het. Dit moet bewys word. Indien dit bewys is, word die handeling van X wat die slagoffer byvoorbeeld met die mes gesteek het, ook Z toegereken, indien Z 'n party tot die gemeenskaplike oogmerk was en hom aktief vereenselwig het met die uitvoering van hierdie oogmerk. Hierdie



toerekening vind plaas selfs al is dit nie moontlik om die bestaan van 'n oorsaaklike verband tussen Z se handeling en die skade wat Y gely het as gevolg van die messteek te bewys nie. X se handeling word in terme van die leerstuk ook die van Z te wees. Die is net X se handeling wat Z toegereken word, en nie ook X se skuld (opset) nie. Z se aanspreeklikheid is gegrond op sy eie skuld. X en Z moes die oogmerk om Y aan te rand gedeel het, hulle moes bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Dit is nie voldoende dat twee of meer persone toevallig – dit wil sê sonder dat hulle van mekaar bewus was – dieselfde oogmerk gehad het nie. Hulle moes bewustelik saamgewerk het. Om bloot toevallig teenwoordig te wees op die plek waar die misdaad gepleeg word en 'n passiewe toeskouer van die misdaad te wees, kan nie dien as grondslag vir skuldigbevinding nie. Al sou die passiewe toeskouer die werklike dader se gewraakte handeling stilswyend goedkeur sou sy optrede of gedrag nie regverdiging kan bied dat hy hom aktief met die misdaad vereenselwig nie.

- Vroeër is aangeneem dat die grondslag van die leerstuk daarin geleë is dat elke lid van die komplot die ander 'n geïmpliseerde mandaat (volmag) gegee het om die wederegtelike uitvoeringshandeling te verrig. Die werking van die leerstuk is nie meer noodwendig afhanklik van 'n voorafgaande sameswering of voorafgaande ooreenkoms nie. Die gemeenskaplike oogmerk kan ook spontaan ontstaan en die hof kan so 'n afleiding maak uit die getuienis aangaande die optrede van die verskillende persone. Dit is ook nie nodig om te bewys dat die betrokke persone almal die presiese wyse waarop die misdaad teweeggebring sou word, voorsien het nie.
- Alhoewel die beginsel van die mandaat, soos hierbo bespreek, as grondslag van die leerstuk, nie uitdruklik verwerp word nie kan die leerstuk ook gegrond wees op die aktiewe vereenselwiging met die wederegtelike handeling in terme van toonaangewende resente regspraak. Aktiewe vereenselwiging is dus genoeg en 'n ooreenkoms hoef nie bewys te word nie. Ooreenkoms, uitdruklik of geïmpliseerd, is maar slegs een van die meerdere vorms van aktiewe vereenselwiging. Aangesien dit moeilik is om te bewys dat daar 'n uitdruklike ooreenkoms tussen die daders is, speel die begrip “aktiewe vereenselwiging” 'n belangrike rol. Die

deelnemer moes dus uitdrukking aan sy deelname in die gemeenskaplike oogmerk gegee het deur self die een of ander vereenselwigingshandeling te verrig.

- In terme van die leerstuk, met ander woorde waar 'n aantal persone tesame 'n misdaad pleeg, word daar nie 'n hoofdader uitgesonder nie. 'n Mededader val nie in 'n ander kategorie as 'n dader nie. "Dader" en "mededader" is in terme van die leerstuk dus sinoniem. Een mededader se aandeel aan die misdaad kan groter of geringer wees, maar in terme van die leerstuk is hulle mededaders indien hulle 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het, gesamentlik opgetree het om dit te bereik en die handeling van elkeen die ander toegereken word.

(c) Medepligtige

Snyman (1999 : 270) beskryf die begrip medepligtigheid as volg:

Iemand is skuldig as 'n medepligtige tot die pleging van 'n misdaad indien, ofskoon hy nie voldoen aan al die vereistes vir aanspreeklikheid uiteengesit in die misdaadomskrywing nie, en ofskoon die gedrag wat vir 'n skuldigbevinding vereis word hom nie ingevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk toegereken word nie, sy gedrag neerkom op wederregtelike en opsetlike bevordering van die misdaad wat deur iemand anders gepleeg word.

Die kernelemente van medepligtigheid kan as volg saamgevat word (Snyman 1999 : 270 - 275):

- "Bevordering" in bogenoemde definisie vermeld, sluit in enige gedrag waardeur iemand die pleging van die misdaad deur 'n ander vergemaklik, help pleeg, aanmoedig, moontlik maak, beveel, of raad gee in verband daarmee.
- Daar moet 'n misdaad, deur iemand anders gepleeg, wees. Niemand kan as medepligtige aanspreeklik wees as iemand anders nie as dader aanspreeklik is nie.



- Ten einde as medepligtige aanspreeklik te wees, moet die persoon 'n handeling verrig wat op die bevordering van die misdadpleging deur iemand anders neerkom. Voorbeelde van handeling wat bevordering verteenwoordig is reeds hierbo vermeld. Die hulpverlening of bevordering kan gering wees. 'n Versuim om positief op te tree kan slegs as handeling kwalifiseer as daar 'n regsplig op so 'n persoon rus om iets positiefs te doen.
- Die bevorderingshandeling moet wederregtelik wees.
- Om aanspreeklik te wees as medepligtige moet 'n mens die misdaad, gepleeg deur iemand anders, opsetlik bevorder. Nalatigheid is nie voldoende nie.
- Die mate waarin 'n medepligtige die pleging van die misdaad bevorder het, speel 'n belangrike rol in die bepaling van die strafmaat.

(d) Strafregtelike aanspreeklikheid van die opvoeder as deelnemer aan treitering

Die opvoeder wat hier ter sprake is (sien afdelings 4.4.8, 4.5.3.2 en 5.4.2.1(c)) is die opvoeder wat opsetlik nie ingryp wanneer treitering plaasvind nie omdat hy byvoorbeeld nie van die slagoffer hou nie of 'n perverse behae uit die treitering put en die treitering 'n misdaad tot gevolg het. Hierdie optrede (nie-optrede) van die opvoeder kan beskryf word as 'n late wat opsetlik verrig word. Die opvoeder se handeling bestaan dus daaruit dat hy niks doen nie (*ommissio*). Gemeet aan die kriteria vir daderskap en mededaderskap wat hierbo beskryf is, is die opvoeder nie 'n dader of 'n mededader nie. Juis op grond van die feit dat die opvoeder niks doen nie kan daar tog nie sprake wees van daderskap of mededaderskap nie. Om vir daderskap te kan kwalifiseer sou die opvoeder self 'n boelie moes wees en sy optrede sou moes voldoen het aan die vereistes wat vir die betrokke misdaad gestel word. Om as mededader in terme van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk te kwalifiseer sou die opvoeder saam met een of meer persone (opvoeders, leerders) 'n gemeenskaplike oogmerk moes gehad het om die misdaad te pleeg. Daar sou bewys moes kon word dat die groep opset gehad het om mekaar by te staan in die pleeg van die misdaad. Indien nie bewys kan word dat daar 'n voorafgaande ooreenkoms tussen die opvoeder en die res van die groep was nie sou aktiewe vereenselwiging bewys moes word. Volgens Snyman (1999 : 265) kan stilswyende

goedkeuring of om 'n passiewe toeskouer te wees nie ter sprake wees as omstandighede wat dui op aktiewe vereenselwiging nie.

Wat die normale kriteria vir medepligtigheid betref, naamlik bevordering van die misdaad deur die pleging van die misdaad deur die dader te vergemaklik, te help pleeg, aan te moedig, moontlik te maak, te beveel of raad te gee kwalifiseer die opvoeder ook nie, want volgens Snyman (1999 : 272) moet genoemde wyses van bevordering gepaard gaan met 'n handeling waarvan daar nie sprake is ten opsigte van die opvoeder nie. Die opvoeder kan volgens Snyman (1999 : 272) egter wel in terme van sy regsplig om positief op te tree as medepligtige kwalifiseer. As gevolg van die feit dat daar 'n regsplig op die opvoeder rus om positief op te tree ten opsigte van treitering kan sy late wel as 'n handeling kwalifiseer en kan hy wel 'n medepligtige tot die misdaad wees (sien ook menings van respondente oor die opvoeder, mededaderskap en medepligtigheid – afdeling 4.4.8; 4.5.3.2).

(e) Strafregtelike aanspreeklikheid van die omstanders as deelnemers aan treitering

Salmivalli et al. (1996 : 1 - 15) – sien ook 5.5.2.3 hierbo – verdeel omstanders in: assistente; aanhitters; buitestaanders en beskermers.

“Beskermers” word in hierdie bespreking buite rekening gelaat aangesien hulle rol as beskermers van die slagoffer nie hier ter sprake is nie. “Buitestaanders” wat nie betrokke is nie, maar wie se stilswye 'n aanduiding kan wees dat hulle die treitering goedkeur, kan ook duidelik nie vir mededaderskap of medepligtigheid kwalifiseer nie. Hulle voer geen vereenselwigingshandeling uit nie. Stilswyende goedkeuring kan volgens Snyman (1999 : 265) nie dui op aktiewe vereenselwiging met die pleging van 'n misdaad nie. Daar kan dus nie sprake wees van vereenselwiging met 'n gemeenskaplike oogmerk om 'n misdaad te pleeg nie en mededaderskap is dus nie hier ter sprake nie. Wat betref medepligtigheid voer die buitestaanders ook geen handeling uit nie. Hulle stilswyende goedkeuring kan moontlik dui op aanmoediging, maar aangesien die stilswyende goedkeuring nie gepaard gaan met enige handeling nie is daar nie sprake van medepligtigheid nie.

“Assistente” wat die boelie help en aansluit by die treitering nadat dit reeds begin het, se



optrede kan wel vir mededaderskap in terme van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk kwalifiseer indien bewys kan word dat die lede van die groep opset gehad het om die misdaad te pleeg wat die gevolg is van die treitering asook om mekaar by te staan in die pleging van die misdaad. Aangesien die moontlikheid sterk is dat daar nie 'n voorafgaande ooreenkoms was nie en die assistente spontaan toegetree het, nadat die boelie die treitering begin het, sal bewys moet word dat hulle die een of ander vereenselwigingshandeling met die gemeenskaplike oogmerk verrig het. In die geval van boelies, as rolspelers, wat in 'n groep optree (sien voorlopers – “ringleaders” – as rolspelers in afdeling 5.5.2.3 wat deur Salmivalli et al. beskryf word, as persone wat 'n groep boelies organiseer en die treitering inisieer), is die moontlikheid weer sterk dat daar wel 'n voorafgaande ooreenkoms bestaan om die slagoffer te teiken en hoef aktiewe vereenselwiging nie ook bewys te word nie. Mededaderskap in gevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk kan dus ook ter sprake wees waar 'n groep boelies gesamentlik optree.

“Aanhitsers” wat nie aktief deelneem aan die treitering nie, maar die treitering versterk deur toe te kyk, te lag en aan te moedig, sal eerder as medepligtige tot die misdaad strafregtelik aanspreeklik wees. Volgens Snyman (1999 : 265) beteken aktiewe vereenselwiging met die misdaad dat die lede van die groep bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk moes gehad het. Die aanhitsers en die boelie moes dus bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Dit is nie voldoende dat die persone toevallig – dit wil sê sonder dat hulle van mekaar bewus is – dieselfde oogmerk gehad het nie. Hulle moes dus bewustelik saamgewerk het soos in die geval van die groep boelies. Dit sal moeilik wees om te bewys dat die aanhitsers by treitering bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het en dat hulle nie bloot toevallig daar opgedaag het as toeskouers en die treitering aangemoedig en saam gelag het nie. Dit wil dus voorkom of dit makliker sal wees om medepligtigheid te bewys as mededaderskap in terme van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk. Hulle kan medepligtiges wees in die sin dat hulle die misdaad wat die boelie pleeg bevorder deur die boelie aan te moedig en saam te lag (sien ook die siening van die respondente ten opsigte van die omstanders en medepligtigheid in afdeling 4.4.8).

Ten slotte is dit belangrik om te vermeld dat die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk nie toegepas kan word by eiehandige misdade soos verkragting en seksuele misdade nie.





'n Eiehandige misdaad is 'n misdaad wat slegs deur middel van iemand se eie liggaam gepleeg kan word. Dus 'n misdaad wat nie deur bemiddeling van iemand anders gepleeg kan word nie. Indien X byvoorbeeld 'n vrou verkrag terwyl sy vriend Z hom bystaan deur die vrou vas te hou sonder dat Z ook gemeenskap met Y het kan Z nie op grond van die leerstuk as 'n mededader aan verkragting skuldig wees nie. Z kan wel as medepligtige tot verkragting skuldig wees. Medepligtigheid aan moord kan regtens ook nie moontlik wees nie aangesien 'n persoon nie die intrede van die dood kan bevorder sonder om dit oorsaaklik te bevorder nie (Snyman 1999 : 267, 275).

#### 5.5.2.4 Strafregtelike aanspreeklikheid van die skool en die opvoeder

In die geval van ernstige treitering kan dit in uitsonderlike gevalle gebeur dat 'n slagoffer sterf weens aanranding deur die boelie. Indien dit gebeur, is die eerste vraag wat gevra sal word of daar wel behoorlike toesig was ten tyde van die aanranding en of die skool 'n behoorlike treiteringbeleid in plek het wat gerig is op voorkoming en intervensie. Dit het ook al gebeur dat die boelie die slagoffer met aanranding dreig en dat die slagoffer en sy ouers die skool in kennis stel, maar dat die skool versuim om voorkomend op te tree, met ernstige gevolge vir die slagoffer (sien afdeling 5.4.2.2). Die vraag is of die skool strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir soortgelyke optredes van boelies op die skoolterrein.

'n Regspersoon kan wel strafregtelik aanspreeklik wees ( ingevolge artikel 15 van die Grondwet is 'n skool 'n regspersoon), met ander woorde kan wel in sekere omstandighede aan 'n misdaad skuldig wees. Indien 'n regspersoon aan 'n misdaad skuldig bevind word, kan die hof geen ander straf oplê as 'n boete nie. So 'n boete moet deur die regspersoon betaal word, desnoods deur beslaglegging op en die verkoop van sy bates. Die rede waarom slegs 'n boete opgelê kan word, is dat ideële ding soos 'n regspersoon tog nie tronkstraf kan kry nie. Strafregtelike aanspreeklikheid van 'n regspersoon is veral nodig in gevalle van misdade wat daaruit bestaan dat verpligtinge wat spesifiek deur 'n wet aan 'n regspersoon opgelê word (soos byvoorbeeld om jaarliks sekere state en verslae op te stel en voor te lê) nie nagekom word nie (Strafproseswet 51 van 1977; Snyman 1999 : 250 - 253).



Die respondente dui aan dat 'n skool nie strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir misdade wat gepaard gaan met treitering nie (sien afdeling 4.4.6 vir respondente A, B en C se menings oor die feit dat 'n openbare skool nie strafregtelik aangekla kan word nie). Daar word saamgestem met die respondente dat dit ondenkbaar is dat 'n openbare skool ('n staatsorgaan), as regspersoon, aangekla kan word vir 'n misdaad. Wat dit eintlik in die praktyk beteken, is dat die staat 'n staatsorgaan (die staat), vir 'n misdaad aankla. Indien die staatsorgaan (openbare skool as regspersoon) aan die misdaad skuldig bevind sou word, sou die openbare skool as staatsorgaan en regspersoon 'n boete aan die staat moet betaal. Dit sou 'n besondere situasie tot gevolg hê waar die staat homself van 'n misdaad aankla en skuldig bevind en dus 'n boete aan homself betaal. Volgens Gobert (2001 : 18) is daar 'n moontlikheid dat ingevolge die Engelse reg skole wel strafregtelik aanspreeklik kan wees vir die dood van leerders en moontlik ook vir ernstige beserings. Dit kan gebeur indien skole in die toekoms geklassifiseer word as ondernemings op wie "corporate killings" van toepassing is. Ingevolge die begrip "corporate killings", kan ondernemings strafregtelik aanspreeklik wees indien die dood van 'n persoon veroorsaak word deur 'n fout aan die kant van die bestuur van die onderneming.

Dit is wel moontlik dat die opvoeder in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig aan 'n strafregtelike oortreding kan skuldig wees. Een van die respondente noem die voorbeeld van die posmeester wat bewus is van bedrogpleging in die poskantoor, maar versuim om daarteen op te tee. Die poskantoor, as staatsinstelling soos ook 'n openbare skool, sal nie vir die misdaad van bedrog aangekla word nie. Die posmeester kan weens 'n late vir bedrog aangekla word omdat hy nie opgetree het nie. In *S v B* 1994 (2) SASV 237 (OK) is die ma van 'n twee en 'n halfjaar-oue kind skuldig bevind aan aanranding weens 'n late. Haar mansvriend het haar kind aangerand. As moeder het sy 'n regsplig gehad om haar kind teen haar mansvriend te beskerm. Aangesien sy versuim het om haar regsplig na te kom, is sy weens dié late aan aanranding skuldig bevind. Net so kan 'n opvoeder, wat versuim om op te tree wanneer 'n boelie 'n slagoffer aanrand, aan strafbare manslag skuldig bevind word as die slagoffer weens sy beserings sou sterf. Die opvoeder het 'n regsplig gehad om die slagoffer te beskerm. Dit geld ook vir aanrandings, veral waar die slagoffer ernstig beseer word. Volgens Gobert (2001 : 17 - 18) gebeur dit nie maklik dat 'n opvoeder in so 'n geval strafregtelik aangekla sal word nie. Howe is ook nog verdeeld ten opsigte van optrede in sulke gevalle. Die moontlikheid



dat 'n opvoeder tog wel strafregtelik aangekla kan word, blyk uit die feit dat die hoof en adjunk-hoof van 'n skool wel aan strafbare manslag skuldig bevind is weens 'n late. Dié twee opvoeders het, ten spyte van die feit dat die skoolkaptein 'n hewige petrolreuk by die koshuis gerapporteer het, nie opgetree nie. Sewe-en-sestig leerders van die Kyanguli-skool in Nairobi het doodgebrand weens dié versuim. Die twee opvoeders is elk tot agt maande tronkstraf gevonnissen. Twee leerders van die skool, wat moontlik die brandstigters was, is aangekla van moord (Chepkemei 2002 : 1 - 2).

Behalwe dat 'n opvoeder strafregtelik en sivielregtelik aanspreeklik kan wees weens sy optrede of nie-optrede ten opsigte van treitering, is dit belangrik om ook te meld dat die onderwysdepartement in terme van artikel 18(1) en 18(2) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders ook dissiplinêre stappe teen die betrokke opvoeder kan instel weens wangedrag. Indien die betrokke opvoeder wel skuldig is aan wangedrag is daar verskeie sanksies ingevolge artikel 18(3) wat teen die opvoeder ingestel kan word. Die opvoeder het ingevolge artikel 25 die reg om te appèlleer. Kragtens artikel 26 van bogenoemde wet, moet die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, van die opvoeder se wangedrag in kennis gestel word en voorsien word van alle toepaslike dokumentasie. Die opvoeder se registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, kan in die geval van wangedrag gekanselleer word. Interne kontrole kan dus gelyklopend met eksterne regsprosedure aangewend word ten opsigte van die aanspreeklike opvoeder.

## 5.6 AFSLUITING

Hierdie studie het die regsimplikasies en onderwysbestuursimplikasies vir leerderveiligheid, met verwysing na treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole, ondersoek, identifiseer en beskryf. In hierdie hoofstuk is die regsimplikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg afsonderlik beskryf.

Die implikasies van treitering vir die onderwysbestuur en onderwysreg is nie 'n rigiede verdeling nie. Die onderwysreg moet dus ook kennis neem van die implikasies vir die onderwysbestuur, naamlik die optrede van die onderwys op alle vlakke om die regte van die slagoffer te beskerm. Die onderwysreg is juis 'n versameling van regsreëls wat toepassing vind in die onderwys. Andersom, nuwe juridiese kennis is ook onontbeerlik vir die onderwysbestuur op alle vlakke, dit wil sê om so te kan optree dat treitering



effektief bestuur word. Wat betref die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg is in hierdie hoofstuk verskeie aanbevelings gemaak met betrekking tot optrede en handelwyse. Vir die onderwys is aanbevelings gemaak ten opsigte van die doeltreffende bestuur van treitering op alle vlakke. Ten opsigte van die onderwysreg is die aanbevole handeling eerste implisiet ingesluit in die nuwe juridiese kennis en tweedens in die feit dat daar ook pertinent aangedui word watter optrede aanbeveel word, byvoorbeeld tydens litigasie, wat betref die inhoud van wetgewing ensovoorts.

Hierdie navorsing het 'n baie wye veld gedek. Behalwe dat die fenomeen "treitering" intensief bestudeer is, is wat die regsimplikasies betref, gefokus op verskeie hoofasette van die reg, naamlik: fundamentele regte, internasionale kinderregte, die privaatreë (deliktereg), die gemenerereg, strafreg asook regspraak. Hierdie studie het verskeie leemtes in die navorsingsveld van treitering uitgewys. Aangesien hierdie hoofstuk reeds handel oor die regsimplikasies, wat ook aanbevelings insluit, sal daar voorts gefokus word op die leemtes wat verdere navorsing noodsaak:

- **Treitering in die Suid-Afrikaanse konteks:** Die fenomeen "treitering" is al in die buiteland intensief nagevors, maar nog nie in Suid-Afrika nie. Alhoewel die basiese elemente van die fenomeen treitering wêreldwyd dieselfde is, is dit duidelik dat die fenomeen treitering binne die Suid-Afrikaanse konteks verdere intensiewe navorsing verg aangesien die eiesoortigheid van treitering van land tot land verskil. Nuwe eiesoortige kennis sal positief benut kan word vir die bestuur van treitering en litigasie en sal ook 'n bydrae lewer om die onverskillige houding van opvoeders jeens treitering te verander. Navorsing behoort ook gedoen te word om die stand van kennis ten opsigte van treitering in skole en onder opvoeders vas te stel, asook watter impak die stand van kennis op die hantering van treitering het.
- **Nasionale opname:** 'n Nasionale opname wat die aard en omvang van treitering in Suid-Afrika bepaal, is belangrik voordat beleid, wetgewing, voorkomingsprogramme en intervensie-programme oorweeg kan word en suksesvol geïmplementeer kan word.

Wat betref die verskillende fasette of vertakkinge van die reg word die volgende intensiewe navorsing aanbeveel:



- **Fundamentele regte en die skep van 'n menseregtekultuur:** Treitering skend verskeie regte van die slagoffer. Die reg op menswaardigheid en die reg op vryheid en sekerheid van die persoon word deur alle vorme van treitering geskend. Verdere navorsing ten opsigte van treitering en fundamentele regte is noodsaaklik, veral met betrekking tot die skending van die regte van die slagoffer en die skepping van 'n menseregte-kultuur in skole.
- **Wetgewing en 'n treiteringbeleid:** In hierdie studie word aanbeveel dat wetgewing ingestel behoort te word wat die instel van 'n treiteringbeleid in skole verpligtend maak. Navorsing ten opsigte van die problematiek van wetgewing, asook die inhoud van wetgewing wat spesifiek van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is, is onontbeerlik sodat beleidmakers en wetgewers die nodige kennis kan verkry vir die samestelling van doeltreffende beleid en wetgewing.
- **Strafregstelsel:** Intensiewe navorsing oor die aanwending van die strafregstelsel in Suid-Afrikaanse skole is noodsaaklik, veral teen die agtergrond van die toename van misdaad en geweld in Suid-Afrikaanse skole. Hierdie navorsing hoef nie spesifiek gerig te wees op treitering *per se* nie, want treitering lei slegs in hoogs uitsonderlike gevalle tot misdaad, veral wat die lê van 'n strafklag betref. Die navorsing sal positief meewerk om die onkunde ten opsigte van die aanwending van die strafregstelsel in skole te verlig. The Child Justice Bill wat 'n meer verbruikersvriendelike strafregstelsel vir kinders aanbeveel, behoort as basis vir so 'n studie aangewend te word.

In hierdie navorsing is verskeie aanbevelings gemaak, ten opsigte van dit wat die onderwys op alle vlakke in plek behoort te stel, om treitering doeltreffend te bestuur en sodoende die regte van die slagoffer te beskerm. Die navorser hoop en vertrou dat die nuwe kennis wat in hierdie studie na vore gekom het, 'n invloed sal hê op die optrede van rolspelers en ook daartoe sal lei dat die ellende van duisende slagoffers van treitering, asook potensiële slagoffers van treitering, onderskeidelik aangespreek en voorkom sal word.

**BESONDERHEDE OOR RESPONDENTE  
VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE:**

1. Professor C Snyman: Professor in Straf- en Prosesreg en Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. Outeur van die boek “Strafreg”.
2. Mnr Marius Smit: Prokureur wat spesialiseer in Onderwysreg en dosent in Onderwysreg.
3. Advokaat Eben Boshoff: Direkteur Onderwysregsdienste, Nasionale Departement van Onderwys. Regsadviseur van die Nasionale Minister van Onderwys.
4. Professor Hans Visser: Professor in Privaatreg en Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. Mede-outeur van die boek “Deliktereg”.
5. Professor Tynie Davel: Professor in Privaatreg en Direkteur van die Kinderregsentrum. Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. Redakteur van die boek “Introduction to Child Law in South Africa”.
6. Professor Rassie Malherbe: Professor in Staatsreg, mede-opsteller van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en mede-outeur van die boek “Staatsreg”.
7. Me Annette Venter: Maatskaplike werker en proefbeampste van die Potchefstroomse Landdroshof.

**VRAELYS VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE:  
TREITERING, DIE STRAFREG EN WETGEWING**

1. Wat is die impak van die volgende “leemtes” in die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot treitering, op die hantering van regsaksie asook op die bestuur van treitering in ‘n skool:
  - Daar bestaan nie ‘n regsdefinisie van treitering in die Suid-Afrikaanse reg nie.
  - Suid-Afrika beskik nie oor treitering–spesifieke wetgewing nie.
  - Treitering op sigself (*per se*) word nie in die Suid-Afrikaanse reg as ‘n misdaad beskou nie.
  
2. Treitering op sigself word nie in die Suid-Afrikaanse reg as ‘n misdaad beskou nie, maar die handeling wat treitering uitmaak kan wel as misdaad kwalifiseer. Watter van die volgende tipes treitering kan in die Suid-Afrikaanse reg as misdaad kwalifiseer en watter vorm van misdaad kan dit uitmaak?
  - Fisiese treitering
  - Psigologiese (emosionele) treitering
  - Verbale treitering
  - Kubertreitering
  - Sosiale treitering
  - Verhoudingsgerigte treitering
  - Rasgedrewe treitering



- Seksuele treitering
3. Watter rol kan die strafreg speel om die probleem van treitering in skole aan te spreek?
  4. Hoe moet 'n skool te werk gaan (watter stappe moet gevolg word) wanneer 'n skool 'n boelie strafregtelik wil aankla? Sou kinderhowe 'n konstruktiewe rol kan speel by die strafregtelike vervolging van die boelie?
  5. Navorsing toon dat treitering kan lei tot fisiese nadeel, psigologiese nadeel, sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel. Kan die Suid-Afrikaanse strafreg 'n rol speel om elk van genoemde tipes (kategorieë) nadeel / skade te voorkom of te vergoed?
  6. Treitering lei tot die skending van fundamentele regte. Beskik die strafreg oor remedies vir die skending van fundamentele regte as gevolg van treitering?
  7. Die verband tussen treitering en die strafreg bring onder andere ook die volgende knelpunte / vraagstukke / vrae na vore:
    - Wanneer moet treitering as 'n strafsak hanteer word? Hoe ernstig moet die nadeel wees? Hoe word ernstigheid gemeet?
    - Indien 'n skool moet kies tussen die lê van 'n strafklag of aanbeveling vir uitsetting ten opsigte van 'n boelie, watter faktore moet in ag geneem word (1) met betrekking tot die boelie en (2) met betrekking tot die slagoffer, voor 'n keuse gemaak word?
    - Kan ernstige treitering na die polisie verwys word as deel van 'n strategie teen treitering – dus nie met die doel om 'n strafsak te begin nie, maar as 'n “afskrikmiddel” teen treitering?





- Watter betrokkenheid het die skool nadat 'n strafklag gelê is of nadat die saak na die polisie verwys is?
- Wat is die rol en regte van die ouer van die boelie wanneer 'n klag deur skool gelê word of (2) wanneer die saak na die polisie verwys word?
- Indien 'n strafsak teen 'n boelie aanhangig gemaak is ('n klag by die polisie teen die boelie gelê is) moet die skool voortgaan met sy eie ondersoek en dissiplinêre verhoor? Wat is die rol van die *sub judice*-reël?
- Wat is die regsimplikasies vir die skool indien die skool in geval van ernstige nadeel (misdaad) nie 'n klag lê nie?
- Is dit moontlik dat die skool as regspersoon ook strafregtelik aanspreeklik kan wees met betrekking tot treitering wat onder sy toesig plaasvind?
- Wanneer sal treitering geklassifiseer word as direkte opset en wanneer as konstruktiewe opset?
- Kan die passiewe boelie (assistente), die aanhitser en die opvoeder (wat nie optree nie as gevolg van sy onverskillige houding ten opsigte van treitering) van medepligtigheid aangekla word?
- Sou die optrede van 'n passiewe slagoffer deur die boelie vertolk kan word as toestemming?

## ADDENDUM B

### VRAELYS VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE: TREITERING, DIE DELIKTEREG EN FUNDAMENTELE REGTE

1. Die aantasting van 'n fundamentele reg kan ook 'n delik daarstel. Voorbeelde van fundamentele regte wat deur treitering geskend kan word is die reg op lewe; die reg op vryheid en sekerheid van die persoon (inbegrepe die reg op liggaamlike en psigiese integriteit); die reg op privaatheid; die reg op menswaardigheid; die reg op gelykheid; bykomende kinderregte; die reg op onderwys en moontlik die reg op vryheid van uitdrukking en 'n omgewing wat nie skadelik vir die gesondheid en welsyn is nie.
  - Hoe sou die Suid-Afrikaanse regstelsel die skending van bogenoemde fundamentele regte deur treitering hanteer as: (1) deliktuele aanspreeklikheid; (2) as grondwetlike regskenning of (3) enige ander wyse?
  - Treitering as grondwetlike regskenning is nog nooit in 'n hof getoets nie. Hoe kan dit verklaar word?
  
2. 'n Delikpleger se gedrag word normaalweg as onregmatig vir die vereistes van deliktuele aanspreeklikheid beskou indien sekere regserkende regte (subjektiewe regte) as gevolg van die optrede van die delikpleger aangetas word en die optrede nie geregverdig kan word nie; en ook indien 'n regsplig om op te tree sonder enige regverdiging verbreek word:
  - Watter subjektiewe regte van die slagoffer kan deur treitering aangetas word?
  - Onder watter omstandighede kan deliktuele aanspreeklikheid volg weens die handeling of versuim van 'n opvoeder onder wie se toesig treitering plaasvind (direkte en / of middellike aanspreeklikheid)?



- Hoe kan die regsplig omskryf word wat op die opvoeder rus en wat verbreek word as gevolg van sy versuim om te voorkom dat treitering onder sy toesig plaasvind?
3. Die skade of nadeel (gevolge) wat deur treitering veroorsaak kan word is onder meer: psigologiese nadeel; fisiese nadeel; sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel.
    - Maak die Suid-Afrikaanse deliktereg voorsiening vir die vergoeding vir al bogenoemde tipes nadeel?
  4. Watter struikelblokke bestaan daar vanuit 'n deliktereg-oogpunt vir die verhaal van veral psigologiese, sosiale en opvoedkundige nadeel?
  5. Kan die boelie of sy ouers ook deliktueel aanspreeklik gehou word vir die nadeel wat sy optrede teweeggebring het? Is daar besondere faktore wat in hierdie gevalle 'n rol kan speel by die bepaling van deliktuele aanspreeklikheid?
  6. Kan daar sprake wees van opsetlike optrede by die opvoeder onder wie se toesig treitering plaasvind? Indien wel, wat sal die gevolge van sodanige opsetlike optrede vanuit 'n deliktereg-oogpunt wees?
  7. Is dit moontlik dat 'n opvoeder persoonlik deliktueel aanspreeklik gehou kan word, maar nie die skool of staat nie?
  8. Hoe word die "redelike deskundige"-nalatigheidskriterium beïnvloed deur opvoeders se lae bewustheidsvlak en min kennis van treitering en deur die feit dat opvoeders min of geen opleiding oor treitering ontvang nie?
  9. In watter stadium (wat moes alreeds verloop het) is daar genoeg gronde vir 'n ouer om 'n siviele saak teen 'n skool aanhangig te maak?
  10. Watter rol speel die ouderdom van die boelie en van die slagoffer by die bepaling van die graad van sorg wat van die toesighoudende opvoeder verwag word?



11. Wat betref leerderveiligheid is die beskouing van Suid-Afrikaanse howe dat 'n opvoeder nie elke oomblik elke leerder onder sy toesig kan hou nie? Gesien in die lig van die feit dat treitering soms subtiel plaasvind en moeilik waarneembaar is, hoe sou howe hierdie beginsel op treitering toepas?
12. Wat kan 'n skool doen om moontlike deliktuele aanspreeklikheid met betrekking tot treitering tot die minimum te beperk?
13. Wat is die skool se verantwoordelikheid ten opsigte van die treitering (1) voor en na skoolure (op die skoolterrein); (2) af van die skoolterrein (nie skool-gesanksioneerde nie) en (3) kubertreitering via 'n boelie se tuisrekenaar na 'n skoolrekenaar?
14. Wat is die kernelemente van 'n prosedure waarvolgens 'n ouer 'n saak van treitering by die skool rapporteer?

## BIBLIOGRAFIE

Adams, N. 1984. *Law and teachers today*. London: Hutchinson.

Afrimap and Open Society Foundation for South Africa. 2005. *South Africa justice sector and the rule of law*. Open Society Foundation.

Allen, D. 2006. *Bully prevention education project. Evaluation report, year two*. University of Maine: Center for Research and Evaluation.

Anti-Bullying Policy. 2002. [Online] Available: url:  
[http://www.getns.ie/management/policy\\_bullying.asp](http://www.getns.ie/management/policy_bullying.asp) (Accessed 12 January 2004).

Asmal, K. 2003. Drug abuse rife in schools. *Sowetan*, 11 March.

Banks, R. 1997. Bullying in schools. *Eric Digest*, April 1997, p. 1 - 6.

Bartmann, I. and Pretorius, J. W. M. 1996. University and Technicon Research Infrastructures. In Garbers, J.G. (ed.), 1996. *Effective research in the human sciences: research management for researchers, supervisors and master's and doctoral candidates*. Pretoria: JL Van Schaik.

Barton, E.A. 2003. *Bully prevention*. Glenview: Skylight Professional Development.

Beane, A. 1999. *The bully free classroom*. Minneapolis: Free Spirit Publishing.

Beckmann, J. L. and Russo, C. J. 2003. *Comparing aspects of South African and United States law on educator negligence*. Presentation at the 8<sup>th</sup> SAELPA Conference, Magoebaskloof, September, 2003.

Beckmann, J. L. 2004. In Rademeyer, A. 2004. Sewentig hofsake sedert 1995. *Beeld*, 23 Maart.

Beckmann, J. L. and Sehoole, M. J. 2004. *Education law and policy*. Study guide for ELP 721. University of Pretoria.

Bekink, B. and Brand, D. 2000. Constitutional protection of children. In Davel, C. J. (ed.), 2000. *Introduction to child law in South Africa*. Cape Town: Juta.

Benghiat, L. 2003. Is your child a secret drinker? *Reader's Digest*, June 2003, p. 38 - 44.

Beukes, M. 2001. *Administratiefreg*. Studiegids vir ADL IOI – J. Universiteit van Suid- Afrika.

Beyer, D. 1997. School safety and the legal rights of students. *Eric / CUE Digest*, no. 21.

Birkenshaw, S. and Eslea, M. 1998. *Teachers' attitudes and actions towards boy v girl and girl v boy bullying*. Poster presented at the Annual Conference of the Developmental Section of the British Psychological Society, Lancaster University, September, 1998.

Birmingham City Council. 2005. *Together we can stop bullying*. Education Service.

Blackline Master. 2003. *Bullying*. Seapoint: R.I.C. Publications.

Bless, C. and Higson-Smith, C. 2004. *Fundamentals of social research methods. An African perspective*. Cape Town: Juta.

Boshoff, E. 2000. *The legal duty and liability of teachers with regard to the supervision of learners*. Keynote address at the Conference on Health and Safety in Schools, September 2000, Benoni.

Botha, P. 1990. *Onderwyseraanspreeklikheid vir leerdereiligheid*. Referaat gelewer tydens onderwysregsimposium, PU vir CHO, Julie 1990.

Boulton, M. J. and Underwood, K. 1992. Bully / Victim problems among middle school children. *British Journal of Educational Psychology*, 62, p. 73 - 87.

Bray, W. 2000a. *Foundations of law and education law*. University of Pretoria: CELP.

Bray, W. 2000b. *Human rights in education*. University of Pretoria: CELP.

Bray, W. and Coetzee, S.A. 2001. *Educational management and the law*. Study guide for ONB 454 – J. University of South Africa.

Bryman, A. 2001. *Social research methods*. Oxford: University Press.

Bully B'Ware – more information about bullying. 2005. [Online] Available: url: <http://www.bullybeware.com/moreinfo.html> (Accessed 27 July 2005).

Burchell, J. and Milton, J. 1991. *Principles of criminal law*. Cape Town: Juta.

Campbell, C. 2002. Who's at school with your kids? *Reader's Digest*, October 2002, p. 38 - 44.

Cantor, C.; Scott, C.; Hagen, C. A.; Mason, M. J.; Siler, A. J. and Von Glatz, A. 2002. *A closer look at drug and violence prevention efforts in American schools*. U.S. Department of Education, PES,16.

CELP (Centre for Education Law and Education Policy) 2002. *Bullying in schools*. Pretoria: Centre for Education Law and Policy.

CEPD (Centre for Education Policy Development, Evaluation and Management) 2002. *Health and Safety Policy for Learners at Public Schools in Gauteng – Background document*. March 2002.

Chepkemei, P. 2002. Court jails Kyanguli teachers for negligence. *Africa Online.com*, p. 1 - 2.

Child bullying, school bullying, bullycide: Bullying in schools. 2005 [Online] Available: url: <http://www.bullyonline.org/schoolbully/school.htm> (Accessed 31 January 2006).

*Collins Concise Dictionary*. 2001. Glasgow: Harper Collins Publishers.

Collings, S. J. and Magojo, T. S. 2003. Youth violence: An analysis of selected aetiological pathways in a sample of South African high school males. *Acta Criminologica*, 16(2) p. 125 - 132.

Coloroso, B. 2004. *The bully, the bullied, and the bystander*. New York: Harper Collins.

*Concise English Dictionary*. 2001. London: Bloomsbury Publishing Plc.

Cronje, D. S. P. en Heaton, J. 1999. *Die Suid-Afrikaanse Personeereg*. Durban: Butterworths.

CSAP (Centre for Substance Abuse Prevention) 2004. *The consequences of bullying*. U.S. Department of Health and Human Services.

CSV (Centre for the Study of Violence and Reconciliation) 2002. *Signposts for safe schools*. Johannesburg: On-Time Printers.

Cunning, E. 2003. Syfers oor onnies wat met leerlinge lol. *Rapport*, 27 Mei.

Currie, I. and De Waal, J. (editors), 2001. *The new constitutional and administrative law: volume I - constitutional law*. Cape Town: Juta.

Darlouw, S. en Louw, J. 2004. *Verduidelik: Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Durban: Lex Patria.

Davel, C. J. 2000. The status of children in South African private law. In Davel, C. J. (ed.), 2000. *Introduction to child law in South Africa*. Cape Town: Juta.

Davel, C. J. 2003. *A proposal on the topic negligence: educators or guardian angels? The standard of care revisited*. Presentation at the 8<sup>th</sup> SAELPA Conference, Magoebaskloof, August / September, 2003.



Davis, D. M.; Cheadle, M. H. and Haysom, N. R. L. 1997. *Fundamental rights in the Constitution*. Cape Town: Juta.

Davis, D. M. and Steenkamp, A. 2002. Privacy. In Cheadle, M. H.; Davis, D. M.; Haysom, N. R. L. 2002. *South African constitutional law: The Bill of Rights*. Durban: Butterworths.

Department of Education 1999. Representative councils of learners: roles and responsibilities. In: *Guides for representative councils of learners*. Pretoria: DOE

Department of Education 2000. *Implementation plan for Tirisano* (January 2000 - December 2004). Pretoria: DOE.

Dessoff, A. 2004. Bullying law hit roadblocks in nine states. *Security News*, July 2004.

Devenish, G. E. 1998. *A commentary on the South African Constitution*. Durban: Butterworths.

Devenish, G. E. 1999. *A commentary on the South African Bill of Rights*. Durban: Butterworths.

De Waal, E.; Theron, T. and Robinson, R. 2001a. An education law analysis of “the learner’s best interests.” *Perspectives in Education*, 19(4) p. 151 - 161.

De Waal, J.; Currie, I. and Erasmus, G. 2001b. *The Bill of Rights handbook*. Cape Town: Juta.

De Wet, A. and Oosthuizen, I.J. 2001. The educator’s duty to report learner abuse and neglect. *Perspectives in Education*, 19(4) p. 163 - 171.

De Wet, A. and Van Huysteen, A. 2005. Elements of an unsafe school environment. In Oosthuizen, I. J. (ed.), 2005. *Safe schools*. CELP.

De Wet, C.; Brazelle, R. R.; Heyns, M. G.; Masitsa, M. G.; Niemann, G. S.; Niemann, S. M. en Van Staden J. G. 2001. Rassisme in die Suid-Afrikaanse onderwys soos weerspieël in die gedrukte media. *South African Journal of Education*, 21(1) p. 10 - 17.

De Wet, C. 2002. Racial violence in South African schools: A media analysis. *Acta Academica*, 34(3) p. 129 - 153.

De Wet, C. 2003. Misdad in die Suid-Afrikaanse onderwys soos weerspieël in die gedrukte media. *South African Journal of Education*, 23(2) p. 113 - 121.

De Wet, C. 2005a. Educator recognition of and intervention in school bullying situations: the perspectives and experiences of Free State educators and learners. *Acta Criminologica*, 18(2) p. 44 - 55.

De Wet, C. 2005b. *Intreerede: bullebakkerie in skole: almal se probleem*. Universiteit van die Vrystaat, 1 Junie 2005, p. 1 - 6.

Dlamini, C. 1996. The relationship between human rights and education. In Beckmann, J.L. (ed.). *A Critical Chronicle of the South African Education Law and Policy Association*, part 1, 1996 - 2002. SAELPA.

Dugard, J. 2005. *International law. A South African perspective*. Landsdowne: Juta.

Effects of Bullying and Effects of Stress. 2005 [Online]. Available: url: <http://www.bullyonline.org/stress/health.htm> (Accessed 2 August 2005).

Eliasov, N. and Frank, C. 2000. *Crime and violence in schools in transition: A survey of crime and violence in twenty schools in the Cape Metropole and beyond*. Institute of Criminology: Social Justice Resource Project. University of Cape Town.

Elliot, M. 1989. Bullying – harmless fun or murder? In Roland, E. and Munthe, E. (editors), 1989. *Bullying: an international perspective*. London: David Fulton Publishers.

Elliot, M. 2002. Bullies and victims. In Elliot, M. (ed.), 2002. *Bullying*. London: Pearson Education Limited.

Eslea, M. and Smith, P.K. 1994a. *Developmental trends in attitudes to bullying*. Poster presented to the Thirteenth Biennial Meetings of the International Society for the Study of Behavioural Development, Free University, Amsterdam, June.

Eslea, M. and Smith, P.K. 1994b. *Anti-bullying work in primary schools*. Poster presented at the Annual Conference of the Developmental Section of the British Psychological Society, University of Portsmouth, September 1994.

Espelage, D. L. and Swearer, S. M. 2003. Research on school bullying and victimization: what have we learned and where do we go from here? *School Psychology Review*, volume 32, no. 3, p. 365 - 383.

Evans, J. 2001. Torts. In Russo, C.J. (ed.), 2001. *The Yearbook of Education Law*. Dayton, Ohio: Education Law Association.

Feder-Feitel, L. 2004. Bye-bye, bullies. *Scholastic Scope*, February 9, 2004.

Ferrell-Smith, F. 2004. *Tackling the schoolyard bully: combining policy making with prevention*. Denver / Washington: National Conference of the State Legislatures.

Fineran, S.; Bennett, L. and Sacco, T. 2001. Report on peer sexual harassment, peer sexual violence, peer physical violence. *Social Work* 2001: 37(3).

Furniss, C. 2000. Bullying in schools: it's not a crime – is it? *Education and the Law*, vol. 12, no. 1.

Gallinetti, J. 2004. Police as roleplayers. In Sloth-Nielsen, J. and Gallinetti, J. (editors), 2004. *Child justice in Africa*. University of the Western Cape: Community Law Centre.

General Assembly, State of Missouri, 2006a. *House Bill*, no. 1502.

General Assembly, State of Missouri, 2006b. *House Bill*, no. 1218.

General Assembly, Connecticut, 2002. *Public Act*, no. 02 - 119.

Gobert, J. 2001. School liability for harm to students. *Child Rights* 176, May 2001. p. 17 - 18.

Gootman, M. E. 2001. *The caring teacher's guide to discipline*. California: Corwin Press.

Greeff, M. 2005a. Kry die oorhand oor boelies. *Lig*, 25 Februarie.

Greeff, M. 2005b. Information collection: interviewing. In De Vos, A. S.; Strydom. H.; Fouché, C. B. and Delport, C. S. L. 2005. *Research at grass roots*. Pretoria: Van Schaik.

Gurian, A. 2005. The emotional toll of bullying in schools. *Childrens' Mental Health News*, 15 June 2005.

Harms, I. en Pillay, C. 2006. *Fundamentele regte*. Studiegids vir FUR 201 – F. Universiteit van Suid-Afrika.

Harris, N.; Pierce, P. and Johnston, S. 1992. *The legal context of teaching*. London: Longman.

Haysom, N. R. L. 2002. Dignity. In Cheadle, M. H.; Davis, D.M. and Haysom, N.R.L. 2002. *South African constitutional law: The Bill of Rights*. Durban: Butterworths.

Hazler, R. J. 1996. *Breaking the cycle of violence: interventions for bullying and victimization*. Washington: Accelerated Development.

Henning, E.; Van Rensburg, W. and Smit, B. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: J. L. van Schaik.

Hepburn, T. and Roher, E. M. 2004. What should we do about bullying? In Flynn, R. 2004. *Law in education: help or hindrance?* Ontario: Bluestone Print and Finishing Solutions Inc.

Hoover, J. H. and Oliver, R. 1996. *The bullying prevention handbook*. Bloomington: Solution Tree.

Human, C. S. 1998. *Die invloed van die begrip kinderregte op die privaatregtelike ouer-kind-verhouding in die Suid-Afrikaanse reg*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (proefskrif: doktor in die regsgeleerdheid).

Information on bullying for parents and teachers. 1996 [Online] Available: url: <http://www.lfcc.on.ca/bully.htm> (Accessed 31 January 2006).

Information for schools about homophobic bullying. 2004 [Online] Available: url: <http://www.antibullying.net/homophobic2.htm> (Accessed 19 October 2005).

Ishmael, A. and Alemoru, B. 2001. *Harassment, bullying and violence at work*. London: The Industrial Society.

Jordaan, W. 2005. Boelies word deur bose kringloop geskep. *Die Burger*, 5 Julie.

Jordaan, L.; Coetzee, L. C. en Ramolotja, M. A. 2005. *Strafreg*. Studiegids vir CRW 102 – V. Universiteit van Suid-Afrika.

Joubert, H. J. and Prinsloo, I. J. 2001. *Education law. A practical guide for educators*. Pretoria: Van Schaik.

Kaiser, B. and Rasminsky, J.S. 2003. *Challenging behaviour in young children*. Boston: Allyn and Bacon.

Kamupingene, T. 2002. Disciplinary practices in historical perspective in Namibia. *Informing Reform: Namibian research to inform educational policy and practice*, vol. 1. Education Department, Windhoek.

Kapp, J. A. 2001. The emotionally / behaviourally disturbed child. In Kapp, J. A. (ed.), 2001. *Children with problems: an orthopedagogical perspective*. Pretoria: Van Schaik.

Kidshealth. 2004. *Bullying and your child*. Nemours Foundation.

Kleyn, D. en Viljoen, F. 2002. *Beginnersgids vir regstudente*. Kaapstad: Juta.

Krige, H.; Pettipher, R.; Squelch, J. and Swart, E. 2000. *A teacher's and parent's guide to bullying*. Aucklandpark: RAU.

Kuhlase, Z. 2003. Torture outrage: teacher burns pupil's genitals. *City Press*, 13 July.

Landman, R. 2005. *Bullying*. Carte Blanche, 24 April 2005.

Lawson, S. 1994. *Helping children cope with bullying*. London: Sheldon Press.

Leach, F. 2002. School-based gender violence in Africa: a risk to adolescent sexual health. *Perspectives in Education*, volume 20(2), July 2002, p. 99 - 111.

Lee, J. and Adler, L. 2006. Qualitative research redux: researching contemporary legal issues concerning education. In Permuth, S. en Mawdsley, R. D. 2006. *Research methods for studying legal issues in education*. Dayton, Ohio: Education Law Association.

Legislature, State of Washington. 2003. *House Bill Report – SHB 1444*.

Le Roux, J. 2003. Juvenile offenders in South African criminal law. In Bezuidenhout, C. and Joubert, S. (editors) 2003. *Child and youth misbehaviour in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.

Leteane, R. 2003. School: A “haven” for sex offenders. *Sowetan*, 26 February.

Levin-Epstein, M. 2003. Bullies found to be at risk for violent behaviour. In Levin-Epstein, M. (ed.), 2003. *Inside School Safety*, volume 8, no. 2, June 2003.

Limber, P. and Small, M. A. 2003. State laws and policies to address bullying in schools. *School Psychology Review*, vol. 32(3), pp. 445 - 455.

MacDonald, H. en Swart, E. 2004. The culture of bullying at a primary school. *Education as Change*, volume 8(2) p. 1 - 26.

MacIntyre, C. 2002. *Play for children with special needs*. Londen: David Fulton Publishers.

Malherbe, R. 2004. A constitutional perspective on the rights and duties of learners and educators. In Beckmann, J.L. (ed.). *A Critical Chronicle of the South African Law and Policy Association*, part 2, 2003 - 2005. SAELPA.

Maree, L.M. 1995. *Die onderwys onder 'n nuwe grondwet*. Pretoria: Via Afrika.

Maree, K. 2000. What cannot be endured must be cured: untying the gordian knot of violence in South African schools. *Acta Criminologica*, 13(3) p. 1 - 13.

Maree, K. 2005. Bending the neck to the yoke or getting up on one's hind legs? Getting to grips with bullying. *Acta Criminologica*, 18(2) p. 15 - 33 .

Martin, M. 2005. The causes and nature of bullying and social exclusion in schools. *Education Journal*, issue 86, March 2005.

Mawdsley, R. D. 2005. *Bullying in American schools: a problem in search of a solution*. Presentation at the 10<sup>th</sup> SAELPA Conference, Bloemfontein Spa Lodge, September, 2005.

McCarthy, O. and Carr, A. 2002. Prevention of bullying. In Carr, A. (ed.), 2002. *Prevention: what works with children and adolescents?* East Sussex: Brummer-Routledge.

Mecoamere, V. 2003. Alcohol abuse awareness campaign urged. *Sowetan*, 04 April.

Mestry, R.; Squelch, J. and Van der Merwe, M. 2005. *Bystander behaviour of school children observing bullying*. Presentation at the 10<sup>th</sup> SAELPA Conference, Bloemfontein Spa Lodge, September, 2005

Minister of Education, 2001. *Manifesto on values, education and democracy*. Department of Education, Cape Argus, Teach Fund.

Modjadji, N. 2002. Layers of racial discrimination. *The Teacher*, 31 May 2002, p.4.

Neethling, J.; Potgieter, J. M. en Visser, P.J. 2006. *Deliktereg*. Durban: Butterworths.

Neser, J.; Ovens, M.; Van der Merwe, E. and Morudi, R. 2003. Bullying in schools: a general overview. *Acta Criminologica*, 16(1) 2003.

Neser, J.; Ovens, M.; Van der Merwe, E. and Morudi, R. 2004a. The victims of bullying in schools. *Acta Criminologica* 17(3) 2004.

Neser, J.; Ladikos, A. and Prinsloo, J. 2004b. Bullying in schools: an exploratory study. *CARSA* vol. 5 no. 1, April 2004.

Neser, J.; Prinsloo, J. and Ladikos, A. 2005. *An exploration of peer victimization in public schools*. ICS Research Monograph Series no. 01, July 2005.

Neumann, W. L. 1997. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. Boston: Allyn and Bacon.

Nieuwenhuis, J. 2007a. Qualitative research designs and data gathering methods. In Maree, K. (ed.), 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Nieuwenhuis, J. 2007b. Analysing qualitative data. In Maree, K. (ed.), 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

OAU. (Organisation of African Unity) 1990. *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child*. OAU, 11 July 1990.



Oklahoma Statutes. 2002. *The Bullying Bill*, no. 992. Oklahoma Senate.

Olweus, D. 1994. *Bullying at school*. Oxford: Blackwell Publishers.

Olweus, D. 1995. *Bullying or peer abuse at school: Facts and Intervention*. Cambridge University Press.

O'Moore, A. M.; Kirkham, C. and Smith, M. 1997. Bullying behaviour in Irish schools: A nationwide study. *The Irish Journal of Psychology*, 1997, no. 18, p. 141 - 169.

O'Moore, A. M. 2000. Critical issues for teacher training to counter bullying and victimisation in Ireland. *Aggressive Behaviour*, volume 26, p. 99 - 111.

O'Moore, A. M. and Kirkham, C. 2001. Self-esteem and its relationship to bullying behaviour. *Aggressive Behaviour*, volume 27, p. 269 - 283.

Oosthuizen, I. J. 1998. Wetgewing. In Oosthuizen, I. J. (red.), 1998. *Aspekte van die onderwysreg*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Oosthuizen, I. J. 2004. In Rademeyer, A. 2004. Sewentig hofsake sedert 1995. *Beeld*, 23 Maart.

Oosthuizen, I. J. en De Wet, A. 2004. Opvoederregte en –verpligtinge. In Oosthuizen, I. J.; Rossouw, J. P. en De Wet, A. 2004. *Inleiding tot die onderwysreg*. Pretoria: Van Schaik.

Oosthuizen, I. J. (red.), 2005. *Praktiese wenke vir leerderdisipline*. Noord-wes Universiteit (PUK-kampus): Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

*Oxford Dictionary of Law*. 2002. Oxford: University Press.

PDK (Phi Delta Kappa) 2000. *Bullying prevention*. PDK International.

Potgieter, J. 2004. *Delictual negligence of educators in schools. The confusing influence of the in loco parentis doctrine.* Presentation at the 9th SAELPA Conference, Strand, September, 2004.

Potgieter, J. M.; Roos, A.; Knobel, J.C. en Steynberg, L. 2006. *Deliktereg.* Studiegids vir PVL 302 – X. Universiteit van Suid-Afrika.

Price, I. 2005. Baie TV-kyk maak kinders boelies. *Beeld*, 6 April.

Rademeyer, A. 2003. As swart en wit mekaar pak. *Beeld*, 13 Februarie.

Rassool, M. 2002. Stop the school bully. *The Southern Cross*, 4 September.

Rautenbach, I. M. en Malherbe, E. F. J. 1998. *Wat sê die Grondwet?* Pretoria: Van Schaik.

Rautenbach, I. M. en Malherbe, E. F. J. 2004. *Staatsreg.* Durban: Butterworths.

Reddy, S. 2003. *Umthenthe Uhlaba-Usamila – The South African youth risk behaviour survey 2002.* Cape Town: South African Medical Research Council.

Republiek van Suid-Afrika. 1956. *Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1957. *Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1968. *Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1977. *Strafproseswet 51 van 1977.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1982. *Wet op Intimidasie 71 van 1982.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1983. *Wet op Kindersorg 74 van 1983*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1991. *Wysigingswet op Kindersorg 86 van 1991*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1993. *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1994. *Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 17 van 1994*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 14 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Wysigingswet op Kindersorg 96 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Die Wet op Films en Publikasies 65 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1998. *Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republic of South Africa. 1998. Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners. *Government Gazette, no.18900* (GN 776) 15 May 1998. Pretoria: Government Printer.

Republiek van Suid-Afrika 1999. *Wysigingswet op Onderwyswette 48 van 1999*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republic of South Africa. 2000. *Promotion of Access to Information Act 2 of 2000*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2000 *Promotion of Administrative Justice Act 3 of 2000*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2000. *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000*. Pretoria: Government Printer.

Republiek van Suid-Afrika 2000. *Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2000. *Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republic of South Africa. 2001. Regulations for Safety Measures at Public Schools. *Government Gazette, no. 22754* (GN 1040) 12 October 2001. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2002. *The Child Justice Bill 49 of 2002*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2002. Regulations to prohibit Initiation Practices in Schools. *Government Gazette, no. 24165* (GN 1589) 13 December 2002. Pretoria: Government Printer.

Republiek van Suid-Afrika 2005. *Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republic of South Africa. 2005. *Children's Act 38 of 2005*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2006. Amendment: Regulations for Safety Measures at Public Schools. *Government Gazette, no. 29376 (GNR 1128)* 10 November 2006. Pretoria: Government Printer.

Richter, L.; Palmary, I.; and De Wet, T. 2000. *The transmission of violence in schools: Birth to ten children's experiences of bullying*. BTT Project.

Rigby, K. 2003. *Consequences of bullying in schools*. School of Education, University of South Australia: Underdale.

Roberts, W. B. 2006. *Bulling from both sides: strategic interventions for working with bullies and victims*. California: Carwin Press.

Roland, E. 2002. Bullying, depressive symptoms and suicidal thoughts. *Educational Research* vol. 44, no. 1, p. 55 - 67.

Rossmann, G. B. and Rallis, S. F. 2003. *Learning in the field. An introduction to qualitative research*. London: Sage Publications.

Rubin, H. G. 2003. Less violent crime, more bullying in schools. In Levin-Epstein, M. (ed.), 2003. *Inside School Safety*. vol. 7, no. 9, January 2003.

Salmivalli, C.; Lagerspetz, K.; Björkqvist, K.; Österman, K. and Kaukiainen, A. 1996. Bullying as a group process: participant roles and their relations to social status within the group. *Aggressive Behaviour*, vol. 22, p. 1 - 15.

Salmivalli, C. 2004. *Consequences of school bullying and violence*. Presentation at the International Policy and Research Conference on School Bullying and Violence, Stavanger, Norway, September 2004.

Sampson, R. 2003. *Bullying in schools*. Centre for Problem Oriented Policing, U.S. Department of Justice.

Schimmel, D. 1996. Research that makes a difference: complementary methods for examining legal issues in education. In Schimmel, D. (ed), 1996. *Research that makes a difference: complementary methods for examining legal issues in education*. National Organisation on Legal Problems in Education (NOLPE).

Senate and General Assembly, State of New Jersey. 2002. *New Jersey Statutes*, chapter 37 of title 18A.

Senate and House of Representatives, State of Oklahoma. 2002. *The Bullying Prevention Act*, Bill No. 992.

Shaba, S. M.; Campher, T.; Du Preez, P.; Grobler, B. and Loock, C. 2003. *South African law in education*. Sandown: Heinemann.

Sharp, S. and Smith, P.K. 1994. Understanding bullying. In Sharp, S. and Smith K. (editors), 1994. *Tackling bullying in your school*. London: Routledge.

Sheehan, B. 2002. Pending law takes stand against bullies. *The Legal Eagle*, Winter 2002.

Shoop, J. and Dunklee, D. R. 2002. Risk management. *Safe Haven*, December 2002, p. 28 - 32.

Skelton, A. 1996. Developing a juvenile justice system for South Africa: International instruments and restorative justice. *Acta Juridica*, p. 180 – 196. Cape Town: Juta.

Skelton, A. (ed.), 1998. *Children and the law*. Pretoria: Lawyers for Human Rights.

Skelton, A.; Batley, M. 2006. *Understanding restorative justice. Charting progress, mapping the future: restorative justice in South Africa*. Pretoria: Restorative Justice Centre.

Sloth-Nielsen, J. 2000. Child justice and law reform. In Davel, T. (ed.), 2000. *Introduction to child law*. Durban: Butterworths.

Smit, M. E. 2003. The bully victim problem in schools. *Acta Criminologica*, 16(3) 2003.

Smith, P. K. and Sharp, S. 1994. The problem of school bullying. In Smith, P.K. and Sharp, S. (editors), 1994. *School bullying: insights and perspectives*. London: Routledge.

Smith, P. K.; Ananiadou, K. and Cowie, H. 2003. *Intervention to reduce school bullying*. Goldsmiths College, London, Department of Psychology.

Snyman, C. R. 1999. *Strafreg*. Durban: Butterworths.

Sofweb. 2003. *Addressing bullying behaviour – it's our responsibility*. State of Victoria: Department of Education and Training.

Squelch, J. 1997. Disciplinary hearings: what is the meaning of fair procedure? *Edulaw Edulaw Newsbrief* 4(2), January 1997.

Squelch, J. 1998. Are schools too complacent about bullying? *Edulaw Newsbrief* 4(3), July 1998.

Squelch, J. M. 2000. The right to administrative justice: the implications for school discipline. *South African Journal of Education*, 20(4) 2000.

Squelch, J. 2001. Do school governing bodies have a duty to create safe schools? An education law perspective. *Perspectives in Education*, 19(4) p.137 - 149.

Stein, N. 2003. Bullying or sexual harassment? The missing discourse of rights in an era of zero tolerance. *Arizona Law Review*. vol. 45, p. 783 - 799.

Stephenson, P. and Smith, D. 2002. Why some schools don't have bullies. In Elliot, M. (ed.), 2002. *Bullying*. London: Pearson Education Limited.

Stewart, D. and Knott, A. 1999. Managing student peer aggression: an Australian perspective on law and practice. *Education and the Law*, vol. 11, no. 2, 1999.

Stewart, D. 2004. Learner discipline: an Australian perspective. *Koers*, 69 (2) p. 317 - 335.

Stiehler, A. 2002. Meisies boelie met hul tonge, nie vuiste. *Naweekbeeld*, 26 Oktober.

Stop Bullying Now – Identifying Bullying. 2002. [Online] Available: url: <http://www.stopbullyingnow.com> (Accessed 8 January 2005).

Stop Homophobic Bullying in Schools. 2004. [Online]. Available: url: <http://www.socialistparty.org.uk/2004/354/np12.htm> (Accessed 19 October 2005).

Strauss, M. A. 1994. *Beating the devil out of them: corporal punishment in American families*. New York: Lexington Books.

Strauss, M. A.; Sugarman, D. B. and Giles-Sims, J. 1997. Spanking by parents and subsequent antisocial behaviour of children. *Archives of Pediatrics and Adolescent Medicine*, volume 151, p. 761 - 767.

Sutton, J. and Smith, P. K. 1999. Bullying as a group process: an adaption of the participant role approach. *Aggressive Behaviour*, vol. 25 p. 97 - 111.

Swanepoel, H. M. en Wessels, P. J. 1992. *'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg*. Pretoria: Digma.

Tafa, E. M. 2002. Corporal punishment: The brutal face of Botswana's authoritarian schools. *Educational Review*, vol. 54 no.1

*The New Encyclopedia Britannica*, 1996. vol. 3. Chicago: Encyclopedia Britannica, Inc.

The Serial Bully. 2005. [Online] Available: url: <http://www.bullyonline.org/workbully/serial.htm> (Accessed 27 July 2006).



Tremblé, J. N. 2001. Bullying as a social malady in contemporary Japan. *International Social Work* 44(1), p. 107 - 117.

Trowbridge, C. 2005. Federal jury awards \$250 000 to former Tonganoxie student. *The Mirror*.

United Nations. 1989. *United Nations Convention on the Rights of the Child*. Resolution 44/25 of 20 November 1989. New York: United Nations.

University of Oxford. 2004. *Code of practice on harassment including bullying*. University of Oxford.

Van der Bank, A. 2000. Codes of conduct for learners. In Davel, C. J. (ed.), 2000. *Introduction to child law in South Africa*. Cape Town: Juta.

Van der Bijl, D. and Munsterhuis, B. 2002. *Results of questionnaire – schools in Mamelodi*. Saxion, Hogeschool Enschede, April 2002.

Van der Vyver, J. D. en Joubert, D. 1991. *Persone- en familiereg*. Kaapstad: Juta

Van Oosten, F. F. W. en Louw, A. S. 1997. Children, young persons and the criminal law. In Robinson, J. A. (ed), 1997. *The law of children and young persons in South Africa*. Durban: Butterworths.

Van Staden, J. and Alston, K. 2000. The constitution has gone to school. *South African Journal of Education*, 20(4) p. 298 - 303.

Varnava, G. 2002. *How to stop bullying in your school*. London: David Fulton Publishers.

Veny, L. and Pauwels, S. 1998. Human rights education and emancipation in an European context: implementation in Belgian educational curricula. In Beckmann, J. D. (ed.). *A Critical Chronicle of the South African Law and Policy Association*, part 1, 1996 - 2002. SAELPA.

Viljoen, F. 2000. The African Charter on the Rights and Welfare of the Child. In Davel, C. J. (ed.), 2000. *Introduction to child law in South Africa*. Landsdown: Juta.

Visser, M. 2003. Risk behaviour of primary school learners in a disadvantaged community – a situation analysis. *South African Journal of Education*, 23(11) p. 58 - 64.

Visser, P. J. 2004. Delictual liability in respect of unlawful initiation practices at a public school. When is the state liable? *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 2004 (67)

Vithal, R. and Jansen, J. 2004. *Designing your first research proposal*. Landsdown: Juta.

Wanda, B. P. 2004. *Privaatregtelike aspekte van onderwysreg*. Studiebrieff 103/3/2004. Universiteit van Suid-Afrika.

Warwick, I. and Douglas, N. 2001. *Safe for all: A best practice guide to prevent homophobic bullying in secondary schools*. University of London: Education Policy Research Unit.

Welsh, M. 2001. Kids killing kids in school: comparing cases in the United States and South Africa. *Safundi*, July 2001, p. 1 - 7.

What is Bullying? 2004. [Online] Available: url:  
<http://www.education.unisa.edu.au/bullying/define.html> (Accessed 31 July 2004).

Whitted, S. and Dupper, D. R. 2005. Best practices for preventing or reducing bullying in schools. *Children and Schools*, vol. 27. no. 3, July 2005.

Why do people bully? 2004 [Online] url:  
<http://www.bbcllc.com/docs/toolkit/why-bully.html> (Accessed 2 January 2006).

Xin Ma; Stewin, L. L. and Mah, D. L. 2001. Bullying in school: nature, effects and remedies. *Research Papers in Education* 16(3) 2001, p. 247 - 270.

Yell, M. L. en Rozalski, M. E. 2000. Searching for safe schools: Legal issues in the prevention of school violence. *Journal of Educational and Behavioural Disorders*, vol. 8, Issue 3, Fall 2000.

Zeelie, D. G. 2002. *Bully proofing your school – Policy and programme formulation*. Proceedings of the 3<sup>rd</sup> Educationally Speaking Conference. Warmbaths, May 2002. Johannesburg: Gauteng Department of Education.

Zirkel, P. A. 2003. *Bullying: a matter of law?* Courtside: PHI DELTA KAPPAN.

### **HOFBESLISSINGS:**

*Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA).

*Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA BPK* 1973(1) SA 769(A).

*Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (4) SA 757 (KH).

*Dowling v Diocesan College and Others* 1999 (3) SA 847 (K).

*Fose v Minister of Safety and Security* 1997 (7) BCLR 851 (KH).

*Hiltonion Society v Crofton* 1952 (3) SA 130 (A).

*Knouwds v Administrateur, Kaap* 1981 (1) SA 544 (K).

*Kruger v Coetzee* 1966 (2) SA 428 (A).

*K v Minister of Safety and Security* 2005 (6) SA 419 (KH).

*Laerskool Middelburg en 'n Ander v Departementshoof, Mpumalanga Departement van Onderwys en Andere* 2003 (4) SA 160 (T)

*LUR vir Onderwys en Kultuur, Vrystaat v Louw en 'n Ander* 2006 (1) SA 192 (HHA).

*Michiel Josias De Kock NO v The Head of Departement of the Department of Education, Province of the Western Cape*, 1998. Ongerapporteerde saak – saaknommer 12533/98.

*Minister of Education and Another v Wynkwart NO* 2004 (3) SA 577 (K).

*M v S*, 2007. Ongerapporteerde saak – saaknommer CCT 53/06.

*Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 (4) SA 537 (R).

*Smit v Abrahams* 1994 (4) SA 1 (A).

*S v B* 1994 (2) SASV 237 (OK).

*S v Makwanyane and Another* 1995 (3) SA 391 (KH).

*S v T* 1986 (2) SA 112 (0)

*Van Zyl v Hoogenhout* 2004 JOL 12998 (HHA).

*Western Cape Minister of Education v Governing Body of Mikro Primary School* 2005 (3) SA 436 (HHA).

*Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (K).